# DIE SUID-AFRIKAANSE STAATSINLIGTINGSDIENS, 1936-1977, MET BESONDERE BEKLEMTONING VAN SY BUITELANDSE DOELSTELLINGE EN FUNKSIES.

deur

Pieter Willem Adriaan MULDER

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan
die vereistes van die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte in
die Departement Kommunikasiekunde aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Promotor: prof. dr. G.J. Pienaar

Potchefstroom
Desember 1977

# VOORWOORD

Die vraag kan gestel word waarom 'n studie oor hierdie onderwerp as aktueel en belangrik beskou word. Soos in veral hoofstuk twee aangetoon sal word, maak staatsinligtingsdienste deel uit van die twintigste-eeuse diplomasie. Die moderne diplomasie tussen lande kan nie verstaan word sonder kennis van die inligtingsdienste van die verskillende lande nie. So ook kan Suid-Afrika se optrede in die buiteland en buitelandse beleid slegs in perspektief beoordeel word as die rol wat die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens daarin gespeel het en nog steeds speel, in ag geneem word. Daar bestaan in die Suid-Afrikaanse akademiese literatuur weinig of niks oor hierdie saak nie. Omdat dié leemte aangevoel is in die beoordeling van Suid-Afrika se optrede in die buiteland, is juis hierdie studie aangepak.

By die deurvoer van die studie is teen verskeie probleme vasgeloop:

1. Omdat dit 'n eietydse onderwerp is, is die meeste van die bronnemateriaal nog vir navorsing geslote.
2. Die werk wat die Departement van Inligting doen, is vir 'n groot gedeelte vertroulik en geslote.
3. Ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens was deurlopend en veranderinge het soms binne dae soos in 1939 plaasgevind, wat 'n globale evaluering van die Inligtingsdiens baie moeilik maak.
4. Die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens was, soos uit die studie blyk, nog altyd polities

omstrede, met die gevolg dat die meeste uitsprake daaroor polities gekleurd is en nie akademies objektief nie. Persoonlikhede het dikwels ook 'n rol gespeel.

Teen die agtergrond van hierdie verskillende probleme is geoordeel dat die verste gekom sal word deur die gebruikmaking van die histories-beskrywende metode. Deur hierdie metode kon die doelstellinge en funksies van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens sedert 1936 makliker uitgelig en beskryf word. Die metode het egter nie in alle opsigte bevredig nie omdat dit moeilik is om langs dié weg tot vaste beginsel- en norme-grondslae te kom. Anders as in die geval van die geykte diplomasie geld geen vaste internasionale "protokol" vir die inligtingsdienste van state nie. Daar is met ander woorde geen internasionaal aanvaarde standaarde nie.

Omdat so min materiaal oor die onderwerp beskikbaar is, moes noodwendig van onderhoude, toesprake en ongepubliseerde stof gebruik gemaak word. Die probleem wat hieruit ontstaan het, was hoe om die inhoud van hierdie bronne te verantwoord. Die op band vasgelegde onderhoude, ongepubliseerde materiaal en die volledige verslae van ondersoeke na die Inligtingsdiens beloop maklik 1 000 bladsye, wat dit ondoenlik maak om dit aan te heg as bylae. (Die Wilson-verslag, p. 151, is byvoorbeeld 280 bladsye lank, terwyl sommige onderhoude vier uur lank geduur het). As oplossing vir hierdie probleem is besluit om meer aanhalings as gebruiklik in die werk op te neem ten einde die besondere waarde

van die ongepubliseerde bronne aan die lig te bring en om as ondersteuning vir sekere stellings te dien. Hoewel dit moontlik is dat die aantal aanhalings oordrewe kan voorkom, is dit as die mees aanvaarbare oplossing beskou. Enkele kort verslae en uittreksels uit verslae is wel as bylae aangeheg (vgl. p. 535+).

Soos later aangetoon word (p. 6) volg hierdie proefskrif op 'n M.A.-verhandeling deur die outeur waarin in die besonder klem gelê is op die binnelandse doelstellinge en funksies van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens. Heelwat stof wat in dié verhandeling behandel word, kon ook in die proefskrif opgeneem word. Daar is egter geoordeel dat, waar nodig, bronverwysings na die eerste studie afdoende sou wees om hierdie probleem te ondervang.

Soos aangetoon is 'n globale evaluering van die Inligtingsdiens 'n ander probleem wat ondervind is. Nasionale en internasionale politieke ontwikkelinge en tendense het herhaaldelik onvoorsiene wendinge aan die werksmetodes van die Inligtingsdiens teweeg gebring. Hierdie wendinge was soms skielik en soms langsaam. 'n Werkmetode wat op een tydstip belowend blyk te wees, kon as gevolg van politieke ontwikkelinge binne maande heeltemal ondoenlik word. 'n Poging is gevolglik nie aangewend om die werk van die Inligtingsdiens globaal te evalueer nie. As 'n alternatief is aan die einde van elke hoofstuk deur middel van 'n samevattende gevolgtrekking 'n poging aangewend om die betrokke tydvak te evalueer en in perspektief te plaas teenoor voorafgaande en latere tydvakke. Hierdeur kon enkele deur-

lopende ontwikkelinge en tendense ook aangedui word.

Omdat hierdie onderwerp as belangrik en aktueel vir Suid-Afrika beskou word, kan slegs gehoop word dat, nieteenstaande die probleme wat ondervind is, heelwat navorsing nog oor hierdie onderwerp gedoen sal word.

## DANKWOORD

As deel van die Kommunikasiewetenskap vorm Skakelkunde en in die besonder Staatskakelkunde 'n nuwe en onbekende dissipline. Die voordeel hiervan is die wye veld waarin navorsing gedoen kan word terwyl die nadeel die gebrek aan bronne is. Vir hierdie studie moes hoofsaaklik van primêre bronne gebruik gemaak word. Ten einde hierdie bronne op te spoor en toegang tot hulle te kon verkry, was ek afhanklik van die hulp van verskeie persone.

Graag betuig ek in hierdie verband my dank aan:

- Al die persone met wie ek onderhoude kon voer (vgl. p. 532-534). Hulle persoonlike ervarings en kennis asook verwysings na ander bronne was van groot nut.
- Die personeel van die Staatsargief in Pretoria vir hulle hulp en die toestemming om sekere geslote versamelings te kon raadpleeg.
- Ook die Sekretaris van Inligting en die Sekretaris van Binnelandse Sake vir die toestemming om sekere dokumente van hierdie Departemente te kon raadpleeg.
- Die personeel van die Staatsbiblioteek in Pretoria, die personeel van die Departement van Inligting se biblioteek en die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek in Potchefstroom.
- Mej. F. Coetzee van die Ferdinand Postma-biblioteek vir die opspoor van spesifieke bronne.

Mevv. V. Venter en C. Breitenbach word genoem vir die hulp met die bibliografiese verwysings.

Mev. M.M.E. Kilian word vir haar vriendelikheid en besondere behulpsaamheid met die tegniese afronding van hierdie studie bedank. So ook mev. Gerda (van der Walt) Ellis vir die netjiese tikwerk en persoonlike opofferings en vriendskap. Dank ook aan Dirk vir die geduld.

Ander persone wat genoem moet word is mev. Corrie Meyer wat op kort kennisgewing sekere tikwerk behartig het asook mnr. Frans du Toit, mej. Diana Roestorf en mej. René van Vuuren.

Graag betuig ek my dank teenoor prof. G.J. Pienaar, hoof van die Departement Kommunikasiekunde en Perswetenskap aan die P.U. vir C.H.O., wat as promotor vir hierdie studie opgetree het. Sy joernalistieke ervaring, praktiese kennis en akademiese insig in dié besondere onderwerp was van groot nut. Sy rigtingwenke, advies en taalkundige veranderinge het altyd verbeteringe geblyk te wees. Ook die opoffering gedurende sy vakansie word hoog op prys gestel.

Aan my ouers 'n woord van dank vir die voortdurende aanmoediging, hulp en wenke. Ook dat ek in staat gestel is om 'n reis na die V.S.A., Kanada en die Ivoorkus te kon onderneem waar ek die werksaamhede van die Departement van Inligting van nader kon waarneem. My skoonouers word ook vir hulle besondere belangstelling en aanmoediging bedank.

Aan my vrou, Triena, aan wie hierdie studie opgedra

word, dank vir die laat nagte se werk, die proeflees en die tegniese versorging van die manuskrip. Sonder haar bystand sou dit nie moontlik gewees het nie. Dank ook aan Heleen vir die geduld.

Alle eer egter steeds aan Hom wat dit alles moontlik gemaak het.

Pieter Mulder.

Potchefstroom.
Desember 1977.

Finansiële steun deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ('n ad hoc-toekenning) word met dank erken.

## INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK 1

Bladsy

INLEIDING. 1

Oogmerke. 2

Binne- en buitelandse funksies. 3

Metodes. 3

Probleme. 4

Begrippe. 6

HOOFSTUK 2

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN STAATSINLIGTINGSDIENSTE. 8

Die staat en die verspreiding van propaganda. 8

Die nuwe "oop diplomasie". 10

Die "konferensiediplomasie". 12

Die klein staatjies word belangrik. 13

Die volk word by die internasionale politiek betrek. 14

Die ontwikkeling van die kommunikasiemedia. 17

Die "derde gespreksgenoot". 20

Die openbare media en besluitnemers. 22

Die Tweede Wêreldoorlog. 24

Betekenisverandering van begrip propaganda. 26

Ná die Tweede Wêreldoorlog. 29

Ondersoeke. 33

Die Koue Oorlog. 37

Die erkenning van staatsinligtingsdienste. 39

Huidige omvang van staatsinligtingsdienste. 41

Werksaamhede en bedrywighede van inligtingsdienste. 43

Bladsy

Die beheer van internasionale "propaganda". 47

Samevatting. 50

HOOFSTUK 3

DIE TYDPERK 1934 - 1939. 54

'n Moontlike "inligtingsdiens" en mnr. Piet Meiring. 54

Die instelling van die pos "inligtingsbeampte". 55

Redes vir die instelling van die pos. 56

Kritiek van die pers. 60

Kritiek van die Opposisie. 62

Beoogde funksies van die Inligtingsbeampte. 63

Werksaamhede van die Inligtingsbeampte. 64

Die eerste buitelandse "inligtingspos" en kritiek daarop. 66

Aanstelling van mnr. H.M. Moolman. 67

Benaming van die pos en werksaamhede. 68

Ander buitelandse inligtingsfunksies van die Regering. 69

Gevolgtrekking. 72

HOOFSTUK 4

DIE OORLOGSJARE 1939 - 1944. 74

Die ontwikkeling van die radio. 74

Radiopropaganda na Suid-Afrika. 76

Aanstelling van mnr. A.N. Wilson. 78

Redes waarom mnr. Wilson aangestel is. 80

Die uitsendings van Zeesen. 81

Reaksie van die Staatsinligtingsbeampte op Zeesen. 87

Bladsy


Beleid en benadering ten opsigte van radio-uitsendings. 89

Die Staatsinligtingsdiens en mnr. S.E. Holm. 92

Kritiek op die Inligtingsdiens. 96

Die standpunt van die Opposisie teenoor Nazisme. 100

Eerste ander funksies. 102

Uitbreiding van personeel en tweetaligheid. 104

'n Nuwe naam en finansiële probleme. 106

Die verdedigings-persskakelkantoor van kaptein Bellwood. 107

Die Inligtingsburo en die S.A. magte in die Noorde. 108

'n Kommissie van ondersoek en oorplasing van die Buro. 110

Personeeluitbreiding, reorganisasie en begroting. 112

Algemene funksies. 114

'n Nasionale advieskomitee. 116

Buitelandse beleid van die Unie. 117

Die Buro en die Britse Statebond. 119

Uitbreiding in die buiteland, die V.S.A. 121

Afrika. 124

Die rolprentafdeling. 129

Funksies ten opsigte van die radio. 133

Kritiek teen die Buro van Inligting. 137

Gevolgtrekking. 139

HOOFSTUK 5

1944 - 1947 ONDERSOEKE EN ONSEKERHEID. 143

Die De Wet en Dunn-komitee. 143

Bladsy

Smith-Bourke-Hurter-kommissie. 145
Kritiek. 149
Verslag van mnr. A.N. Wilson. 151
Personeel, finansies en algemene werksaamhede. 156
Werksaamhede in die V.S.A. 158
Immigrasieskema. 162
Werksaamhede in Londen. 164
Suid-Afrika se buitelandse beleid. 167
Die posisie van die Inligtingsdiens. 171
Moontlike redes vir die Inligtingsdiens se posisie. 174
Die koue oorlog. 176
Die V.V.O. en menseregte. 179
Die Indiërkwessie. 181
Suid-Afrika, S.W.A. en die V.V.O. 186
Suid-Afrika in onguns in die oë van die wêreld. 190
Moontlike redes vir Suid-Afrika se veranderde posisie. 192
Kritiek en 'n herwaardering van die S.A. Staats-inligtingsdiens. 199
Samevatting en gevolgtrekking. 203

HOOFSTUK 6

1948 - 1954 'n NUWE BEDELING. 207
Dr. J.H.O. du Plessis. 207
Besluite van die Desember 1948-vergadering. 209
Die aanstelling van buitelandse pers-attachés. 213
Reorganisasie. 219
Inligtingsdiens se posisie gekritiseer. 221
Rolprente. 224

Bladsy


Werksaamhede van die Inligtingskantore in die V.S.A. 226

Benadering in buitelandse publikasies. 229

Die Londense kantoor en buitelandse reise van Ministers. 232

Bedrywighede binne Suid-Afrika. 237

Die buitelandse aanslag teen Suid-Afrika. 239

Die pers se rol in die aanslag teen S.A. 244

Aanslag teen die Afrikaner. 246

Apartheid. 250

Moontlike kentering in die buiteland. 253

Kritiek in hierdie tydvak. 256

Gevolgtrekking. 262

HOOFSTUK 7

1954 - 1960 VERSKUIWING EN ŉ PROFESSIONELE STAATSINLIGTINGSDIENS. 268

Aanstelling van mnr. Piet Meiring. 268

Buitelandse reis van die Direkteur. 271

Reorganisasie van die Inligtingsdiens. 273

Verskuiwing van die Inligtingsdiens. 275

Personeel en begroting. 276

ŉ Outonome afdeling. 278

Die verhouding tussen die Inligtingsdiens en die Departement van Buitelandse Sake. 279

Minister Eric Louw. 281

Uitbreiding en personeel in die buiteland. 283

Buitelandse publikasies en Digest. 285

South African Quiz. 286

S.A. Panorama. 287

Bladsy

Kultuurattachés. 290
Hellschreiber-diens. 292
Naamsverandering. 293
Professionele benadering. 295
Inligtingskonferensies in die buiteland. 297
Streekskantore en besoekerskomitees. 299
Die S.A. Stigting. 301
Tommy Boydell. 306
Afrika. 307
Bedrywighede in Afrika. 309
Radio in Afrika. 312
Aanwending van die Radio deur Suid-Afrika. 314
Die jaar 1960. 316
Sharpeville en die aanslag teen Suid-Afrika. 319
Inligtingsdiens-aanpassings en beplanning ná Sharpeville. 322
Statebondskonferensie. 325
'n Departement van Inligting. 330
Gevolgtrekking. 331

HOOFSTUK 8

1961 - 1966 'n DEPARTEMENT VAN INLIGTING. 336

Naturelle-inligtingsdiens. 336
'n Kleurlinginligtingsdiens. 338
Buitelandse werksaamhede van hierdie dienste. 339
'n Departement van Inligting. 340
Mnr. F.W. Waring. 342
Mnr. W.C. du Plessis. 343
Aanvanklike probleme van die nuwe Departement. 344
Mnr. P.G.J. Meiring. 345

Bladsy

Funksies van die Departement. 348
Verslag en verdere veranderings. 351
Algemene werksaamhede van die Departement. 353
Advertensieveldtogte. 354
Verskuiwing van teikengehoor. 357
Buitelandse besoekers. 361
Die beeld na buite. 362
Bystand van skakelmaatskappye. 365
Die Hamilton Wright-organisasie. 368
Radiopropaganda teen Suid-Afrika. 371
Uitbreiding van die radiodienste in Suid-Afrika. 373
Buitelandse radiodiens. 375
Propaganda-aanslag teen Suid-Afrika. 378
"Sabotage in South Africa" 381
'n Positiewe beleid na buite. 383
Kritiek. 387
Gevolgtrekking. 390

HOOFSTUK 9

1966 - 1971 AANPASSINGS EN VERANDERINGE. 394
Reorganisasie van die Departement. 395
Dr. C.P. Mulder. 396
Begroting, personeel en kritiek daarop. 398
Afdeling persskakel. 401
Suidwes-Afrika. 403
Advertensieveldtogte. 404
Uitbreiding in die buiteland. 406
Teikengroepe oorsee. 408
Gasteprogram. 410

Bladsy

Publikasies. 412
Verhouding met Buitelandse Sake en S.A.
Stigting. 415
Hartoorplanting. 417
Sluiting van die Suezkanaal. 419
Anti-Suid-Afrikaanse Rolprente. 422
Aanslag teen Suid-Afrika. 424
Gevolgtrekking. 428

HOOFSTUK 10

1972 - DIE HUIDIGE STAATSINLIGTINGSDIENS. 430
Die Minister se buitelandse reis. 430
Reorganisasie van die Departement. 433
Aanstelling van dr. Eschel Rhoodie. 435
Personeel en begroting. 438
Uitbreiding oorsee. 439
Publikasies. 442
Suid-Afrikaanse jaarboek. 444
Data-transmissietoestel. 445
Professionele benadering. 446
Advertensieveldtogte. 448
Markanalise. 449
Skakelkonsultante. 452
Don de Kieffer. 454
Reaksie in die V.S.A. 459
Persskakelafdeling. 461
Databank. 462
Swart inligtingsbeamptes en tuislandinlig-
tingsdienste. 463
Akademiese benadering. 465

Bladsy

"Propaganda van die daad". 468
Sport. 471
Persoonlike besoeke. 472
Afrika. 475
Geheime dienste in Afrika. 480
Onortodokse metodes van lande. 481
Die Departement van Inligting en onortodokse metodes. 485
Welslae van die Departement. 489
Gevolgtrekkinge. 493

HOOFSTUK 11

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING. 497
Historiese ontwikkeling van inligtingsdienste. 497
Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens. 499
Verbetering en verfyning van die Inligtingsdiens. 502
Aanslag teen Suid-Afrika. 505
Slot. 508

BRONNE.
Opmerkings. 510
Argivale bronne. 511
Diverse ongepubliseerde stukke. 512
Vervolgpublikasies. 514
Boeke. 526
Onderhoude. 532

BYLAES. 535

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

"...the real struggle behind world politics and world attitudes is a struggle for the mind of man. This struggle concerns conflicting ideologies in which principles, attitudes, viewpoints and future expectations play the major role..." (III, De Klerk, 1971, p. 130). Harrigan verwys na moderne oorlogvoering en beweer dan dat "... wars no longer necessarily involve the crossing of physical frontiers. Today wars are waged within nations. The frontiers that are crossed, after hard-fought campaigns often are frontiers of the mind". (IV, 1965, p. 70).

Die huidige Suid-Afrikaanse Minister van Inligting praat in 1975 oor dieselfde onderwerp in die Volksraad: "Ons, en nie net ons nie, maar alle lande ter wêreld, is in werklikheid in 'n woorde-oorlog betrokke. Die wêreld is tans besig om te veg nie vir finansiële voordeel of die verowering van lande nie, maar om die gees van die mens vir verskillende gedagterigtings te verower ... Dit is in hierdie propaganda-oorlog waarin die Departement van Inligting en sy amptenare namens Suid-Afrika in die heel voorste linie staan en in die voorste linie moet veg" (I, Hansard, 1975, dl. 56, kol. 5141). In hierdie stryd speel staatsinligtingsdienste 'n belangrike rol. Hieroor sê dr. Eschel Rhoodie, huidige Sekre-

taris van Inligting,: "Information services or public relations work in the international field have become a unique obligation, indispensable for the modern state"(II, 1973, p. 2).

In die lig van bogenoemde aanhalings word 'n studie van staatsinligtingsdienste as belangrik en aktueel beskou. Dit is dan ook jammer dat so min nog oor hierdie onderwerp uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt geskryf is, aangesien dit Suid-Afrika so regstreeks raak.

OOGMERKE

Die breë oogmerke met hierdie studie is om die inligtingsdienste van state te ondersoek. Aangesien dit prakties onmoontlik is om binne die bestek van één studie 'n volledige ondersoek te doen na alle inligtingsaktiwiteite wat deur regerings in die verlede en tans nog gedoen word, is hierdie ondersoek in hoofsaak beperk tot die amptelike Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens wat in 1936 tot stand gekom het. Die studie moes tot hierdie diens beperk word omdat die meeste staatsdepartemente en staatsinstellings in die Republiek een of ander inligtingsfunksie het. 'n Studie van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens behoort egter 'n breë verteenwoordigende oorsig te kan gee van die inligtingstake wat deur die staat onderneem word.

Die klem in die ondersoek val verder hoofsaaklik op die funksies en doelstellinge van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens. Ander aspekte, soos 'n

volledige geskiedskrywing, organisatoriese besonderhede, voorligtingsdienste, e.d.m., is slegs ondersoek in die mate waarin dit sekere doelstellinge beter toelig of betrekking het op spesifieke funksies.

## BINNE- EN BUITELANDSE FUNKSIES

Die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens het sedert 1936 duidelik onderskeibare binne- en buitelandse doelstellinge en funksies gehad (III, Jaarverslag, 1949, p. 5 en I, Hansard, 1962, dl. 2, kol. 1958). In meeste ander lande is hierdie binne- en buitelandse funksies geskei en word dit deur verskillende staatsinstellinge beheer (I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4943-4950). Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens handel egter hoofsaaklik oor die verhouding tussen hierdie twee funksies as take van dieselfde diens. Aangesien die binnelandse doelstellinge en funksies van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens reeds ondersoek is (IV, Mulder, 1975), word hierdie studie op die buitelandse doelstellinge en funksies van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens toegespits.

## METODES

Die doelstellinge en funksies van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens is aan die hand van die geskiedenis van die diens ondersoek. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens is in sekere tydvakke ingedeel om spesifieke funksies en doelstellinge wat eie aan 'n tydvak is, te kon uitlig.

Deur die tydvakke met mekaar te vergelyk, is gepoog om deurlopende funksies en klemverskuiwings aan te dui. (Vgl. IV, Mulder, 1975, p. 2). Om deurlopende funksies te kon aandui, was dit ook nodig om enkele inligtingsfunksies wat aanvanklik onder ander staatsdepartemente geval het, te behandel omdat die funksies wel later deel van die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting se funksies geword het. So was buitelandse inligtingsbeamptes lank aan die Departement van Buitelandse Sake verbonde, terwyl die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens in dieselfde tyd onder die Departement van Binnelandse Sake geressorteer het (III, Jaarverslag, 1949, p. 7 en 11).

PROBLEME

Behalwe vir 'n vorige studie oor die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens (IV, Mulder, 1975), kon geen gepubliseerde werk wat die geskiedenis van die Inligtingsdiens beskryf, opgespoor word nie. Sonder die feitelike agtergrond van die ontstaan en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens was dit onmoontlik om 'n studie van die doelstellinge en funksies van die diens te maak. Die geskiedenis van veral die buitelandse Inligtingsdiens moes dus eers gerekonstrueer word, voordat 'n spesifieke tydvak-indeling gemaak kon word en funksies en doelstellinge in die betrokke tydvakke uitgelig kon word. Vir hierdie rekonstruksie moes daar van verskillende primêre bronne gebruik gemaak word. Aangesien die Inligtingsdiens betreklik onlangs tot stand gekom het (in 1936, I, Hansard, 1940, dl. 37, kol. 1763),

is uitgevind dat die meeste belangrike bronne nog vir navorsing gesluit is. As gevolg hiervan is tot groot hoogte van die Inligtingsdiens se jaarverslae asook van Debatte van die Volksraad gebruik gemaak. Toestemming is wel verkry om insae te kon hê in sekere gedeeltes van die Hertzog- en Smutsversamelings Sekere gedeeltes van die argief van die Departement van Binnelandse Sake tot 1955 asook gedeeltes van die Departement van Inligting se argiewe kon ook geraadpleeg word. (Vgl. IV, Mulder, 1975, p. 6 en 7).

Dit is gelukkig dat verskeie oud-amptenare wat aan die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens verbonde was, nog in die lewe is. Waar leemtes aangevoel is, is onderhoude met hierdie persone gevoer om 'n vollediger beeld te kon verkry. Hierdeur kon baie nuttige inligting verkry word en is verskeie probleme opgelos.

Die doelstellinge en funksies van die Inligtingsdiens kon egter nie in 'n vakuum behandel word nie. Verskeie aanverwante sake, soos onder andere wêreldomstandighede, die binnelandse politieke klimaat asook die omvang en tipe aanslag teen Suid-Afrika, moes ook behandel word. Hierdie sake kon nie volledig behandel word nie aangesien elkeen 'n volledige studie op sy eie regverdig. Waar hierdie sake wel behandel word, is dit slegs gedoen ten einde die doelstellinge en funksies van die Inligtingsdiens vir beoordeling in beter perspektief te plaas.

Heelwat aandag is ook aan organisatoriese veranderinge in die Staatsinligtingsdiens sedert 1936 gegee. Hier vind daar 'n oorvleueling met 'n vorige studie plaas (IV, Mulder, 1975), maar dit is nodig gevind omdat hierdie organisatoriese veranderinge meestal gepaard gegaan het met klemverskuiwings en nuwe doelstellinge binne die inligtingsdiens.

## BEGRIPPE

Dit is nodig dat die begrip "inligting" soos dit in hierdie studie gebruik sal word, nader omskryf word. Om begrippe soos inligting, propaganda, politieke werwing, agitasie, advertensie, skakelwerk, publisiteit, beïnvloeding e.a. duidelik te omlyn en van mekaar te onderskei, lewer dikwels probleme op. Die vernaamste probleem met so 'n omskrywing van begrippe is dat bepaalde betekenisse geheg word aan bepaalde woorde na gelang van spesifieke standpunte, ideologieë, tale, begripstrukture en lewensbeskouing. Dit is geensins die doel van hierdie studie om uitsluitsel te probeer gee van watter betekenis aan watter begrip geheg moet word nie. (Vgl. hiervoor o.a. IV, Doob, 1966; IV, Ellul, 1965 en IV Snyman, 1971).

Met die woord "inligting" word in hierdie studie bedoel "die nodige kennis, informasie verskaf" waardeur mense of "iemand op hoogte van sake gebring word" (IV, Schoonees, (e.a.), 1965, p. 350). Dit gaan dus hier om 'n inligtingsverspreidingsfunksie of 'n publisiteitsfunksie - die bekendmaking van

inligting met behulp van verskeie middele. Hoewel die begrip "propaganda" in hierdie verband voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog gebruik is, word vandag voorkeur aan die begrip "inligting" gegee (I, Hansard, 1947, dl. 59, kol. 12591 en I, Hansard, 1950, dl. 72, kol. 5474).

Behalwe vir instansies wat inligting versprei, is daar ook verskeie instansies wat gemoeid is met die versameling of inwin van inligting (III, Robertson, 1955, p. 15). Sulke instansies kan byvoorbeeld die Direktoraat van Militêre Inligting of die Buro vir Staatsveiligheid wees. Dit gaan hier nog steeds om inligting, maar in 'n heeltemal ander verband. In Engels word 'n doeltreffender onderskeid gemaak deurdat die verspreidingsfunksie van inligting omskryf word as "information", terwyl die versamelfunksie omskryf word as "intelligence". Daar kan selfs ook 'n verdere onderskeid gemaak word tussen inligting en informasie. Inligting sal dan geëvalueerde en geïnterpreteerde informasie ten opsigte van 'n sekere onderwerp wees (Robertson, 1955, p. 15). So is die begrip "informatika" of "inligtingkunde" ook reeds met die staat se inligtingstaak in verband gebring (I, Hansard, 1975, dl. 56, kol. 5163). Hierdie fyner onderskeidinge is nie in hierdie studie van toepassing nie en die klem sal hoofsaaklik op die verspreidingsfunksie van inligting val. (IV, Mulder, 1975, p. 7 - 9).

## HOOFSTUK 2

## DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN STAATSINLIGTINGSDIENSTE

Ten einde die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens te kan verstaan, is dit belangrik om kortliks na die ontwikkeling van staatsinligtingsdienste as 'n twintigste eeuse verskynsel te kyk (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 12). Deur die faktore wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van inligtingsdienste kortliks te bespreek asook die probleme en ontwikkeling van sekere ander lande se staatsinligtingsdienste na te gaan, kan die nodige agtergrond verskaf word waarteen die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens bespreek kan word. Die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens het op dieselfde patroon as meeste Westerse state se inligtingsdienste ontwikkel en ook dieselfde probleme ondervind.

### DIE STAAT EN DIE VERSPREIDING VAN PROPAGANDA

"From the earliest times propaganda has been used by independent communities in both peace and war. But its elevation to the level of a major activity and even to a branch of government is a recent development (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 12). Die primitiewe stam se oorlogskrete, Aristoteles se beginsels van die retoriek, Bismarck se Ems-telegram en selfs Hearst se beweerde telegram "You furnish the pictures and I'll furnish the war"

met die gebeure daarna kan as voorbeelde van propaganda deur die eeue dien. (Vir 'n volledige historiese uiteensetting vgl. IV, Whitton & Larson, 1964, p. 12 - 30 en IV, Martin, 1969, p. 5 - 7). So is dit bekend dat selfs Napoleon 'n buro vir openbare mening gehad het (III, Parker, 1970(b), p. 38). In die twintigste eeu en volgens Whitton en Larson spesifiek ná die Eerste Wêreldoorlog, is propaganda verhef tot 'n instrument wat voortaan deur state in hulle internasionale verhoudinge aangewend sou word. "... it was during the first World War that propaganda first received official recognition as a regular means of exerting power, a major instrument in the conduct of international relations, entitled to a place among established branches of government under the direction of trained specialists instead of amateur treatment by the army (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 31). Lord Northcliffe in Engeland en George Creel in Amerika het bekendheid verwerf as direkteure van oorlogstydse oorlogskantore (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 32).

Na die Eerste Wêreldoorlog het die Westerse demokrasieë hulle staatspropagandadienste ontbind. Westerse demokratiese denke kon nie 'n vredestydse staatspropagandadiens regverdig nie (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 34). Die ontwikkeling van vredestydse staatspropagandadienste is dus oorgelaat aan die kommunistiese lande en die diktators van die na-oorlogse wêreld. Hulle het groot en duur staatspropagandadienste tussen die twee wêreldoorloë opgebou (IV,

Frankel, 1969, p. 103 en IV, Holsti, 1974, p. 213). "It is not surprising, therefore, that the credit for the development of international propaganda as an instrument of foreign policy in peacetime is generally given to Lenin and Hitler (IV, Martin, 1969, p. 7).

Whitton en Larson beweer dat propaganda tussen die twee wêreldoorloë die buitelandse beleide van die verskillende state goed weerspieël het. "Aggressive states employed aggressive propaganda, revolutionary states subversive propaganda. The peaceful states either used no propaganda at all, or entered the psychological conflict only when forced into it, in self-defense, and often with too little and too late" (IV, 1964, p. 38).

Hierdie ontwikkeling van groot vredestydse propagandadienste deur veral die Kommuniste kan as 'n belangrike rede gesien word vir die latere ontwikkeling van staatsinligtingsdienste deur die Westerse demokrasieë. Dit hang egter nou saam met verskeie ander ontwikkelinge in die internasionale politiek en die diplomasie na 1919.

## DIE NUWE "OOP DIPLOMASIE"

Die eerste van hierdie nuwe ontwikkelinge was die "oop diplomasie" wat president Woodrow Wilson van Amerika na die Eerste Wêreldoorlog voorgestaan het. Ontnugter deur die Eerste Wêreldoorlog, is dit voorgehou as die oplossing van wêreldprobleme. In die aanhef van Woodrow Wilson se bekende 14 punte stel

hy dit so:

"It will be our wish and purpose that the process of peace when they are begun, shall be absolutely open and that they shall involve and permit henceforth no secret understanding of any kind. The day of conquest is gone, so also the day of secret covenants entered into in the particular governments and likely in some unlooked-for moment to upset the peace of the world".

Die eerste van die veertien punte lui dan ook: "Open covenants of peace, openly arrived at after which there shall be no private international understanding of any kind, but diplomacy shall proceed always frankly and in public view" (III, Luttig, 1974, p. 124).

Hierdie "oop diplomasie" was 'n fundamentele afwyking van die tradisionele negentiende eeuse diplomasie. Barnard laat hom soos volg oor Woodrow Wilson se skepping uit: "Dit vereis slegs gesonde verstand om te begryp waarom alle tussenstaatlike onderhandelinge nie in die openbaar kan plaasvind nie. Tussenstaatlike onderhandelinge gaan dan gepaard met emosionele propagandategnieke. Geskied dit voor die oë van die ganse wêreld, kan dit onherstelbare skade aan die status, prestige en stabiliteit van enige staat doen (supermoondhede inkluis). Woodrow Wilson se skepping was tot mislukking gedoem nog voordat dit van stapel gestuur is" (III, 1974, p. 32). Dat hierdie "oop diplomasie" 'n klimaat geskep het wat die maak van

propaganda en so ook die ontwikkeling van staatsinligtingsdienste bevorder het, kan nie betwyfel word nie.

## DIE "KONFERENSIEDIPLOMASIE"

Hierdie "oop diplomasie" het direk aanleiding gegee tot wat vandag as "konferensiediplomasie" of "diplomacy by parliamentary procedures" bekend staan. Dit is veral beliggaam in die ou Volkebond en in die huidige V.V.O. (III, Babb, 1974, p. 8 en III, Luttig, 1974, p. 124).

Dat die konferensiediplomasie as 'n vorm van diplomatieke verkeer en onderhandelinge sekere voordele inhou, word nie betwyfel nie (IV, Nicolson, 1969, p. 85 - 87). Tog was hierdie tipe diplomasie die oorsaak van heelwat van die euwels wat vandag in die internasionale diplomatieke verkeer aangetref word. Barnard verwys soos volg hierna:

"... konferensietafeldiplomasie waar die gekwetter in die wandelgange, kroeë en die konferensiesaal self as die ware diplomatieke betrekkinge voorgehou word. Hieruit vloei meer agterbaksheid, leuens, politieke gewin en valsheid voort as wat Woodrow Wilson kon voorsien, of wat Machiavelli sou kon goedpraat. Ophitsingstoesprake, emosionele vertoon en uitbarstings, dreigemente, blokvorming, gemanipuleerde toejuigings en uitstappery is alledaags in hierdie karikatuur van die diplomasie" (III, 1974, p. 28).

Hierdie konferensiediplomasie was 'n verdere verandering wat die ontwikkeling van staatsinligtingsdienste bevorder het. "... it is an unavoidable consequence of conference diplomacy that the style adopted will be rhetorical. What we get is orators not negotiators, what we get is advocates not diplomats. The code, the structure and treatment of negotiation in the open forum are fossilised into exaggerated pleadings. The realism of quiet diplomacy, where compromise and true agreement and harmony are usually sought, is replaced by public challenges or public acts of solidarity" (III, Babb, 1974, p. 8). Babb wys dan ook daarop dat meer as 'n derde van alle Amerikaanse ambassadeurs nie beroepsdiplomate is nie maar "campaign colleagues of the President" (III, 1974, p. 8).

## DIE KLEIN STAATJIES WORD BELANGRIK

'n Verdere uitvloeisel van die konferensiediplomasie was dat klein staatjies buite verhouding belangrik in die internasionale politiek geword het. So is die Malediwe-eilande se stem in die V.V.O. net soveel werd as dié van die Verenigde State, en dit terwyl die eilande 'n bevolking van 85 000 het teenoor die V.S.A. se bevolking van meer as 200 miljoen (III, Babb, 1974, p. 8). Barnard sien die aanwending van die demokratiese meerderheidsbeginsel hier as totaal wars van die werklikheid omdat die internasionale stategemeenskap nie op dieselfde strukturele basis as die interne staatstrukture berus nie. "Dit bring stemwerwery en neo-imperialisme by die

V.V.O. en elders, omdat die supermoondhede op stemme (verabsolutering van die humanistiese rewolusionêre demokrasie) aanspraak maak. Saam daarmee gee dit aan die stemvee - kleiner moondhede - 'n magsvermoë (aktiewe kiesreg) wat hulle vanweë hulle 'puberteitsfase' en soeke na eie gewin nie kan hanteer nie" (III, Barnard, 1974, p. 32).

Na veral die Tweede Wêreldoorlog sou hierdie verandering sy invloed in die internasionale politiek laat geld. Die groot moondhede sou 'n reuse-stryd om die guns van Afrika en Asië voer omdat hulle stemme belangrik is in byvoorbeeld die V.V.O. In hierdie stryd sou staatsinligtingsdienste 'n noodsaaklikheid wees.

Soos later aangetoon sal word, sou hierdie veranderinge ook vir Suid-Afrika verreikende gevolge hê. Die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens sou dan ook verskeie stappe doen om kleiner staatjies ten gunste van Suid-Afrika te beïnvloed. So is die state van Suid-Amerika na 1948 as belangrik geag omdat hulle baie stemme in die V.V.O. het. (Vgl. hoofstuk 6, p. 214 en 218).

## <u>DIE VOLK WORD BY DIE INTERNASIONALE POLITIEK BETREK</u>

Die ontwikkeling van die demokrasie saam met die nuwe "oop diplomasie" sou 'n verdere verandering in die twintigste eeuse internasionale verkeer teweeg bring. Dit het ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van staatsinligtingsdienste gespeel.

"In the tranquil days before World War I foreign policy was decided by a handful of specialists in striped closeted in quiet rooms ... Governments rose and fell on the scratch of a pen without the public's knowing or perhaps really caring about such events. Diplomacy was a very private affair."

"In the last half century, however, a great social and political convulsion has taken place ... The man in the street, the 'calle', the 'rue' the 'strada', and the 'strasse' has begun to pay attention to what is going on around him and to form opinions. Governments - particularly democracies - are frequently forced to abide by these opinions"(IV, Lee, 1968, p. ix).

Hierdie verandering sou 'n nuwe era in die internasionale politiek inlui. Omdat die bevolkings van buitelande skielik belangrik geword het, het daar hele nuwe werkterreine vir moontlike staatsinligtingsdienste oopgegaan. "To meet this challenge governments around the world have turned to a totally new concept of international diplomacy. This is the age of public diplomacy, the era of people-to-people dialogues, the day of human communications" (IV, Lee, 1968, p. x).

Hierdie benadering van die nuwe diplomasie was direk teenstrydig met die tradisionele opvattings van die ou diplomasie. Sir Harold Nicolson laat hom soos volg hieroor uit: "In the days of the old diplomacy it would have been regarded as an act

of unthinkable vulgarity to appeal to the common people upon any issue of international policy" (IV, 1969, p. 92).

Na bewering was Trotsky die eerste wat hierdie ou diplomatieke reël verbreek het. Hy en sy Bolsjewistiese afvaardiging was per trein op pad om met die Duitsers die Brest-Litovsk-vredesverdrag in 1917 aan te gaan toe hulle rewolusionêre pamflette deur hulle treinvenster aan die Duitse soldate op die platform uitgedeel het - dit alles voor die oë van die geskokte Duitse diplomate en generaals! (III, De Villiers, 1971, p. 16).

Frankel maak dan ook 'n onderskeid tussen propaganda en diplomasie juis op grond van hierdie verandering. Volgens hom word propaganda tot die volk van 'n ander land gerig, terwyl diplomasie tot die ander regering gerig word. Propaganda is ook selfsugtig en soek net die eie belang van die propagerende staat. Diplomasie daarenteen probeer eerder 'n kompromie tussen botsende nasionale belange in belang van albei lande vind (IV, Frankel, 1969, p. 102).

Holsti som hierdie verandering in die diplomasie soos volg op:

"Governments no longer just make promises of rewards or threats of punishment to foreign diplomats and foreign office officials; they make them to entire societies. One of the unique aspects of modern international political relationships is the deliberate attempt by governments, through diplomats and

propagandists, to influence the attitudes and behaviour of foreign populations, or of specific ethnic, class, religious, economic, or linguistic groups within those populations. The officials making propaganda hope that these foreign groups or the entire population will in turn influence the attitudes and actions of their own government (IV, 1974, p. 211).

Die beroepsdiplomaat was nie opgelei om hierdie nuwe funksie te kon hanteer nie. Om die breë bevolking van 'n ander staat te bereik, was spesialiste in onder andere beïnvloeding en kommunikasie nodig. Staatsinligtingsdienste sou ontwikkel om hierdie spesialiteitsfunksie te vervul (II, Rhoodie, 1973, p. 7 en III, Anon, 1973, p. 206).

DIE ONTWIKKELING VAN DIE KOMMUNIKASIEMEDIA

"Nou ontstaan die vraag waarom propaganda, wat immers so oud soos die geskiedenis selfs is, dan juis en veral in die moderne eeu die oorsaak van soveel moeilikheid geword het. Meningsverskil en ideologiese konflikte het immers altyd bestaan. Die antwoord vind ons in die feit dat dit die moderne tegniek is wat die grootskaalse verkondiging van teenstrydige menings, d.w.s. propaganda, moontlik gemaak het. Die tegniek van die masjieneeu het die oorsaak van die moderne propaganda-oorlog geword, bloot omdat dit 'n aantal middels in die hande van propagandiste geplaas het wat hulle nie voorheen tot hul beskikking gehad het nie" (III, Gerdener, 1942(a), p. 47).

Die geweldige tegnologiese ontwikkelinge op kommunikasiegebied het verskeie veranderinge op diplomatieke gebied tot gevolg gehad. In die verlede was kommunikasie tussen die diplomaat in die vreemde en sy regering maar swak. Dit het daartoe gelei dat diplomate 'n groot mate van eie diskresie geniet het. Die moderne kommunikasie-ontwikkelinge het dit verander en "... dit (het) al hoe meer gebruiklik geword dat staatshoofde self 'n diplomatieke rol vervul of dat die hoofde van departemente van buitelandse sake self onderhandeling aangaan" (III, Nieuwoudt, 1975, p. 30). "The effect has been the birth of a do-it-yourself cult, the trend towards diplomacy by heads of state, of foreign minister visiting foreign minister, of prime minister visiting prime minister. Even those who are not presidents or prime ministers yet, fly the oceans and have (what are called) 'enjoyable discussions' with heads of government elsewhere" (IV, Du Toit, 1969, p. 197).

Mnr. S.F. du Toit, wat jare lank Suid-Afrikaanse ambassadeur in die buiteland was, skets verder hierdie verandering soos volg: "The day of the Ambassador who could practice his initiative, could take the responsibility of an emergency on his shoulders, is past. Today he receives his instructions from day to day, he reports back and receives more instructions" (IV, Du Toit, 1969, p. 178).

Dr. A.L. Geyer, Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Londen in die vyftigerjare, skets dan ook hoe be-

langrike sake deur 'n briefwisseling tussen die twee betrokke ministers afgehandel is. "My taak was dan bloot om my minister se briewe aan sy Britse eweknie te oorhandig!" (IV, Geyer, 1969, p. 15).

Die ambassadeur se belangrikheid as verteenwoordiger van sy land moet egter steeds nie onderskat word nie, hoewel daar 'n klemverskuiwing in sy pligte ingetree het (III, Nieuwoudt, 1975, p. 30). "Even in countries sophisticated in international affairs we have seen that this direct diplomacy, whatever merits it may have, is prone to leave behind it a lot of loose ends to be tied up later ..." (IV, Du Toit, 1969, p. 199). Die beplanning voor die ontmoeting van byvoorbeeld staatshoofde en die afronding daarna val onder hierdie nuwe pligte van die ambassadeur.

Hierdie persoonlike raakvlakdiplomasie wat deur die moderne kommunikasiemiddele moontlik gemaak is, sou steeds meer op die internasionale vlak aangepak word. As so 'n ontmoeting tussen staatsmanne of ministers plaasvind, sou dit ten volle deur staatsinligtingsdienste gebruik word om maksimum-publisiteit vir hulle land te kry. Dr. Henry Kissinger se rondreise met 'n horde persmanne saam met hom of selfs dr. Verwoerd se besoek aan Londen in 1961 kan as voorbeelde hiervan dien. (Vgl. hoofstuk 7, p. 325-330). Inligtingsdienste skep selfs sulke geleenthede. Die Suid-Afrikaanse Minister van Inligting en die Sekretaris van Inligting het in die sewentigerjare verskeie besoeke oorsee gebring met die doel om op persoonlike vlak met regeringsleiers in die buite-

land kontak te maak. (Vgl. hoofstuk 10).

DIE "DERDE GESPREKSGENOOT"

As gevolg van hierdie kommunikasie-ontwikkelinge het ook die openbare media 'n groter rol in die internasionale politiek begin speel. In die gesprek tussen state word hulle selfs as 'n "derde gespreksgenoot" beskou (V, Onderhoud, Mulder C.E., 1975).

"Die belangrikheid van dialoog in die moderne tyd word nog verder onderstreep deur die feit dat die deelnemers aan die tweegesprek nie meer twee individue is nie, maar twee opponerende massas van mense of volke, of groepe van volke, met hoogsontwikkelde stelsels vir die versameling, verwerking of verspreiding van inligting, idees, nuus ,ens."

"In die massa-dialoog bestaan daar dus altyd die gevaar dat die massamedia gebruik word vir propaganda en oorreding, en nie egte wedersydse kommunikasie nie ..." (III, Louw, 1972, p. 6).

Maar ook in 'n ander opsig het die openbare media 'n invloed op die diplomasie. "Oorreding en kompromieë word al skaarser en die onderhandelaars spits hulle eerder toe op die toehoorders as op die ander diplomate - bowendien maak die moderne massakommunikasie onderhandelaars versigtig om voor die oë van die ganse wêreld (beeldradio, pers en die radio) as die kapitulator uit die stryd te tree" (III, Barnard, 1974, p. 28).

Du Toit wys daarop hoe die openbare media en spesifiek die koerante met onverantwoordelike voorspellings en bewerings die ander party by 'n internasionale konferensie of ooreenkoms kan beïnvloed. "However, the other side, one may hope, will be wise enough to assess what might be the views of the authentic leaders and what is mere speculation by the crystalgazers of the printers' ink. It will be obvious that in this kind of diplomacy it is again the countries with freedom that lose or at least start with a handicap, for their free press may ruin many an initiative even before it can be taken" (IV, Du Toit, 1969, p. 203).

Herbst skryf oor die mag van die pers en laat hom soos volg uit:

"As politieke faktor is die mag van die pers onberekenbaar. Voorbeelde van koerante wat daarin geslaag het om 'n rol van beslissende betekenis by die een of ander belangrike gebeurtenis te speel of regerings selfs tot 'n val gebring het, is volop. Die optrede van die Hearst- en Pulitzer-koerante was een van die vernaamste oorsake van die oorlog tussen Amerika en Spanje, die Londense Daily Mail was een van die vernaamste faktore wat die Tweede Vryheidsoorlog veroorsaak het en die Times van Londen het verhinder dat Duitsland Frankryk in 1875 aanval deur die Duitse oorlogsplanne bekend te maak" (IV, Herbst, 1966, p. 120).

DIE OPENBARE MEDIA EN BESLUITNEMERS

Behalwe dat die openbare media die optrede van diplomate en staatsleiers beïnvloed, het dit ook 'n invloed op die besluite wat state oor mekaar neem. "In die klassieke diplomatieke praktyk was die beslissingsproses feitlik uitsluitlik gebaseer op die berigte, analises en waardebepaling wat 'n land van sy buitelandse verteenwoordigers ontvang het. Die ontwikkeling, veral na die Eerste Wêreldoorlog, soos byvoorbeeld die ontstaan van talryke internasionale organisasies, nuwe onafhanklike state, maar veral ook die vinnige en uitgebreide ontwikkeling van die inligtingsmedia en nuusverspreiding het enersyds gelei tot wat 'n openbaarmaking van die diplomasie genoem kan word, en andersyds tot 'n steeds minder wordende oorsigtelikheid van internasionale samehange. Gevolglik heers daar onder die regerings en onder beslissingsnemers, 'n inligtingstekort en 'n aansienlike mate van onsekerheid, wat op sy beurt na 'n sterk inligtingsvraag lei ten einde hierdie onsekerheid te verminder en moontlike toekomstige ontwikkelings vooruit te skat. Daar 'n élitepers van ongeveer 16 dagblaaie hoofsaaklik in Europa vandag tot die belangrikste ontleders van die internasionale toestand geword het, geld hulle analises en beoordelings van situasies as van die belangrikste inligtingsbronne vir die beslissingsproses in tussenstaatlike verhoudings" (II, Rhoodie, 1973, p. 5).

Die feit dat besluitnemers die openbare media en koerante as 'n belangrike inligtingsbron by die neem

van besluite beskou, verhef koerante tot 'n magsposisie in die internasionale politiek wat hulle nie voorheen gehad het.

Dit blyk egter dat nie alle koerante hierdie belangrike rol in die internasionale politiek speel nie. Hierdie "élitepers" waarna verwys word, word in Merrill se boek met dieselfde titel soos volg beskryf:

"In every major country one newspaper, and often two or three, stands out as a journal of elite opinion, catering to the intelligentsia and the opinion leaders, however variously defined. Well informed on government matters, they achieve a reputation for reliability, for expert knowledge, and even for presenting the most accurate image of governmental thinking. Although their circulations are seldom larger than 300,000 their influence is tremendous, for they are read regularly by public officials, scholars, journalists, theologians, lawyers and judges, and business leaders. And what is more, they are read in other countries by those persons whose business it is to keep up with world affairs" (IV, Merrill, 1968, p. 12).

Die moderne diplomasie moes ook by hierdie veranderde rol van die pers aanpas. Dit was nou belangrik dat buitelandse koerante korrekte en positiewe inligting oor jou land publiseer omdat dit besluitnemers positief in hulle besluite kan beïnvloed. Die Drogheda-kommissie in Engeland kom tot die volgende gevolgtrekking hieroor: "In most countries

the press provides the most effective means of reaching the educated public. A primary objective of the Information Service must be therefore to find ways and means of getting British material into the Foreign, Commonwealth and Colonial press or better still of ensuring that anyone overseas writing in the press about Britain or about things in which Britain is importantly concerned should do so on a basis of fact and understanding" (IV, Great Britain, 1954, p. 18).

Die eerste buitelandse inligtingsbeamptes was dan ook as "persattachès" bekend (IV, Nicolson, 1969, p. 91) wat reeds aandui hoeveel waarde state aan die pers geheg het. Brittanje het reeds in 1920 enkele persattachès by van sy vernaamste ambassades gehad (IV, Great Britain, 1954, p. 4). Suid-Afrika het ook reeds voor die Tweede Wêreldoorlog 'n persattachè in die buiteland gehad (V, Onderhoud, Moolman, 1977; Vgl. ook hoofstuk 3).

## DIE TWEEDE WêRELDOORLOG

Naas die veranderinge in die diplomasie wat hierbo aangetoon is, kan die Tweede Wêreldoorlog as die belangrikste faktor wat tot die stigting van staatsinligtingsdienste deur die Westerse demokrasieë gelei het, beskou word. Soos reeds aangetoon, het Rusland en die diktators tussen die twee wêreldoorloë nie soos die Weste hulle inligtings- of propagandadienste tot niet gemaak nie.

"This indirect aggression had been going on for

years, so that in 1939 Germany, Italy and Russia merely had to expand departments of 'enlightment and information' already well established in peacetime and formally accepted as major instrumentalities of government. France, England and the United States, whose 'information' departments had been demobilized shortly after the First World War, suffered at first a grave disadvantage, and were forced to rebuild almost from the ground up. In fact, the British Ministry of Information only came into existence after the war had commenced, and the British ideological effort did not really get under way until after Dunkirk" (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 39).

As gevolg van toenemende Nazi-propaganda in Latyns-Amerika word die Amerikaanse regering teen 1939 gedwing om stappe te doen. Die V.S.A. was toe nog nie in die oorlog betrokke nie. 'n Afdeling, bekend as die "Office of the Coordinator of Commercial and Cultural Affairs between the American and Republics", is in Augustus 1940 gestig. Die hoof van die afdeling was Nelson A. Rockefeller. "Under Rockefeller's aggressive leadership the new agency initiated the first full-fledged American overseas propaganda operation. All in all, its activities were quite succesful" (IV, Dizard, 1964, p. 32). Hierdie diens is tot aan die einde van die oorlog in Latyns-Amerika voorgesit (IV, Dizard, 1964, p. 33).

In 1941 stig die Amerikaanse regering nog twee inligtingsdienste: "The Office of Facts and Figures" onder die digter Archibald MacLeish en "The Coordina-

tor of Information" met kol. William J. Donovan aan die hoof. MacLeish se kantoor het hoofsaaklik inligting ten gunste van die Amerikaanse verdedigingsbeleid binne die V.S.A. versprei terwyl Donovan vir inligting na die buiteland verantwoordelik was.

Na Pearl Harbour in Desember 1941 word Amerika by die oorlog betrek en is hierdie twee dienste in Junie 1942 saamgevoeg om die Office of War Information of die O.W.I. te vorm met Elmer Davis aan die hoof (IV, Dizard, 1964, p. 33). Die O.W.I. het gedurende die res van die oorlog oorlogspropaganda namens die Amerikaanse regering hanteer. (Vgl. o.a. IV, Whitton & Larson, 1964, p. 41-44 en IV, Dizard, 1964, p. 32-37 vir hulle aktiwiteite in die oorlog). Hierdie diens kan as die voorloper van die latere Amerikaanse vredestydse Inligtingsdiens beskou word.

Soos in die V.S.A. het ook die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens eers met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog sy beslag gekry. Hoewel Suid-Afrika reeds voor die oorlog 'n inligtingsbeampte en selfs 'n persattaché oorsee gehad het (vgl. hfst. 3), het die oorlogsomstandighede die uitbou van 'n volledige staatsinligtingsdiens soos ons dit vandag ken, geregverdig (vgl. hfst. 4). Die Suid-Afrikaanse vredestydse Staatsinligtingsdiens sou op die raamwerk van hierdie oorlogstydse diens gebou word.

<u>BETEKENISVERANDERING VAN BEGRIP "PROPAGANDA"</u>

Behalwe dat die oorlog die rede aan Westerse lande verskaf het om groot staatsinligtingsdienste te skep,

het dit ook 'n ander belangrike invloed op die latere ontwikkeling van inligtingsdienste gehad.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog en tussen die twee oorloë is die begrip "propaganda" en "propagandadienste" algemeen gebruik om wat vandag onder staatsinligtingsdienste verstaan word, aan te dui (IV, Zeman, 1966, p. 12). So het die Engelse in die Eerste Wêreldoorlog 'n "War Propaganda Bureau" gehad (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 31). Die woord "propaganda" sou egter veral gedurende die Tweede Wêreldoorlog 'n negatiewe betekenis kry. Gerdener skryf gedurende die oorlog soos volg hieroor:

"Die woord Propaganda het in die afgelope jare en veral sedert die huidige oorlog byna iets skrikwekkends geword. Dit word vereenselwig met iets onaangenaams en die algemene neiging is om dit as 'gecamoufleer', 'gekleurd', 'verdraaid', 'eensydig', oneerlik', 'bedrieglik', 'onregverdig', 'onderdrukkend', 'onwaar', 'oordrewe', 'misleidend', ens. van aard te beskou. Dis jammer dat daar so 'n algemene mening heers, want dit berus nie alleen op 'n verkeerde opvatting van die aard en wese van propaganda nie, maar dit maak ook die propagering van prysenswaardige sake baie moeilik. Eintlik is propaganda eties neutraal, d.w.s. dit kan goed of sleg, reg of verkeerd wees" (III, Gerdener, 1942(a), p. 11).

Botha skryf in dieselfde trant in 1943 oor die begripsverandering wat die woord propaganda ondergaan het. "Die woord propaganda val onder die sogenaamde

pejoratiewe - woorde wat in die loop van hul geskiedenis versleg het in betekenis ...

"Die woord het onveranderd gebly en die begrip wat deur die woord voortplant voorgestel word, is nog netso neutraal soos voorheen. In die voorstelling van die saak wat gepropageer moet word, word die waarheid egter so dikwels geweld aangedoen dat daar inderdaad begripsverandering plaasgevind het. En so het dit dan gebeur dat die woord propaganda vir die meeste mense vandag die begrip verspreiding van onwaarheid simboliseer. Dit is eintlik jammer dat dit so is, want 'n goeie idee sal nog altyd gepropageer moet word, en die waarheid sal steeds bly die enigste doeltreffende propagandamiddel waardeur die snellopende leuen agterhaal en vernietig kan word" (III, Botha, 1943(b), p. 5).

Soos reeds aangedui, is die doel van hierdie studie nie om die fyner verskille wat daar tussen begrippe bestaan, aan te dui nie. Tog is dit belangrik om van hierdie klemverskuiwing in die betekenis van die woord propaganda gedurende die Tweede Wêreldoorlog kennis te neem. Na die oorlog sou state nie meer "propaganda maak" deur middel van "propagandadienste" nie, maar "inligting versprei" deur "staatsinligtingsdienste". Holsti laat hom soos volg hieroor uit: "The common tendency to equate propaganda with falsehood may itself be a result of propaganda. Western newspaper editorials frequently brand Communist speeches or diplomatic maneuvers as 'propaganda',

while the activities of their own governments abroad are known as 'information programs'" (IV, Holsti, 1974, p. 213).

In Suid-Afrika probeer dr. Egges Mulder van die Departement van Inligting in 1975 om in agt punte die verskil tussen inligting en propaganda uit die Departement se oogpunt aan te dui. Dit dui daarop dat daar nog steeds nie sekerheid hieroor is nie. Sy gevolgtrekking is dat inligting nie 'n eufemisme vir propaganda is soos algemeen aanvaar word nie, maar dat propaganda "maar net 'n kru, ongesofistikeerde inligting is" (III, Mulder 1975, p. 8-9).

Hoewel die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens nooit die woord propaganda in sy amptelike benaming gehad het nie, sou die diens na die Tweede Wêreldoorlog verskeie naamsveranderinge ondergaan juis om te verseker dat dit nie die indruk van 'n propagandadiens skep nie. (Vgl. hfst. 5, p.147 en hfst. 7, p.293).

NÁ DIE TWEEDE WêRELDOORLOG

"Although the belligerents laid down their weapons after 1945, psychological warfare dit not abate, except temporarily in the camp of the democracies. Quickly the Western Powers, very much as after the victory in 1918, not only materially reduced their armed forces, but even beat their propaganda sword into ploughshares" (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 44).

Holsti probeer hierdie optrede van die Westerse de-

mokrasieë verduidelik: "In contrast, once World War II had ended, Western governments generally failed to appreciate the effectiveness of propaganda as an instrument for wielding influence in international politics. They assumed that disseminating the 'truth' would change any clear-thinking persons's attitudes toward Western policy, and that the best way to counter Communist propaganda was to demonstrate its falsehood" (IV, Holsti, 1974, p. 214).

So het Amerika, slegs 16 dae nadat die Japanse regering oorgegee het, die Office of War Information ontbind. Dit is gedoen na 'n bevel van pres. Truman self. 'n Tussentydse inligtingsdiens is in die plek van die O.W.I. gelaat met die opdrag om personeel, uitgawes en aktiwiteite drasties te besnoei. Die personeel van die inligtingsdiens is van 11 000 in die oorlog tot 3 000 verminder. Waar die uitgawes van die O.W.I. in 1945 71 miljoen dollar beloop het, is dit in 1946 tot 45 miljoen dollar verminder en was dit slegs 20 miljoen dollar in 1948 (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 47).

"In supporting the information program, even at a reduced level, the administration battled the ill-concealed prejudice of many Congressmen as well as the whole tenor of American opinion which in 1946 was anxious to forget as much as it could about foreign problems. At one point the House of Representatives actually eliminated all funds for the program; it was saved from extinction only because President Truman and Secretary of State George C. Marshall

persuaded the Senate to restore the appropriation" (IV, Dizard, 1961, p. 37).

Die besnoeiings en probleme het veroorsaak dat ook die Amerikaanse inligtingsdiens se kantoor in Suid-Afrika gesluit is. Suid-Afrika is as 'n dominium van Engeland beskou wat deur die Amerikaanse inligtingskantore in Londen hanteer kon word. Die destydse direkteur van die Amerikaanse Inligtingsdiens in Suid-Afrika, mnr. William Hamilton, verklaar die sluiting soos volg:

"O.I.C. (die diens se naam direk na die oorlog) provided one of the few soft spots in that hard wall of minimum Government requirements. Because the results of information and cultural activities are nebulous and intangible, we found it impossible to prove the indespensability of the programme in its present magnitude, as an instrument to clarify United States' objectives in international relations" (III, Hamilton, 1947, p. 39).

Anders as na die vorige oorlog het die Westerse lande nie hulle staatsinligtingsdienste heeltemal tot niet gemaak nie. Staatsinligtingsdienste is op klein skaal aan die gang gehou sodat duidelikheid oor hulle toekoms verkry kon word. Die oorblyfsels van die oorlogstydse inligtingsdienste wat tot ongeveer 1948 en die aanvang van die koue oorlog kon oorleef, sou die raamwerk vorm vir die ontwikkeling van volwaardige inligtingsdienste deur die Westerse lande in vredestyd.

"Soviet Russia, unlike the Western Democracies after 1945, never relaxed its weapons of psychological and political warfare, nor its military power either. The end of the war found Moscow equipped with the greatest organization for mass pressures ever known. This was Agitprop, or Administration of Agitation and Propaganda of the Communist Party Central Committee, with 1,400,000 trained employees. Its director ranked high in the Soviet hierarchy, for it was his responsibility to manipulate public opinion, after receiving basic policy decisions from the Politburo. Aiding these well-trained public servants was the Cominform, set up in October, 1947, to replace the dufunct Comintern, apparently dissolved in 1943 to placate public opinion in the West ... While in operation, these agencies assured to Communism a great world-wide agency for subversion, dominated by Moscow despite assurances to the contrary" (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 45).

As 'n land wat Westers georiënteerd is, het die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens dieselfde probleme as die Amerikaanse diens na die Tweede Wêreldoorlog beleef. Die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens se personeel is verminder, hy het geen direkteur gehad nie en die toekoms van die diens was baie onseker (IV, Mulder, 1975, p. 65). Soos in Amerika het die raamwerk van 'n inligtingsdiens egter bly voortbestaan en kon daar na verskeie ondersoeke hierop voortgebou word. (Vgl. hfst. 5).

ONDERSOEKE

Die ontwikkeling van volwaardige staatsinligtingsdienste in die Westerse lande na die Tweede Wêreldoorlog is meestal deur 'n reeks kommissies en ondersoeke voorafgegaan (I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4910). Die Westerse demokrasieë het steeds probleme ondervind met die regverdiging van 'n inligtingsdiens deur die staat in vredestyd. Die opdrag van meeste van hierdie kommissies was dan ook om aan te dui wat die taak en werkwyses van so 'n staatsinligtingsdiens in vredestyd behoort te wees.

'n Verdere probleem was die verhouding tussen die inligtingsdienste en die tradisionele diplomatieke diens. Die personeel en werkwyse van die inligtingsdienste het heeltemal verskil van die tradisionele diplomatieke personeel en praktyke. In oorlogstoestande is dit geduld, maar in vredestyd het dit tot verwarring gelei.

"Confusion became compunded with conflict. The Diplomat's essential objective is peace and, because he knows that international love is unattainable, his stock-in-trade is confidence and trust. The overseas information services, recruited mainly from the ranks of journalism and public relations, saw little merit in such dull traditionalism and preferred the spectacular selling methods of the advertising profession. In the words of Charles Thayer, an eminent American expert on international relations, 'the superficial similarities between advertising and propaganda, like the super-

ficial similarities between diplomacy and journalism, led inevitably to a confusion in both the methods and the aims'. In other words, selling soap in a well-tested domestic market is a very different matter from selling ideas in a foreign country with its own language, culture and national aspirations" (III, De Villiers, 1971, p. 16).

Die verhouding tussen 'n staat se inligtingsdiens en sy tradisionele buitelandse diens sou in Suid-Afrika en meeste ander lande, problematies bly (III, Committee on Foreign Affairs Personnel, 1962). Om die korrekte verhouding tussen die twee dienste te bepaal, was 'n verdere probleem wat baie kommissies moes ondersoek.

So 'n ondersoek deur 'n onderkomitee van die Amerikaanse Senaat loop uit op die Smith-Mundt-wet van 1948 - "Public Law 402, 80th Congress". Senator Smith, wat een van die opstellers van die wet was, beskryf die doel van die wet soos volg:

"The United States Information Service must be the voice of America and the means of clarifying the opinion of the world concerning us. To be effective it must (1) tell the truth; (2) explain United States motives; (3) bolster morale and extend hope; (4) give a true and convincing picture of American life, methods and ideals; (5) combat misrepresentation and distortion, and (6) aggressively interpret and support our foreign policy" (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 48). Hierdie wet vorm

vandag nog die grondslag van die Amerikaanse inligtingsdiens.

Na die presidentsverkiesing van 1952 waarin pres. Dwight Eisenhower as Republikein president geword het, vind heelwat veranderinge in Washington plaas. "Within days after the Eisenhower administration took office in January 1953, the information program became the object of four simultaneous investigations. One was administered by the administration itself, two by the Senate and one by the House of Representatives" (IV, Dizard, 1961, p. 41). Die bekendste van hierdie ondersoeke was dié van sen. Fulbright en later sen. Hickenlooper asook die ondersoek van sen. McCarthy. As gevolg van hierdie ondersoeke word die Amerikaanse inligtingsdiens in 1953 weer gereorganiseer (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 49) en sou dit voortaan as die United States Information Agency ( U.S.I.A.) bekend staan (IV, Holsti, 1974, p. 223). Na al die stryd en probleme sou Amerika voortaan 'n volwaardige vredestydse inligtingsdiens hê.

In Engeland is veral dieselfde stryd en probleme as in die V.S.A. ondervind. In 1952 stel die regering 'n kommissie van ondersoek na die Britse inligtingsdiens se werksaamhede aan. Hierdie kommissie bring op 14 Julie 1952 sy verslag uit waarin onder andere bevind word dat:

"... the international situation, the Communist ideological onslaught on the free world, the need

to right the balance of payments and the necessity of maintaining Commonwealth relationships, all demand an intensification of overseas information work ..." (IV, Great Britain, 1954, p. 5).

Op grond van hierdie verslag se bevindinge word 'n onafhanklike kommissie bestaande uit persone wat nie aan die staatsdiens verbonde is nie, aangestel. Hierdie kommissie se verslag sou as die Drogheda-verslag bekend staan (IV, Great Britain, 1954, p. 6). Hulle kom onder andere tot die gevolgtrekking dat: "Information Services must to-day be regarded as part of the normal apparatus of diplomacy of a Great Power. They extend the range of the Mission so as to include a cross section of all the more important people in the community who are, or in the future will be, in a position to mould public opinion and influence policy" (IV, Great Britain, 1954, p. 6).

Ook die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens sou 'n tydperk van verslae en ondersoeke deurmaak. Vier kommissies sou die diens ondersoek en aanbevelings oor sy toekoms in vredestyd maak. Onder hierdie kommissies was die De Wet-Dunn-komitee, die Smith-Bourke-Hurter-kommissie en 'n verslag van die oorlogstydse direkteur van die diens, mnr. A.N. Wilson. (Vgl. hfst. 5). Die verskillende aanbevelings van die kommissies asook die regeringsverandering in 1948 sou die deurslag gee vir die ontwikkeling van 'n volwaardige vredestydse inligtingsdiens in Suid-Afrika. (Vgl. hfst. 6).

## DIE KOUE OORLOG

Faktore soos die oop diplomasie, die konferensie-diplomasie, die ontwikkeling van die kommunikasie-media asook die betrokkenheid van die volk by die internasionale politiek was alles veranderinge wat die ontwikkeling van staatsinligtingsdienste voor die Tweede Wêreldoorlog in die hand gewerk het. Die belangrikste faktore na die Tweede Wêreldoorlog was die ontstaan van baie nuwe state (IV, Du Toit, 1969, p. 196) en die koue oorlog. Dit was juis die koue oorlog wat Westerse state gedwing het om ondersoeke na hulle inligtingsdienste te onderneem om hulle op 'n nuwe en gesonde voet te plaas (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 44).

Die Smith-Mundt-wet in Amerika kon slegs deur die kongres geloods word omdat 'n groot aantal senatore in 1947 die buiteland besoek het en met 'n skok agtergekom het watter voorsprong die Russe reeds in die ideologiese koue oorlog opgebou het (IV, Dizard, 1961, p. 37). Frankel sien hierdie stryd as "... a form of verbal intervention in the affairs of other states which was impossible on an extensive scale until the evolution of the modern means of communications ..." (IV, Frankel, 1973(b), p. 157).

Die ontwikkeling van atoomwapens as deel van die koue oorlog het ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van inligtingsdienste gespeel. "... in die volgende oorlog sal daar geen wenners wees nie - almal sal verloor. Dit weet ons want so vernietigend is die

wapens. Daarom word die moontlikheid van warm oorloë al skaarser, maar die woorde-oorlog tussen lande neem toe" volgens dr. C.P. Mulder, Minister van Inligting (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7823).

Whitton en Larson sien dieselfde saak soos volg: "In addition to all the developments of recent years heightening the dangers of propaganda, there must be mentioned the paradoxical fact that the stalemate in physical weapons may actually increase the use of verbal weapons ... As nations are inhibited from forwarding their national ambitions through force, because of the nuclear stalemate, the outlawing of war, or the adoption of arms agreements, the pressure to pursue these aims through propaganda will be redoubled" (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 8).

"Waar die oerdiplomaat basies 'n vredesboodskapper was, het die diplomaat van vandag inderdaad 'n veldheer in die oorlogsarena van die koue inligtingsoorlog geword - nog steeds met die woord as sy wapen" (IV, Bekker, 1973, p. 24).

Ook Suid-Afrika kan hierdie ideologiese stryd nie vryspring nie. Dr. J.H. Coetzee sien dit soos volg in die Volksraad: "Daar is vandag ook 'n oorlog aan die gang en dit is die 'koue oorlog'. Al die lande van die wêreld wat in die 'koue oorlog' betrek is se Staatsinligtingsdienste is daarop ingestel om daardie lande se standpunte te stel in die 'koue oorlog' en dit is ook Suid-Afrika se plig en taak en die funksie van ons Staatsinligtingsdiens om Suid-Afrika se standpunt in die 'koue oor-

log' te stel" (I, Hansard, 1966, dl. 17, kol. 2026 - 2027).

Die Minister van Inligting sien inligtingswerk as nog omvattender: "Inligtingswerk, om dit duidelik en reg te stel, het nou ook veiligheidswerk vir Suid-Afrika geword, en behoort dus hoë prioriteit te kry. Die inligtingsman is ons voorste soldaat in die voorste linie" (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7870).

DIE ERKENNING VAN STAATSINLIGTINGSDIENSTE

Na die aanvanklike stryd en probleme wat inligtingsdienste ondervind het, het "Inligtingsdienste of openbare skakelwerk op die internasionale vlak (vandag) 'n unieke verpligting geword wat vir die moderne staat onmisbaar is" (III, Jaarverslag, 1972, p. 7; vgl. ook p. 1 hierbo). "Dit word beskou as 'n verlengstuk van jou diplomasie en selfs van jou weermag omdat jy eers praat en dan skiet" (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977).

Met die aanvaarding van 'n staatsinligtingsdiens as deel van die Amerikaanse regering se aktiwiteite verduidelik die Amerikaanse Kongres se "Advisory Commission on Information" dit soos volg:

"Information is one of the three essential components in carrying out United States Foreign policy, the other two of course being military and economic. Each has its function to perform in this great struggle for the minds of men and each has, or should have, an equally high place in the strategic plan.

It is in the information field that we meet the rival forces head on" (I, Hansard, 1955, dl. 87, kol. 1754).

Hoe sterk Amerika skielik oor 'n staatsinligtingsdiens gevoel het, blyk uit die volgende woorde van Edward R. Murrow, 'n vorige direkteur van die Amerikaanse inligtingsdiens: "If this country believes that the end of the day will be carried not by force of arms but by force of persuasion, the job we do is a key to our survival. I for one am persuaded that we have no alternative; we must persuade or perish in the attempt" (IV, Lee, 1968, p. XV)

Ook skrywers wat na die Tweede Wêreldoorlog oor die internasionale politiek geskryf het, het die ideologiese as 'n instrument in die internasionale politiek naas die diplomatieke, die ekonomiese en die militêre erken. (Vgl. IV, Murty, 1968, p. 7 en IV, Holsti, 1974, p. 174-304).

Dat die Westerse lande ooit probleme met die instelling en regverdiging van staatsinligtingsdienste kon hê, lyk nou onmoontlik. Dizard skryf die probleme wat inligtingsdienste wel na die Tweede Wêreldoorlog ondervind het, aan drie redes toe:

"This is due in part to its newness and strangeness, in part to the incompetence of some of its personnel and in part to the fact that it constitutes a sitting duck for politicians determined to score a point against their opponents. Any person that spends money broadcasting to the Egyptians and de-

monstrating square dancing to the Siamese is wide open to a political uppercut from time to time, no matter how loud and long it protests the rightness of its ways" (IV, Dizard, 1961, p. 38).

Dat Suid-Afrika ook die belangrikheid van 'n staatsinligtingsdiens in die moderne internasionale politiek besef het, blyk uit die feit dat daar reeds in 1961 'n volwaardige Departement van Inligting in Suid-Afrika bestaan het. (Vgl. hfst. 8). Waar Suid-Afrika in 1938 met een inligtingsbeampte sonder 'n duidelik omlynde taak en teen £750 per jaar begin het, het daaruit in 23 jaar 'n volwaardige staatsdepartement met 'n kabinetsminister aan die hoof en 'n begroting van 2,3 miljoen rand in 1962 ontwikkel (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3152 en 3161 en I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8291). Hieruit kan afgelei word hoe vinnig staatsinligtingsdienste op die toneel verskyn het en watter belangrike rol dit vandag in die moderne staatsorganisasie speel.

- HUIDIGE OMVANG VAN STAATSINLIGTINGSDIENSTE

Ten einde die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens wat in die volgende hoofstukke behandel gaan word, in perspektief te kan beoordeel, is dit nodig om kortliks na die omvang van enkele moondhede se inligtingsdienste te kyk. Ook hier is dit 'n stryd tussen die groot moondhede:

"Agencies which are in charge of these propaganda activities, the United States Information Agency and the Agitation and Propaganda Section of the

Central Committee of the Soviet Communist Party, have assumed considerable importance and operate on large annual budgets. Here, as in the field of armaments, other states find it difficult to compete" (IV, Frankel, 1969, p. 103).

In 1962 was die Amerikaanse Inligtingsdiens (U.S.I.A.) se begroting 111,5 miljoen dollar, terwyl die totale personeel 10 656 getel het. Van hierdie personeel was 2 365 in Amerika en 8 291 oorsee werksaam. Die Inligtingsdiens het ook 219 poste in 99 verskillende lande gehad (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 51).

In 1974 het U.S.I.A. se begroting tot 221 miljoen dollar en sy personeel tot ongeveer 9 000 in 108 lande gegroei (III, Keogh, 1974(a), p. 39). Hoewel dit die amptelike syfers en getalle is, kan die werklike syfers meer wees omdat inligtingsdienste dikwels ook van onortodokse metodes en fondse gebruik maak (IV, Davison, 1965, p. 271). Die Suid-Afrikaanse Minister van Inligting, dr. C.P. Mulder, beweer dat die Amerikaanse regering ongeveer 600 miljoen dollar per jaar aan inligtingsprojekte bestee (II, Mulder, 1974, p. 20).

Hierteenoor was die amptelike begroting van die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting in dieselfde jaar 10,5 miljoen rand (I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4278) en het die Departement 'n personeel van 499 gehad. Suid-Afrika het ook 20 inligtingskantore in 16 lande gehad (III, Jaarverslag, 1974, p. 9 en 13).

Die Franse het in 1971 ongeveer 430 miljoen dollar aan inligting- en kulturele programme bestee, terwyl Wes-Duitsland 300 miljoen dollar vir hierdie doel bewillig het. Wes-Duitsland hanteer onder andere 4 000 gaste elke jaar as deel van hulle inligtingsprogram. Hoewel geen amptelike syfers beskikbaar is oor die bedrag wat Sowjet-Rusland jaarliks aan inligtings- en kulturele programme bestee nie, word dit op byna een biljoen dollar geskat (III, Keogh, 1974(b), p. 59 en II, Rhoodie, 1973, p. 2). Prof. F.C. Barghoorn het bereken dat Rusland deurgaans twee keer soveel aan inligtingswerk bestee as die V.S.A. (IV, Holsti, 1974, p. 235).

WERKSAAMHEDE EN BEDRYWIGHEDE VAN INLIGTINGSDIENSTE

Wat die instrumente en media vir die verspreiding van inligting betref, maak die verskillende lande tot groot hoogte van dieselfde metodes gebruik, die groter moondhede net op 'n baie groter skaal.

Die belangrikste instrument van meeste staatsinligtingsdienste is die radio. Die Voice of America, wat in 36 tale uitsaai, is dan ook deel van die U.S.I.A., terwyl dit in Suid-Afrika nie die geval is tussen die Departement van Inligting en die Buitelandse diens van die S.A.U.K. nie. Die aanwending van die radio deur state word meer volledig in hoofstukke 8 en 9 behandel.

Die U.S.I.A. vervaardig of koop jaarliks 150 rolprente aan, terwyl hulle tydskrifte in 27 tale publiseer vir verspreiding in 100 lande. Vyftig verskillende

uitstallings word jaarliks deur die U.S.I.A. in die buiteland gesirkuleer, terwyl hulle ook ongeveer 300 biblioteke of leeskamers in 98 lande onderhou. Na berekening het 12½ miljoen mense hierdie biblioteke in 1947 besoek (III, Keogh, 1974(b), p. 58-59).

Omdat geen amptelike syfers oor die Sowjet-Unie se inligtingspogings bekend is nie, is dit moeilik om 'n korrekte beeld van die omvang van sy bedrywighede te vorm. Volgens die Amerikaanse doeane het 20 miljoen pakkies kommunistiese propaganda die V.S.A. in 1973 binnegekom (II, Mulder, 1974, p. 22).

Rusland beskik oor die grootste buitelandse radiodiens in die wêreld gemeet aan die aantal uitsaaiure per week. In 1966 het Radio Moskou in 64 tale vir 1 344 uur per week na die buiteland uitgesaai (III, de Villiers, 1966, p. 28). Die Russiese nuusagentskap Tass stuur ook daagliks tussen 15 000 en 20 000 woorde per teledrukker in Engels en Frans na 34 Afrika state. In 1964 het die Sowjet Unie reeds 40 miljoen boeke in 24 tale uitgevoer. Die Sowjet Ministerie van Handel het in 1923 'n internasionale boekmaatskappy, bekend as 'Mezhniga", gestig vir die verspreiding van publikasies. Mezhniga het reeds kontrakte met 840 maatskappye in 65 lande om 'n duisend verskillende koerante en tydskrifte asook 16 000 boeke jaarliks te versprei.

"The United States government has officially estimated that the propaganda output of the Soviet Union is 100 times greater than the rest of the world, a

fact highlighted by Ian Creig in his notable book 'The Assault on the West'" (II, Mulder, 1974, p. 23).

Van die belangrikste temas van die Sowjet-propaganda is nasionalisme, modernisering en vrede (IV, Holsti, 1974, p. 229). Die Sowjet-Unie het ook in die jongste tyd sy terminologie vir die Weste en veral vir Afrika aangepas (IV, Davison, 1965, p. 222). "Dit het te maklik geword om die werklike euwels daarvan raak te sien. Om hierdie rede word 'n ideologie soos die kommunisme gedwing om ander kleertjies aan te trek. Dit mag nie voorkom as die vreemde nie, maar as die volkseie, hoogstens as 'n vermomming van die volkseie, nie as die beperkte nie, maar as die algemene" (III, Meyer, 1966, p. 34).

"Instead of using such terms as 'proletariat' and 'working class', which elicited desired attitudes and behaviour among only a limited segment of any society, Soviet slogans today include the terms 'masses', 'all peace-loving people', and most broadly simply 'the peoples'. Instead of 'violent revolution , 'class struggle', 'imperialist hyenas', and 'bloodsuckers of the people', they talk of the 'national interest', the 'interests of peace-loving peoples', and 'aggressive circles'" (IV, Holsti, 1974, p. 227).

In dieselfde trant kan die Russe in 1975 in 'n toeristebrosjure sê: "There is hardly a single corner in the world unfamiliar with the light of the Kremlin's star - that symbol of freedom, peace and hap-

piness" (IV, Soviet Panorama, 1975, p. 3). 'n Versameling van Bresjnef se toesprake verskyn dan ook in 1975 onder die titel: "Our Course: Peace and Socialism" (IV, Brezhnev, 1975). Om die regte terminologie vir elke land met sy eie agtergrond en kultuur te gebruik, is vir alle inligtingsdienste problematies. Ook Suid-Afrika sou van "apartheid" na "etniese demokrasieë" vorder hoewel dit nie billik lyk om dit met die Sowjet-terminologie se veranderinge gelyk te stel nie. (Vgl. hfst. 10).

Die Sowjet-Unie maak ook van 'n hele reeks onkonvensionele metodes gebruik (IV, Davison, 1965, p. 221) asook van frontorganisasies. Organisasies soos die "World Peace Council", "International Union of Students', "World Congress of Doctors" ens. word onder andere as bekende frontorganisasies van die Sowjet-Unie genoem (IV, Holsti, 1974, p. 228 en IV, Davison, 1965, p. 208). Ook Suid-Afrika maak in die jongste tyd van onkonvensionele metodes gebruik. (Vgl. hfst. 10).

Omdat 'n volledige uiteensetting van die verskillende lande se inligtingsbedrywighede nie in hierdie studie ter sake is nie, kon slegs enkele aspekte wat met die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens se werksaamhede vergelyk kan word, aangestip word. Hoewel dit 'n ongelyke vergelyking mag wees, is dit wel belangrik om te weet waar Suid-Afrika in die internasionale ideologiese magstryd inpas.

## DIE BEHEER VAN INTERNASIONALE "PROPAGANDA"

As gevolg van die steeds groter wordende rol wat staatsinligtingsdienste of propagandadienste in die internasionale politiek speel, gaan daar steeds meer stemme op vir die beheer daarvan.

"For some years the greatest part of official effort in the direction of peace has been concerned with control and reduction of arms. This is good. But it is time we accompanied this effort with emphasis on a parallel theme: 'propaganda is an armament'. While we are struggling to work out ways of dismantling the most dangerous weapons of physical destruction we should also be struggling to work out ways of dismantling and controlling the psychological weapons used to exacerbate the causes of war. In short, while in past years we have often heard the phrase 'the propaganda of disarmament' we should now hold forth as an urgent need 'the disarmament of propaganda'" (IV, Whitton & Larson, 1966, p. 1-2).

Verskeie pogings om sekere beperkings op die verspreiding van propaganda te lê, is reeds in die verlede aangewend hoewel baie min sukses behaal is.

"In 1934 is, ingevolge die pogings van die Volkebond, 'n ooreenkoms tussen agt-en-sewentig lande aangegaan wat onderneem het 'om die radio in diens van die vrede te stel'. Weens die feit dat enkele van die groot lande nie die ooreenkoms onderteken het nie, was die mislukking van die hele poging egter in 'n omgesien klaarblyklik" (III, Gerdener, 1942(b),

p. 13).

Daar is selfs al voorgestel dat internasionale propagandabeheerrade ingestel word wat uit die belangrikste propagandamakers bestaan (III, Gerdener, 1942(a), p. 49). Na die stigting van die V.V.O. is verskeie voorstelle by diè liggaam ingedien om die verspreiding van propaganda te beheer. Terselfdertyd het ander lande gevra dat die V.V.O. die vryheid van die verspreiding van inligting moet erken. "The two questions, promotion of freedom of information, and regulation of propaganda, were discussed at the Conference on Freedom of Information, Geneva, 1948, and have engaged the attention of the General Assembly ever since 1946" (IV, Murty, 1968, p. 3).

Martin kom in sy boek International propaganda; its legal and diplomatic control, tot die gevolgtrekking dat: "... it is inconceivable that international law will ever control propaganda, no matter what its content, so long as the sovereignty of states is recognized. The control of propaganda will remain in the municipal law of states and the bargaining power of diplomacy" (IV, 1969, p. 207).

Verskeie lande het dan ook maatreëls waarmee hulle hulle burgers teen propaganda van buite die landsgrense beskerm. Rusland het verskeie maatreëls waarmee die binnekom en verspreiding van publikasies beheer word. Dit is ook bekend dat die Russe ongeveer 250 kortgolf- en 1 000 mediumgolf-radiosteurders ("jammers") het om radio-uitsendings wat Rusland van buite af binnekom, te steur (IV, Martin, 1969,

p. 47).

Suid-Afrika het verskeie wette en bepalings wat probeer om te verhoed dat ongewenste inligting die land binnekom. Een hiervan is die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme - wet 44 van 1950 - wat onder andere die verspreiding van sekere publikasies en tydskrifte binne Suid-Afrika verbied. "The act defines communism as the doctrine of Marxian socialism expounded by Lenin or Trotsky, the Third Communist International (the Comintern) or the Communist Information Bureau (the Cominform) or any related form of that doctrine expounded or advocated in the Republic for the promotion of the fundamental principles of that doctrine" (South Africa: Yearbook, 1974, p. 372).

Amerika het reeds in die dertigerjare 'n wet bekend as "The Foreign Agents Registration Act" aanvaar. Hiermee is beheer oor persone wat namens buitelandse belange in Amerika optree, uitgeoefen. Die wet is aanvanklik aanvaar om teen persone wat Nazi-propaganda in Amerika voor die Tweede Wêreldoorlog versprei het, te kon optree. Nadat dit vir jare lank nie streng toegepas is nie, word dit nou weer toegepas. Daarvolgens moet iemand wat ingevolge die wet as 'n "foreign agent" geregistreer is, twee keer 'n jaar 'n volledige verslag van al sy werksaamhede indien. Dit sluit in alle gelde wat hy bestee het, datums en plekke waar hy opgetree het, en selfs afskrifte van die toesprake wat hy gehou het. Die wet verbied onder andere so 'n agent om enige bydraes tot

'n verkiesingsveldtog in die V.S.A. te maak. Die V.S.A. het ook sekere ander bepalings waarvolgens "lobbyists" moet registreer en verslag oor hulle werk moet doen (V, Onderhoud, De Kieffer, 1977).

Hierdie bepalinge het in die verlede en tans ook die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting se aktiwiteite in die V.S.A. geraak. In 1963 is mnr. Hamilton Wright, wat as Amerikaner sekere rolprente vir die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens gemaak en in die V.S.A. versprei het, voor die Foreign Relations Committee gedaag omdat hy blykbaar nie al die bepalings van die Foreign Agents Registration Act nagekom het nie (I, Hansard, 1964, dl. 12, kol. 8068; vgl. ook p. 368). Die skakelfirma wat tans vir die Departement van Inligting optree asook mnr. Don de Kieffer, wat as Suid-Afrikaanse "lobbyist" optree, is ook aan hierdie wette en bepalings onderhewig (V, Onderhoud, De Kieffer, 1977).

## SAMEVATTING

Staatsinligtingsdienste is 'n ontwikkeling van die twintigste eeu. Voor die Eerste Wêreldoorlog was dit onbekend en sou baie van die metodes wat staatsinligtingsdienste vandag toepas, as strydig met die tradisionele diplomatieke praktyk beskou word. Die verspreiding van propaganda dateer egter uit die vroegste tye, hoewel dit nie altyd deel van die staatsorganisasie uitgemaak het nie. Verskeie veranderinge wat na die Eerste Wêreldoorlog in die diplomasie en in die ontwikkeling van die kommunikasie-

media ingetree het, het dit vir state noodsaaklik gemaak om propaganda te begin versprei.

Die belangrikste van hierdie nuwe veranderinge was die nuwe "oop diplomasie". Dit het weer aanleiding gegee tot die sogenaamde "konferensie-diplomasie" en die ontstaan van talle internasionale organisasies. As gevolg van die ontwikkeling van die kommunikasiemedia vind daar 'n "openbaarmaking" van die diplomasie plaas sodat die samesprekings nie meer net twee gesante raak nie, maar wel twee volke. Dit lei ook daartoe dat die openbare media 'n steeds belangriker rol in die internasionale politiek begin speel en selfs as 'n "derde gespreksgenoot" bestempel word. 'n Verdere gevolg van die kommunikasie-ontwikkeling is die veranderde rol van die ambassadeur. Diplomatieke probleme word nou deur regstreekse samesprekings tussen staatsmanne en ministers opgelos omdat die kommunikasiemedia en die internasionale lugverkeer dit moontlik maak.

Al hierdie veranderinge maak dit noodsaaklik vir state om inligtingsdienste as 'n gespesialiseerde buitelandse funksie te skep. Dit stel hulle in staat om steeds doeltreffend binne die veranderde internasionale politieke terrein te kan optree.
Die Kommunistiese lande het die veranderinge wat in die diplomasie ingetree het, begryp en vir hulle groot vredestydse inligtingsdienste geskep; so ook Hitler en Mussolini. Hoewel die Westerse lande waarskynlik die veranderinge waargeneem het, kon hulle nie die nodige aanpassings maak nie. Volgens

Westerse demokratiese denke kon die verspreiding van propaganda deur die staat slegs in oorlogstye geregverdig word. As gevolg hiervan het die Westerse lande hulle inligtingsdienste na die Eerste Wêreldoorlog ontbind en het hulle dit amper na die Tweede Wêreldoorlog weer gedoen.

Verdere veranderinge in die internasionale politiek waarvan die koue oorlog die belangrikste is, het Westerse lande gedwing om weer na hulle inligtingsdienste te kyk. Verskeie ondersoeke word onderneem om die taak en omvang van 'n staatsinligtingsdiens in vredestyd te bepaal. As gevolg van die aanbevelings van hierdie kommissies erken die Westerse lande vroeg in die vyftigerjare die noodsaaklikheid van staatsinligtingsdienste as 'n instrument in die internasionale politiek naas die militêre die ekonomiese en die diplomatieke en word die woorde-oorlog in alle erns voortgesit. Die Westerse lande verkies ook om van die verspreiding van inligting en inligtingsdienste te praat omdat die woord propaganda 'n negatiewe betekenis gekry het. Die omvang van die bedrywighede van staatsinligtingsdienste, en veral van die groot moondhede, het so uitgebrei dat verskeie stemme opgaan vir die beheer van internasionale propaganda of die "disarmament of propaganda". Tog lyk dit onwaarskynlik dat die stryd sal afneem en kan die ontwikkeling van steeds gevaarliker atoomwapens dit eerder laat toeneem.

Die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens wat in 1936 ontstaan het, moet teen hierdie agtergrond in

sy ontwikkeling tot vandag beoordeel word.

## HOOFSTUK 3

## DIE TYDPERK 1934 - 1939

Geen verwysings na die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens kon voor 1934 opgespoor word nie. Verskillende staatsdepartemente het wel inligtingsfunksies binne- en buite Suid-Afrika verrig, maar dit was geen georganiseerde poging nie.

## 'N MOONTLIKE "INLIGTINGSDIENS" EN MNR. PIET MEIRING

In 1934 het in Die Burger 'n berig deur die bekende politieke korrespondent, E.A. Malga, oor die moontlike instelling van 'n buitelandse inligtingsdiens verskyn (V, Onderhoud, Meiring, 1977). Mnr. Piet Meiring, latere direkteur van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens, het die berig gelees en daarin belang gestel. Hy was op daardie tydstip aan die Volksblad verbonde. As joernalis het hy kort tevore 'n gesprek met genl. Smuts gehad waarin genl. Smuts onder andere sy hulp in enige saak aan hom aangebied het omdat hy mnr. Meiring se pa as studentevriend geken het (IV, Meiring, 1972, p. 34). Hy het besluit om van die aanbod gebruik te maak.

"My request that day in General Smuts' office in the House of Parliamant was that I should be considered for an appointment with the Department of Information if, as had been mooted, this was to be formed soon. This was at the time of coalition and General Smuts was General Hertzog's deputy.

"A week later I received a letter from the General - which I shall always treasure - in which he informed me that the Department of Information would not be formed yet. I was to join it only twenty years later" (IV, Meiring, 1973, p. 43).

In 1954 skryf mnr. Gert Claassen soos volg oor mnr. Meiring: "Negentien jaar gelede - en dis baie jare terug - toe hy nog maar 'n gewone koerantman was, het hy 'n brief aan generaal J.C. Smuts, toentertyd Minister van Justisie in die Hertzog-kabinet, geskryf waarin hy 'n Departement van Staatsinligting bepleit het. Hoewel generaal Smuts 'nee' geantwoord het, is dit tog veelseggend dat mnr. Meiring toe reeds die noodsaaklikheid van staatspropaganda buite die Unie se grense besef het. As hy destyds sy 'droom' ten uitvoer kon gebring het, sou ons sekerlik nie vandag voor die muur van misverstand in die wêreld daarbuite te staan gekom het nie" (III, Claassen, 1953, p. 21).

DIE INSTELLING VAN DIE POS "INLIGTINGSBEAMPTE".

Op 29 Januarie 1936 het die Staatsdienskommissie die pos "Inligtingsbeampte" as 'n permanente staatsdiensbetrekking in die Departement van die Eerste Minister goedgekeur (I, Hansard, 1940, dl. 37, kol. 1763). 'n Bedrag van £750 is vir die pos begroot. Dit sou voorsiening maak vir die salaris van een persoon (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3152 en 3161).

In watter mate hierdie pos verband gehou het met die beoogde "Departement van Inligting" waarna mnr.

Meiring hierbo verwys, is moeilik bepaalbaar. Dit wil egter voorkom asof daar geen regstreekse verband was nie, aangesien hierdie pos tot stand gekom het as gevolg van probleme wat die regering met die Suid-Afrikaanse pers in daardie tyd ondervind het (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3202). In 1938 sou 'n "inligtingspos" in Londen geskep word wat meer die funksies sou vervul wat mnr. Meiring vir so 'n pos voorsien het.

## REDES VIR DIE INSTELLING VAN DIE POS

Die rede waarom die Regering van genl. Hertzog op hierdie tydstip besluit het om 'n Staatsinligtingsbeampte aan te stel, is nie duidelik nie. Uit sy verduideliking in die Volksraad blyk dit dat hierdie beampte as 'n skakel tussen die Regering en die pers moes optree (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3160). Hieruit kan afgelei word dat die pers se optrede waarskynlik tot die daarstelling van so 'n pos aanleiding gegee het. Dit moet ook teen die agtergrond van die binnelandse en buitelandse omstandighede in die tydperk 1934-1939 gesien word. Binnenslands was dit die jare na die politieke samesmelting tussen Hertzog en Smuts. Buitenslands was dit die opkoms van Duitsland en die vooroorlogse woelinge in Europa (IV, Van Jaarsveld, 1971, p. 244 en IV, Muller, 1968, p. 376).

Die pers het in die tydvak vir die Regering probleme veroorsaak deur veral baie krities teenoor Hitler en Mussolini te staan. Dit het die Suid-Afrikaanse

Regering tot verskonings gedwing (I, Hertzogversameling, Band 143 en IV, Wilson, 1947, p. 112). W.A. Bellwood, joernalis in daardie tyd, beskryf hierdie probleem soos volg:

"It can be appreciated that disliking the Press as he did the Secretary for External Affairs lent a ready ear to the continual complaints of the German envoy in South Africa, Herr Leitner. In the years prior to the outbreak of the Second World War the English-language newspapers in South Africa did not pull their punches in reference to German Activities. Their comments on the actions of the Nazi dictator, Adolf Hitler, were frank and unflattering. This caused the German Minister to fune and come stalking up to the Union Buildings. I often watched him stepping it out pompously, his black morning coat and grey striped trousers exuding indignation and diplomatic protest, along the corridor to the office of Dr. Bodenstein to make his huffing and puffing complaints about the unfriendly remarks of the newspapers.

"The South-African government, like many other governments, were anxious to maintain friendly relations with Germany, and Dr. Bodenstein, irritable and nervy, used to take it out of some of us with his bitter, caustic remarks" (IV, Bellwood, 1969, p. 147).

Die Duitse regering het so sterk hieroor gevoel dat hulle selfs gedreig het om sekere ekonomiese stappe

teen Suid-Afrika te doen. In die lig hiervan begin dr. Bodenstein 'n konsep-wetsontwerp opstel waardeur die Regering sekere beheermaatreëls oor die pers sou verkry. Die destydse Minister van Binnelandse Sake, mnr. R. Stuttaford, se standpunt was volgens die Rand Daily Mail van 16 Augustus 1939 soos volg: "It is my wish there should be no Government control of the Press ... Why cannot the Press have a controlling body such as, for instance, the Law Society has?" (I, Hertzogversameling, Band 108, lêer 42). Die pers was egter heftig gekant teen enige vorm van beperkings en mnr. G.H. Wilson het op 8 Februarie 1939 as koerantredakteur genl. Hertzog oor hierdie saak gaan spreek. 'n Verdere vergadering volg op 15 Mei 1939 waarop die Eerste Minister onderneem om die wetgewing voorlopig terug te hou as die koerante 'n vrywillige ooreenkoms sal opstel rakende hulle beriggewing oor buitelandse sake. Hy sou sy wetgewing tot na Januarie 1940 uitstel(IV, Wilson, 1947, p. 112-119).

Van 14 tot 16 Augustus stel 'n aantal redakteurs dan ook so 'n vrywillige kode op. Die kode het uit vyf punte bestaan en die eerste het soos volg gelui:

"1. Die pers sal in sy besprekinge van openbare sake, hetsy binnelandse of buitelandse, nie skeldtaal of beledigende taal gebruik nie; dié artikel ontneem die pers egter nie sy reg om nuus te publiseer wat uit betroubare bronne verkry is aangaande die dade, beleid en sake van state of hul leiers nie, of om enige sodanige dade, beleid of sake te kritiseer

nie;" (IV, Pienaar, 1968, p. 91).

Volgens Pienaar het hierdie kode egter geen betekenisvolle invloed op die Suid-Afrikaanse pers uitgeoefen nie, aangesien dit reeds in 1940 deur die Regering se oorlogsmaatreëls ondervang is (IV, Pienaar, 1968, p. 91). Genl. Hertzog se Eerste-ministerskap is ook met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog beëindig waardeur die beoogde wetgewing nooit verder gevoer is nie.

Hoewel die pos van staatsinligtingsbeampte in 1936 goedgekeur is, moet dit teen hierdie agtergrond van woelinge en strominge rondom die pers gesien word. Die nuwe rol wat die openbare media in die verhouding tussen state gespeel het, soos in 'n vorige hoofstuk aangetoon is (vgl. p. 20), het nou ook Suid-Afrika geraak. As wetgewing nie kon help om te voorkom dat die pers die verhouding tussen state vertroebel nie, kon 'n staatsinligtingsbeampte dit dalk doen.

In sy verduideliking van wat die werksaamhede van die staatsinligtingsbeampte gaan behels, beklemtoon genl. Hertzog dan ook hierdie aspek:

"Wat ons nou wil hê is dat hierdie persoon sal daar wees om te sorg dat die pers die korrekte inligting kry en dat die pers sal reggehelp word as hulle verkeerde inligting het ... Omdat ons nie alleen moet sorg dat korrekte inligting in ons eie land versprei moet word nie, maar wat van baie groter gewig is, dat ons moet toesien dat die inligting wat uit Suid-

Afrika gaan, korrekte inligting is. As dit nie korrekte inligting is nie, dan moet daardie persoon toesien dat dit dadelik gekorrigeer word ... As dit nie kan geskied nie en ons moet onderworpe bly aan al die kwaadwillige rapporte wat oorgesein word na ander lande, dan kan ons vryheid op enige moment in gevaar gebring word. Nee, hierdie persoon se dienste is al lankal nodig, en ek voel dat as ons nie hierdie stap doen nie, dan neem ons 'n risiko op ons" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3160-3161).

KRITIEK VAN DIE PERS

Die daarstelling van die pos van 'n inligtingsbeampte het wye reaksie by die pers uitgelok. Die persgalery het 'n memorandum opgestel waarin hulle beswaar gemaak het teen die voorgestelde nuwe pos. Hierdie memorandum is aan die Eerste Minister en die Persunie oorhandig. Die Eerste Minister se Departement het skriftelik op die besware van die persgalery geantwoord, waarna die Persunie die saak oorgeneem en genl. Hertzog gaan spreek het. Na die samesprekings het dr. Bodenstein as Sekretaris van die Eerste Minister se Departement 'n tweede memorandum opgestel waarin op verdere besware van die pers geantwoord is en hulle verseker is dat dit geen beperkings op hulle gaan plaas nie (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3200-3202).

Na dit alles was die pers steeds nie tevrede nie. Die persgalery het eenparig die volgende besluit geneem:

"Die vergadering het hom daarvan oortuig dat enige poging om alle Regeringspersberigte voor publikasie aan insage deur 'n sentrale staatskantoor te onderwerp, nie alleen 'n refleksie is op die koerante nie, wat aan die publiek verantwoording verskuldig is vir die juistheid en eerlikheid van berigte, maar ook 'n gevaar vir die publiek, vir wie die beste versekering teen wanbestuur 'n vrye drukpers is wat toegang tot alle staatsdepartemente het ...

"Die vergadering is tewens daarvan oortuig dat die stigting van 'n persburo onder strenge amptelike beheer nie deur die ondervinding van die verlede geregverdig is nie en tot gevolg sou hê dat die Regering, eerder as die publiek, oordeel hoeveel die publiek van die landsbestuur mag weet ...

"Die Regering se aandag word daarop gevestig dat hierdie stap kan lei tot ernstige verstoring van die goeie betrekkinge tussen die Pers en die owerheid. Die vergadering versoek die Eerste Minister eerbiedig om van instelling van die voorgestelde inligtingskantoor af te sien" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3202-3203).

Toe die Eerste Minister daarop gewys is dat die pers weer 'n besluit teen die nuwe pos geneem het, het hy geantwoord: "Dan moet daar 'n ander rede wees as wat hulle my voorgelê het. Sover ek weet, het daar geen enkele beswaar gekom nadat die memorandum aan hulle voorgelê is nie. As daar nog besware is, dan is hulle hopelose mense" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3159).

KRITIEK VAN DIE OPPOSISIE

In die Volksraad het die Opposisie verdere kritiek op die pos uitgespreek. Op 6 Mei 1936 het adv. C.R. Swart, latere Minister en Staatspresident, die volgende aanval op die instelling van die nuwe pos gedoen:

"... die Raad weet nie presies wat sy pligte sal wees nie, en of daar in die toekoms geen enkele nuusberig uit ander kantore mag kom nie, en of alles deur hierdie inligtingsbeampte moet kom nie. As dit so moet wees, beskou ek dit as 'n baie gevaarlike ding dat hierdie persoon alleen beheer moet hê oor nuus wat gegee word deur Regeringskantore. Nie alleen die pers wat hierdie kant van die Raad steun nie, maar ook die pers wat die Eerste Minister ondersteun, het die ernstige beswaar gemaak teen die instelling van dié nuwe pos. Hierdie Raad en die land het nog nie behoorlik inligting gekry oor hierdie saak nie. Daarom wil ek voorstel dat hierdie pos geskrap word, omdat dit onnodig en gevaarlik is" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3152).

Ds. C.W.M. du Toit het sy kritiek soos volg gestel: "Die gevolg gaan wees dat, as hulle gaan publiseer wat hulle nie by daardie beampte kry nie, gaan hulle uitgeskakel word van inligting. Dit gaan daarheen loop dat die pers geen inligting gaan kry as deur daardie een enkele kanaal nie. Dit is wat ons vrees, en dit is wat die pers vrees, en dit is nie in belang van die land dat die Regering alleen

sal beslis oor wat gepubliseer moet word nie ...

"As die Regering iemand aanstel wat alle inligting sal verskaf en wat deur die Regering besoldig word, en as dit beteken dat die pers nie ander inligting sal kry nie, maak ek baie sterk beswaar daarteen, en vra ek dat die Regering van die plan afsien" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3203-3204).

## BEOOGDE FUNKSIES VAN DIE INLIGTINGSBEAMPTE

Voordat genl. Hertzog die beoogde funksies van die nuwe inligtingsbeampte uiteensit, het hy soos volg op kritiek teen die pos geantwoord:

"Nou kom ek by die agb. lid vir Ladybrand (mnr. Swart) wat voorstel om die pos 'inligtingsbeampte' af te skaf. Van wat hy hier vanaand gesê het, is dit my baie duidelik dat hy nie op hoogte is van wat daar bedoel word met hierdie beampte nie" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3159).

"Hier is vanaand gesê en die indruk is gewek, en dit is herhaal geword, dat daar 'n alleenreg gegee word om nuus te versprei. Dit is iets wat onteenseglik nie waar is nie. Die koerante kan nog net soos altyd hul nuus gaan haal van waar hulle wil" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3160).

Hy het ook op die kritiek van die koerantskrywers geantwoord: "Net so met die koerantskrywers. Hulle was by my, en hulle het hul saak mooi openlik aan my voorgelê. Maar ek het dadelik aan hulle gesê dat dit duidelik is dat hulle baseer hul sienswyse

op suspisie, en dat ek hulle die versekering kon gee dat daar geen sprake was van 'n sensor nie" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3160). Hieruit is dit duidelik wat nie die doelstelling of funksies van die Inligtingsbeampte sou wees nie.

Die funksies van die Inligtingsbeampte sou hoofsaaklik 'n persinligting- en skakeltaak wees. "Wat ons nou wil hê, is dat hierdie persoon sal daar wees om te sorg dat die pers die korrekte inligting kry en dat die pers sal reggehelp word as hulle verkeerde inligting het" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3160).

Die tweeledigheid van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens se funksies met 'n binnelandse en buitelandse taak is ook reeds in hierdie vroeë stadium duidelik. Genl. Hertzog het gesê: "Omdat ons nie alleen moet sorg dat korrekte inligting in ons eie land versprei moet word nie, maar wat van baie groter gewig is, dat ons moet toesien dat die inligting wat uit Suid-Afrika gaan, korrekte inligting is" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3161).

Genl. Hertzog wys ook daarop dat dit 'n wêreldwye ontwikkeling is. "Dit is 'n instelling wat jy kry by elke regering. Selfs Holland het 'n hele persburo. Ons het maar een kêreltjie wat ons moet doodry. Geen onafhanklike land kan daarsonder klaarkom nie" (I, Hansard, 1936, dl. 27, kol. 3161 en vgl. ook IV, Mulder, 1976, p. 10-18).

WERKSAAMHEDE VAN DIE INLIGTINGSBEAMPTE

'n Bedrag van £750 is deur die Parlement goedgekeur

vir die pos van 'n Inligtingsbeampte. Die pos is deur die Staatsdienskommissie in die pers geadverteer en op 1 Mei 1937 is dr. J.H. Steyn as eerste Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsbeampte aangestel. Dr. Steyn, wat later Volksraadslid vir Potchefstroom was, was voor die aanstelling aan die Volkebond verbonde. Hoewel die pos in Januarie 1936 reeds goedgekeur is, is die aanstelling eers meer as 'n jaar later in Mei 1937 gedoen (I, Hansard, 1940, dl. 37, kol. 1764 en 1953, dl. 81, kol. 1412).

Van die beoogde doelstellings met die beampte het nie veel tot sy reg gekom nie. Hoewel mnr. A.N. Wilson, dr. Steyn se opvolger, reken dat die doel met die pos was om 'n mate van sensuur oor die pers uit te oefen (V, Onderhoud, Wilson, 1975), was sy taak in die praktyk hoofsaaklik die lees van koerante en die maak van koerantuitknipsels. Algemene persskakelfunksies (soos die reël van perskonferensies ens.) wat as die werk van so 'n beampte verwag word, is nie deur hom aangepak nie (V, Gesprek, Steyn, 1975). Die koerantuitknipsels wat hy versamel het, het gehandel oor sake wat die Regering raak (V, Onderhoud, Moolman, 1977) en hy het dan die uitknipsels onder die aandag van belanghebbendes in die regering soos byvoorbeeld departementshoofde gebring (V, Onderhoud, Du Plessis, 1977).

In watter mate die heftige kritiek wat die daarstelling van die pos voorafgegaan het, 'n dempende uitwerking op die werksaamhede van die Inligtingsbeampte gehad het, is moeilik bepaalbaar. Tog lyk dit

nie onwaarskynlik om so 'n afleiding te maak nie.

## DIE EERSTE BUITELANDSE "INLIGTINGSPOS" EN KRITIEK DAAROP

In 1938 is 'n "persbeampte"-pos in Londen geadverteer. Hierdie beampte sou 'n regeringsamptenaar wees en sou aan Suid-Afrikahuis in Londen verbonde wees. Wat sy pligte presies sou wees, was nie duidelik nie. Dit sou onder andere die skakeling tussen Suid-Afrikahuis en die Britse pers behels. Hierdie pos het geen verband gehou met die Inligtingsbeamptepos wat dr. Steyn in Suid-Afrika beklee het nie. Hoewel die Londense pos nie deel van die diplomatieke personeel uitgemaak het nie, was die beampte wel aan die Departement van die Eerste Minister verbonde (V, Onderhoud, Moolman, 1977). Hierdie pos was die voorloper van die latere netwerk van Staatsinligtingsbeamptes in die buiteland. Dit sou ook met die Inligtingsburo wat uit dr. Steyn se pos ontwikkel het, saamsmelt om die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens en latere Departement van Inligting te word.

Die daarstelling van die pos is egter nie sonder kritiek aanvaar nie. Dr. N.J. van der Merwe het in 1938 in die Volksraad die volgende gesê:

"Selfs in Londen het hulle weer iets nuuts uitgedink, want die Regering is van plan om 'n nuwe persrelasiesbeampte aan te stel met 'n salaris van £1,200. My agb. vriend sal vind dat as hy sy vlerke so uitsprei in die buiteland, die volk uiteindelik daardie

vlerke sal moet knip, wat vir ons 'n lelike terugslag sal wees. Ons kan nie daardie ding oordryf en met soveel vertoon in die buiteland wil sweef nie, veral nie omdat ons nie terugkry wat ons in die buiteland soek nie, ook weer ten gevolge van die beleid van die Regering" (I, Hansard, 1938, dl. 32, kol. 958).

AANSTELLING VAN MNR. H.M. MOOLMAN

Op 1 November 1938 is mnr. H.M. Moolman in hierdie pos aangestel as persbeampte by Suid-Afrikahuis in Londen. In Desember 1938 sou hy met sy werksaamhede in Londen begin (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1412).

Mnr. Moolman self is nie seker waarom die pos geskep is en waarom juis hy aangestel is nie. Hy is in 1896 gebore en het sy B.A.-graad aan die Grey-Universiteitskollege, wat later die Vrystaatse Universiteit geword het, behaal. Mnr. Moolman, wat in 1919 as verslaggewer by The Friend begin werk het, was vanaf 1925 tot 1938 ook parlementêre en politieke verslaggewer van The Cape Argus en The Star (V, Onderhoud, Moolman, 1977).

As gevolg van sy Afrikaanse opvoeding en koerantervaring by Engelse koerante was mnr. Moolman volkome tweetalig. Dit, saam met sy dertien jaar in die persgalery, het hom ideaal geskik gemaak vir die pos. In 1938 is mnr. Moolman ook tydelik as persbeampte van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party aangestel met die oog op die verkiesing. Hierdie koalisieparty, die Verenigde Party, het 'n groot oorwin-

ning in die verkiesing behaal. Mnr. Moolman het hierdeur nou met genl. Hertzog en genl. Smuts saamgewerk. Hy meen ook dat genl. Smuts hom waarskynlik persoonlik aanbeveel het as gevolg van die welslae wat hy as persbeampte van die Verenigde Party tydens die verkiesing behaal het (V, Onderhoud, Moolman, 1977). Of die bedrywighede van 'n persbeampte tydens die verkiesing dalk aanleiding kon gee tot die skepping van 'n soortgelyke pos in Londen, kon nie vasgestel word nie.

BENAMING VAN DIE POS EN WERKSAAMHEDE

Verskeie benaminge is gebruik om na die pos te verwys. Dit sluit in "Persrelasiesbeampte", (I, Hansard, 1938, dl. 32, kol. 958) en "Direkteur van Inligting in Suid-Afrikahuis, Londen" (I, Hansard, 1950, dl. 73, kol. 10214). Die benaming wat waarskynlik in hierdie tydvak gebruik is, was "Persbeampte" (IV, Jooste, 1977, p. 90) of "Press Officer" (V, Onderhoud, Moolman, 1977). Dit dui reeds in 'n mate aan wat van die nuwe aanstelling in Londen verwag is. Sy werksaamhede sou hoofsaaklik skakeling met die pers en die deurgee van inligting aan die pers behels. Hy het gevind dat hy veral welslae behaal het deur inligting oor Suid-Afrika aan rubriekskrywers te gee wat dit dan weer tot Suid-Afrika se voordeel gebruik het (V, Onderhoud, Moolman, 1977).

Waar die huidige Departement van Inligting 'n groot personeel binne Suid-Afrika het wat navorsing doen om die buitelandse kantore van inligting te voorsien,

het mnr. Moolman hom in die posisie bevind dat hy heeltemal alleen in die buiteland moes werk. Hy het geen regstreekse verbinding met Suid-Afrika gehad nie en het ook geen kantoor binne Suid-Afrika gehad wat hom van inligting kon voorsien nie. Hoewel hy bewus was van dr. Steyn se werksaamhede as Inligtingsbeampte in Suid-Afrika, was daar geen verband of samewerking tussen hulle nie. Hy verwys dan ook na homself as "a salesman without a factory" (V, Onderhoud, Moolman, 1977). Dit was veral hierin dat sy parlementêre en politieke ervaring in Suid-Afrika (I, Hansard, 1955, dl. 87, kol. 1802) vir hom baie nuttig was, aangesien hy dikwels op eie inisiatief moes optree.

Mnr. Gerhardt Jooste, wat dieselfde tyd as mnr. Moolman in Londen was, skryf soos volg oor hom: "Ander het ook soms 'n tydjie lank by ons hul intrek geneem, onder andere Henry Moolman (Mollie), Persbeampte in Suid-Afrikahuis, en mev. Moolman. Hulle was twee besonder aangename kollegas en het baie bygedra tot die plesier van die 'huisgesin'" (IV, Jooste, 1977, p. 90).

## ANDER BUITELANDSE INLIGTINGSFUNKSIES VAN DIE REGERING

Behalwe die amptelike inligtingsfunksies van die inligtingsbeampte in Suid-Afrika en die persbeampte in Londen wat hierbo genoem is, is verskeie ander inligtingsfunksies deur ander afdelings van die staatsdiens in hierdie tydvak verrig. Funksies wat

hier van belang is, is funksies wat later deel geword het van die amptelike Staatsinligtingsdiens. So het die Minister van Verdediging, mnr. Oswald Pirow, in hierdie tydperk by drie perskonferensies opgetree wat deur die Departement van Verdediging gereël is. Die doel was:

"... om op 'n deurtastende wyse wat in 'n gewone personderhoud ondoenlik en onbevredigend sou gewees het, op 'n meer doeltreffende wyse nodige voorligting te verskaf aan die verantwoordelike redakteurs self. Feite wat in die openbare belang as vertroulik beskou moes word, het ek by hierdie geleentheid meegedeel aan genoemde verteenwoordigers van die pers om hul sodoende behoorlik op hoogte te stel omtrent belangrike beleidskwessies" (I, Hansard, 1939, dl. 33, kol. 1368).

In 1971 sou hierdie funksie 'n hoogtepunt bereik met die reël van 'n soortgelyke konferensie tussen die Eerste Minister en die koerante (III, Jaarverslag, 1971-72, p. 24).

Ander inligtingstake was die maak van rolprente deur die Departement van Spoorweë en Hawens. Hierdie Departement het 'n Publisiteitsafdeling en Reisdepartement gehad wat rolprente vir verspreiding in die buiteland vervaardig het. Vanaf 1919 tot 1939 het hierdie afdeling 26 sulke rolprente - 14 klank- en 12 stilprente - vervaardig. "Hulle is gedurende 'n tydperk van jare stelselmatig vertoon aan potensiële buitelandse besoekers aan Suid-Afrika en is ge-

bruik in verband met ander reklamemiddele om Suid-Afrika se besienswaardighede prominent onder die aandag van toeriste te bring" (I, Hansard, 1939, dl. 33, kol. 1736-1737). Een van die rolprente, "Die Blou en Silwerweg" het £900 gekos vir 3016 voet en is in Engeland, Amerika, Kanada, Oos-Afrika, Australië en Italië vertoon (I, Hansard, 1939, dl. 33, kol. 1736).

Op 'n vraag in die Volksraad waarom een van hierdie rolprente - "Die Bou van 'n Nasie" vervaardig is, het die Minister van Spoorweë en Hawens geantwoord: "Vir reklamedoeleindes. Ofskoon die rolprent hoofsaaklik oor die geskiedenis en ontwikkeling van Suid-Afrika handel, is daar, waar moontlik, tonele wat toeriste na hierdie land kan lok, in die rolprent opgeneem". Mnr. A.A. Pienaar, wat as Sangiro bekendheid verwerf het, was een van die regisseurs van hierdie spesifieke rolprent (I, Hansard, 1939, dl. 33, kol. 30). Die maak van rolprente oor Suid-Afrika en die verspreiding daarvan oorsee sou later deur die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens en die latere Departement van Inligting oorgeneem word as deel van hul funksies.

Verskillende kleiner funksies is deur staatsdepartemente in die buiteland verrig. So het die Departement van Handel en Nywerheid sedert 1937 die Suid-Afrikaanse permanente uitstalling by die Imperial Institute in Londen opgestel en in stand gehou. In 1952 is hierdie funksie deur die Staatsinligtings-

kantoor oorgeneem (I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8358).

GEVOLGTREKKING

In hierdie tydvak, met twee uiteenlopende staatsinligtingsposte en enkele ander buitelandse inligtingsfunksies wat deur verskillende departemente behartig is, kan daar nog nie van 'n Staatsinligtingsdiens soos ons dit vandag ken, gepraat word nie. Daar moet egter onthou word dat Suid-Afrika op hierdie tydstip nog 'n gerespekteerde lid van die Volkebond en Statebond was wat die buitelandse inligtingstaak van die Regering aansienlik vergemaklik het. Dr. H.G. Luttig het dit soos volg gestel:

"At that time, however, South Africa was a highly respected member of the British Commonwealth as well as of the League of Nations and her domestic policies were not the contentious matter these are now. Mainly because of General Smuts South Africa enjoyed international prestige out of all proportion to her real power.

"South West Africa was administered in accordance with the mandate of the League of Nations without interference from abroad; the Union was regarded as an indespensable link in the network of Commonwealth defence in Africa, and in her capitals there were halls for inter-Africa conferences. In general, South Africa was accepted without reservation as a member of a commonwealth of nations and, in spite of her small economy and population, she played a

leading role in world affairs" (III, Luttig, 1974, p. 126).

Na die Tweede Wêreldoorlog en die stigting van die V.V.O. sou hierdie posisie radikaal verander en sou 'n Staatsinligtingsdiens noodsaaklik vir Suid-Afrika word. Die betekenis van die tydvak 1934-1939 is daarin geleë dat die beginsel van 'n staatsinligtingsdiens wat namens die Regering inligting binne Suid-Afrika versprei en skakelwerk doen, deur die Regering aanvaar is. Ook die beginsel van 'n staatsinligtingsdiens of persdiens in die buiteland as 'n gespesialiseerde funksie van die land se buitelandse diens is in hierdie tydvak aanvaar. Die feit dat in die praktyk nie veel van die beoogde doelstellinge met hierdie poste tereg gekom het nie, is nie so belangrik nie. In die daaropvolgende tydvakke sou praktiese beslag gegee word aan die beginsels wat in hierdie tydvak aanvaar is. Met die twee poste wat voor die Tweede Wêreldoorlog in die Suid-Afrikaanse staatsorganisasie geskep is as grondslag, sou 'n volledige binnelandse en buitelandse Staatsinligtingsdiens in Suid-Afrika kon ontstaan.

# HOOFSTUK 4

## 1939-1944. DIE OORLOGSJARE

Verskeie vooroorlogse ontwikkelinge het invloed uitgeoefen op die latere ontwikkeling en funksies van 'n oorlogtydse Staatsinligtingsdiens in Suid-Afrika.

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE RADIO

Die ontwikkeling van die kommunikasiemiddele het die verspreiding van propaganda tussen state vergemaklik en onregstreeks aangemoedig. (Vgl. hfst. 2). Die tegniese verbetering van die radio kan as die belangrikste ontwikkeling op hierdie terrein tussen die twee wêreldoorloë beskou word. Die radio is in die tydperk vir die eerste keer aangewend vir die verspreiding van propaganda na ander state.

"Die propaganda-departemente van al die groot moondhede het die radio dadelik as een van die grootste en magtigste middels van die eeu beskou, as 'n maklike, vinnige en byna kostelose wyse waarop andersdenkendes bearbei kan word, draadsitters oortuig kan word en nasionale liefde aangewakker kan word ... Jaar na jaar het elkeen van die groot moondhede meer en meer gereelde programme vir die propagandistiese bearbeiding van vreemde luisteraars ingestel" (III, Gerdener, 1942(b), p. 15).

Nederland, wat as 'n pionier op hierdie terrein beskou word, het reeds in 1927 'n eksperimentele buitelandse radiodiens na die Ooste ingestel. Frankryk

het in 1931 met 'n Franse radiodiens na sy kolonies begin, terwyl die B.B.C. in Brittanje met die Britse Ryksdiens in 1932 begin het. Hierdie diens het later ook in Afrikaans na Suid-Afrika uitgesaai. Duitsland het in 1933 met sy uitsendings na "Auslandsdeutsche" begin, terwyl Frankryk in 1936 'n buitelandse radiodiens wat naas Frans ook in verskillende ander tale uitgesaai het, begin het. In 1937 het Italië reeds in 18 verskillende tale na die buiteland uitgesaai. (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 35 en III, Gerdener, 1942(b), p. 15).

'n Nuwe ontwikkeling in hierdie tyd op radiogebied was die sogenaamde "hoë-krag"-omroepe. In 1932 het Rusland vyf sulke stasies van 100 kilowatt elk gehad wat tot 70 stasies in 1937 vermeerder is. Duitsland het egter die pas aangegee by die ontwikkeling van nuwe kortgolfradiotegnieke (III, Gerdener, 1942(b), p. 15). Wat buitelandse radiouitsendings betref, is die Duitse buitelandse radiodiens in 1939 deur 250 mense beman en het dit reeds 71½ uur daagliks na verskillende dele van die wêreld uitgesaai (IV, Zeman, 1966, p. 116).

Nicolson het in 1938 aangedui hoe belangrik die Duitsers die radio as propagandawapen na die Eerste Wêreldoorlog beskou het: "Since then, the invention of the wireless has given a vast impetus to propaganda as a method of policy. Herr Hitler has himself devoted many years of study to the problem and has embodied his conclusions in the earlier sections of 'Mein Kampf'. He affirms the axiom that the masses

are more easily stirred by the human voice than by any other form of communication. Yet propaganda by wireless must, if it is to be successful, recognise certain principles. In the first place, so Herr Hitler assures us, it must aim at the lowest types of mind. It must avoid all intellectual considerations and must seek to arouse the emotions only". (IV, Nicolson, 1969, p. 92).

Gerdener het in 1942 op die toename in radio's net voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog gewys: "Die jongste syfers toon aan dat daar tans nagenoeg 130,000,000 radiostelle in die wêreld moet wees (die juiste syfers is nie beskikbaar nie). Sowat agtien maande gelede was die syfer 100,000,000 en in 1937 60,000,000. Vyftien of twintig jaar gelede was dit beperk tot enkele duisende in elke land" (III, Gerdener, 1942(b), p. 13). Hierdie toename in radio's het ook op 'n toename in die getal mense wat as gevolg van hulle besit van 'n radiostel aan propaganda blootgestel was, gedui.

## RADIOPROPAGANDA NA SUID-AFRIKA

Ook in Suid-Afrika was daar 'n toename in die besit van radiostelle in hierdie tyd. "In die Unie byvoorbeeld was daar in 1930 sowat 19,000 stelle. Vyf jaar later was daar 108,000, in 1938 189,000 en sedert die uitbreek van die oorlog is die 200,000-merk oorskry. Die styging binne tien jaar was dus sowat 1000 persent, d.w.s. dat daar tans tien persone in Suid-Afrika aan radiopropaganda onderwerp

word teenoor een in 1930" (III, Gerdener, 1942(b), p. 13). Hierdie toename sou meebring dat Suid-Afrika nie die wêreldwye verskynsel van radiopropaganda sou vryspring nie. Verskeie jare voor die Tweede Wêreldoorlog was dit reeds vir die Duitse radio Zeesen die moeite werd om pro-Duitse propaganda in Afrikaans na Suid-Afrika uit te saai (V, Onderhoud, Marais Steyn, 1975). Naas die Duitsers en die B.B.C. sou die Amerikaners ook later in Afrikaans na Suid-Afrika uitsaai (III, Die Huisgenoot, 27 Aug. 1943, p. 7).

Op 18 April 1939 het dr. V.L. Shearer in die Volksraad aan die Eerste Minister gevra: "Of hy, met die oog op die feit dat daar op die oomblik 'n kampanje deur die Duitse owerhede gevoer word, onder ander deur middel van draadloosuitsendings na Suid-Afrikaanse stasies waarin anti-Britse propaganda gemaak word en wat, met die oog op die lidmaatskap van Suid-Afrika van die Britse Gemenebes van Nasies, bereken is om die meerderheid van Suid-Afrikaners aanstoot te gee, die wenslikheid sal oorweeg om vertoë tot die Duitse Gevolmagtigde Minister in Suid-Afrika oor die saak te rig". (I, Hansard, 1939, dl. 34, kol. 3107-3108).

Genl. Hertzog het hierop geantwoord dat die aard van die uitsendings aan hom onbekend is en dat hy daarom nie kan sê of hulle enige versoeke sal rig nie (I, Hansard, 1939, dl. 34, kol. 3108).

Op 16 Junie 1939 het mnr. J.S. Marwick 'n soortgelyke vraag gestel waarin hy wou weet of die Regering by

die Duitse Reich beswaar sou aanteken en "of die Departement van Buitelandse Sake die wenslikheid sal oorweeg om propaganda oor die radio te versprei wat Duitsland bereik, ten einde die opruiende propaganda ... teen te werk ..." Die Minister van Finansies het op hierdie vrae "nee" geantwoord (I, Hansard, 1939, dl. 35, kol. 7255).

Suid-Afrika sou eers in die vyftigerjare radio-uitsendings op die buiteland begin rig. (Vgl. hfst. 7). In die oorlogsjare het die Suid-Afrikaanse Regering die radiopropaganda van buite probeer neutraliseer deur self radiopropaganda binne Suid-Afrika te versprei. Dit sou aanvanklik die hooftaak van die Staatsinligtingsbeampte in hierdie tydvak wees.

## AANSTELLING VAN MNR. A.N. WILSON

Op 3 September 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek. Ná 'n skeuring in die Verenigde Party het Suid-Afrika op 6 September 1939 tot die oorlog toegetree. Genl. J.C. Smuts was die nuwe Eerste Minister ná genl. Hertzog se bedanking (IV, Muller, 1968, p. 376-379 en IV, Van Jaarsveld, 1971, p. 244-247). Dr. J.H. Steyn, wat deur genl. Hertzog as Staatsinligtingsbeampte aangestel is, het op 12 September 1939 bedank (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1412).

Die kwessie van 'n oorlogstydse Staatsinligtingsbeampte is op die eerste kabinetsvergadering van genl. Smuts se nuwe oorlogskabinet bespreek. Ná die kabinetsvergadering het Louis Esselen mnr. W.A. Bellwood, 'n joernalis by die Argusgroep, gevra om hom

te kom spreek. "He told me they would need a government Information Officer to organise the war news and propaganda and that the Cabinet the previous day had agreed on his recommendation to appoint me. The invitation was quite unexpected. He said if I was agreeable he would speak to the then general manager of the Argus Group, Mr. Sisson Cooper, to release me from my newspaper work for the purpose" (IV, Bellwood, 1969, p. 115).

Die nodige reëlings is met die Argusgroep getref en mnr. Bellwood is deur die Minister van Binnelandse Sake, mnr. Harry Lawrence, na sy huis ontbied ten einde die breë funksies en organisasie van die nuwe diens te bespreek. In opdrag van die Minister het mnr. Bellwood ook gedetailleerde planne oor die beoogde inligtingsdiens opgestel (IV, Bellwood, 1969, p. 115).

Op 5 Oktober 1939, ongeveer 'n maand ná dr. Steyn se bedanking, is tot mnr. Bellwood se verbasing aangekondig dat mnr. A.N. Wilson as oorlogstydse Staatsinligtingsbeampte aangestel is (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1413).

Mnr. Bellwood skryf hieroor soos volg: "I was naturally bewildered, but was told nothing until a little later. I encountered Louis Esselen at the Union Buildings. He was most embarassed and apologetic; he told me that John Martin, a trusted friend of Smuts, had cabled out from London advising Smuts to appoint Arthur Wilson to the new post of Government Information Officer. 'I could do nothing',

apologised Esselen. 'You know the Oubaas! He just gave the order, and that was that'" (IV, Bellwood, 1969, p. 115-116).

REDES WAAROM MNR. WILSON AANGESTEL IS

Mnr. Wilson se aanstelling sou net tydelik wees en net vir die duur van die oorlog (I, Hansard, 1940, dl. 37, kol. 1763). Hy was op daardie tydstip aan die Rand Mines-groep in Johannesburg verbonde. Mnr. Wilson was mnr. John Martin, wat hom aanbeveel het, se private sekretaris. Mnr. Martin was ook die voorsitter van die Argusgroep (I, Hansard, 1942, dl. 44, kol. 5195). Die bedrag van £750 wat in die Eerste Minister se begrotingspos beskikbaar was vir hierdie pos, het veroorsaak dat mnr. Wilson heelwat minder in sy nuwe pos verdien het as by Rand Mines (V, Onderhoud, Wilson, 1975).

Mnr. Wilson is waarskynlik aangestel vanweë sy spesifieke joernalistieke ervaring. Hy was elf jaar lank politieke korrespondent van The Star. Aan genl. Smuts was hy bekend as die seun van sy vriend, G.H. Wilson, redakteur van The Cape Times (Vgl. IV, Wilson, 1947, voorwoord). Sedert 1933 het mnr. Wilson ook op Sondagaande 'n nuuskommentaarpraatjie oor die Engelse diens van die S.A.U.K. behartig. Dit het hom 'n bekende radiopersoonlikheid onder die Engelssprekendes in Suid-Afrika gemaak. Dit was waarskynlik ook die deurslaggewende rede vir sy aanstelling aangesien sy enigste opdrag met sy aanstelling in 1939 was om die propaganda van Radio Zeesen

te weerlê (V, Onderhoud, Wilson, 1975). Sy radio-ondervinding sou hier nuttig van pas wees.

Hierdie aanvanklike funksie van die Inligtingsbeampte is soos volg deur die Eerste Minister, genl. Smuts, verduidelik: "Hierdie pos is lank op die begroting vir die Inligtingsbeampte - 'n persbeampte wat die Regering in kontak hou met die pers daarbuite en wat die Regeringsdepartemente ook bymekaar sal hou wat inligting aanbetref, en kennisgewings van 'n publieke aard aan die publiek uitvaardig. Dit is die ou staande werksaamhede van die Inligtingsbeampte gewees. Nadat die oorlog uitgebreek het, en met die oog op die verbasende Radiopropaganda wat van buite gemaak word om publieke opinie in ons land te beïnvloed, het die Regering dit nodig geag dat hierdie Inligtingsbeampte by sy gewone berigte wat hy meedeel aan die pers vir publikasie, ook sal byvoeg inligting by wyse van 'n antwoord op die uitsaaidiens van buite. So sien agb. lede dat daar word 'n diens uitgesaai deur die Inligtingsbeampte wat bevat, nie alleen die mededelings omtrent die werk van die Regeringsdepartemente nie, maar ook inligting wat antwoord gee en repliek maak op die radiodiens van 'n ander land, wat bepaald daarop toegerig is om propaganda te maak in ons land, en by name om antwoord te gee op die radiodiens uit Zeesen" (I, Hansard, 1940, dl. 38, kol. 4607).

DIE UITSENDINGS VAN ZEESEN

Die vraag kan gestel word of die uitsendings van die Zeesen-radiodiens so belangrik en doeltreffend was

dat dit die belangrikste doelstelling van die Staatsinligtingsbeampte se werksaamhede in die begin van die oorlog kon uitmaak. Hoewel hierdie uitsendings subtiel en berekend was, is dit in Amerika as nie so doeltreffend beskou nie.

"Due to the vast intelligence service, and the extensive research carried on by the Propaganda Ministry itself, Nazi broadcasters and political writers were kept fully informed of conditions and tendencies in all countries marked out for psychological operations. Thus 'Paul Revere', speaking from Berlin to the farmer in Minnesota, could punctuate his insidious arguments with American slang, or references to early American hatred of the 'Redcoats'. Thus Zeesen was able to take advantage of every weakness in the American armor, needling the American public about the negro problem, anti-semitism or troubles between capital and labor. But as the studies of the Princeton Listening Center demonstrated, this campaign had little effect; few Americans, other than strong sympathizers, even listened to these programs" (IV, Whitton & Larson, 1964, p. 41).

In Suid-Afrika, anders as in die V.S.A., was daar juis 'n groot aantal mense wat teen die Regering se oorlogspoging gekant was en wat om verskeie redes, wat nie hier ter sake is nie, die Duitse oorlogspogings simpatiek gesind was. Zeesen het dieselfde benadering as wat hierbo ten opsigte van die Amerikaners gevolg is, ten opsigte van die Afrikaners in Suid-Afrika gevolg. Zeesen-praatjies is op 'n intieme

geselstrant gevoer en is dikwels met 'n "naand Boere" begin, opgevolg deur bekende Afrikaanse volkswysies (V, Onderhoud, Marais Steyn, 1975). Die meeste uitsendings is vooraf gegaan deur 'n aantal slae op 'n skeepsklok. Die aantal slae het aangedui hoeveel geallieerde skepe die betrokke dag deur die Duitsers gekelder is.

Op 31 Desember 1939 het Zeesen nuwejaarswense aan Afrikaners uitgesaai. Die Engelse vertaling lui soos volg: "When the German short-wave station sends its deepest good wishes to-night to the Boer people it does so without any reservations. The good wishes come from hearts that really feel them, and want for the Boer people of South Africa unhindered progress and happiness" (I, Inligting-Argief, band 1/1/5).

Op 9 April 1940 het mnr. J.J. Haywood die volgende in die Volksraad gesê: "Een van die dinge wat die radio-omroeper in Duitsland baie graag aan die publiek voorlees, is die Eeuw van Onrecht, en ons weet dat die Eerste Minister nie sal ontken dat wat in die Eeuw van Onrecht staan die waarheid is nie. As dit waar is, waarom gee hy dan opdrag aan die Inligtingsbeampte om spesiaal aandag te wy aan die beskuldigings wat voorgelees word uit Duitsland uit die Eeuw van Onrecht, om dit te weerlê? Hy glo wat daarin staan. Hy is die skrywer van die boek" (I, Hansard, 1940, dl. 38, kol. 4650).

Op oujaarsdag 1940 is die gewone nuusdiens in Afrikaans met 'n toespraak in Duits deur Goebbels ver-

vang (I, Inligting-Argief, band 1/1/8). Op 1 Maart 1941 voorsien Zeesen die "bevryding" van Suid-Afrika soos volg: "Maar laat ons nou vir Europa met al sy nuwe opbouplanne waarmee hy reeds begin het, en vir Engeland met sy beloftes waarmee hy nooit sal begin nie, laat staan, en ons oë na ons eie land Suid-Afrika rig. Ook ons kyk op verwagting in die toekoms. Ook vir ons wag daar 'n nuwe toekoms. Want terwyl ons nou nog gebuk gaan onder die Britse juk, wil Smuts sy diktatuur nog ongehinderd uitoefen, is daar tog niks so seker dat ook ons vryheid nou naby is" (I, Inligting-Argief, band 1/1/8).

Zeesen het ook gereeld genl. Smuts aangeval. Op 14 Junie 1941 reageer Zeesen soos volg op 'n koerantberig in die Londense Times oor die moontlike opname van Smuts in die Britse oorlogskabinet: "Ons kan die Times alleen aanraai om die Boerevolk te vra of hulle nie Smuts aan die Londense koerante wil afstaan nie. Ons is oortuig dat die Afrikanervolk, wat keer op keer deur Smuts verraai is, baie graag die Field-Marshall aan Engeland sou oorlaat. In elk geval sal Suid-Afrika Smuts vir 'n langer tyd selfs kan ontbeer as wat die Times dink" (I, Inligting-Argief, band 1/1/9).

Zeesen het hom ook met die algemene verkiesing wat in 1943 in Suid-Afrika gehou is, ingemeng. Die Engelse opsomming van die Afrikaanse nuusdiens op 22 Junie 1943 lui soos volg:

"9. Smuts too busy with election to worry about drunkenness in South Africa. Dr. Steyn will only

take steps if he cannot get liquor for his own use. Drunkard is Minister of Justice in South Africa".

"14. Communists and Jingoes in South Africa fight each other but they both work for same thing. Election will not show dangers of Communism amongs natives. Remember that you are white people."

Die praatjie hierdie betrokke aand het die tweede jaar van die aanval op Rusland herdenk: "Afrikaners, do you know what struggle is about. Germany fights for Christianity, but your Government supports Bolshevism. Decide on 7 July."

"Moscow concentrates on the proletariat - which is black in South Africa. Afrikaners, the danger is very much greater than will be evident in the elections, even greater than most of your opponents realise. He who votes for the Government, votes for Bolshevism" (I, Inligting-Argief, band 1/1/18).

Radio Zeesen het ook aandag aan die Afrikanervrou gegee. Op 11 Januarie 1943 handel hulle praatjie oor die rol wat die Boerevrou in die geskiedenis gespeel het. "To them war has always been total war. Woman in Great Trek. Birth of every Afrikaner is nail in coffin of imperialists, therefore liberalists encouraging Afrikaner women to have less children and more comfort. Appeal to Afrikaner women to look at the past and have courage for the future. 'Quiet motherhood' has been and is the role of the Afrikaner woman in history" (I, Inligting-Argief, band 1/1/15).

So het 'tant Sannie' ook op 14 Januarie 1943 'n praatjie oor Zeesen gehou oor Jode wat Afrikaners uitbuit. "Jews are rich but look at the poor people. Private initiative in Germany is benefit of individuals. There is still a God in Germany" (I, Inligting-Argief, band 1/1/15).

Ook Italië het radio-uitsendings op Suid-Afrika gerig. Radio Rome het sy uitsendings soos volg begin: "News and messages for civilians and prisoners of war in South Africa". Op 31 Januarie het hulle byvoorbeeld 'n lys van name van Suid-Afrikaanse oorlogskrygsgevangenes in Italië uitgesaai. Ook is persoonlike boodskappe uitgesaai "... for civilians in South Africa, some interned, some not" (I, Inligting-Argief, band 1/1/12).

Soos hierbo aangetoon is, het Zeesen daarin geslaag om met begrip van die Afrikaner in die Afrikaanse idioom uit te saai. Die verwysings na dr. Colin Steyn en die uitsendings oor Kommunisme en die verkiesing getuig daarvan dat die Duitse propagandiste bewus was van die politieke strominge en probleme in Suid-Afrika en dit vir hulle eie gewin uitgebuit het. Dit saam met die feit dat baie Afrikaners in die begin van die oorlog teen Suid-Afrika se oorlogspoging gekant was, het meegebring dat die Zeesen-uitsendings aanvanklik wel geslaag was (V, Onderhoud, Marais Steyn, 1975). Die verdeeldheid binne Suid-Afrika en die welslae van die Zeesen-praatjies, moes vir die Regering 'n verleentheid in die buiteland gewees het en daar kan aanvaar word dat dit ook die

oorlogspoging binne Suid-Afrika belemmer het. In die lig hiervan was dit vir die Regering wel die moeite werd en belangrik genoeg om 'n Staatsinligtingsbeampte aan te stel met as belangrikste opdrag die teëgaan van Zeesen.

## REAKSIE VAN DIE STAATSINLIGTINGS-BEAMPTE OP ZEESEN

Mnr. Wilson, as nuwe Staatsinligtingsbeampte, het onmiddellik begin om metodes te ontwikkel vir die weerlê van Zeesen se radiopropaganda. Prof. M.C. Botha skryf in 1943 soos volg oor moontlike metodes:

"Teenpropaganda kan daarin bestaan dat die propaganda van ander lande as leuenagtig bestempel word en deur die reine waarheid, of wat daarvoor wil deurgaan, in die plek daarvan uit te saai. Ander middels word ook aangewend. Pogings word byvoorbeeld gedoen om die uitsendings te verhinder deur die luggolwe waarop die sein gedra word, so te verstoor dat die sein onverstaanbaar word. In Engels noem hulle dit 'jam'... Toe die Zeesen-uitsendings begin is, was daar mense wat verlang het dat hierdie uitsendings versper moes word. Dit het in die praktyk egter onmoontlik geblyk" (III, Botha, 1943(e), p. 5). Pogings wat in Suid-Afrika aangewend is om Zeesen te versteur of te blokkeer, het volgens mnr. Wilson misluk omdat die uitsendings van Zeesen tegnies te goed en sterk was (V, Onderhoud, Wilson, 1975).

'n Alternatiewe metode was om die Zeesen-bewerings te weerlê en so die uitsendings as leuenagtig te bewys.

Die uitsendings is deur die poskantoor gemonitor en daarna in Engels vertaal vir mnr. Wilson. Hy het dan daarop gereageer deur onder andere 'n persverklaring aan die koerante vry te stel en hulle te versoek om soveel as moontlik daarvan te publiseer (V, Onderhoud, Wilson, 1975).

Hierdie metode was geslaag vir sover die koerante hulle samewerking gegee het. Dit het egter ook tot botsings aanleiding gegee. Op 6 Junie 1944 het mnr. Eric Louw soos volg verduidelik waarom daar 'n botsing tussen Die Transvaler en die Inligtingskantoor was:

"I think, however, it is necessary briefly to mention the circumstances which gave rise to that action. The Editor of the 'Transvaler' had asked the Information Officer of the Government to supply him with a certain radio transmission from Zeesen, which the paper wished to publish for certain reasons, and the Information Officer, in sending that despatch included in it comments of his own. The 'Transvaler' was only interested in the message, and did not publish the political comment of the Information Officer. That was what gave rise to the whole trouble" (I, Hansard, 1944, vol. 50, col. 9460).

Die belangrikste metode waarop die Inligtingsbeampte op Radio Zeesen gereageer het, was deur 'n gereelde radiopraatjie. Daar is 'n ooreenkoms met die S.A.U.K. aangegaan waarvolgens mnr. Wilson saans van 19h00 tot 19h15 oor die Engelse diens en vanaf 19h15 tot 19h30

oor die Afrikaanse diens kommentaar op radio Zeesen se bewerings sou lewer. Volgens mnr. Wilson maak die Uitsaaiwet (wet 22 van 1936) voorsiening vir so 'n ooreenkoms. Hierdie radiokommentaar is dan ook die volgende dag as 'n persverklaring aan alle koerante beskikbaar gestel (I, Hansard, 1940, dl. 39, kol. 6859 en I, Unie van S.A., 1945, p. 84).

## BELEID EN BENADERING TEN OPSIGTE VAN RADIO-UITSENDINGS

Op 8 November 1939 het mnr. Wilson 'n memorandum aan 'n onderkomitee van die kabinet voorgelê waarin hy riglyne vir sy radio-uitsendings neergelê het.

"So far as the daily broadcasts are concerned, it is my view that the essential purpose is to try and convert the Afrikaans speaking section from their present pro-Nazi attitude of mind, to a belief in the justice of the Allied cause, and to a subsequent or consequent belief in the correctness of South Africa's policy of entering the war. A subsidiary purpose must be to satisfy the Englishspeaking section that the Government's activities in the conduct of the war are efficient.

"I submit, therefore, that, so far as the broadcasts are concerned, they should be framed so as to make the most direct and most effective appeal to the Afrikaans-speaking section" (I, Smutsvers., band 132, lêer 10, p. 5).

Mnr. Wilson het tot groot hoogte probeer om 'n weten-

skaplike benadering in sy radiopropaganda te hê. "The Afrikaans-speaking section can be, very arbitrarily, sub-divided into four main sub-sections:-

"a) Those who are convinced supporters of General Smuts;

b) those who are waverers and are open to persuasion (amongst these people are many supporters of General Hertzog);

c) those who are convinced supporters of Dr. Malan but who are, nevertheless, susceptible to argument and to sentiment; and

d) those who are so rabid that they are and always will be impervious to propaganda.

"For practical purposes I feel that the people arbitrarily placed in sub-section (c) constitutes the class to which propaganda must be, in the first place, directed. People in sub-sections (a) and (b) would be covered by propaganda directed at people in sub-section (c)" (I, Smutsvers., band 132, lêer 10, p. 5).

In hierdie memorandum aan die Kabinet word ook riglyne oor die benadering wat in die radiopraatjie gevolg moet word, neergelê:

"It is my view that while the material of the Afrikaans and English statements should be identical, there should be a slight difference in what may be called the treatment of the material. The English-speaking section prefer objectivity and under-statement; and extraneous comments are disliked. But a

departure from such standards would probably be tolerated by those intelligent enough to know what objectivity and under-statement are. On the other hand, I believe that the Afrikaans-speaking section do not appreciate objectivity. Being a sentimental people the Afrikaners prefer subjectivity and a more direct appeal to sentiment. They would also regard understatement as a sign of weakness, and I think the introduction of sarcasm, irony and humour would be far more effective than it would be in the case of the English-speaking section, who, as already stated, prefer complete objectivity" (I, Smutsvers., band 132, lêer 10, p. 3).

In hoeverre mnr. Wilson se Engelse agtergrond 'n invloed op sy siening van die Afrikaner gehad het en sy veronderstellings oor die Afrikaner daarom verkeerd was, kan slegs vermoed word.

In dieselfde memorandum is ook voorstelle neergelê vir die langtermynbenadering wat die Staatsinligtingsbeampte moet volg:

"i) Continuous efforts must be made to discredit the Nazis. The Zeesen radio station is mainly responsible for the existing pro-Nazi bias, and, therefore, the principal objective should be to discredit the Zeesen radio".

Dat dit hier om subtiele oorlogspropaganda gaan, blyk uit die volgende: "ii) Simultaneously the campaign against pro-Nazi sentiment in the Union could be attacked by giving continuous publicity to

Nazi comments upon South Africa ... In the German newspaper 'Völkischer Beobachter' Afrikaners were described as White kaffirs. Two or three such quotations could be given without comment, and then the main attack should be developed in the form of a long article."

Verdere doelstellings stel mnr. Wilson soos volg: 'A fourth line of attack is to reveal that the Nazis had designs upon South Africa, and that these designs involved a challenge to the independence of the country." Die Inligtingsbeampte wou as doelstelling ook aantoon dat Duitsland die oorlog veroorsaak het en nie Brittanje soos beweer is nie (I, Smutsvers., band 132, lêer 10, p. 6-10).

Dat dit in hierdie tydvak om die voer van subtiele oorlogspropaganda gegaan het, is nie te betwyfel nie. Of die benadering van die Inligtingsbeampte, soos hierbo uiteengesit, geslaagd was, is moeilik bepaalbaar. Hieruit kan egter wel aangetoon word dat mnr. Wilson se werksaamhede as oorlogstydse Staatsinligtingsbeampte, radikaal verskil het van die persskakelwerk wat sy voorganger, dr. Jan Steyn, gedoen het.

## DIE STAATSINLIGTINGSDIENS EN MNR. S.E. HOLM

Naas die persverklarings en radio-uitsending was een van die eerste doelstellinge van mnr. Wilson die ontmaskering en die diskreditering van die onbekende Zeesen-omroeper. Mnr. Wilson het die publiek gevra om te help met die identifisering van die aankondiger

se stem. Van oral in die Unie het mense name van persone wat moontlik die stem kon wees, ingestuur. Na alle name opgevolg is, is vasgestel dat die Afrikaanse aankondiger uit Duitsland, mnr. S.E. Holm is. Afskrifte van sy geboortesertifikaat en huweliksertifikaat is verkry en 'n volledige verklaring oor hom opgestel. Hierdie verklaring is op 26 Oktober 1939, drie weke na mnr. Wilson sy nuwe pos aanvaar het, aan die pers gestuur. Die volgende brief het dit vergesel:

"The Government is particularly anxious to make a simultaneous announcement throughout the country about this man, and I wish to invite your co-operation in securing the widest possible publicity for the statement enclosed" (I, Inligting-Argief, band 1/1/74, lêer Z/2).

In die verklaring van mnr. Wilson word uit "Mein Kampf" aangehaal waar Hitler sê dat Duitsland nie as waghond oor die belange van klein volkies moet optree nie. "It must be assumed, therefore, that on the basis of these words by Hitler, the broadcasts in Afrikaans from Zeesen are not designed to serve any other purpose but the advancement of German objective" (I, Inligting-Argief, band 1/1/74, lêer Z/2).

Die verklaring aan die pers het die Duitse aankondiger as 'n verraaier bestempel: "This man, who speaks in Afrikaans from Zeesen, claims to be a South African. But, since South Africa is at war with Germany, this man cannot claim to be a South African without

at the same time admitting that he is a traitor to his own country ... He dares to speak of 'ons Afrikaners' as though he had the right to call himself an Afrikaner. He has forfeited that right. Every evening he brands himself as a traitor to his country and his own people" (I, Inligting-Argief, band 1/1/74, lêer Z/2).

Mnr. Wilson se argument dat Holm 'n verraaier is omdat Suid-Afrika oorlog teen Duitsland verklaar het, is tegnies korrek. Tog is dit te betwyfel of so 'n argument die Afrikaners sou oortuig dat Holm as 'n verraaier beskou moet word.

Een van die doelstellings wat die Inligtingsbeampte vir homself daargestel het, was "to discredit the Zeesen radio." Die slotgedeelte van mnr. Wilson se verklaring oor mnr. Holm was 'n doelbewuste poging om hierin te slaag. Ná mnr. Holm se lewensgeskiedenis en hoe hy die Regering nog geld skuld, vertel is, sluit die verklaring soos volg af:

"This then is the story of Holm, traitor to his country. Traitor to the blood that runs in his veins and traducer and vilifier of great men who fought for South Africa in times when deeds not words were the test of courage and patriotism. This is the man the Nazis have set to break up the unity of South Africa; this is the man the Nazis rely upon to prepare this country for Nazi domination; this is the man who dares to speak of himself as an Afrikaner.

"The people of South Africa will not be slow to show their contempt and their resentment. They will not

be slow to see that, if the Nazis can stoop to employ a man for whom they themselves must have the utmost contempt, then nothing the Nazis say or do can be trusted. This man Holm has been acting a lie : he has been telling lies : and the Nazi Government has been a party to it. The lie stands exposed and the people of South Africa now know that the Zeesen radio is utterly discredited" (I, Inligting-Argief, band 1/1/74, lêer Z/2).

Nadat mnr. Holm as die onbekende aankondiger van Zeesen ontmasker is, het briewe steeds na die Staatsinligtingsbeampte gestroom. Mnr. Wilson het een van hierdie briewe op 14 November 1939 soos volg geantwoord:

"Your suggestion that Holm's brother who lives at Springs should be interned is impracticable. The authorities here knew of the whereabouts of Holm's brother at Springs and also of other brothers. The fact that he believes every word of his brother's statements from Zeesen does not necessarily class him as a man who is dangerous to the safety of this country. There are many thousands of people in South Africa, unfortunately, who believe all the Zeesen announcer says" (I, Inligting-Argief, band 1/1/74, lêer Z/2).

Tot watter hoogte mnr. Wilson suksesvol was met sy pogings om mnr. Holm in onguns te bring en Radio Zeesen te weerlê, is moeilik bepaalbaar. Sy siening en benadering het nie altyd van dié van 'n kenner van die Afrikaner getuig nie. In die aangehaalde skrywe

hierbo wys mnr. Wilson dan ook daarop dat duisende Suid-Afrikaners wel na Radio Zeesen geluister het.

In latere tydvakke sou die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens dikwels daarvan beskuldig word dat dit partypropaganda versprei en so sekere politieke partye bevoordeel. Hoewel die oorlogstoestande sekere stappe geregverdig het, sou sulke kritiek makliker in hierdie tydvak gelewer kon word.

KRITIEK OP DIE INLIGTINGSDIENS

Hierdie nuwe funksie van die Inligtingsbeampte is nie sonder kritiek aanvaar nie. Op 9 April 1940 het mnr. Eric Louw, latere Minister van Buitelandse Sake, dit soos volg gestel:

"Die Eerste Minister het vanmiddag die indruk probeer skep dat die inligting wat ons kry vanuit Duitsland, valse inligting is, en dat die inligting wat ons uit ons eie Inligtingskantoor kry, die reine en onvervalste waarheid is. Maar die Eerste Minister weet dat dit nie so is nie; hy weet dat in tyd van oorlog kry jy nie so iets as waarheid van die oorlogvoerendes nie, en terwyl jy die waarheid nie van Zeesen kan kry nie, sê ek dat jy net so min die waarheid kry van Daventry en van ons eie Inligtingskantoor in Suid-Afrika." (I, Hansard, 1940, dl. 38, kol. 4658).

Dr. N.J. van der Merwe het dan ook in die Volksraad voorgestel dat die bedrag van £750 wat vir die Inligtingsbeampte begroot is, geskrap moet word. "Ek doen dit nie omdat ek in beginsel teen 'n inligtingsbeampte is nie. Ek glo dat dit nodig is dat daar so iemand

is, maar ek doen dit as protes teen die wyse waarop die huidige inligtingsbeampte optree. Dit hang saam met die waarheidsridderlikheid wat gevolg word ... Ek maak egter hierdie voorstel omdat op skandelike wyse misbruik gemaak word van ons Uitsaaidiens, wat nie 'n regeringsinstelling is in die volle sin van die woord nie. Die Uitsaaidiens is daar vir die publiek en daar is private geld ingesteek en dit word gebruik vir partypolitieke propaganda. Die inligtingsbeampte moet die volk inlig, maar hy doen sy bes om die volk in te lieg van die een dag na die ander. Daarom doen ek die voorstel." (I, Hansard, 1940, dl. 38, kol. 4581).

Dr. P.J. van Nierop se kritiek het hy soos volg bewoord: "Ons het betaal vir ons radio, en dit is baie maklik om te sê dat ons die radio kan afslaan as ons nie van 'n program hou nie. Hulle het geen reg om dit aan ons te sê nie, want ons betaal vir die radio om die programme te geniet, en nie om te luister na propaganda van imperialisme nie ... Ons kry imperialistiese propaganda wat uitgesaai word, wat geen mens kan staan nie, tensy jy die man aan die oorkant kan bereik om sy nek te breek nie" (I, Hansard, 1940, dl. 39, kol. 6859).

Behalwe vir mnr. Wilson se praatjies, wat deur die S.A.U.K. uitgesaai is, is sekere programme en nuusdienste van Daventry, die Britse oorlogstydse radiodiens, ook regstreeks deur die S.A.U.K. uitgesaai (I, Hansard, 1940, dl. 38, kol. 4658).

Genl. Smuts as Eerste Minister en die verantwoordelike Minister het soos volg op die kritiek geantwoord:

"Nou, dit het geen betoog van my kant nodig om te wys op die uitsaaidiens van Zeesen dat dit 'n giftige, afbrekende en vernietigende propaganda is wat teen Suid-Afrika gerig is nie. En dit is noodsaaklik dat die leuens vandaar versprei word en wat direk gerig word aan Suid-Afrika, en wat meestal betrekking het op Suid-Afrikaanse toestande, sal agterhaal word en dat ons vandag daarop sal antwoord gee ... Met die medewerking van die Radioraad en die radiodiens vind daar daagliks uitsaaidienste plaas, en na my beskeie sienswyse word die werk uitstekend goed gedoen. Daar word alle voorsorg geneem om te sorg dat dit 'n ware en korrekte diens is en dat partypolitieke kwessies van ons land vermy word, en dat die publiek ingelig word omtrent die kwessies wat deur die radiodiens van Zeesen versprei word" (I, Hansard, 1940, dl. 38, kol. 4607).

Die dilemma van die Regering en die S.A.U.K. word deur Prof. M.C. Botha soos volg saamgevat: "Die posisie was des te moeiliker omdat die Radiokorporasie by sy totstandkoming besluit het om geen partypolitieke praatjies uit te saai nie. In Suid-Afrika is die oorlog egter 'n partypolitieke kwessie, met die gevolg dat alle pro-oorlogse nuus of praatjies wat uitgesaai en alle anti-oorlogse nuus of praatjies wat onderdruk word, in werklikheid deelname aan die partypolitiek beteken" (III, Botha, 1943(e), p. 5).

Buite die Volksraad is ook kritiek teen die Inligtingsbeampte se werksaamhede uitgespreek. So was prof. Botha se standpunt dat radiopropaganda 'n kuns is "wat nie aan elke domkop toevertrou kan word nie". Volgens hom is die taal en styl waarin die radiopropaganda geskryf word, 'n belangrike faktor. 'n Tweede belangrike faktor is die voordrag van die omroeper wat dit aanbied. "'n Radiostem is 'n seldsame besitting; wellig seldsamer as 'n goeie radiopropagandis. Ons Inligtingsburo se mislukking is hoofsaaklik aan hierdie twee faktore toe te skryf" (III, Botha, 1943(e), p. 32).

Die feit dat Suid-Afrika op hierdie tydstip nie 'n buitelandse radiodiens gehad het nie, is ook gekritiseer. "Wat Suid-Afrika betref, vloei die uitsaaistroom net in een rigting - na ons toe en nie ook hiervandaan in ander rigtings nie. Hierdie omstandigheid is die resultaat van die kortsigtige beleid wat ons radio-owerheid in die verlede gevolg het in verband met die aanskaf van toerusting. Ons moes vandag minstens oor een sterk kortgolfsender beskik het wat in staat sou gewees het om die stem van Suid-Afrika nie alleen oor die hele vasteland te laat hoor nie, maar tot in al die lande wat hulle vandag die reg aanmatig om ons voor te lig" (III, Die Huisgenoot, 27 Aug. 1943, p. 7).

Mnr. Wilson het in 'n artikel in The Nongqai (III, 1942, p. 647-664) op die kritiek teen sy werksaamhede gereageer. "In some quarters there was also the false impression that broadcasting was State-

controlled. This was as wrong as to believe that the film industry was under some form of control. The plain fact of the matter was that there was no State control of any vehicle of propaganda. Whatever use the Bureau was allowed to make of the various media was by voluntary agreement only, and this voluntary co-operation in the great cause was one of those principles of democracy which made the position in South Africa so different from that in countries such as Nazi Germany" (III, The Nongqai, June 1942, p. 647).

Van belang van hierdie kritiek is die feit dat die beswaar van die opposisie gaan om die metodes van die Inligtingsdiens en nie om die beginsel van so 'n diens nie. Dat so 'n diens noodsaaklik vir 'n moderne staat is, word blykbaar reeds aanvaar. (Vgl. ook IV, Mulder, 1975, p. 23).

## DIE STANDPUNT VAN DIE OPPOSISIE TEENOOR NAZISME

Dit is om verskeie redes belangrik om kortliks na die opposisie-standpunt oor Nazisme in die oorlogsjare te kyk. Ná die oorlog en spesifiek in die tydvak ná 1948 sou die Nasionale Party van Nazisme beskuldig word. (Vgl. hfst. 6). Hierdie beskuldigings sou tot in 1977 in veral die buiteland voortgesit word (IV, Burgess, 1977, omslag).

Dr. Verwoerd het as redakteur van Die Transvaler op 12 Mei 1941 in 'n hoofartikel soos volg hieroor geskryf:

"Tegelykertyd is heeltemal onomwonde herhaal dat dit, met die oog op die tradisies en probleme van die Afrikanervolk, nie moontlik sal wees om hier die nasionaal-sosialistiese stelsel van Duitsland te aanvaar nie, wat bou op die beginsel van diktatorskap. Trouens, die Duitse leier self het die betekenis van omstandighede en tradisies vir 'n volk op die duidelikste wyse geskets, toe hy een keer gesê het dat die nasionaal-sosialisme nie 'n uitvoerproduk is nie" (IV, Geyser, 1972, p. 58).

The Forum het in Oktober 1941 soos volg oor die standpunte van die opposisie oor hierdie saak geskryf:

"Dr. Malan has now declared himself definitely against the Nazi doctrine. Zeesen has declared that it recognises only the Ossewabrandwag. Voices from the Dutch Reformed Church have been heard condemning National Socialism.

"But there is one voice we miss. Is the Arikaner Party and its organ Die Vaderland on this all-important issue going to find itself on the side of Zeesen and the Ossewabrandwag? That would indeed be an irony of fate that follows party politics" (III, The Forum, 4 Oct. 1941(a), p. 5).

Daar was in die oorlogsjare selfs 'n gerug dat dr. Malan ten nouste met die Inligtingsdiens saamgewerk het. Die Inligtingsdiens wou dr. Malan nader om aan 'n reeks praatjies oor die Opposisie en die Parlementêre stelsel deel te neem. Die Inligtingsdiens het

die nommer wat teenoor "Leier van die Opposisie" in die telefoonboek gestaan het, geskakel. Voordat genl. Hertzog as leier van die opposisie bedank het, het die Afrikanerparty sy kantore en telefoon egter oorgeneem.

"The result was that the Bureau's call was answered by a member of the Afrikaner Party who was at that time vigorously attacking Dr. Malan and the Nationalist Party. The question whether the Information Bureau could speak to Dr. Malan was enough to start one of the most remarkable Parliamentary rumours.

"Three or four weeks later the Afrikaner Party stated that it had definite proof that Dr. Malan was in contact with the 'Government Information Bureau' three days prior to the mass arrests of Afrikaners on the Rand" (III, The Nongqai, June 1942, p. 658).

Dit sou in die tydvak ná 1948 vir die vyande van Suid-Afrika in die buiteland gerieflik wees om die Nasionale Party en sy beleid van "Apartheid" aan die Nazisme te verbind omdat beweer is dat dié party hierdie ideologie sedert die Tweede Wêreldoorlog aangehang het. (Vgl. hfst. 6, p. 239-244).

## EERSTE ANDER FUNKSIES

Die werksaamhede van die Inligtingsbeampte het baie vinnig toegeneem. Behalwe die opdrag in verband met radio Zeesen moes hy ook net na die uitbreek van die oorlog 'n vrywillige perssensuurooreenkoms met die koerante aangaan. Ná 'n konferensie in Pre-

toria tussen die Inligtingsbeampte en die redakteurs van die Suid-Afrikaanse koerante, is daar op die bepalings van so 'n ooreenkoms besluit (IV, Pienaar, p. B 1). Die Inligtingsbeampte sou wel toesig hou oor die nakoming van die ooreenkoms. Dit sou een van die belangrikste binnelandse funksies van die Staatsinligtingsdiens in hierdie tydvak wees, (vgl. hiervoor IV, Mulder, 1975, p. 26-27).

Op 8 November 1939 het mnr. Wilson aan 'n onderkomitee van die Kabinet verslag gedoen oor ander funksies wat binne die eerste maand by sy werksaamhede bygekom het. Dit het onder andere die volgende ingesluit:

"(a) The collection of information relating to Government policy and Government activity, and the preparation of such information for publication."

"(c) The preparation of statements of a more direct propaganda value for radio transmission and publication in the press.

"(d) The collection of material, the organisation of a filing system and the inviting of contributions in the form of articles from selected people."

"(i) The compilation of a circular for the confidential information of Editors.

"(j) The maintenance of friendly contact with the press and distribution of available news to newspaper correspondents.

"(k) The maintenance of a close watch upon the South

African Press for all comments and news of interest to the Government" (I, Smutsvers., band 132, lêer 10, p. 1-2).

UITBREIDING VAN PERSONEEL EN TWEETALIGHEID

Die nuwe funksies wat van dag tot dag op hierdie wyse bygekom het, het verskeie probleme, waarvoor nie voorsiening gemaak was nie, veroorsaak. Die omvang van die werk het so groot geword dat mnre. W.J.P. Brennan en L.D. Pickles op 1 Januarie 1940 as hulp vir mnr. Wilson aangestel moes word (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1413).

Soos reeds aangetoon is, was 'n groot deel van die Inligtingsdiens se werksaamhede op die Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika toegespits. Mnr. Wilson was egter nie tweetalig nie (I, Hansard, 1940, dl. 37, kol. 1763). "Although I learned Hollands when I was a schoolboy, I hadn't ever had a occasion to go into Afrikaans" (V, Onderhoud, Wilson, 1975). Met net 'n Engelse agtergrond kon hy as 'n tipiese Engelsman uit die Engelse "establishment" beskryf word (V, Onderhoud, Marais Steyn, 1975). Sy eentaligheid was blykbaar nie 'n oorweging by sy aanstelling nie. Dit het egter daartoe gelei dat al die Afrikaanse Zeesenpraatjies in Engels vertaal moes word sodat hy dit kon verstaan om daarop te kon reageer. Sy antwoorde moes weer uit die Engels in Afrikaans vertaal word (I, Smutsvers., band 132, lêer 10). Dat dit hierdeur moeilik was om in die Afrikaanse idioom te skryf en dat heelwat van die

trefkrag en varsheid van die radiopraatjies met die vertaling verlore moes gaan, kan nie betwyfel word nie. Mnr. Wilson het hierdie tekortkoming besef en genl. Smuts gevra om iemand wat in Afrikaans kon skryf en vertaal, as hulp vir hom aan te stel (V, Onderhoud, Wilson, 1975).

Mnr. P.J. Pistorius is in Oktober 1939 van die Vertaalburo na mnr. Wilson se kantoor oorgeplaas. In 1940 is ook mnre. Uys Krige en Marais Steyn as Afrikaanssprekendes in die kantoor aangestel. Mnr. Krige, wat familie van genl. Smuts se vrou was, is die latere bekende skrywer, terwyl mnr. Marais Steyn 'n Kabinetsminister sou word (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1413 en III, Krige, 1946, p. 17).

Aangesien die Inligtingsdiens steeds meer oorlogstydse funksies moes hanteer, is mnre. D.E. Cornell, C. Bell, H.F. Hope en K.E.L. Hooper ook in 1940 as personeellede by die kantoor aangestel. In hierdie en meeste ander aanstellings het die klem deurgaans op Engelssprekendes en veral joernaliste geval (I, Hansard, 1940, dl. 39, kol. 7216 en 1953, dl. 81, kol. 1413). Hieroor sê Dr. Otto du Plessis in 1955 ná die Nasionale Party se oorname:

"Hulle wat in hul Staatsinligtingsdiens 99 persent alles in Engels gedoen het - daar was nie 'n enkele Afrikaanse legger in daardie hele Staatsinligtingsdiens toe ons in 1948 aan die bewind gekom het nie, alles was Engels, en wat die personeel betref, was daar een-en-half personeellede wat van Afrikaanse

koerante afkomstig was uit oor die veertig personeellede" (I, Hansard, 1955, dl. 87, kol. 1758).

## 'N NUWE NAAM EN FINANSIËLE PROBLEME

Die een probleem sou tot die volgende lei. Dit was onprakties om nou na die Inligtingskantoor met soveel personeellede te verwys as die "Inligtingsbeampte" wat steeds die amptelike benaming was. In die loop van 1940 word die Inligtingsbeampte die Direkteur van Inligting. Die kantoor sou voortaan as die Buro van Inligting bekend staan (V, Onderhoud, Wilson, 1975 en II, Anon, 196-?, p. 1). Hierna sou die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens verskeie naamsveranderinge ondergaan totdat dit in 1961 die Departement van Inligting geword het.

'n Verdere probleem sou die finansiering van die Buro wees. Die begroting wat deur die Parlement goedgekeur is, het onder die hoof "Inligtingsbeampte" voorsiening gemaak vir die salaris van een persoon (I, Smutsvers., band 144, lêer 16). Om hierdie bedrag te vermeerder, is nie wenslik geag nie. Genl. Smuts, as die verantwoordelike Minister, was ook nie bereid om 'n groot begroting vir propaganda in die Parlement te verdedig nie. Aanvanklik is die salarisse van die nuwe personeellede uit die Union Unity Truth Fund betaal. Die fonds het tot stand gekom uit geld wat ingesamel is om die Duitse propagandaveldtog in Suid-Afrika teë te werk. Verdere vermeerderings in uitgawes is onder die begroting van die Departement van Verdediging geplaas waar dit onopsigtelik was en

nie kritiek kon uitlok nie. Geld wat vir spesifieke veldtogte en aksies benodig sou word, moes met die nodige skriftelike verduidelikings en omslagtigheid van die verdedigingsmagtigingskomitee verkry word (V, Onderhoud, Wilson, 1975). Op 23 Augustus 1940 het mnr. Wilson in 'n memorandum oor hierdie toestand gekla:

"It should also be emphasised that the Bureau is suffering from the fact that only money allocated to it has been the salary of the Government Information Officer - £750. It has, therefore, no funds explicitly set aside for its work. The anomalous position has restricted the scope of the Bureau's activities and has more-over given rise to the most extraordinary complications regarding procedure and expenditure. The work of the Bureau has consequently been made unnecessarily difficult and the sooner money can be voted for the activities of the Bureau the sooner it will be possible for the Director and his staff to devote themselves to a large campaign of active propaganda, without being constantly worried by the trivialities of office procedure" (I, Smutsvers., band 144, lêer 16).

Hierdie finansiële beperkinge en probleme sou 'n verdere las op mnr. Wilson plaas.

## DIE VERDEDIGINGS-PERSSKAKELKANTOOR VAN KAPT. BELLWOOD

Mnr. W.A. Bellwood, wat aanvanklik as oorlogstydse Staatsinligtingsbeampte oorweeg is, is later as hoof

van die persskakelkantoor van die Departement van Verdediging aangestel. Die kantoor, wat 'n personeel van ses gehad het, het as skakel tussen die pers en die Departement van Verdediging gedien (I, Hansard, 1940, dl. 37, kol. 698 en II, Anon, 196-? p. 2). Dit was spoedig duidelik dat die instelling daarvan 'n misverstand was en dat daar oorvleueling was tussen die werksaamhede van hierdie kantoor en die Buro van Inligting (V, Onderhoud, Wilson 1975).

In Junie 1940 is hierdie kantoor ontbind en die personeel het deel van die Buro van Inligting geword (I, Hansard, 1940, dl. 40, kol. 1227). Mnr. Bellwood skryf soos volg hieroor. "Without any consultation with me or with my then immediate superior, Colonel T. Newman ... a move to have my military section ingurgitated by the Government Information Officer was succesfully taken through the Cabinet. I resigned forthwith, perhaps impulsively" (IV, Bellwood, 1969, p. 123).

Die Buro van Inligting sou hierna ook optree as die enigste kanaal van inligting tussen die pers en die Departement van Verdediging (III, The Nongqai, June 1942, p. 647). Dit sou die Buro se werksaamhede verder laat toeneem.

## DIE INLIGTINGSBURO EN DIE S.A. MAGTE IN DIE NOORDE

Omdat die Buro nou ook namens die Departement van Verdediging opgetree het, is die Buro met die vertrek van die Suid-Afrikaanse magte na Kenia gevra

om 'n daaglikse nuusdiens aan hulle te verskaf. So is Eaforce News en Springbok as koerante van die Buro eers in Nairobi en later in Kairo uitgegee (III, The Nongqai, June 1942, p. 648). As gevolg hiervan het die Buro sy eie oorlogskorrespondente in die Noorde gehad wat later kritiek sou uitlok. Hoewel hierdie en verskeie ander funksies buite die Unie verrig is, was dit 'n diens wat vir Suid-Afrikaners verrig is en word dit vir die doel van hierdie studie as 'n binnelandse funksie beskou. (Vgl. hiervoor IV, Mulder, 1975, p. 45-49).

'n Funksie wat in die Noorde verrig is en nie tot Suid-Afrikaners gerig was nie, was die verspreiding van propaganda-pamflette aan die vyand.

"'Leaflet propaganda in East Africa saved hundreds of lives and shortened the campaign by months', declared Lieut.-General Sir Alan Cunningham."

"One of the most successful leaflets was one which asked the askaris: 'Have you received all the pay that is due to you? If not, go and ask your officers for it!' That simple advice caused a great deal of trouble in the Italian lines.

"The deserting askaris frequently brought the leaflets with them as a pass through the South African lines to the hot meal and cigarettes which were promised if they would surrender with their arms and ammunition" (III, The South African Printer and Stationer, Feb. 1942, p. 49).

Omdat spesifieke en unieke noodtoestande die meeste

van hierdie funksies genoodsaak het, sou hierdie funksies tydelike oorlogsfunksies bly en nie as permanente inligtingsfunksies in latere tydvakke voortgesit word nie. Op hierdie tydstip sou dit egter die werklas wat op mnr. Wilson en die Inligtingskantoor gerus het, baie vergroot.

## 'N KOMMISSIE VAN ONDERSOEK EN OORPLASING VAN DIE BURO

Oor die finansiële probleme en die vermeerdering van sy werksaamhede binne Suid-Afrika en in die Noorde by die troepe sê mnr. Wilson: "This was a matter of a week before the job just burst, like this, open. I was to do everything" (V, Onderhoud, Wilson, 1975). Dit het daartoe gelei dat mnr. Wilson in 1941 'n senuwee-ineenstorting gehad het. As gevolg hiervan is 'n departementele kommissie van ondersoek aangestel na die probleme en werksaamhede van die Buro van Inligting. Die kommissie het bevind dat die Buro te veel werk vir sy personeelgetalle het. In die ses weke wat mnr. Wilson siekteverlof gehad het, is mnr. G. Cronwright as adjunk-direkteur aangestel. Hy sou die administratiewe werk van die Buro behartig (V, Onderhoud, Wilson, 1975).

Die Buro van Inligting is ook oorgeplaas van die Departement van die Eerste Minister na die Departement van Binnelandse Sake (I, Hansard, 1950, dl. 70, kol. 1122). Die verantwoordelike Minister was nou mnr. H.G. Lawrence.

Die waarskynlike rede vir die verskuiwing is dat

genl. Smuts as Eerste Minister, Minister van Buitelandse Sake, Minister van Verdediging en opperbevelhebber van die krygsmagte (IV, Muller, 1968, p. 374) nie die nodige aandag aan die groter wordende Buro van Inligting kon gee nie (V, Onderhoud, Marais Steyn, 1975). Tot in hierdie stadium was daar baie noue samewerking tussen die Eerste Minister en mnr. Wilson. Die Eerste Minister het ook ongeduldig begin raak met die probleme wat deur die uitbreiding in personeel, nuwe kantore, ens. van die Buro van Inligting geskep is (V, Onderhoud, Wilson, 1975). Blykbaar het genl. Smuts ook nie kans gesien om as Eerste Minister onnodige kritiek in die Parlement te verduur as gevolg van die aanvegbare werksaamhede van die Buro nie (vgl. I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8363).

Deur die verskuiwing is die finansiële probleme van die Buro ook tot groot hoogte opgelos. Reeds in die volgende geldjaar is 'n bedrag van £12 900 vir die Buro in die Parlement goedgekeur as deel van die begroting van die Departement van Binnelandse Sake (I, Hansard, 1950, dl. 70, kol. 1122). Die volgende veertien jaar sou die Buro deel van die Departement van Binnelandse Sake wees. Dat die Buro juis na die Departement van Binnelandse Sake verskuif is, dui reeds aan waar die klem van sy werksaamhede geval het. In latere tydvakke sou daar so 'n klemverskuiwing wees van die binnenslandse inligtingsfunksies na die buitenslandse dat die Buro in 1955 verskuif is na die Departement van Buitelandse Sake

(I, Hansard, 1955, dl. 88, kol. 5434 en IV, Mulder, 1975, p. 29-32).

PERSONEELUITBREIDING, REORGANISASIE EN BEGROTING

Die werksaamhede van die Buro van Inligting sou so uitbrei dat, waar in Februarie 1940 nege personeellede nodig was om alles te hanteer (I, Hansard, 1955, dl. 88, kol. 5434), daar in Augustus 1940 reeds 27 nodig was (I, Smutsvers., band 144, lêer 16). "To-day (June 1942) the staff members 56, of whom 43 were in the Union, six in Libya, three in the hands of the enemy, and four were attached to the staff of the Springbok in Cairo. When he (Mr. Wilson) was appointed shortly after the outbreak of war, his staff had consisted of one typist" (III, The Nongqai, June 1942, p. 658). Uys Krige was een van die personeellede wat gevang is onderwyl hy in diens van die Buro was (III, Krige, 1946, p. 17). Aan die einde van die oorlog het die Buro 'n personeel van 79 gehad, van wie 39 professionele personeellede was (I, Argief Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5).

Na die kommissie van ondersoek se bevindings, is die Buro gereorganiseer ten einde doeltreffender te kan funksioneer. Sy werksaamhede is in ses hoofafdelings ingedeel wat 'n verdere aanduiding gee van die Buro se werksaamhede in hierdie tydvak. Die nuwe indeling was soos volg:

"A. Press Section: (1) Daily newspapers
(2) Country newspapers
(3) Foreign relations

(4) Services to the troops

"B. Broadcast Section: (1) National services
(2) Local services
(3) Foreign services
(4) Services to the troops

"C. Film Section.
D. General Publicity Section
E. Miscellaneous Services
F. Administrative." (I, Smutsvers., band 150, lêer 69, p. 1).

Die begroting van die Buro het ook steeds groter geword. Waar dit in 1941 net £12 000 was, is dit in 1942 £18 585 en skuif dit op tot £24 179 in 1943. In 1944 sou dit £30 142 beloop (I, Hansard, 1950, dl. 70, kol. 1122). Van één personeellid en £750 het die Buro in vyf jaar uitgebrei tot 79 personeellede en 'n begroting van £30 142. So 'n groei en ontwikkeling binne vyf jaar moet as buitengewoon beskou word. Die voordeel van hierdie buitengewone groei is dat 'n groot aantal noodfunksies wat anders nooit as funksies van so 'n Staatsinligtingsdiens gesien sou word nie, behartig kon word. Die meeste van hierdie funksies sou met geringe veranderinge voortgesit word in die na-oorlogse werksaamhede van die Buro. (Vgl. IV, Mulder, 1975, p. 32-34).

Die reorganisasie van die Buro en die uitbreiding van sy personeel het noodwendig reaksie in die koerante uitgelok:

"Newspapers and the public will welcome the recent

reorganisation of the Union's Bureau of Information, if only because it is an acknowledgement by the Government that the Bureau has not functioned satisfactorily since its hasty establishment in the early days of the war. The appointment of a Deputy Director and a small departmental committee to relieve the Director of some of his onerous responsibilities may lead to improvement, but The Forum remains sceptical" (III, The Forum, 4 Oct. 1941(b), p. 4-5).

ALGEMENE FUNSIES

Na die reorganisasie van die Buro sou 'n groot verskeidenheid funksies binne en buite Suid-Afrika deur die Buro hanteer word. Die Buro het steeds meer pers- en radioverklarings uitgereik wat oor alle aktuele sake gehandel het (vgl. I, Inligting-Argief, bande 1/1/23 en 1/1/30). Belangrike aankondigings van die Regering is deur die Buro aan die media beskikbaar gestel, terwyl dit steeds die enigste kanaal vir die verspreiding van nuus en publisiteit van die Departement van Verdediging was (III, The Nongqai, June 1942, p. 647). Die Buro het ook ongevallelyste aan die pers versprei en gevra dat hulle die name in die vorm van 'n ererol moes aanbied. Van die Afrikaanse koerante soos Die Transvaler het wel die name geplaas, maar dit is nie in 'n ererol-vorm aangebied nie (V, Onderhoud, Marais Steyn, 1975).

Die Buro het as publisiteitsagentskap vir die Direkteur van Werwing opgetree en ook die plattelandse pers van inligting voorsien. Daar is ook nie geskroom

om projekte aan te pak wat vandag as die maak van partypropaganda gekritiseer sal word nie. "The Bureau has recently organised a 'gossip column' service for South African newspapers. This service seeks to popularise South African Cabinet Ministers and other leading men in the war effort" (I, Smuts-vers., band 144, lêer 16, p. 10).

Die weeklikse nuusbrief wat die Inligtingsdiens sedert November 1939 uitgegee het, is ook uitgebrei en sy voorkoms verbeter. Hierdie nuusbrief is onder andere aan die Suid-Afrikaanse kantore in die buiteland gestuur (vgl. I, Inligting-Argief, bande 1/1/26 en 1/1/27). Die Buro het ook as 'n tweerigtingskakel tussen die publiek en die Regering gedien. 'n Daaglikse opsomming van berigte in die pers is deur die Buro saamgestel. "This report was circulated to Cabinet Ministers and a limited number of officials. Where it was thought advisable, the attention of the responsible Minister or head of the Department was drawn to a specific complaint or grievance ventilated in the Press" (III, The Nongqai, June 1942, p. 647).

Die Buro het ook van tyd tot tyd advertensieveldtogte deur die pers geloods (I, Hansard, 1942, dl. 44, kol. 5438). Hieroor het die Potchefstroomse Herald die volgende opgemerk: "While pursuing a policy of sheer insult and vindictiveness against General Smuts and the present National Government some papers have no scruples about accepting Government advertisements" (aangehaal <u>in</u> III, The Forum, 10 Aug.

1940(b), p. 13).

Die volgende publisiteitsveldtogte is deur die Buro beplan en deurgevoer: "The Steel Commando Tour; The War Train; The Civilian Protective Services Campaign; The National Thrift Campaign; The 'Pull Together' Campaign; The 'Don't Talk About Ships' Campaign and The V for Victory Campaign". As deel van laasgenoemde veldtog "... the Bureau inspired the inauguration of the Morse Code 'V' symbol throughout the broadcasting system. It also endeavoured to persuade the Post Office to alter the rings on telephones to a reproduction of the Morse Code 'V'" (I, Smutsvers., band 150, lêer 69, p. 13, 14 en 17).

'N NASIONALE ADVIESKOMITEE

Hierdie advertensieveldtogte en publisiteitsveldtogte het sulke afmetings aangeneem dat mnr. Wilson gereken het hy en sy personeel het nie genoeg ervaring van al die verskillende aspekte van so 'n veldtog om dit met welslae te kon deurvoer nie (V, Onderhoud, Wilson, 1975). As oplossing vir hierdie probleem is 'n advieskomitee in die lewe geroep.

"Teen die einde van 1940 is die komitee, 'n adviserende publisiteitskomitee, in die lewe geroep, en dit het bestaan uit 'n aantal deskundiges in die verskillende rigtings van publisiteit, die pers, die radio, rolprente, advertensies, ens. Uit daardie komitee is 'n uitvoerende bestuur saamgestel wat sedert daardie tyd met gereelde tussenposes vergader het en wat enorm baie tyd en kraginspanning bestee het aan die

optrek van skemas en om advies te gee aan die buro in verband met publisiteit" (I, Hansard, 1942, dl. 44, kol. 5436).

Mnr. Sisson Cooper, hoofbestuurder van die Argus-groep, was voorsitter van hierdie komitee, terwyl brigadier Lenton van die poskantoor en Louis Esselen ook daarin gedien het. Mnr. W. van Heerden was die Afrikaanse pers se verteenwoordiger. Mnr. B.J. Schoeman het heftige kritiek teen hierdie komitee gehad. (Vgl. I, Hansard, 1942, dl. 44, kol. 5195-5196).

BUITELANDSE BELEID VAN DIE UNIE

Soos reeds aangetoon, was die doelstellinge en funksies van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens in hierdie tydvak hoofsaaklik binnenslands gerig. Tog sou dit reeds vroeg in die oorlog blyk dat die Buro ook in die buiteland sekere funksies kan verrig. Dit sou egter saamhang met die Unie se buitelandse beleid of gebrek aan 'n spesifieke buitelandse beleid.

"One of the questions that will have to be faced sooner or later in the Union will be that of a more independant role in external affairs. Hitherto our say in international affairs has been deliberately softpedalled. Successive Prime Ministers have held the portfolio of External Affairs and have sharply discouraged any inclination to discuss the Union's relationship with other lands. No sort of public opinion on world affairs has ever been created in South Africa and not the slightest interest is dis-

played by Parliament in the activities of our Department of External Affairs" (III, The Forum, 13 Dec. 1941, p. 4).

Daar is tot groot hoogte op Brittanje gesteun sover dit die bepaling van Suid-Afrika se buitelandse beleid betref. Genl. Smuts se standpunt ten opsigte van die Statebond blyk uit 'n artikel van hom wat in die Amerikaanse tydskrif Life verskyn het. Die Buro het hierdie artikel net so oorgeneem in sy nuusbrief van 27 Des. 1942.

"Coming now to the British Empire and its colonial system, it is first of all necessary to get rid of ancient prejudice about the subject ... The fact, however, is that when today we talk about the British Empire it is not the same thing as the British Empire of bygone times. That old Empire is dead, it died at the end of the nineteenth century. It founds its grave in the Boer War.

"The Boers thus rendered the British people a priceless service which they repaid by the return service of restoring free self-governing institutions to the conquered people within a few years after the British victory; and within eight years thereafter South Africa was a united country, with full self government, and in due course with sovereign status in the world. This surely does not look like the old British Empire, but like an entirely new thing, animated by a new attitude towards human liberty. And, indeed, today it is the widest system of organised human freedom which has ever existed in history" (I, Inligting-

Argief, band 1/1/26, nuusbrief 162).

Hierdie standpunt van genl. Smuts, wat heftig deur die Opposisie teengestaan is, sou grootliks sy siening van Suid-Afrika se posisie in die groter Statebond opsom. Dit verklaar ook waarom genl. Smuts nie die Nasionale Party se strewe na groter vryheid en onafhanklikheid kon verstaan nie. As 'n onafhanklike deel van 'n groter Britse geheel was genl. Smuts tevrede met Suid-Afrika se posisie. Dit sou egter ook 'n invloed op die uitbreiding van die Buro se werksaamhede in die buiteland hê. Uitbreiding na die Statebondslande is hierdeur eerder gedemp as aangemoedig.

## DIE BURO EN DIE BRITSE STATEBOND

Met die uitbreek van die oorlog was mnr. H.M. Moolman as "persrelasiesbeampte" by Suid-Afrikahuis in Londen, die enigste persoon in die buiteland wat met inligtingwerk soos dit in hierdie studie verstaan word, besig was. Hy het steeds onafhanklik gewerk en was op geen wyse aan die Inligtingsburo in Suid-Afrika verbonde nie (V, Onderhoud, Moolman, 1977).

Die Buro van Inligting sou nie uit sy eie in die buiteland betrokke raak nie. Mnr. Wilson verduidelik dit soos volg: "The activities of the Bureau under this heading (Foreign Relations) originated shortly after the outbreak of war, when requests were received from South African diplomatic representatives for a weekly newsletter about South African affairs and the development of the Union's war

effort" (I, Smutsvers., band 150, lêer 69, p. 4).

Mnr. Moolman is hierna uit Suid-Afrika van inligting voorsien, hoewel hy nie aan die Buro nie, maar wel aan die Departement van Buitelandse Sake verbonde was. In Londen moes hy dikwels onder "Blitz"-toestande werk (III, Crellin, 1953, p. 69). Sy werksaamhede het hoofsaaklik skakeling met die Britse pers behels van wie hy baie goeie samewerking gehad het. Die hoofdoelstelling met sy werksaamhede was om Brittanje en die Statebond uit Londen bewus te maak van Suid-Afrika se oorlogspoging en hulle van tyd tot tyd op hoogte te hou met nuwe oorlogsontwikkelinge in Suid-Afrika (V, Onderhoud, Moolman, 1975).

Op 8 November 1939, 'n maand ná mnr. Wilson sy nuwe pos aanvaar het, kon hy reeds aan die Kabinet verslag doen van die Inligtingsdiens se funksies ten opsigte van die buiteland:

"e) The inauguration of a Daily Cable News Bulletin to South Africa House, London, in respect of urgent news of importance.
"f) Arrangements for the supply of suitable photographs for publicity purpose in London.
"g) The despatch, once a week, of Press cuttings and a news summary to the Press Relations Officer, London" (I, Smutsvers., band 132, lêer 10).

Inligting is ook met die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika uitgeruil, terwyl 'n nuusbrief aan die Britse Inligtingsdiens se kantore in Japan en Argentinië gestuur is vir verdere verspreiding (I, Smuts-

vers., band 132, lêer 10 en band 142, lêer 26).

Die samewerking van Statebondslande was van so 'n aard dat die Suid-Afrikaanse persskakelbeampte in Londen gratis van alle geriewe van die Britse Minister van Inligting gebruik kon maak. "Mr. Mockford reports, however, that the end of the war 'will probably seriously modify that happy position'. Post-war prospects are very vague, being subject to decisions yet to be reached as to whether the Empire Information Service of the British Ministry of Information is to be maintained, with the Dominions' Public Relations Officers serving on its committee and supplying material ..." (I, Unie van S.A., 1945(a), p. 98). Hieruit kan afgelei word hoe nou met Brittanje en die res van die Statebond saamgewerk is.

Londen, as die plek waar die eerste Suid-Afrikaanse buitelandse Inligtingsbeampte aangestel is, sou later ontwikkel tot een van die grootste en aktiefste Suid-Afrikaanse Inligtingskantore in die buiteland (III, Jaarverslag 1974, p. 36-38).

UITBREIDING IN DIE BUITELAND; DIE V.S.A.

As gevolg van genl. Smuts se standpunt en siening van die Statebond sou die Buro van Inligting nie na Statebondslande uitbrei nie. Die belangrike rol wat die V.S.A. in die internasionale politiek begin speel het, is egter besef. In Oktober 1942 is mnr. Moolman na Washington verplaas as die eerste Suid-Afrikaanse pers- en openbare skakelbeampte in die

V.S.A. Sy plek in Londen is op 14 Oktober 1942 deur Julian Mockford gevul. Mnr. Mockford was voorheen aan die Londense personeel van die Johannesburgse Star verbonde (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1415 en V, Onderhoud, Moolman, 1977). Hierdie eerste uitbreiding van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens in die buiteland sou voortgesit word totdat die Departement in 1976 19 kantore in verskillende lande van die wêreld gehad het (III, Jaarverslag, 1976, p. 10).

Mnr. Moolman beskryf sy werksaamhede in die V.S.A. soos volg:

"I remained for some years as a 'salesman without a factory' in view of the meagre information material received from South Africa, but nevertheless succeeded in covering a good deal of ground in feeding South African information to newspapers and columnists, addressing gatherings in many of the States, frequent broadcasts over radio stations, and later regularly distributing a South African newsletter as material became available" (V, Onderhoud, Moolman. 1977).

Mnr. Moolman het die belangrikheid van rolprente besef en het op sy eie rolprente vir verspreiding in die V.S.A. gemaak. "He took some old footage of sequences, some from the office, some from friends and the Bureau of Information. He edited them into reels of 400 feet, and had them sounded an commentated" (III, Price, 1948, p. 15). Vir die verspreiding van

die rolprente het mnr. Moolman saam met die hoof van die Nederlandse inligtingsdiens 'n verspreidingsagentskap bekend as "Films of the Nations" gestig. Verskeie ander lande se inligtingsdienste het later hierby aangesluit en die Amerikaanse televisie-maatskappye was op 'n tydstip selfs bereid om hierdie rolprente by hierdie agentskap te koop (III, Price, 1948, p. 15).

Die Buro van Inligting in Suid-Afrika het mettertyd nouer met die oorsese verteenwoordigers begin skakel en sodoende vir hulle van groter nut geword. So het die Buro in 1940 reeds onderneem om mnr. Moolman van stof te voorsien vir Suid-Afrika se uitstalling by die New Yorkse Wêreldskou (I, Smutsvers., band 144, lêer 16).

Mnr. Moolman se doelstelling in die V.S.A. was om ook die Amerikaners bewus te maak van Suid-Afrika se oorlogspoging en veral om hulle op hoogte te hou met hoe die goedere wat die V.S.A. aan Suid-Afrika gestuur het vir sy oorlogspoging, aangewend word (V, Onderhoud, Moolman, 1977).

Die verhouding tussen Suid-Afrika en die V.S.A. in hierdie tydvak kan as gevolg van verskeie redes as goed beskryf word. "South Africa's principal land force participated in the Italian campaign as part of the United States Fifth Army. Some of the Union's air units also served under U.S. command. Then, too, there were many American ships which put into South African ports during the war, thereby establishing

a small but further contact between the two countries. Thus, Americans rubbed shoulders with South Africans and appreciated their contributions to the common cause. Racial questions did not yet impinge on the spirit of kinship that was then acknowledged" (III, Meyer, 1973, p. 18).

Nieteenstaande die goeie verhouding tussen die lande het daar toe reeds negatiewe en verdraaide artikels oor Suid-Afrika en veral oor die Afrikaner in die V.S.A. verskyn. In Mei 1943 het daar byvoorbeeld 'n artikel oor Suid-Afrika in "Life" verskyn waarin die Afrikaners as somber Boere beskryf word met "N.G. Kerk-priesters wat masjinerie met agterdog bejeen as duiwelswerk" (III, Die Huisgenoot, 27 Augustus 1943, p. 7). Hierdie verdraaiings sou na die Tweede Wêreldoorlog steeds groter afmetings aanneem.

Die V.S.A. sou later so belangrik word vir Suid-Afrika in sy inligtingspogings in die buiteland dat die Departement van Inligting in 1976 reeds drie afsonderlike kantore naamlik in New York, Washington en Los Angeles in die V.S.A. gehad het (III, Jaarverslag, 1976, p. 11).

## AFRIKA

Afrika sou in die sewentiger jare 'n belangrike prioriteitsgebied van die Departement van Inligting word. (Vgl. hfst. 9). Genl. Smuts het egter in die oorlogsjare reeds Afrika as 'n belangrike prioriteitsgebied waarin Suid-Afrika 'n rol moet speel, bestempel.

"General Smuts's appeal has a quite different foundation. It is based on a deep realisation of the place that Africa will, and must, in future play in the lives of every one of the citizens of the Union. The point at issue is not whether we care to co-operate with other African territories by military alliances or casual conferences on this technical problem or that; or whether we will deign to interest ourselves in the affairs of these African territories. The point at issue is that we will, whether we like it or not, play a part in the development of Africa; the only question which we have to decide is whether that part shall be realistic and constructive or isolationist and destructive" (III, The Forum, 30 March 1940, p. 1).

The Forum het soos volg op genl. Smuts se toespraak in Maart 1940 gereageer: "Undoubtedly the most important event in South Africa last week was General Smuts's stirring speech at the opening of the Witwatersrand Agricultural Show. In our opinion that speech will mark a turning point in the history of this country. The time will come when it will be recognised as such not only in the Union but in Africa as a whole" (III, The Forum, 30 March 1940, p. 1).

Hoewel genl. Smuts se woorde as profeties beskou kan word, moet dit teen die agtergrond van 'n koloniale Afrika waarin onafhanklike state geensins voorsien is nie, beoordeel word. Dit sou egter 'n besliste invloed op die Buro se werksaamhede hê.

Uit 'n verslag wat mnr. Wilson op 21 Mei 1942 aan genl. Smuts voorgelê het, kan die omvang van hierdie werksaamhede afgelei word. Hy begin die verslag soos volg: "More than eighteen months ago the Prime Minister approved the suggestion that more concentrated publicity for the Union should be carried on in neighbouring Africa territories; and in terms of that decision, the Bureau now performs the following functions:" Hierna noem hy 22 verskillende bedrywighede van die Buro in Afrika op (I, Smutsvers., band 150, lêer 69, p. 4-6). Dit sluit onder andere die samestelling van nuusitems en nuuskommentaar in Frans en Portugees in. Hierdie materiaal is dan weekliks per lugpos of telegram na die ou Lourenco Marques, Lobito, Leopoldstad en Brazzaville gestuur om deur hulle radiostasies uitgesaai te word. 'n Soortgelyke diens is in Engels na Mauritius gestuur vir uitsendings van daar na Madagaskar. Nuusbriewe wat oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede gehandel het, is ook na 'n groot verskeidenheid koerante in Afrika gestuur vir publikasie. Portugese nuusbriewe is na Noticas in Lourenco Marques, die Beira News en vyf verskillende koerante in Angola gestuur. Franse nuusbriewe is na ses koerante in die Belgiese Kongo gestuur en ook na Brazzaville. 'n Engelse nuusbrief is aan die Uganda Herald, die Mombassa Times, die tydskrif New Rhodesia en die East African Standard in Nairobi gestuur.

Punt "L" van die verslag lui byvoorbeeld soos volg:

"Compiles and sends by air to Egypt the following:

i) a weekly newsletter for publication in 'Parade' and 'Eaforce News' (Nairobi);
ii) news items for the 'Egyptian Gazette';
iii) weekly commercial newsletter for the 'Egyptian Mail';
iv) weekly news items in French for 'La Bourse Egyptienne';
v) weekly newsletter for the 'Palestine Post'"

(I, Smutsvers., band 150, lêer 69, p 4-6).

In hierdie tydvak het Suid-Afrika met ongeveer 17 lande in die wêreld diplomatieke bande gehad. Dit het verskeie verteenwoordigers in Afrika ingesluit (I, Hansard, 1944, dl. 47, kol. 2147). Die Buro van Inligting het behalwe sy tydelike verteenwoordigers by die troepe in die Noorde geen vaste verteenwoordigers in Afrika gehad nie. As gevolg van die werksaamhede wat ten opsigte van Afrika gedoen is en die groter klem wat nou op Afrika geplaas is, sou die derde Suid-Afrikaanse Inligtingsbeampte sedert 1943 in Afrika geplaas word (III, Africa Report, Feb. 1966, p. 44). Van 14 Februarie 1944 was mnr. A.H.W. Steward die Buro se verteenwoordiger in Nairobi. Die vierde buitelandse Inligtingsbeampte is ook in Afrika geplaas. Op 21 Januarie 1944 is mnr. D.O.H. Holland as Openbare Skakelbeampte in Leopoldstad aangestel (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1415-1416 en I, Unie van S.A., 1945, p. 103-108).

Die doel met die Buro se werksaamhede in Afrika het mnr. Wilson soos volg gestel: "It is to tell other countries, and particularly our neighbours in Afri-

ca, what sort of people we are and what we are doing, in the belief that if they know us they will have goodwill towards us, and the cultivation of that goodwill, particularly in the States of the African continent, is a matter of major policy with the Government" (I, Smutsvers., band 153, lêer 54).

Mnr. Wilson het die Buro se belangrikste doelstellinge in hierdie tydvak opgesom as die verspreiding van inligting in die buiteland oor Suid-Afrika se oorlogspoging en die uitdra van die Regering se Pan-Afrikabeleid na Afrika. (V, Onderhoud, Wilson, 1975). Hieruit kan afgelei word hoe belangrik Afrika as 'n prioriteitsgebied van die Buro beskou is.

Mnr. Gerhardt Jooste, latere Sekretaris van die Departement van Buitelandse Sake, skryf oor hierdie oorlogstydvak soos volg:

"Samewerking met Afrikagebiede het egter sy grootste stukrag in die Tweede Wêreldoorlog gekry. Suid-Afrika het opnuut bewus geword van sy Afrikabure. Verder het die noodsaaklike militêre samewerking met die owerhede in die betrokke gebiede tegniese, wetenskaplike en maatskaplike probleme laat ontstaan wat 'n groter behoefte aan plaaslike samewerking meegebring het, veral aangesien van die gebiede van hul metropolitaanse regerings afgesny was" (IV, Jooste, 1977, p. 210).

Die verhoudinge tussen Suid-Afrika en Afrika sou ná die Tweede Wêreldoorlog om verskeie redes algaande versleg totdat daar in die laat sestiger- en vroeë sewentigerjare opnuut pogings aangewend sou word om

die verhoudinge te verbeter. (Vgl. hfste. 9 en 10).

DIE ROLPRENTAFDELING

Die maak van rolprente is aanvanklik nie as een van die funksies van die Buro van Inligting gesien nie. Thelma Gutsche het die Regering hieroor gekritiseer deur te verwys na die probleme wat Brittanje ondervind het:

"It is to be hoped that South Africa herself will not fail to learn a lesson from this tragic omission (verwysende na Brittanje). Total war means the meeting of every weapon. If the enemy employs the film as propaganda, we must do likewise ... Possibly ... we shall see modern analogues of With Our Boys in German East and the other fine films taken by African Film Productions during the last war" (III, Gutsche, 1940, p. 18).

Mnr. Leon Schauder, 'n bekende jong rolprentvervaardiger, het in hierdie tyd ook sy dienste aan die Regering aangebied. Hy het toe net 'n toekenning gekry vir 'n rolprent van hom wat oorsee versprei is. "Mr. Schauder ... emphasises the extraordinary ignorance of the British public concerning South African affairs (many people believe that the Union has maintained a state of neutrality).

"In common with many others with the country's interests at heart, he is most anxious to produce films depicting the war effort in South Africa for showing overseas ..." (III, Schauder, 1940, p. 4).

Of die kritiek of die aanbod van mnr. Schauder enige invloed op die daarstelling van 'n rolprentafdeling gehad het, kan nie bepaal word nie. Volgens mnr. Wilson het verskeie ander gebeure aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n rolprentafdeling as deel van die funksies van die Buro van Inligting. Die Suid-Afrikaanse hoë kommissaris in Londen het in Junie 1940 gevra dat 'n rolprent gemaak moes word wat die Suid-Afrikaanse oorlogspoging weerspieël. In dieselfde tyd is besluit om 'n rolprentfotograaf aan te stel om die optrede van die Suid-Afrikaanse magte in Kenia te verfilm. Die Britse Ministry of Information het ook begin om groot getalle propagandaprente vir vertoning na Suid-Afrika te stuur. Die Buro het opdrag gekry om die verspreiding van hierdie rolprente te hanteer. Al hierdie faktore het daartoe gelei dat 'n selfstandige filmafdeling as deel van die Buro tot stand gekom het.

"Since then the importance of the film as propaganda medium has been recognised by the Government and, in consequence, the work of the Film Section of the Bureau has exanded enormously" (I, Smutsvers., band 150, lêer 69, p. 10).

Op 31 Julie 1940 is die Buro se eerste rolprent "Fighters of the Veld" vrygestel. Thelma Gutsche het soos volg hieroor geskryf:

"Long overdue, this short documentary (or 'review', as it is called) is at least a gratifying example of the authorities' decision to make use of one of the most powerful instruments of propaganda of the pre-

sent age".

"An Afrikaans version will shortly be released, and the English version will be distributed in Great Britain, Canada, Australia, Kenya, Rhodesia and other of the dominions and colonies. It is therefore regrettable that, from every angle, Fighters of the Veld is a rather unremarkable film ...

"It is to be hoped that the Bureau of Information will not approach the question of film propaganda haphazardly. The material is there; (some of the shots of marching troops in Fighters of the Veld could be used with enormous appeal but audiences look at them quite coldly) ..." (III, Gutsche, 1940, p. 17).

Mej. Gutsche wat bogenoemde kritiek oor die Buro se rolprente geskryf het, is op 1 Februarie 1941 as hoof van die Buro se rolprentafdeling aangestel (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1414).

Ná "Fighters of the Veld" is 'n hele reeks ander rolprente deur die Buro gemaak. Van hierdie rolprente is uitgeruil met lande soos Nieu-Seeland, Kanada, Australië en Indië. Uit die volgende titels kan afleidings gemaak word van die tipe rolprente wat gemaak is: Springbok trek North; With Smuts in East Africa; Sinews of War; Road to Victory; Technical Training; Air Commando; Call to Arms; Historic Document; Sidi Rezegh; ens. (I, Smutsvers., band 150, lêer 69, p. 12). Mnr. Wilson wys daarop dat die rolprentafdeling met mej. Gutsche aan die hoof ongeveer 150 verskillen-

de rolprente in hierdie tydvak gemaak het. Dit het onder andere twee rolprente in Frans en Portugees ingesluit wat vir verspreiding in Afrika gemaak is, terwyl maandelikse nuusrolprente soos Met ons manne in die Noorde en Nuus van Orals in Afrikaans in Suid-Afrika versprei is (V, Onderhoud, Wilson, 1975).

Mnr. Wilson het in 'n verslag aan die einde van die oorlog mej. Gutsche se vermoëns baie hoog aangeslaan: "I assert as unchallengeable that Miss Gutsche is unique in South Africa, and it would be lamentable if her services were not retained and suitably remunerated. Miss Gutsche stands out as not merely the foremost but the only non-commercial expert on films - and, more particularly, South African films - in the country" (I, Unie van S.A., 1945, p. 58).

Hoewel mnr. Wilson ná die oorlog 'n lang gemotiveerde aanbeveling gemaak het dat die maak van rolprente 'n belangrike funksie van 'n Staatsinligtingsdiens is (vgl. Unie van S.A., 1945(a), p. 39-59), is die aanbeveling nie aanvaar nie en sou dit eers weer in 1952 as 'n permanente funksie van die Buro van Inligting gereken word (I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8358). Hierdie funksie sou groei tot waar die Departement van Inligting in die sewentigerjare ongeveer ses vollengte dokumentêre rolprente en heelwat meer nuusrolprente per jaar sou vervaardig. In 1976 is altesaam 1085 afdrukke van nuwe rolprente binne en buite Suid-Afrika versprei en op die televisienetwerke van 30 oorsese lande vertoon (III, Jaarver-

verslag, 1976, p. 17).

FUNKSIES TEN OPSIGTE VAN DIE RADIO

Die radio-afdeling van die Buro het uit die aanvanklike funksies van die Inligtingsbeampte ontwikkel. Die aanvanklike radiopraatjies is gedurende die oorlog uitgebrei en het in aanslag verander. Die Buro het later 'n paneel van kenners saamgestel wat elkeen oor 'n besondere onderwerp radio-praatjies kon lewer, terwyl die radio ook aangewend is om nuwe maatreëls soos die Regeringsbeleid oor petrol en rubber asook die rantsoenering van kos en prysbeheer te verduidelik (I, Smutsvers., band 150, lêer 69, p. 7-8). Kabinetsministers het ook van tyd tot tyd radiopraatjies gelewer. The Forum het hierdie praatjies verwelkom:

"The short broadcasts which are now being given regularly by Cabinet Ministers are a welcome innovation. Major Van der Bijl's timely comparison between the plans of Napoleon and Hitler to invade England was quite a tonic to people who had been depressed by reading the defeatist speeches of Opposition leaders" (III, The Forum, 10 Aug. 1940(a), p. 4).

In die oorlogsjare was daar selfs 'n geheime sender wat pro-regeringspropaganda binne Suid-Afrika uitgesaai het. Hoewel die Buro van 'n aandeel daarin verdink is, kon dit nie vasgestel word nie (I, Hansard, 1949, dl. 66, kol. 980 en dl. 67, kol. 4589 en 4914).

Die radio-afdeling het ook verskeie buitelandse funksies gehad. So het die Buro in samewerking met die S.A.U.K. Suid-Afrikaanse programme op plate opgeneem wat na radiostasies in die destydse Lourenco Marques, Lobito, Leopoldstad en Brazzaville vir uitsending gestuur is. Die Buro het ook twee keer 'n week 'n spesiale nuusbulletin na Suid-Afrika se skakelbeampte in Londen gestuur vir gebruik deur die B.B.C. in sy program "Longtime in the Laager". Die B.B.C. het dit dan ook gebruik in sy uitsendings na die Suid-Afrikaanse soldate in Egipte en Libië (I, Smutsvers., band 150, lêer 69, p. 6 en 10).

'n Groot projek wat deur die radio-afdeling van die Buro in die oorlogsjare aangepak is, was 'n radioreeks van 13 episodes oor genl. Smuts. Die doel met die reeks was om die beeld van genl. Smuts en onregstreeks ook die van Suid-Afrika in onder andere die V.S.A. te verbeter. Die reeks wat as "General Smuts the man" bekend was, is op vyf plate opgeneem en na die V.S.A. gestuur vir uitsending. Die eerste episode het soos volg begin:

"VOICE: ... Hello America - We of South Africa are presenting the first episode in the life of Jan Christiaan Smuts ...

SINGER: This is the story of Jan Christiaan Smuts,
The leader of South Africa.
With the force of his arms and the strength of his mind,
He moulded a nation from dust.

QUARTET: Jan, Jan, Jan Christiaan Smuts,
Oubaas Jan we all call him,
Jan, Jan, Jan Christiaan Smuts,
The leader of South Africa."

Hierna het 'n verteller die geskiedenis van Suid-Afrika en Jan Smuts se rol daarin begin vertel. Die reeks is soos volg afgesluit:

"NARRATOR: There he is,
Jan Christiaan Smuts,
Prime Minister of our country.
We of South Africa say of him
He is a great soldier, statesman, scientist and philosopher ...
We've spoken
The last words of this series
The life of Jan Christiaan Smuts.
Sarah Gertrude Millin wrote the series
And it was produced at Broadcast House
Thanks for listening - and when the war is over we trust we'll meet - till then, goodbye" (I, Inligting-Argief, band 1/1/74, lêer SABC, p. 1 en 7).

Uit die aanhalings hierbo kan die trant en aanbiedstyl van die reeks afgelei word. 'n Soortgelyke reeks in die sewentigerjare sal heelwaarskynlik as onnodige partypropaganda gekritiseer word. Volgens mnr. Moolman was die reeks nie geslaag in die V.S.A. nie en het sommige radiostasies net 'n gedeelte daarvan uitgesaai voor dit gestaak is. Die inhoud van die reeks is nie soseer gekritiseer as wat dit tegnies baie

swak was nie (V, Onderhoud, Moolman, 1977). Mnr. Wilson huldig egter 'n ander standpunt:

The outstanding success of the General Smuts radio serial as a method of getting publicity for South Africa supports Mr. Moolman's contention. Mr. Moolman recommends that the Bureau should supply him with similar radio recordings but on a much less ambitious scale. His proposal is that the Bureau should send to the United States single radio recordings instead of a serial in several episodes (I, Unie van S.A., 1945(a), p. 95).

Genl. Smuts het self die radio in die buiteland aangewend om Suid-Afrika se beeld te verbeter. Op 31 Oktober 1942 het genl. Smuts in 'n uitsending van Londen na België en Nederland die volgende gesê:

"Let it be known ... that we are working for your liberation, day and night, hour by hour, throughout the world - in far-off South Africa also - and may you be strengthened by the thought that what is done, even in South Africa, will finally benefit your cause also" (I, Inligting-Argief, band 1/1/26, Newsletter 154).

Hoewel die maak van radiprogramme na die oorlog nie as 'n belangrike funksie van die Inligtingsdiens beskou is nie (vgl. III, Jaarverslag, 1949, p. 28), het die huidige Departement van Inligting wel 'n afdeling wat hom met die maak van radioprogramme vir verspreiding in die buiteland besig hou (III, Jaarverslag, 1976, p. 18).

KRITIEK TEEN DIE BURO VAN INLIGTING

Nieteenstaande die reorganisasie en veranderinge van die Buro van Inligting was dit steeds aan heftige kritiek onderhewig. 'n Artikel oor die Buro in 1942 begin soos volg: "One of the most criticised and least-understood Government departments is the Bureau of Information. Ever since its inception there has been much public curiosity about its work" (III, The Nongqai, Jun. 1942, p. 647).

The Forum kritiseer die Buro in 1941 soos volg:

"When the Bureau first started, it concentrated on a pontifical denial nightly of the lies disseminated in Afrikaans from Zeesen, and continued this negative form of propaganda until public irritation called a halt. Then the Bureau completely forgot Zeesen and seemed to have decided to make itself a news agency, with its own staff of reporters, photographers and sub-editors, and its own war correspondents in the field.

"The first reform necessary is that the Bureau should drop its "news agency" ideas and make the fullest use of existing media in State publicity, leaving news-gathering to the newspapers, which are more competent at it. The second is that the Bureau should pay far more attention to Afrikaner sentiment and tradition. The third and most important is that the Bureau should use all the resources available to a State publicity department to build a true South African patriotism" (III, The Forum, 4 Oct. 1941(b),

p. 5).

Alexander Campbell kritiseer die benadering van die Buro: "It keeps on plugging the old song. After we have been fighting the Germans for almost two years, it keeps on telling us what made us do it. It is preaching to the converted, for the incurable cases - those who think we ought to be fighting the Germans - have stopped up their ears long ago. And the remainder of the audience - the converted - are getting terribly bored" (III, Campbell, 1941, p. 23).

The Forum het ook kritiek gehad op die terminologie van die Buro:

"There has been a noticeable tendency among Government propagandists of late to avoid the use of such words as 'democracy' and 'liberalism'. Indeed, an instance has come to our notice where a specific instruction was given that 'democracy' was to be avoided in the preparation of certain anti-Nazi literature 'as the word has fallen into disfavour on the Platteland'.

"Here is a glaring instance of the power of Nazi propaganda. For months past 'liberalism' and 'democracy' have been derided by the Nationalist Press. Now even those who stand for democracy are beginning to doubt their own slogans! ...

..."On the contrary we must shout 'democracy' twice for every occasion the Nationalists and their Nazi

mentors deride it. 'Democracy' and 'Liberalism' are honest and forthright terms which express precisely what a large and increasing number of South Africans stand for" (III, The Forum, 21 Jun. 1941, p. 4).

Die Buro en die Verenigde Party sou jare later beskuldig word dat hulle partypolitieke propaganda in die oorlogsjare gemaak het. Dr. J.H.O. du Plessis stel dit so: "Gedurende die oorlogsjare, toe hulle in beheer was, het hulle die Staatsinligtingsdiens nie in die eerste instansie gebruik om Suid-Afrika se saak in die buiteland te stel nie. Nee, hulle het fondse gebruik, en in baie opsigte meer fondse as wat hierdie Regering gebruik, en hulle het daardie fondse aangewend in die eerste instansie vir oorlogspropaganda. Daarteen het ek nie beswaar te maak nie. Maar wat ek wel beswaar teen maak, is dat hulle fondse wat gestem was deur hierdie Parlement, gebruik het vir partypolitieke propaganda. Hier in my hand het ek 'n dokument wat dit kan bewys (I, Hansard, 1954, dl. 84, kol. 587).

GEVOLGTREKKING

Nieteenstaande die kritiek wat teen die Buro van Inligting en mnr. Wilson uitgespreek is, moet hierdie tydvak as 'n baie belangrike tydvak in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens beskou word. Die rol wat mnr. Wilson, as oorlogstydse Direkteur van die Buro, hierin gespeel het, kan nie onderskat word nie. Hoewel hy dikwels tereg gekritiseer is vir sekere werksaamhede van die Buro

en vir sy houding en opsomming van die Afrikaner, kan hy as die grondlegger van die huidige Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens beskou word. Waar die beginsel van 'n Staatsinligtingsdiens reeds in die vorige tydvak aanvaar is, was dit mnr. Wilson se taak om nou hieraan praktiese beslag te gee. Dit lewer aanvanklike probleme soos finansiële tekorte, personeeluitbreiding en 'n doeltreffende struktuur van so 'n organisasie op. Deur die probleme te bowe te kom, het hy die plek van 'n Staatsinligtingsdiens as deel van die grotere staatsorganisasie bepaal. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog sou ironies genoeg die ideale omstandighede hiervoor bied. Met die oorlog en die noodtoestand as regverdiging kon die Buro aanvanklik foute maak en vinniger uitbrei as wat ooit anders moontlik sou wees. 'n Groot aantal funksies sou as gevolg van hierdie noodtoestand op die Buro afgedwing word. Met die oorlog as regverdiging kon daar ook met verskeie nuwe funksies geëksperimenteer word.

In hierdie tydvak sou die buitelandse Inligtingsdiens wat in die vorige tydvak tot stand gekom het en onder die Departement van Buitelandse Sake geval het, vir die eerste keer aan die Staatsinligtingsdiens verbind word. Hoewel die persskakelbeampte in die buiteland nog nie aan die personeel van die Buro verbonde was nie sou die Buro hulle wel van inligting voorsien. Hierdeur is die binnelandse en buitelandse bene waarop die latere Departement van Inligting sou ontwikkel, bymekaar

gebring.

Deur die aanstelling van drie nuwe buitelandse inligtingsbeamptes saam met mnr. Moolman wat in die vorige tydvak aangestel is, is die prioriteitsgebiede van die Inligtingsdiens ook aangedui. Deur 'n Inligtingsbeampte in Engeland en die V.S.A. elk te hê, is die belangrikheid van Brittanje en die Statebond asook van Amerika as 'n opkomende Westerse grootmoondheid erken. Die ander twee Inligtingsbeamptes in Afrika het die belangrikheid van Afrika vir Suid-Afrika aangedui. As gevolg van verskeie na-oorlogse ontwikkelinge in Afrika sou Afrika vir die volgende tydvakke op die agtergrond geskuif word om in die sewentigerjare weer 'n belangrike prioriteitsgebied te word.

Die verdere betekenis van hierdie tydvak lê daarin dat riglyne getrek is van hoe 'n Staatsinligtingsdiens in 'n noodtoestand kan optree. Verskeie van hierdie uitgangspunte en metodes sal vandag nog in 'n noodtoestand van toepassing wees. Daar kan dus heelwat uit die ervaring van hierdie tydvak geleer word.

Die Buro van Inligting is gedurende die oorlog steeds as 'n tydelike instelling gesien en meeste van die personeel is ook slegs tydelik aangestel (V, Onderhoud, Wilson, 1975). Verskeie kommissies sou na die oorlog ondersoek instel na die voortbestaan van die Buro as 'n permanente staatsinstelling. Die kommissies moes vasstel watter funksies as oorlogsfunksies moes verval en watter voortgesit kon word as Staatsinlig-

tingsfunksies in vredestyd. As gevolg van die buitengewone groei en baie bedrywighede van die Buro in hierdie tydvak was daar in die volgende tydvak 'n stewige grondslag aan die hand waarvan die toekomstige posisie van die Buro ondersoek kon word.

# HOOFSTUK 5

## 1944-1947. ONDERSOEKE EN ONSEKERHEID

Hoewel die oorlog tot aan die einde van 1945 geduur het, was dit in 1943 reeds duidelik dat die Geallieerdes die oorwinning sou behaal (IV, Van Jaarsveld, 1971, p. 252). In die lig hiervan was dit vir die Buro belangrik om te weet wat sy toekomstige posisie sou wees. Die Buro van Inligting het in daardie stadium 'n personeel van 79 gehad (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 5).
Soos aangetoon is, is die Buro steeds as 'n tydelike oorlogstydse instelling gesien en was die personeel ook meestal slegs tydelik aangestel. Vir hulle was dit belangrik om te weet of die Buro in sy oorlogstydse vorm en grootte ná die oorlog sou voortgaan. 'n Verkleining van die Buro sou die personeel regstreeks raak (V, Onderhoud, Wilson, 1975).

## DIE DE WET EN DUNN-KOMITEE

Behalwe die onsekerheid oor die toekoms van die Buro was daar ook baie kritiek op die Buro. Diè kritiek het veral van binne die staatsdiens gekom.

"In the process civil servants didn't like a civilian from outside coming in and doing jobs without going through the long process of consultation with heads of departments for instance ... Inevitably they found I was doing things, issuing statements made by the Ministers without the heads of departments being aware of it and there was a row ...

And then there was also people who felt that the Bureau was getting too big for its boots. This happened in England, it happened in every single state during the war" (V, Onderhoud, Wilson, 1975).

Aan die einde van 1943 word mnre. J.H. de Wet en J.B. Dunn aangestel "om ondersoek in te stel na die funksies van die Inligtingsburo en om uit te vind of verbeterings aangebring kon word wat sy werksaamhede betref." (I, Hansard, 1946, dl. 57, kol. 5749). Die komitee sou bekend staan as die Komitee in sake Staatspublisiteit (I, Unie van S.A., 1945(b), p. 1). Behalwe dat die komitee ondersoek na die onmiddellike probleme rondom die Buro moes instel, sou dit ook aandag aan die toekomstige posisie van die Buro gee. Die volgende opskrifte dui aan watter sake onder andere ondersoek is:

"Present and future activities of the Bureau of Information; Probable publicity requirements in the postwar period; Desirability of centralizing Government publicity through a permanent Bureau of Information;" en "The scope of Government propaganda in neighbouring African territories and in the British Dominiums and foreign territories" (aangehaal <u>in</u> V, Onderhoud, Wilson, 1975).

Die komitee se verslag is op 24 April 1944 ingedien (I, Hansard, 1946, dl. 57, kol. 5749). 'n Vorige werknemer van die Buro het soos volg oor die De Wet en Dunn-komitee geskryf:

"Dunn was formerly manager for S.A.P.A., and this

influence dominated the whole report. Whatever was said in favour of a state publicity service in one breath was virtually cancelled out by qualifying remarks in the next. It was a series of bouquets with the right hand and bricks with the left.

"At most this report visualised a peacetime Bureau (under some other name which might smell sweeter in the nostrils of the press) costing the state round about £30,000 a year" (III, Ex-pro, 1946, p. 12).

Een van hierdie "ruikers" was ten opsigte van al die kritiek wat die Buro ontvang het:

"Your committee has heard many criticisms and some denunciations of the Bureau, but seldom have these been wholly justified ... if there has been trouble, isn't it due perhaps to superb iniative and to a dynamic creative impulse." Die komitee het ook besondere lof vir die werksaamhede van die Buro. "When it comes to a record of achievement the critics are largely confounded. A vast extent of the work of the Bureau is not being appreciated ..." (aangehaal in V, Onderhoud, Wilson, 1975).

Hierdie verslag is na 'n interdepartementele kommissie verwys wat as die Smith-Bourke-Hurter-kommissie bekend sou staan (I, Hansard, 1946, dl. 57, kol. 5749 en IV, Mulder, 1975, 51-53).

SMITH-BOURKE-HURTER-KOMMISSIE (Sien bylae A, p. 535).

Die Smith-kommissie is in Julie 1944 as 'n interdepartementele kommissie aangestel met die spesifieke op-

drag om: "Die verslae van die Komitee in sake Staatspublisiteit (De Wet-Dunn) en die Filmkomitee (Celliers) en enige departementele kommentaar wat daaroor gelewer is, in oorweging te neem, en om die Regering te adviseer ten opsigte van Staatspublisiteit en die vervaardiging van films deur die Staat of met staatsbystand" (I, Unie van S.A., 1945(b), par. 2). Die komitee het as voorsitter gehad mnr. E.P. Smith, van die Departement van Binnelandse Sake, met mnre. L.C. Bourke van die poskantoor en J.S. Hurter van die Departement van Handel en Nywerheid as ander lede (II, Anon., 196-?, p. 3).

Mnr. Wilson en mej. Thelma Gutsche asook mnre. Moolman en Holland van onderskeidelik Washington en Leopoldstad was onder die getuies wat voor die kommissie getuig het. So ook mnre. De Wet en Dunn asook mnr. Louis Esselen en mnr. D.D. Forsyth, Sekretaris van Buitelandse Sake (I, Unie van S.A., 1945(b), Aanhangsel A).

Die kommissie het op 19 Desember 1944 sy verslag aan die Minister van Binnelandse Sake, sen. C.F. Clarkson, voorgelê. Die kommissie het verskeie ingrypende veranderings aanbeveel.

"U komitee is daarvan oortuig dat, hoewel daar in normale tye 'n bepaalde behoefte aan 'n klein sentrale staatspublisiteitsorganisasie bestaan, staatsdepartemente sover moontlik self met die gespesialiseerde publisiteitswerk wat met hul werksaamhede in verband staan, moet handel. Onder die omstandighede meen die Komitee dat die werksaamhede en personeel van die be-

staande Inligtingsburo aansienlik ingekort kan word" (I, Unie van S.A., 1945(b), par. 4). Die kommissie was daarteen gekant dat alle publisiteitsfunksies in een kantoor gesentraliseer word. As die aanbevelings van die kommissie aanvaar sou word, sou dit tot gevolg hê dat 'n groot aantal van die personeel ander betrekkings moes aanvaar.

Die kommissie het ook aanbeveel dat die Inligtingsburo se benaming verander word na "Staatspublisiteitskantoor". Die Direkteur van Inligting moes ook as "Staatspublisiteitsbeampte" bekend staan (I, Unie van S.A., 1945(b), par. 6 en 9). Dat die kommissie 'n klemverskuiwing ten opsigte van die Buro wou teweegbring, kan afgelei word uit hierdie aanbevelings ten opsigte van die benaming van die Buro. Die funksies moes verander van 'n inligtingsfunksie na 'n publisiteitsfunksie. In hierdie verband word onder 'n inligtingskantoor verstaan 'n kantoor wat ook op eie inisiatief veldtogte aanpak en inligting versprei waar hy dit nodig ag. 'n Publisiteitskantoor is 'n meer passiewe kanaal wat slegs opdragte uitvoer en op versoek publisiteit verskaf.

Die belangrikste bydrae van die kommissie was die omskrywing van die funksies van so 'n diens in vredestyd.

"a) Om die publisiteitsbehoeftes van die Staat te koördineer;

b) om deur bemiddeling van bestaande organisasies reëlings vir die publikasie van verklarings in sake regeringsbeleid te tref;

c) om te verseker dat die Unie se buitelandse verteenwoordigers van die jongste inligting (afgesien van 'nuus') in verband met die Unie voorsien word;

d) om beamptes van sy personeel toe te wys aan ander Staatsdepartemente om met publisiteitskemas behulpsaam te wees op dieselfde grondslag as dié waarop die Vertaalburo funksioneer; en

e) in die algemeen, om die Regering aangaande publisiteitsvraagstukke te adviseer" (I, Unie van S.A., 1945(b), par. 5).

Dié spesifieke omskrywing van die funksies deur die kommissie sou met enkele veranderinge as die amptelike funksies van die Inligtingsdiens beskou word tot met die totstandkoming van 'n Departement van Inligting in 1961 (vgl. III, Jaarverslag, 1951, p. 4 en III, Jaarverslag 1958-1959, p. 8).

Wat die buitelandse inligtingsfunksies van die staat betref, het die kommissie aanbeveel dat dit van die binnelandse funksies geskei moet word. "Die openbare relasiesbeamptes in Londen en Washington en publisiteitsverteenwoordigers in ander lande behoort, soos tans die geval is, onder die beheer van die Departement van Buitelandse Sake te bly" (I,Unie van S.A., 1945(b), par. 16).

'n Aanbeveling wat hier van belang is, is dié in verband met rolprente. Waar die oorlogstydse Buro 'n rolprentafdeling gehad het, is aanbeveel dat hierdie funksie van die Buro weggeneem word.

"U komitee beveel aan dat alle filmbedrywighede van die Staat in een sentrale eenheid gekonsentreer behoort te word wat onder die Departement van Onderwys moet ressorteer. Dit sal beteken dat bestaande eenhede ... so spoedig moontlik na voornoemde Departement oorgeplaas sal moet word" (I, Unie van S.A., 1945(b), par. 31 en IV, Mulder, 1975, p. 59-62).

Die breë aanbevelings van die Smith-kommissie is deur die Regering aanvaar (III, Ex-pro, 1946, p. 12).

KRITIEK

Nieteenstaande die verskillende ondersoeke wat na die werksaamhede en toekoms van die Buro ingestel is, het die Buro steeds meer die skyf van heftige kritiek geword. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die Buro voortgegaan het met sy propagandawerksaamhede ter ondersteuning van die oorlogspoging, terwyl die werklike noodtoestand en oorlogswoelinge in Suid-Afrika steeds verder op die agtergrond geskuif het.

Mnr. C.R. Swart, later Staatspresident, het sy kritiek so gestel: "Wat is die noodsaaklikheid van die Inligtingsburo vandag? Daar is geen afdeling van die staatsdiens wat in 'n slegter reuk geval het as die Inligtingsburo nie. Jy kan nie na een enkele koerant van naam in die Unie gaan, of hy nou die Regering ondersteun of die Opposisie, wat 'n goeie woord oor het vir die Inligtingsburo nie. Almal praat smalend daarvan. Toe ek onlangs die saak geopper het, het ek opgemerk dat die koerante in alle dele van die

land gesê het dat die Regering moet ingaan op die saak en aan die buro 'n end maak. Wat is die noodsaaklikheid om nog die groot som vir die Inligtingsburo hier te stem? Dit is nie die moeite werd nie ... Vir watter rede moet daar so 'n buro aangehou word wat net mense kwaad maak?" (I, Hansard, 1945, dl. 53, kol. 6295).

Mnr. Paul Sauer, later Minister, het hierby aangesluit: "Ek weet nie wat hulle maak nie, maar die helfte van hul plig is die verskaffing van inligting aan die pers. Hul kollegas, of liewers die lede van die pers, noem hulle nie 'The Bureau of Information' nie, maar 'The Bureau of Misinformation'!" (I, Hansard, 1945, dl. 53, kol. 6236).

Hy het ook die pers se kant van die saak probeer stel: "Die pers sê dat hy totaal geen hulp van die buro kry nie, dat inderdaad net die teenoorgestelde plaasvind en dat dit moeiliker word vir hulle om nuus te kry, as wat dit was voordat die buro in die lewe geroep is. 'n Ander ding wat die pers nie van hou nie, is die sogenaamde 'rigtingwenke' wat koerantredakteurs van tyd tot tyd van die buro ontvang. Hierdie rigtingwenke is 'n aanduiding vir die redakteurs wat hulle behoort te publiseer en wat die standpunt is wat hulle in verband met sekere dinge moet inneem. Watter reg het hierdie buro om aan die koerante te sê watter standpunt hulle moet inneem en wat hulle moet publiseer? Dit is nie hul taak nie; dit is nie die doel waarvoor hulle daar is nie ..." (I, Hansard, 1945, dl. 53, kol. 6237).

Mnr. C.R. Swart het in sy kritiek die verskillende bedrae wat aan die Buro bestee word, met mekaar vergelyk. "Dit is nog alles behalwe die wat ek netnou genoem het. Wat is hul salarisse? Wat kos dit alles?" (I, Hansard, 1945, dl. 53, kol. 6295).

Uit die verskillende punte van kritiek kan afgelei word watter funksies van die Buro irriterend was en aanleiding tot sy ongewildheid gegee het. Die Minister van Binnelandse Sake, sen. C.F. Clarkson, het op die kritiek geantwoord: "Die Inligtingsburo is nie 'n sensordepartement nie. Dit is 'n departement wat in die lewe geroep is om propaganda in oorlogstyd te bevorder. Slegs een-sesde van die werk is perswerk. Die res is propaganda in die buiteland, en hul werk is deur die pers waardeer" (I, Hansard, 1945, dl. 53, kol. 6268 en IV, Mulder 1975, p. 54-57).

Die belangrikheid van die verskillende punte van kritiek teen die Buro lê verder daarin dat dit die agtergrond en klimaat waarteen die verskillende ondersoeke na die toekomstige funksies van die Buro gedoen is, aandui. Ook help dit verklaar waarom die Buro in hierdie tydvak amper tot niet gegaan het.

<u>VERSLAG VAN MNR. A.N. WILSON</u> (Sien bylae B).

Die kritiek uit verskillende oorde asook die Smith-kommissie se aanbevelings het tot 'n derde verslag gelei.

"In answer to the Smith report there came, as a farewell gift by the retiring Director of Information, Mr. A.N. Wilson, a 230-page (foolscap typed)

report on the future and functions of the peacetime Bureau. Herein the Smith report's recommendations were examined and regurgitated in the light of the Director's practical experience" (III, Ex-pro, 1946, p. 12). Die opskrif van sy verslag het gelui: "Report on future organisation and functions of the Bureau of Information". Mnr. Wilson het 'n verpligting teenoor die personeel van die Buro wat hom so getrou bygestaan het gedurende die oorlog, gevoel. Met sy verslag wou hy probeer om hulle toekoms te beveilig asook voorkom dat die Buro, wat hy met soveel moeite opgebou het, tot niet gaan. Die doel van die verslag sit hy soos volg uiteen: "The Government having decided to accept the report of the Smith Committee, it is my duty to submit a comprehensive report containing recommendations for the reconstitution of the Bureau of Information" (I, Unie van S.A., 1945(a), p. 1).

Mnr. Wilson het met verskeie aanbevelings van die Smith-kommissie nie saamgestem nie. "They were men of limited outlook. There was not a single man there who had a Public Relations background" (V, Onderhoud, Wilson, 1975). Wat die benaming van die Buro betref, het mnr. Wilson gesê: "Its function will be to provide 'information' not 'publicity' (tourist organisations will handle 'publicity'). The word 'publicity' has a nasty tang of propaganda and commercialism. If any changes are made it would be better to designate the Bureau the 'South African Government Information Service', rather than 'State Publi-

city Office', but I recommend that no change should be made at all" (I, Smutsvers., band 163, lêer 1, p. 2).

Waar die Smith-kommissie aanbeveel het dat die Buro verklein moet word, het mnr. Wilson aanbeveel: "... that if it is laid down as a matter of policy that the peacetime Bureau must be a 'small' one, that must be taken as measuring 'small' as compared with similar State organisations in other countries and not - as has been wrongly assumed - small in comparison with the wartime Bureau" (I, Smutsvers., band 163, lêer 1, p. 1). Hy het dit toegelig deur aanbevelings oor die personeelgrootte van 'n toekomstige Buro te doen. "It will be seen that, whereas the existing staff establishment of the Bureau provides for 77 posts, my recommendations involve an increase in that staff to 91 posts during the transitional period, and a subsequent establishment of 83 posts for normal peacetime working" (I, Smutsvers., band 163, lêer 1, p. 9).

Wat die begroting van die toekomstige Buro betref, het mnr. Wilson ook verskil: "Whereas the Smith report speaks diffidently of a small Bureau spending around £30,000 or so a year, the Wilson report envisages an annual budget of at least £130,000. (III, Ex-pro, 1946, p. 12).

Van die vyf spesifieke doelstellinge wat die Smith-kommissie vir 'n vredestydse Buro voorgestel het, is die derde doelstelling in hierdie studie ter sake.

Dit het soos volg gelui: "Om te verseker dat die Unie se buitelandse verteenwoordigers van die jongste inligting (afgesien van 'nuus') in verband met die Unie voorsien word" (I, Unie van S.A., 1945(b), par. 5).

Mnr. Wilson het in sy verslag soos volg hierop gereageer: "The phrase 'information (as distinct from news)' would, on the face of it, exclude films, radio recordings, photographs, exhibitions and a variety of other material and would limit the Bureau's foreign services to the provision of a few 'background' articles for the information of South Africa's publicity representatives outside the Union. Such a limitation would reduce those representatives in Africa and overseas to complete frustration and stultification: there would be no justification for their continued existence as publicity representatives" (I, Unie van S.A., 1945(a), p. 18).

Hierna het mnr. Wilson in sy verslag die belangrikheid van rolprente, uitstallings, radio-opnames, brosjures ens. vir verspreiding oorsee aangetoon en die hoop uitgespreek dat die Smith-kommissie die toekomstige werk van die Inligtingsdiens in die buiteland nie so beperkend bedoel het as wat dit uit die doelstellings voorkom nie (I, Unie van S.A., 1945(a), p. 18-39).

Ten einde te verseker dat sy verslag gunstig oorweeg sou word, het mnr. Wilson 'n stuk wat in Brittanje opgestel is oor die noodsaaklikheid van staatsinligtingsdienste in 'n moderne demokratiese staat, onder alle

Senatore, Volksraadslede en Kabinetslede versprei.

Mnr. Wilson was ook van mening dat die Buro in vredestyd slegs met welslae bestuur kon word as die houding van die Regering teenoor so 'n instelling sou verander. "A new viewpoint was needed on the state's side (which included the Department of the Interior under which the Bureau functions). Instead of looking upon the Bureau as an excrescence due to the exigencies of war it required appreciation, understanding and support" (III, Ex-pro, 1946, p. 12).

Hy het ook op die belang van 'n Inligtingsdiens in die buiteland gewys: "If the Government wants the interests of South Africa advanced overseas, it must provide the staff and the money for the publicity desired. Compared with the overseas publicity services of other members of the British Commonwealth, South Africa's effort has been negligible. If the Government wants the Pan-African idea to grow and flourish, it must provide the money and the staff for the publicity that will produce the desired result. On a cheeseparing basis no result will be achieved" (I, Unie van S.A., 1945(a), p. 4).

Nieteenstaande mnr. Wilson se omvattende verslag en aanbevelings asook sy pleidooie oor die belangrikheid van 'n Staatsinligtingsdiens in vredestyd, is sy verslag grootliks deur die Regering geïgnoreer. (III, Ex-pro, 1946, p. 12). Mnr. Wilson se verslag en aanbevelings moet as versiende beskou word. Die meeste van sy aanbevelings is in latere tydvakke uitgevoer.

Net na die oorlog, met 'n gees van besparing in die lug en sonder werklike probleme vir Suid-Afrika in die buiteland, was 'n Staatsinligtingsdiens nie so 'n belangrike prioriteit vir die Regering nie. Met die besparingsmaatreëls in die oog was die Smith-kommissie se aanbevelings wat 'n Inligtingsdiens van ongeveer £30,000 per jaar sou beteken, vir die Regering meer aanvaarbaar as mnr. Wilson se aanbevelings wat 'n diens van £130,000 sou beteken. Ná die kritiek wat die Buro moes verduur, was dit ook onwaarskynlik dat die Regering skielik 'n groot bedrag daarop sou bestee.

Dit is moeilik om te oordeel wat die posisie van Suid-Afrika in die buiteland in latere tydvakke sou gewees het as mnr. Wilson se omvattende voorstelle reeds op hierdie vroeë stadium net ná die oorlog aanvaar is.

'n Kommissie van ondersoek na die Staatsdiens het ook as deel van sy verslag in hierdie tydvak aanbevelings oor die Inligtingsburo gedoen. (I, Hansard, 1949, dl. 68, kol. 5393). Met die verskillende kommissies se aanbevelings aan die een kant en die Opposisie en koerante se kritiek aan die ander, moes die Regering nou oor die toekoms van die Buro 'n besluit neem. (Vgl. ook IV, Mulder, 1975, p. 62-64).

PERSONEEL, FINANSIES EN ALGEMENE WERKSAAMHEDE

Nadat hy 'n besondere bydrae gelewer en 'n stewig fondament vir die toekomstige Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens gelê het, het mnr. Wilson op 1 November 1945 as Direkteur van Inligting bedank (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1413). Mnr. R.H. Baker het vir die res

van hierdie tydperk as Direkteur waargeneem.

Nieteenstaande die onsekerheid oor sy toekoms moes die Buro nogtans met sekere funksies voortgaan. Waar die Regering in 1945 £44 500 vir die Buro goedgekeur het, het die Buro in hierdie jaar soveel uitgawes gehad dat byna £95 000 bestee is. Hoewel dit nie meer nodig was om publisiteit vir werwingsveldtogte te reël nie. "... there was the equally important function of selling the state's demobilisation plans to the country as a major expense on the budget.

"The 'Save Transport' and food campaigns were also big items, the costs of which had not been anticipated" (III, Ex-pro, 1946, p. 12).

In 1946 is ook begin met 'n weeklikse politieke oorsig. Die oorsig wat deur die Buro versprei is, het mnre. J.W. Patten, assistent-hoofredakteur van The Star, en D.C. Burnside, gewese redakteur van Burnside's Weekly, as medewerkers gehad. Ná 1948 het onder andere mnre. P.A. Weber en S.W. Pienaar, hoofredakteur en assistent-hoofredakteur van Die Burger, bydraes geskryf (I, Hansard, 1952, dl. 79, kol. 6214).

Die Inligtingsdiens het in hierdie tydvak wel enkele rolprente vervaardig, hoewel die diens nie naastenby so aktief as gedurende die oorlogsjare was nie. So was daar 'n polemiek oor die rolprent "Die Bou van 'n Nasie" wat die Regering nie binne Suid-Afrika wou vertoon nie (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2727 en 1944, dl. 48, kol. 4266).

Gedeeltes van hierdie rolprent is wel in sekere Pan-Afrikaanse filmproduksies van die Inligtingskantoor ingelas (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2727).

Dr. Otto du Plessis het beweer dat die Inligtingsdiens in hierdie tydvak 'n rolprent wou maak om die 1948-verkiesingsveldtog te beïnvloed. "Hulle wou die indruk skep dat daardie kant van die Raad nou eintlik die Afrikaanssprekendes verteenwoordig, dat hulle op die pad van Suid-Afrika was en die Voortrekkers verteenwoordig. Hulle wou die kabinet destyds laat vertoon in 'n rolprentopname by geleentheid van 'n braaivleis" (I, Hansard, 1955, dl. 87, kol. 1759).

Wat die buiteland betref, was die Inligtingsdiens ook nie baie bedrywig nie. Op 'n vraag van kol. O.L. Shearer of die Regering van plan was om aan 'n internasionale tentoonstelling in Parys deel te neem en of "die Regering in aanmerking sal neem hoeveel die Unie sal baat in sy bestryding van oorsese propaganda teen die Unie by 'n uitstalling op die tentoonstelling", het die betrokke Minister geantwoord:

"Die voordeel wat hieruit vir die Unie mag voortspruit, is behoorlik in aanmerking geneem, maar met die oog op die betrokke uitgawes was dit besluit om nie met die voorstel voort te gaan nie ..." (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 1344).

WERKSAAMHEDE IN DIE V.S.A.

In hierdie tydvak was mnr. Moolman, nieteenstaande al die hindernisse, baie bedrywig. Hy was nog son-

der hulp en het hoofsaaklik op eie inisiatief gewerk. "Engaged upon the unequal task of telling 140,000,000 Americans all they should know about the Union is ... Mr. Henry M. Moolman, a former South African journalist, who working almost singlehanded over the last five years, achieved a great deal relatively and has tackled the job with much vigour and thought" (III, Price, 1948, p. 15).

Die Amerikaanse bevolking was nog baie oningelig oor Suid-Afrika. "True, many have heard of General Smuts, but they know nothing about South African politics. Nine out of ten people are under the impression that South Africa is a colony of Great Britain ...

"Schoolchildren, and even young people attending college, have pestered me with inquiries about the Union, about wild animals, jungles and warring Natives ...

"I have been asked whether we dance the same as Americans, whether we eat the same way and the same food, whether we have cinemas, and whether we go overseas to study for the professions" (III, Price, 1948, p. 15).

Mnr. Moolman het al die media in die V.S.A. probeer aanwend om Suid-Afrika bekend te stel. "It covers the release of news about South Africa and the production and distribution of brochures and bulletins, sound films and the distribution of radio programmes, which are asked for by 50 to 60 radio stations. He has dealt with the production of film strips which

have been supplied to some 5,000 schools and colleges, and he has also produced and distributed posters". Hy het ook lesings in die meeste Amerikaanse stede asook by verskeie universiteite gehou (III, Price, 1948, p. 15).

Een van mnr. Moolman se bes geslaagde projekte in die V.S.A. was 'n publikasie bekend as "South African-American Survey". Die doel met hierdie publikasie was "... the promotion of cultural and trade relationship between the Union of South Africa and the United States of America and of international understanding" (III, Cutten, 1949, p. 26).

Die publikasie het uit artikels van bekende Suid-Afrikaanse en Amerikaanse persoonlikhede bestaan en is verder met foto's, sketse, grafieke en allerlei feite en statistiek toegelig. Die publikasie was so gewild en geslaag dat die onkoste daaraan verbonde deur Suid-Afrikaanse en Amerikaanse adverteerders gedra is.

As gevolg van die vredesluiting en die stigting van die V.V.O. het genl. Smuts in hierdie tydvak baie in die buiteland gereis. Van 1945 tot November 1947 het hy sewe groot buitelandse reise onderneem. Mnr. Moolman het genl. Smuts as persbeampte op die V.S.A.-gedeeltes van die reise vergesel (I, Hansard, 1948, dl. 62, kol. 438-440 en 1952, dl. 78, kol. 3685-3693). Hieruit kan afgelei word dat genl. Smuts wel die belang van mnr. Moolman as inligtingsbeampte in die V.S.A. besef en hom dienooreenkomstig gebruik het.

In hierdie tydvak het die meeste lande ook reeds persbeamptes by die V.V.O. gehad. Mnr. Moolman het in opdrag van genl. Smuts ook hierdie rol vervul en was so persbeampte en deel van die Suid-Afrikaanse afvaardiging by die V.V.O. (V, Onderhoud, Moolman, 1977).

"In 1945 I served as press officer of the South African delegation to the United Nations founding conference in San Francisco and for several years afterwards was, as press officer of the South African delegation to the annual United Nations sessions held in New York, also being delegated as an alternate member on one occasion" (V, Onderhoud, Moolman, 1977).

By die V.V.O. het mnr. Moolman persverklarings namens die Suid-Afrikaanse afvaardiging uitgereik. Hy moes ook op 'n groot aantal pers- en ander navrae antwoord. Hiervoor is 'n spesiale kantoortjie by die V.V.O. ingerig (V, Onderhoud, Moolman, 1977).

"Mr. Moolman, in his work, has entered all the fields covered by other information offices. By a spiderweb system emanating from his 22nd floor office among Manhattan's skyscrapers he has endeavoured to reach into the homes of Americans from coast to coast; he is placing South Africa on their school desks, on their library shelves, in their lecture rooms, cinema screens and on their air waves. When television becomes accessible to the average American he will be ready" (III, Price, 1948, p. 15).

Suid-Afrika het die kleinste inligtingskantoor van al die dominiums in die V.S.A. gehad. Die Britse Inligtingskantoor het ongeveer 200 personeellede in diens gehad teenoor Suid-Afrika se enkele één. Mnr. Moolman het later drie Amerikaanse dames as assistente in diens geneem. Die Departement van Spoorweë en Hawens het ook mnr. Vic Pretorius na die V.S.A. gestuur om toerisme na Suid-Afrika te bevorder. Hy het mnr. Moolman se werklas verlig deur alle navrae oor reis en verblyftoestande in Suid-Afrika te hanteer. Daar was soveel werk en geleenthede in hierdie tydvak in die V.S.A. vir 'n inligtingsdiens dat Price opgemerk het:

"The groundwork of South African publicity in the United States has been well and truly laid, but it needs extension and development. There is enough work in the sphere of publicity in the United States for a Government Department" (III, Price, 1948, p. 87).

Omdat daar in Suid-Afrika soveel onsekerheid oor die rol en belangrikheid van 'n staatsinligtingsdiens in vredestyd was, sou mnr. Moolman nog lank moes wag voordat sy kantoor in die V.S.A. uitgebrei en hy meer hulp uit Suid-Afrika kon kry.

<u>IMMIGRASIESKEMA</u>

In Augustus 1946 het genl. Smuts 'n grootskeepse staatsondersteunde immigrasieskema aangekondig. "If I have to put our problems in their proper order, I would put first the matter of strengthening our

European population. It is no use talking about the future unless you put first of all the paramount question of our European population, this task of immigration that lies before us" (aangehaal in I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 34).

Op kritiek hierteen van veral Afrikanerkant het genl. Smuts na die goud- en diamantstormlope van die vorige eeu verwys: "All came. Good and bad. We could digest them. The result was that our European population went forward by leaps and bounds. The new population meant a great deal to the development of South Africa. Today the vast bulk of them are good South Africans. Now we are going to have a repetition of this development. I say, let us once more open our doors. We want to see a European influx into South Africa that will recreate the country.

Let us not be afraid. We shall digest them" (aangehaal in I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 35).

Die doelstelling hiermee is amptelik aangegee as die versterking van die Europese aard van die Suid-Afrikaanse beskawing, die ontwikkeling van die ekonomie en groter werkverskaffing in belang van alle groepe in Suid-Afrika (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 380). Tot watter hoogte genl. Smuts hierdeur sy eie posisie wou versterk of selfs die blankes wou versterk met die oog op die groter wordende nie-blanke probleme, kan slegs vermoed word. Die immigrante sou hoofsaaklik van Brittanje kom en geen Duitsers is toegelaat nie (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 336). Dit sou 'n bykomende las op die Suid-Afrikaanse per-

soneel in Suid-Afrikahuis in Londen plaas.

WERKSAAMHEDE IN LONDEN

In hierdie tydvak was daar dan ook heelwat kritiek op Suid-Afrikahuis in Londen. Die kritiek het gekom van Suid-Afrikaners en buitelanders wat dit besoek het. Op 23 April 1947 het mnr. C.R. Swart in die Volksraad hieroor uit die Natal Mercury aangehaal. In die aanhaling is eers die spesiale aandag en vriendelike hulp wat persone by die kantore van Kanada, Australië en Nieu-Seeland kry, geskets.

"Yet at South Africa House you arrive anytime up to 10 a.m., are formed into a queue in the entrance by a commissionaire, led one by one to the desk, where you are asked your business and whom you wish to see, and yellow forms are filled in entitling you to interview officials in various departments.

"A couple of 'cuties' do this, and you may have to sit in a chair outside one particular office and wait 15 minutes or so until the boss has finished reading his morning paper - at 10 a.m. You may not even enter the reading room until you have been given a yellow chit. South Africa is howling that she wants settlers, yet I have seen a South African rush out of South Africa House in fury and tell his taximan that the place's motto should be: 'Abandon Hope All Ye Who Enter Here'" (aangehaal in I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 3223).

Mnr. Marwick se standpunt was "dat daar heelwat ontevredenheid ontstaan het en dat dit te wyte is aan

die oormatige getal besoekers wat na Suid-Afrikahuis gaan om inligting in verband met immigrasie en sake van daardie aard" (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 3224).

Die Minister van Finansies het erken "... dat die getal navrae in verband met immigrasie in 'n groot mate die werk vermeerder het in die kantoor van Suid-Afrikahuis en dat dit aanleiding gegee het tot moeilikheid wat die personeelposisie aanbetref" (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 3225).

Daar was ook immigrante wat beweer het dat die posisie in Suid-Afrika vir hulle baie gunstiger geskep is as wat hulle dit in werklikheid hier gevind het. Hulle was ook ongelukkig oor beloftes wat aan hulle gemaak is en wat met hulle aankoms in Suid-Afrika nie nagekom is nie. (Vgl. I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 374-376 en kol. 2473).

Suid-Afrikahuis is gekritiseer vir "misleidende propaganda" en 'n gebrek aan inligtingsbrosjures en publisiteitsliteratuur. Mnr. Heaton Nicholls, Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Londen, het "...ten volle erken dat daar 'n groot tekort was aan publisiteitsliteratuur wat in Suid-Afrikahuis beskikbaar is, en in vergelyking met Kanada-huis, Australië-huis en Nu-Seeland-huis, was Suid-Afrikahuis in staat om baie min literatuur te verskaf aan mense wat navraag doen, en hy het te kenne gegee dat die fout nie aan die deur van Suid-Afrikahuis lê nie, maar aan die Unie-Regering aangesien hulle Suid-Afrikahuis nie voorsien het van die nodige publisiteitsmateriaal nie. Mnr.

Heaton Nicholls het verder die tekort van personeel beklemtoon, en dat die klas van die personeel wat in diens is, hoofsaaklik onderdane van die Verenigde Koninkryk is wat baie min kennis van Suid-Afrika het" (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2474).

Genl. Smuts het as Eerste Minister soos volg op die kritiek geantwoord: "Mnr. die Voorsitter, u sal verstaan watter moeilikhede ons ondervind. Ons het nie voldoende manne om ons werk hier in Suid-Afrika te verrig nie. Gaan vra enige Staatsdepartement, na enige Regeringsliggaam vandag, en u sal vind dat ons 'n tekort het aan mannekrag. Ons het nie die manne om die werk te doen nie, en indien ons gesantskappe in al die dele van die wêreld vestig en ons moet die taak verrig wat groot lande kan verrig, sal ons ons menslike hulpbronne te bowe gaan" (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2526).

Uit bogenoemde aanhalings kan afgelei word dat 'n belangrike doelstelling van die Inligtingsbeampte in Londen in hierdie tydvak die bekendstelling en bevordering van die Regering se immigrasiebeleid was. Die feit dat hy nie altyd daarin geslaag het nie, kan aan twee redes toegeskryf word naamlik: die Regering se erkende personeeltekort en die gebrek aan hulp en materiaal uit Suid-Afrika om hom in sy pogings te help. Altwee hierdie redes kan na die Regering se trae en selfs negatiewe houding teenoor die Inligtingsdiens se rol en belangrikheid in die na-oorlogse tye, herlei word.

SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE BELEID

Vir die deurvoering van die buitelandse beleid van die Regering in hierdie tydvak was die uitbreiding van die Inligtingsdiens of die doeltreffende funksionering nie nodig nie. Dit is dan ook nie deur die Regering aangemoedig nie.

Suid-Afrika het nog geen selfstandige buitelandse beleid gehad nie. Die beleid wat gevolg is, het tot groot hoogte van genl. Smuts se siening, en dan onregstreeks ook Brittanje se siening, afgehang.

"A high official of the British League of Nations wrote to South Africa the other day to inquire about 'those public men in your country who concern themselves with international affairs'. The reply was brief: 'There is only one - General Smuts'.

"That answer may not have been strictly accurate but at least it was symptomatic. Public men in South Africa do not concern themselves with international affairs. South Africa has no foreign policy - Parliament has never attempted to formulate one, and the two or three desultory attempts in the Assembly and Senate to discuss world relationships have been heavily frowned upon by the powers that be" (III, Cope, 1944(b), p. 5).

In hierdie tydvak het Australië en Nieu-Seeland 'n losser verhouding met Brittanje voorgestaan, terwyl genl. Smuts sterker bande en nouer samewerking bepleit het (vgl. III, Cope, 1944(a), p. 27).

"...in the post-war world - according to the Smuts

school - there was to be a new balance of power, a new system of leadership, with Russia, Britain, and the United States acting as the leaders - the custodians of peace. But Russia and the United States were each more powerful than Britain. So to balance up the leadership and maintain her authority as one of the custodians, Britain - as 'The Times' put it - must buttress up her position as a great power.

"She must gather the countries of Western Europe in close association about her. She must tighten up her parental relationship with the Dominions...

"But fortunately for the Commonwealth and the future peace of the world, all the Dominions are not so backward in foreign affairs as South Africa is" (II, Cope, 1944(b), p. 5-6).

Mnr. J.P. Cope het as redakteur van The Forum probleme vir die Statebond onder hierdie nuwe benadering voorsien.

"Under a system of 'leadership' and 'balance of power' a clash of interests within the Commonwealth would inevitably arise at some point or another. Our only hope of maintaining the family relationship is to keep the ties as loose and informal as possible and to spread consultation all round the Commonwealth, as the Australians want it done. That should be our policy at the Conference of Dominion Premiers" (III, Cope, 1944(a), p. 29).

Hierdie woorde is in 1960 bewaarheid toe Suid-Afrika om hierdie, maar ook verskeie ander redes uit die

Statebond getree het. (Vgl. hfst. 7).

Mnr. Cope het ook nie voorsien dat Suid-Afrika se standpunt op enige wyse verander kan word nie. "The United Party is too obsessed by the international prestige of its leader, too caucus-ruled, too much on the defensive in constitutional matters to venture into the sphere of foreign affairs. So that whatever councels General Smuts may proffer to the assembled Premiers in the name of the Union will originate largely in his own mind and will not be reinforced by any clear opinion in our country" (III, Cope, 1944(a), p. 28).

Die frustrasie van die opposisie blyk uit die volgende waar Die Burger aangehaal word:

"What are we doing in this mess? asked Die Burger in the first of two articles dealing with the situation in Europe. The old game of power politics was in progress in Poland and Greece even before Germany had been defeated, and the shadow of Communism hung ominously over Europe.

"Never had the mistakes of British statesmen in Europe affected South Africa more directly than now. England could still exist in a Communist world, but in South Africa European civilisation would come to an end with the advent of this system.

"Yet South Africa showed no independence of action in foreign affairs: she was merely England's 'agterryer'; Churchill and Eden determined our policy" (III, The Forum, 30 Dec. 1944(b), p. 17).

Met Suid-Afrika so regstreeks betrokke by die Britse buitelandse beleid het die Regering en genl. Smuts dit nie nodig geag om enige besondere aandag aan die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens te gee nie. Verskeie ontwikkelinge moes eers plaasvind voor dit verander het.

'n Ander ontwikkeling op buitelandse gebied wat in hierdie tydvak van belang was, was die aanknoop van diplomatieke bande met Sowjet-Rusland. Op 11 Junie 1942 het die eerste Konsul-generaal van die Sowjet-Unie in Suid-Afrika aangekom (I, Hansard, 1945, dl. 52, kol. 3370). Op 1 Maart 1945 het die Southern Africa-Soviet Friendship Congress 'n brief uitgestuur waarin hulle 'n landwye veldtog van stapel gestuur het "...om die Unie-regering te versoek om volle diplomatieke betrekkinge met die Sowjet-Unie daar te stel". Die Minister van Finansies en ander Ministers, regters en sekere Administrateurs het as beskermhere vir die Congress opgetree (I, Hansard, 1945, dl. 52, kol. 3177-3178).

Op 'n vraag van mnr. J.G. Strydom aan die Minister van Finansies of hy bewus was daarvan dat die Afrikaanse kerke en verskeie ander instellings "sterk gekant is teen en uiters verontrus is oor die bedrywighede van die Kommunisme in die Unie", het die Minister geantwoord:

"Wat ook al die houding mag wees van die liggame waarna verwys word, dit is in belang van Suid-Afrika dat die vrienskapsbande tussen hom en die Sowjet-

Unie waar moontlik gehandhaaf en versterk word" (I, Hansard, 1945, dl. 52, kol. 3178).

Soos die koue oorlog momentum gekry het, sou ook Suid-Afrika (soos later aangetoon word) in hierdie tydvak reeds probleme met kommunistiese propaganda begin ondervind.

## DIE POSISIE VAN DIE INLIGTINGSDIENS

Die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens het in hierdie tydvak 'n laagtepunt in sy geskiedenis bereik. Die Regering se aanvanklike belangstelling in die Inligtingsdiens wat uitgeloop het op die aanstelling van verskeie kommissies en die oorweging van hulle aanbevelings, het nie verder as dit gekom nie. "Die Regering van veldm. J.C. Smuts het in 1946 op die spoor van die Interdepartementele Kommissie van 1945 (Smith-Bourke-Hurter-kommissie) se verslag die Inligtingsburo met die Staatsinligtingskantoor vervang, maar sy aanbevelings het nooit in vervulling getree om aan die kantoor 'n omskrewe bestek te gee nie" (III, Jaarverslag, 1957-58, p. 5).

Op 1 Januarie 1947 is die professionele personeel van die Buro, wat tydens die oorlog 39 getel het, tot 25 verminder (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 5). Daar was nou ook net 27 administratiewe poste. In Maart 1947 was slegs 15 van die professionele poste gevul en 23 van die administratiewe poste (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 1054). Ná mnr. Wilson se bedanking is daar nie 'n Direkteur aangestel nie omdat "...'n persoon met al die nodige bevoegdhede nog

nie gevind (kon) word nie" (I, Hansard, 1947, dl. 59, kol. 12219 en dl. 60, kol. 1054). 'n Permanente Direkteur en opvolger vir mnr. Wilson sou eers in 1948 deur die Nasionale Regering aangestel word (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1409).

'n Werknemer van die Buro, wat slegs mnr. Wilson self kon wees, het die volgende onder 'n skuilnaam oor die Buro geskryf:

"What then has happened in the 12 months since Mr. Wilson departed? Is it even as Fitzgerald might have written, with the substitution of two names?

"They say the Lion and the lizard keep
The Courts where Wilson gloried and drank deep:
And Clarkson, that great Hunter - the Wild Ass
Stams o'er his Head, and he lies flat asleep.

"Yes, that is what has happened, for the last 365 days and more. The Bureau, like an unwanted war-baby, has languished on the very doorstep of Union Buildings amid the dove-loud blue gums surrounding 'Craigielea'. Neither its father (General Smuts) nor its mother (the Department of the Interior) has wished to own it. After that loud valedictory squawk of protest given by its departing Director silence has enfolded the orphan" (III, Ex-pro, 1946, p. 12).

Die verwarring en onsekerheid oor die toekoms van die Staatsinligtingskantoor het veroorsaak dat mnr. J.S. Marwick, Volksraadslid vir Pinetown, die saak in die Volksraad geopper het: "...ek wil graag aan die

Minister 'n vraag stel oor die Inligtingsburo. Twee kommissies is benoem om die toekoms te oorweeg van hierdie tak van die Minister se Departement. Ons is ten seerste in die duister aangaande die voorstelle vir die toekoms van daardie departement. Die feit is dat ek veronderstel dat dit twyfelagtig is of dit 'n toekoms het. Daar was onlangs kommentaar oor die departement, en ek veronderstel dat die pos van Direkteur vakant is. Daar is heelwat twyfel oor wat gaan gebeur, en oor wie sal benoem word. Ek dink dat dit tyd is dat die Minister 'n verklaring doen oor wat die toekoms van hierdie departement gaan wees en wat sy planne is" (I, Hansard, 1946, dl. 57, kol. 7071).

Die Minister het soos volg op die vraag geantwoord: "...ek dink datelkeen dit eens is dat 'n Informasieburo noodsaaklik is. Ons het geadverteer vir 'n direkteur teen £1 300 per jaar, en het baie aansoeke gekry in antwoord, maar nie een was geskik nie. Ons het nou geadverteer teen £1 400 per jaar met ander toelaes belopende £600 per jaar. Tensy 'n geskikte man gevind word, sal dit nie die moeite werd wees om die buro te hê nie" (I, Hansard, 1946, dl. 57, kol. 7073).

Hierdie onbevredigende posisie sou vir die res van hierdie tydvak voortduur. In Februarie 1947, meer as twee jaar ná die verskillende kommissies hulle ondersoeke voltooi en sekere aanbevelings gemaak het, het die Minister op 'n vraag oor die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse Inligtingskantore in die

buiteland geantwoord dat dit nie beoog word nie omdat die kwessie van publisiteit in die buiteland nog oorweeg word. 'n Bevoegde direkteur vir die Inligtingsdiens is toe ook nog nie gevind nie (I, Hansard, 1947, dl. 59, kol. 12219).

## MOONTLIKE REDES VIR DIE INLIGTINGSDIENS SE POSISIE

Verskeie redes kan aangevoer word waarom die Inligtingsdiens ná die oorlog nie aan die gang kon kom nie. Een daarvan was 'n gebrek aan belangstelling en aanmoediging van die verantwoordelike Minister, sen. C.F. Clarkson.

"Our state publicity organisation, if we are to have one worth the name, has to be rescued from this mangle. It needs a champion, or, to return to my earlier simile, a guardian, in the high places. Its proper guardian, Senator Clarkson, apparently refuses to own the child in its vital teething days. His Department of the Interior dutifully follows suit.

"There are many ghosts of failure to haunt the Senator when he quits the public scene. The wail of one forlorn Bureau babe may be lost in the chorus, but it will be there, make no doubt about that" (III, Ex-pro, 1946, p. 12).

'n Ander rede was die personeeltekort en besparingsmaatreëls wat ná die oorlog in die staatsdiens toegepas en ondervind is (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2526). Die belangrikste rede was egter die

algemene trae en onsekere houding van die Regering oor die rol en funksies van 'n vredestydse Staatsinligtingsdiens as deel van die moderne demokratiese staatsorganisasie. Dit was 'n probleem wat alle Westerse lande ondervind het:

"In contrast, once World War II had ended, Western governments generally failed to appreciate the effectiveness of propaganda as an instrument for wielding influence in international politics" (IV, Holsti, 1974, p. 214 en IV, Dizard, 1961, p. 36-38). Soos in hoofstuk 2 aangetoon is, was daar in meeste lande kommissies van ondersoek na hulle Inligtingsdienste ná die Tweede Wêreldoorlog. (Vgl. ook III, De Villiers, 1971, p. 16).

Namate die koue oorlog groter afmetings aangeneem het, het 'n herwaardering van die rol wat staatsinligtingsdienste in die internasionale politiek kan en behoort te speel, plaasgevind. Die ontstaan en rol van die V.V.O. in die internasionale politiek, wat die sogenaamde wêreldmening belangrik gemaak het, sou ook die ontwikkeling van inligtingsdienste aanmoedig. Behalwe die koue oorlog en die V.V.O. wat albei ook 'n invloed op die herwaardering van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens gehad het, het Suid-Afrika in hierdie tydvak ook nog spesifieke probleme met Suidwes-Afrika en die Indiërkwessie ondervind. Dit en verskeie ander redes wat hieronder behandel word, het daartoe gelei dat 'n herwaardering van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens aan die einde van hierdie tydvak plaas-

gevind het.

DIE KOUE OORLOG

Ná die Tweede Wêreldoorlog was die voortsetting van die stryd op 'n ander vlak vir die Weste 'n vreemde en onbekende verskynsel.

"Victory can be achieved as much by psychological warfare as by struggle on traditional battlefields...

"On conventional battlefields Westerners are alert and vigorous in their responses. In terms of war material, tactics and readiness, the anti-Communist nations are highly efficient and the nature of the direct military threat is understood. But the war from within finds many Westerners psychologically unprepared. Though Communists have conducted combat operations in the world for decades, many people have difficulty in recognising a subversive war campaign" (IV, Harrigan, 1965, p. 70). Hierdie koue oorlog het selfs in die sewentigerjare nog probleme vir Westerse lande geskep.

Die verwarring en selfs frustrasie van die Weste teenoor hierdie vorm van 'n woorde-oorlog blyk uit die volgende:

"The real tragedy of the relation between psychological warfare and peacetime propaganda is that some nations do not seem to have sensed that techniques and tricks which they have developed and put to good use in wartime are out of place in peacetime - just as much in the verbal as in the physical realm" (IV,

Whitton & Larson, 1964, p. 12). Die feit dat die Weste steeds 'n onderskeid tussen oorlogspropaganda en vredestydse inligtingsverspreiding of publisiteit soos hulle dit genoem het, gemaak het, het juis gelei tot die Weste se agterstand in die na-oorlogse internasionale stryd.

Genl. Smuts, wat in 1945 diplomatieke bande met die Sowjet-Unie aangegaan het, het hom in 1947 soos volg oor hierdie nuwe verskynsel uitgelaat:

"The aggressive international propaganda of today is not only bad manners and disrespect for others, but also an exhibition of intolerance approaching real unfriendliness which virtually amounts to an insidious form of aggression... What is new and perhaps even more significant, is the conscious, aggressive character of Russian Communism. Generalissimo Stalin's statement in the stress of war, that Russian Communism is not an article for export, does not correspond with facts. It is a new faith, a new gospel of man, to be spread far and wide through highly active and efficient propaganda..." (aangehaal <u>in</u> I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2472).

In hierdie tydvak sou Suid-Afrika ook reeds probleme met die aanslag en metodes van die kommunisme ondervind. Genl. Smuts het die probleme van die Regering in hierdie verband in die Volksraad uiteengesit:

"Hulle self as (Kommunistiese) party beteken niks, maar die metode is die gevaar, die stelsel van infiltrasie, die mol-metodes en ondergrondse werk. Daar vind insyfering plaas, infiltrasie en so kom hulle in ander liggame en oefen daar 'n invloed uit wat veel groter is as die getalsterkte wat hulle besit. Ons het gesien wat gebeur het met ons arbeidsunie... Ons is egter nie 'n polisiestaat nie, maar 'n staat volgens die egte model, met 'n egte liberale, demokratiese stempel. Ons kan net volgens wet handel, en die woord 'kommunis' is nie bekend in ons wet nie. Dit is 'n onbekende ding, dit is net 'n woord by ons. Ons gaan net op dade. As die kommuniste dade doen wat die wet verbreek en verwarring veroorsaak en mense in emosie bring, tree die Regering op... Dit is die moeilikheid van ons hele stelsel, ons demokratiese stelsel, dat jy gebind is deur jou eie tradisies en beginsels. Die ander man is los en kan maak en breek wat hy wil, en daar is niks om hom te keer nie" (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2525). Hierdie onmag van genl. Smuts en die propaganda-aanslag teen Suid-Afrika sou lei tot die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme (Wet 44 van 1950) en tot die sluiting van die Russiese ambassade in Suid-Afrika in 1956 (IV, South Africa, 1974, p. 99 en 372). In die sestigerjare sou dit ook lei tot maatreëls soos die 90- en 180-dae bepalings.

Hierdie koue oorlog en toename in internasionale propaganda was 'n eerste rede vir die herwaardering van

die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens aan die einde van hierdie tydvak. 'n Tweede was die ontstaan van die V.V.O. en die skielike wêreldaandag wat Suid-Afrika van die V.V.O. gekry het.

DIE V.V.O. EN MENSEREGTE

Aan die einde van die oorlog het genl. Dwight Eisenhower in twaalf radiopraatjies verskeie reëls en regulasies voorgestel oor hoe Nazisme verwoes kon word. Hierdie reëls kon in ses groepe ingedeel word, waarvan die sesde groep - "Those re-establishing religious freedom and racial equality" was. "With this aim in view... German education will be closely supervised to make sure that militarism will not be glorified, Nazism and its leaders not hero-ised, and racial prejudices not fostered" (III, The Forum, 30 Dec. 1944(a), p. 13). Hierdie nuwe gees wat menseregte voorop gestel het en rassevooroordele veroordeel het, het spoedig ná die oorlog Suid-Afrika voor nuwe probleme ten opsigte van die wêreld te staan gebring. Hoewel hierdie gees gebore is uit 'n reaksie teen Nazisme en gemik was teen Duitsland en 'n herhaling van die gebeure wat aanleiding gegee het tot die Tweede Wêreldoorlog, sou dit Suid-Afrika wees wat ná die oorlog die meeste hieronder sou ly.

Die aanhef van die V.V.O. se handves, waarvan genl. Smuts as die outeur aanvaar word, sou hierdie nuwe gees bewoord. Dit het soos volg gelui:

"Ons, die volke van die verenigde nasies, vasberade om komende geslagte te red van die vloek van oorlog

wat twee maal in ons leeftyd die mensdom ongekende droefheid besorg het, en om ons geloof in die fundamentele regte van die mens, in die waardigheid en waarde van die menslike persoon, in die gelyke regte van manne en vroue en van nasies, groot en klein, te herbevestig, ..." (IV, Jooste, 1977, p. 120).

Mnr. Gerhardt Jooste se reaksie op hierdie aanhef was soos volg:

"Mooi woorde, verhewe gedagtes! Maar as genl. Smuts maar net kon voorsien het welke verleentheid sy outeurskap van daardie vaag bewoorde geloofsbelydenis ten opsigte van die sogenaamde 'fundamentele regte van die mens' en 'waardigheid en waarde van die menslike persoon' sy eie land later sou besorg, sou hy hom ongetwyfeld nie ingelaat het met die betrokke abstrakte filosofiese algemeenhede nie" (IV, Jooste, 1977, p. 120-121).

Die handves van die V.V.O. is in sy finale vorm op 26 Junie 1945 in San Francisco onderteken, maar het eers op 24 Oktober van daardie jaar van krag geword toe die nodige getal state dit bekragtig het. Hoewel daar in die Suid-Afrikaanse Parlement heelwat bedenkinge oor die handves was, is dit tog bekragtig en het Suid-Afrika sodoende lid van die V.V.O. geword (IV, Jooste, 1977, p. 122 en 123).

"Die eerste en ongetwyfeld die belangrikste rede waarom die organisasie verhinder is om na behore te fungeer, is die 'Koue Oorlog'... In sekere sin is dit 'n botsing tussen die Sowjet en sy satelliete,

en die Verenigde State en sy politieke bondgenote. In elk geval, genoemde stryd het van 1946 af die V.V.O. aan bande gelê en alle pogings tot samewerking in so 'n mate verydel dat die organisasie omskep is van 'n 'town meeting of the world', soos oorspronklik beoog, in die belangrikste slagveld waarop die 'oorlog' gevoer word" (IV, Jooste, 1977, p. 127-128).

Genl. Smuts as wêreldfiguur en stigterslid van die V.V.O. sou ironies genoeg van die eerste slagoffers in hierdie stryd wees deurdat die Suid-Afrikaanse Indiërprobleme in die V.V.O. bespreek is. Hierna sou Suid-Afrika om verskeie redes nooit weer daarin kon slaag om uit die V.V.O.-kalklig te kom nie. Geen instelling of organisasie het waarskynlik 'n groter rol in Suid-Afrika se ongewilde posisie in die wêreld gespeel as die V.V.O. nie. As die V.V.O., met sy klem op menseregte, sy soeke na die guns van kleiner staatjies en die derde wêreld en blokvorming nie bestaan het nie, sou Suid-Afrika se posisie vandag beslis baie anders daar uitgesien het.

## DIE INDIëRKWESSIE

In 1944 het in Natal 'n probleem ontstaan deurdat sekere Indiërs huise en grond in blanke woongebiede begin koop het. Die Natalse Provinsiale Raad het daarop 'n ordonnansie goedgekeur waarin sekere beperkinge op Indiërs geplaas is sover dit die belê in en besit van grond betref. Hoewel genl. Smuts en die Kabinet die ongewone stap gedoen het om die Provinsiale Raad se besluit aanvanklik nie te aanvaar

nie, het dit tog nog wye reaksie uitgelok (III, The African World, 9 Dec. 1944, p. 162).

"A sudden storm has blown up in India in consequence of the latest attempt to settle the long-standing question of Indian penetration of European residential areas in Natal. After an angry debate in the Legislative Assembly at Delhi... retaliatory measures have been taken which are aimed at the handful of South African citizens who are resident in India..." (III, The African World, 18 Nov. 1944, p. 110).

Die Indiese Regering het die saak so ver gevoer dat Suid-Afrika deur hulle in die Algemene Vergadering van die V.V.O. aangekla is.

"Wat was nou weer die aanklag? Voorverlede jaar, 1946, was dit dat ons 'n bewind van diskriminasie voer teen die Indiërs in die Unie, en dat hierdie bewind in stryd is nie alleen met ons beweerde verpligtings ingevolge die sogenaamde Kaapstadse ooreenkomste van 1926-1927 nie, maar ook en veral met ons beweerde verpligting onder die Handves, om geen rasseverskille hoegenaamd te trek nie...

"As bewys dat ons hierdie bepalings, met hul beweerde allesomvattende strekking, oortree het, is in hoofsaak aangevoer 'n lang reeks diskriminerende wette, handelende nie net oor Uniale sake nie, maar ook oor provinsiale en selfs munisipale aangeleenthede, wat kragtens ons grondwet nie by die sentrale regering tuishoort nie, maar by die provinsiale en

munisipale bestuursliggame. Hierdie wette strek oor byna 'n honderd jaar en loop uit op die Wet van 1946 op Grondbesit van Asiate en Verteenwoordiging van Indiërs, die wet wat, soos u weet, die onmiddellike aanleiding was tot die optrede van die Indiese Regering" (III, Steyn, 1949, p. 3-5).

Die feit dat Indië sy saak probeer bewys het deur Suid-Afrikaanse wette aan te haal wat oor byna honderd jaar gestrek het, dui daarop dat dit nie Suid-Afrika was wat skielik verander het nie. Die wêreld se bewuswording van menseregte en rassediskriminasie na die oorlog het gebruike en tradisies wat oor jare in Suid-Afrika ontwikkel het, skielik onder die wêreldsoeklig laat beland.

As Suid-Afrika en veral genl. Smuts se aansien in die wêreld op daardie tydstip in ag geneem word, kan die vraag gestel word hoe Indië met so 'n klag kon slaag. "Trouens, die klagstaat was 'n gruwelike wanvoorstelling van die posisie van die Indiese gemeenskap in ons land en die behandeling wat hulle te beurt geval het.

"Nogtans het dit 'n onmiddellike reaksie teen die Suid-Afrikaanse regering uitgelok, veral omdat dit feitelik op die hakke gevolg het van die rassistiese gebeure in Nazi-Duitsland" (IV, Jooste, 1977, p. 143).

Dr. L.C. Steyn het dit soos volg gestel: "Dit was geheel-en-al eensydig gewees, wat daarop bereken was om ons slegste toestande in die allerslegste lig te

stel. Maar hul het 'n oorvloed daarvan gehad, en het dit oorvloediglik gebruik. Hul het ons rassebeleid vergelyk met die rassebeleid van Nazi-Duitsland, en beweer dat ons ook hier 'n onderdrukkende beleid voer wat berus op gewaande rassemeerderwaardigheid, soos onder die Hitler-bewind teenoor die Jode en die Pole gedoen is. Hierdeur het hulle die gees van die jongste wêreldoorlog teen ons probeer mobiliseer" (III, Steyn, 1949, p. 15). Hierdie gerieflike verbintenis tussen Nazisme en die Suid-Afrikaanse beleid sou tot in die sewentigerjare voortgesit en uitgebou word. (Vgl. IV, Burgess, 1977, omslag).

Die dubbele standaarde van die wêreld en die V.V.O. het reeds uit hierdie eerste aanval op Suid-Afrika geblyk. "India was the instigator of the vendetta against South Africa and India is herself the most vulnerable of all; there was not a single point of attack on which she herself had clean hands" (IV, Du Toit, 1969, p. 199).

Die Indiese Eerste Minister, die Mahatma Gandhi, se vorige ervarings in Suid-Afrika toe hy onder andere in die tronk was, het beslis ook 'n rol gespeel in die vete teen Suid-Afrika. So was dit ook bekend dat genl. Smuts nooit van Gandhi gehou het nie (V, Onderhoud, Du Plessis, 1977). Vier Suid-Afrikaanse Indiërs, wat die Natal Indian Congress verteenwoordig het en wat spesiale voorkeur gekry het om met die Suid-Afrikaanse Lugdiens vinniger in New York te kon wees, het agter die Indiese afvaardi-

ging gesit en hulle van advies bedien (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2429). Hulle moes ook 'n belangrike invloed op die gebeure gehad het. Genl. Smuts het soos volg na hulle verwys: "Ek is beskou as 'n spesiale pleitbesorger, 'n man wat mooi woorde kon praat, en ek het altyd hierdie here uit Suid-Afrika gehad wat om die hoeke geloer en gefluister het: 'Dit is nie waar nie; dit is nie waar nie'" (I, Senaatshansard, 30 Jan. 1947, kol. 4194).

Die aanklag teen Suid-Afrika en die skielike ongewildheid van Suid-Afrika in hierdie tydvak het vir baie Suid-Afrikaners as 'n onverwagte skok gekom. 'n Verdraaide beeld van die Afrikaner is al in die verlede die wêreld ingestuur (vgl. IV, Barrow, 1806, p. 362-403), maar as 'n Natalse probleem was dit die eerste keer dat die Engelssprekende Suid-Afrikaner regstreeks geraak is. Chester het die gevoel in Suid-Afrika in 1947 soos volg opgesom: "...the exceptionally high prestige which South Africa has hitherto enjoyed has been severely marred, not because of any new policy of restrictionism, but through an attempt to bring order to one aspect of it which for practical purposes was already in existence. The South African soldier contributed substantially to the building up of that prestige, and every true South African will deplore the development which has besmirched his good name. South Africa was little known throughout the world before the war, but the little that was known always redounded to her credit. Quite suddenly, the position has changed, not so much

by a general greater awareness of conditions in the Union, but by a bringing to the forefront of one aspect of conditions here which have been in existence almost as long as the nation has existed" (III, Chester, 1947, p. 20).

Hierdie aanval op Suid-Afrika was nie 'n eenmalige gebeurtenis nie en is in latere jare steeds uitgebou.

"Wat hierdie ongeoorloofde inmenging aanvegbaarder en laakbaarder gemaak het, was die wyse waarop Indië en sy trawante die omvang van die aanklag stelselmatig uitgebou het. Aanvanklik het dit slegs oor die behandeling van die betrokke Asiërs gegaan. Later is die beweerde mishandeling van die ander Nie-Blanke rasse in ons land bygebring totdat die aanval uitgeloop het op 'n verdoeming van die hele beleid van Apartheid.

"Die uiteindelike kulminasie van hierdie vete was die besluit in 1972 om apartheid tot 'n misdaad te verklaar. Dit is bevestig toe die Algemene Vergadering in 1973 die Internasionale Konvensie ter Onderdrukking en Bestraffing van die Misdaad van Apartheid goedgekeur het - met 91 stemme teen 4" (IV, Jooste, 1977, p.144).

Hierdie veranderde posisie van Suid-Afrika in die internasionale wêreld het regstreeks aanleiding gegee tot die herwaardering van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2561).

<u>SUID-AFRIKA, S.W.A. EN DIE V.V.O.</u>

"Die tweede en meer kritieke vraagstuk wat Suid-Afrika

se betrekkinge met die V.V.O. vertroebel het, is die kwessie van Suidwes-Afrika. Hier het die Suid-Afrikaanse regering hom deurgaans gehou by die standpunt dat die toesighoudende funksie van die Volkebond, wat die mandaat betref, nie na die Verenigde Volke oordraagbaar is nie en dat die V.V.O. derhalwe geen gesag oor die gebied het nie" (III, Barratt, 1973, p. 12).

In Oktober 1946 het genl. Smuts die V.V.O. kennis gegee dat Suid-Afrika van plan is om S.W.A. by die Unie in te lyf. Bruwer het hierdie stap van genl. Smuts "a gesture of faith" genoem. In ooreenstemming met die mandaat-opdrag is dit gedoen na al die inwoners van S.W.A. daaroor geraadpleeg is. Van die totale bevolking het 208 850 of 70 persent ten gunste van so 'n stap gestem, 33 520 of 11 persent, hoofsaaklik Herero's, was daarteen gekant, terwyl 56 790 of 19 persent van die bevolking, hoofsaaklik verspreide Boesmans en Damara's, nie geraadpleeg kon word nie (IV, Bruwer, 1966, p. 113).

Ná die terugslag wat Suid-Afrika met die Indiërkwessie by die V.V.O. gehad het, het genl. Smuts voorsorg probeer tref dat dieselfde nie met die S.W.A.-kwessie gebeur nie. In Julie 1946 het genl. Smuts mnr. Moolman persoonlik in New York opdrag gegee om 'n brosjure oor S.W.A. op te stel. Die brosjure moes voor September gereed wees om aan die afgevaardigdes by die V.V.O. beskikbaar gestel te kon word. Mnr. Moolman het hiervoor 'n besoek aan S.W.A. gebring.

Volgens genl. Smuts moes mnr. Moolman veral klem gelê het op die wyse waarop Suid-Afrika besit van S.W.A. verkry het. Ná 'n blitsbesoek en heelwat harde werk het mnr. Moolman daarin geslaag om die brosjure net betyds gereed te kry (V, Onderhoud, Moolman, 1977).

Die metode wat genl. Smuts gevolg het, het egter kritiek in Suid-Afrika uitgelok. "I have even heard it said, on first-hand authority, that the Bureau staff was actually engaged on preparing a pamphlet on South West Africa when the work was snatched out of its hands and given to Moolman. What sort of a reputation can a department build up if this is how it is treated by its own kith and kin?" (III, Ex-pro, 1946, p. 12).

Die brosjure het egter in die Volksraad positiewe kritiek uitgelok. Dr. S.J. Swanepoel het op 1 Mei 1947 die volgende gesê: "Daardie inligtingskantoor doen in baie opsigte nuttige werk, en ek wil die Minister veral gelukwens met die brosjure wat deur middel van mnr. Moolman, verstaan ek, deur die buro uitgegee is in verband met Suidwes-Afrika. Ek voel dat die Minister net druk moet uitoefen op die buro om die hoë gehalte van daardie brosjure te handhaaf. As jy kyk na 'n latere brosjure in verband met die Indiërvraagstuk, is dit uiters oninteressant en byna onleesbaar, en dit kan nie vergelyk word met die brosjure oor Suidwes nie. Die brosjure oor Suidwes is so interessant dat 'n mens geneig is om dit 'n paar keer te lees, en derhalwe het dit die effek wat beoog word"

(I, Hansard, 1947, dl. 61, kol. 3834).

Behalwe die brosjure het genl. Smuts ook ander stappe gedoen. Verskeie persone is deur hom genooi om S.W.A. voor die V.V.O.-sitting te besoek. "It will be for the delegates of the U.N.O., and particularly those with seats on the Trusteeship Committee, to judge Marshal Smuts's case for the annexation of S.W.A. in a few months. The camouflage screens of publicity are being erected by the Union Government in readiness. The Minister of the United States of America is being taken round and shown the 'Potemkin villages' in the mandated territory" (III, Roberts, 1946, p. 11).

Die Suid-Afrikaanse Regering het ook die amptenaar wat in S.W.A. in bevel van Ovamboland was, na die V.V.O. geneem om Suid-Afrika se saak te versterk. Omdat hy nie so 'n goeie spreker was nie, was dit nie so geslaagd nie (V, Onderhoud, Moolman, 1977).

Al hierdie voorbereidings en moontlike publisiteit het op die terrein van 'n vredestydse Staatsinligtingskantoor gelê. Tog wil dit voorkom of genl. Smuts hierdie sake eerder deur sy eie Departement en die Departement van Buitelandse Sake gehanteer het. Mnr. Moolman was wel lid van genl. Smuts se afvaardiging na die V.V.O. maar hy het sy brosjure oor S.W.A. opgestel sonder dat die Inligtingsdiens daarin geken is. Dat hier 'n geleentheid was om die Inligtingsdiens in vredestyd aan te wend en vir die diens om homself te bewys, kan nie betwyfel word nie.

Dit sou dan ook later as 'n argument vir die herwaardering van die Inligtingsdiens gebruik word. (Vgl. III, Ex-pro, 1946, p. 12).

Op 14 Desember 1946 het die Algemene Vergadering van die V.V.O. genl. Smuts se voorstel oorweeg.

"Die atmosfeer in die V.V.O. was egter reeds so vertroebel deur die bespreking in die Algemene Vergadering van die Indiese aanklag dat Suid-Afrika se saak 'n besonder vyandiggesinde ontvangs gehad het. Nie net het die vergadering die versoek geweier nie, maar hy het ook aanbeveel dat die gebied onder die internasionale voogdyskapstelsel geplaas en verslae oor Suidwes jaarliks aan hom gestuur word. Hierbenewens het hy aanbeveel dat enige petisies wat die regering van die inwoners van S.W.A. ontvang, ook aan hom deurgestuur word" (IV, Jooste, 1977, p. 15).

## SUID-AFRIKA IN ONGUNS IN DIE OË VAN DIE WêRELD

"Toe genl. Smuts na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy teruggekeer as 'n ontnugterde persoon. By sy terugkeer was sy woorde: 'Ons het te staan gekom voor 'n klipmuur van vooroordeel'. Toe die agb. lid vir Soutrivier (mnr. Harry Lawrence) die volgende jaar Suid-Afrika verteenwoordig het, het hy gevind dat hy ook staan voor dieselfde klipmuur van vooroordeel" (Min. Eric Louw, I, Hansard, 1957, dl. 95, kol. 7872). Genl. Smuts het onder andere hierna die V.V.O. beskryf as "a mixture of emotion, passion and ignorance" (III, Luttig, 1974, p. 126).

In 1947 het mnr. Heaton Nicholls as Hoë Kommissaris in Londen die volgende in 'n brief aan die Sekretaris van Buitelandse Sake geskryf:

"As a result of the rebuff which the Union received at the 1946 assembly of the United Nations, there has been a recrudescence of criticism of the Union in Britain" (aangehaal <u>in</u> I, Hansard, 1959, dl. 101, kol. 5873). Op 20 Februarie 1947 het mnr. Nicholls ook die volgende in 'n telegram aan die Unie verklaar:

"You will have seen from the political secretary's despatches in recent weeks the extent of the criticism of South African policy here. We have been considering how best to cope with the flood of abusive and distorted anti-Union propaganda" (aangehaal <u>in</u> I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5886). Die noue band wat tussen Suid-Afrika en Brittanje bestaan het, het Suid-Afrika gevoeliger gemaak vir kritiek uit hierdie oord.

Minister P.V.G. van der Byl het in 1946 Unieburgers die skuld gegee vir die veranderde posisie van Suid-Afrika in die wêreld. "One of the most contemptible spectacles in our history is the distorted and untrue propaganda which is being disseminated in foreign lands by Union nationals against the interests of South Africa" (aangehaal <u>in</u> I, Hansard, 1959, dl. 101, kol. 5874).

Daar het ook in hierdie tydvak artikels in Life en Time verskyn waarin 'n verdraaide beeld van Suid-Afrika voorgehou is. Volgens die artikels het 'n sekere

Strydom in Suid-Afrika nog 300 slawe op sy plaas aangehou en is nie-blankes nog geketting deur die strate aangejaag (I, Senaatshansard, 30 Jan. 1947, kol. 4199 en 4203).

In latere tydvakke sou die beskuldiging in Suid-Afrika gemaak word dat die Nasionale Party en sy beleid van apartheid die rede was waarom Suid-Afrika in onguns in die oë van die wêreld geval het. Uit bogenoemde aanhalings kan egter bewys word dat Suid-Afrika reeds voor 1948 te kampe gehad het met 'n buitelandse propagandaveldtog teen hom. Die Nasionale Party kon hierdie veldtog vererger het, maar was nie die oorsaak daarvan nie. Mnr. Arthur Barlow, bekende Parlementariër, het in 1960 soos volg hieroor geskryf:

"South Africans today in their twenties do not appreciate that this propulsion of South Africa into the international pillory began in these early days in the life of UN. Smuts was the one South African, who, one imagined at the time, would silence those critics. He was a man of world prestige; during the war he had been the darling of the Western world. Yet even Smuts could not protect South Africa from the onslaughts of her unjust accusers. How much more tremendous is the task today" (IV, Barlow, 1960, p. 69).

MOONTLIKE REDES VIR SUID-AFRIKA SE VERANDERDE POSISIE

Aan die einde van hierdie tydvak is verskeie pogings

aangewend om die redes vir die veranderde posisie van Suid-Afrika in die wêreld te ontleed. Met sy terugkeer van New York het genl. Smuts so 'n ontleding in die Senaat gedoen.

As eerste rede het hy aangevoer dat die Weste se invloed by die V.V.O. kleiner is as hulle werklike rol in die internasionale politiek. Dit kon hoofsaaklik aan die parlementêre meerderheidsbeginsel wat in die V.V.O. gebruik is, toegeskryf word. Genl. Smuts het dit so gestel:

"Daar vind in die wêreld 'n verandering plaas wat mense nie begryp nie, en dit het by hierdie byeenkoms van die Organisasie van die Verenigde Volke in New York tot 'n punt gekom. Dit ly geen twyfel nie dat wat ons die Europese beskawing, Westerse beskawing, noem, baie jare lank, geslagte lank, die toon aangegee het in die wêreld... Suid-Afrika is een van die klein spruitjies van hierdie moederkultuur van ons. Die uitstekendste, die mees briljante kultuur wat al ooit op aarde gevestig was, het uit Europa gekom. Toe ons in New York aangekom het, het ons bevind dat die wêreld aan verander was, en dat hierdie leiding in gevaar verkeer. Sake is per stemming beslis, en dit was 'n geringe getal stemme in 'n totaal van vier-en-vyftig. Ons het bevind dat die middelpunt van mag en invloed en leiding in die wêreld aan verskuiwe was..." (I, Senaatshansard, 30 Jan. 1947, kol. 4186).

Genl. Smuts het hier reeds die toekomstige probleme

van die V.V.O. ten opsigte van die groter wordende Afro-Asiatiese blok aangevoel. Die ontwikkeling wat genl. Smuts hier aangedui het, sou 'n regstreekse oorsaak wees vir die volgehoue negatiewe propagandaveldtog wat in latere tydvakke teen Suid-Afrika gevoer is. Dr. L.C. Steyn, latere Hoofregter, het op 30 April 1948 in 'n lesing by die Pretoriase Universiteit ook 'n ontleding van Suid-Afrika se posisie in die wêreld gemaak. Hy het op dieselfde ontwikkeling gewys:

"Deur die afgelope eeue van onderhorigheid heen het daar in Asië, in Afrika en in die Amerika's, in wyere kringe, 'n lang verkropte gevoel van onderdruktheid opgegaar. Die walle wat hierdie gevoel teëgehou het, is nou besig om te breek, en ons het in die middel van die vloed te staan gekom" (III, Steyn, 1949, p. 12).

Genl. Smuts het hierdie atmosfeer by die V.V.O. soos volg beskryf: "Die plek was oorheers... deur 'n intensiteit van gevoel wat ononderdrukbaar was en my argumente is nie aanvaar nie, ofskoon ek my bes gedoen het, en ofskoon ek gesteun was deur die bevoegdste regsgeleerdes" (I, Senaatshansard, 30 Jan, 1947, kol. 4189).

Hierdie emosie en koloniale ontwaking wat genl. Smuts aangevoel en dr. Steyn voorspel het, het in die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare sy volle invloed op die internasionale wêreld laat geld. Veral by die V.V.O. het dit belangrike veranderinge teweeggebring

wat 'n regstreekse invloed op Suid-Afrika se posisie gehad het.

"Aanvanklik was daar 51 lede maar einde 1976 het die getal tot 146 aangegroei. 'n Vermeerdering van 95, waarvan die oorgrote meerderheid kommunisties, Asiaties en Afrikalande is. Die gevolg hiervan is dat waar die organisasie in die begin deur Westerse of Westers georiënteerde lande beheer is, dit vandag oorheers word deur die Asiatiese en Afrikastate, bygestaan deur die kommunistiese blok. Dit verleen aan hulle die stemkrag om bepalings van die Handves feitelik na willekeur te vertolk" (IV, Jooste, 1977, p. 128-129).

'n Tweede rede, wat dr. Steyn as die belangrikste rede beskou het, was die wêreldwye klem wat op menseregte geplaas is. Hy het dit so gestel: "Die kern van die saak, beide by die Indiërkwessie en by die Suidweskwessie, was die diskriminerende rasseverskille wat in die Unie bestaan. U sal begryp dat dit 'n byna onbegonne taak is om daardie verskille te regverdig, by daardie lede van die jurie by wie hierdie tendense wel sterk aanwesig was, of selfs om hul te oortuig dat die Handves gerig is, nie teen alle rasseverskille nie, maar alleen teen rasseverskille wat inbreuk maak op fundamentele regte en vryhede, of om hulle te oortuig dat ons rasseverskil nie sulke regte en vryhede skend nie, en dat die Verenigde Volke gevolglik geen jurisdiksie besit nie..." (III, Steyn, 1949, p. 16).

Dr. Steyn het hierdie skielike wêreldwye beheptheid met menseregte as 'n regstreekse gevolg van die Tweede Wêreldoorlog verklaar. Die reaksie teen die Unie, hoe onaanneemlik dit ookal vir ons mag klink, is ook deel van 'n breër reaksie teen die verkragting van menseregte in die algemeen. In baie lande het die gevoel van die mense in opstand gekom teen die meedoënlose behandeling wat sekere minderheidsgroepe in die jongste tye moes verduur. Aan die Jode in Europa byvoorbeeld is daar daadwerklik geen bestaan gegun nie" (III, Steyn, 1949, p. 15).

Genl. Smuts het op dieselfde ontwikkeling gewys: "Daar ontstaan vandag, op 'n wêreldwye basis, 'n belangstelling in wat hulle noem menslike regte en die menslike standpunt - 'n verbasende ontwikkeling oor die hele wêreld - en ons moet dit in die oog hou. Ek wil graag hê dat ons nie uit tred moet raak met die groot ontwikkeling en met die groot vooruitgang waarmee ons eie lotsbestemming gemoeid is nie" (I, Hansard, 1948, dl. 62, kol. 89).

As 'n derde rede waarom Suid-Afrika in hierdie tydvak probleme in die buiteland begin ervaar het, is die koue oorlog genoem. Suid-Afrika het op hierdie tydstip onbewustelik in die ontwakende Oos-Wes-stryd verstrik geraak. (Vgl. I, Hansard, 1961, dl. 107, kol. 4368). Genl. Smuts het dit so gestel: "Dan het ons natuurlik ook daardie dinge waarvan ek reeds melding gemaak het, die bestaan van hierdie ideologieë wat in die wêreld uiters vernietigend is. Ons

sit daarmee opgeskeep. Ons behoort aan die Westerse geloof, die Westerse uitkyk... Hierdie verandering kom oor die wêreld, en ons voel die skok daarvan. Maar ons sal ons man staan" (I, Senaatshansard, 30 Jan. 1947, kol. 4191).

Dr. Steyn het oor dieselfde saak spesifiek na die V.V.O.-debat oor Suid-Afrika verwys. "Die mees uitgesproke steun, en ek moet daarby sê, die steun wat ook op die beste versameling besonderhede berus het, het die nie-blanke groep van die Russiese groep ontvang. Hul was in besit van 'n verbasende hoeveelheid gegewens omtrent diskriminasie in die Unie, en omtrent insidente wat daarmee in verband staan" (III, Steyn, 1949, p. 14-15). Watter aandeel die Russiese ambassade in Suid-Afrika hierin gehad het, sal nie bepaal kan word nie.

As vierde rede is die onkunde wat oor Suid-Afrika in die buiteland bestaan het, genoem. "Ons weet dat Suid-Afrika ook die moeilikheid gehad het dat mense baie onkundig omtrent ons is. Mense is onbekend met die toestande hier in Suid-Afrika. Mense dink dat slawerny nog hier voortduur, dat slawerny in die wêreld reeds 'n honderd jaar gelede afgeskaf is, maar in Suid-Afrika duur dit nog voort. Hulle dink dat ons mense hier uitbuit. Hulle dink ons het hier die minderbevoorregtes en dat ons naturellebevolking en ons kleurlingbevolking onderdruk word en ons hulle uitbuit vir ons eie ekonomiese doeleindes. Dit is die indruk wat die Wulf Sachse en baie andere - en baie van hulle is Suid-Afrikaners -

aanhou om te propageer en te versprei... Hulle hoor dit uit die mond van agb. Senatore uit hierdie agb. Huis. Hulle hoor dit van joernaliste. Hulle hoor dit uit die mond van hierdie wêreldreisigers wat hierheen kom en 'n paar weke hier deurbring, en dan boeke skrywe" (Genl. Smuts, I, Senaatshansard, 30 Jan. 1947, kol. 4190-4191).

Hierdie besef van die onkunde wat oor Suid-Afrika in die buiteland bestaan het, was 'n verdere rede wat tot die herwaardering van die Inligtingsdiens sou lei.

Die voorspellings en ontledings wat dr. Steyn en genl. Smuts in hierdie tydvak oor Suid-Afrika se posisie in die wêreld gemaak het, was akkuraat en gebeure in latere tydvakke het hulle korrek bewys. Die feit dat hierdie standpunte so kort ná die totstandkoming van die V.V.O. en nog voor die Nasionale Party se bewindoorname in 1948 gestel is, maak dit terugskouend belangrik. In latere jare sou Nasionale Party-Volksraadslede telkens na hierdie uitsprake verwys om te bewys dat Suid-Afrika nie net van 1948 af in onguns in die oë van die wêreld is nie. (Vgl. I, Hansard, 1961, dl. 107, kol. 4368 en I, Hansard, 1955, dl. 87, kol. 1755-1756).

## KRITIEK EN 'N HERWAARDERING VAN DIE S.A. STAATSINLIGTINGSDIENS

Die probleme wat Suid-Afrika by die V.V.O. ondervind het, saam met die besef van die onkunde wat oor Suid-Afrika in die buiteland bestaan het, het verskeie stemme van kritiek teen die Regering en die Staatsinligtingsdiens laat opgaan.

"The productive effort of the Bureau in this period of desertion by the state is negligible, so negligible indeed that when rush-assignments came along like the demand for a state version of South Africa's reasons for incorporating South West Africa, the Department of External Affairs summoned H.M. Moolman from New York to come and write the brochure.

"The same thing happened over the Indian question. Yet both these jobs were easily within the scope of a properly functioning Bureau, and even with its present attenuated staff from which the leading lights have disappeared the Bureau could still have coped with both tasks if only other state departments were encouraged to place confidence in it" (III, Ex-pro, 1946, p. 12).

Mnr. William Hamilton, direkteur van die Amerikaanse Inligtingsdiens se kantoor in Suid-Afrika, het Suid-Afrika se probleme in 1947 soos volg opgesom:

"It is my impression that South Africa became seriously dissatisfied with the present limited scope of its foreign information service at the time of this coun-

try's two reversals before the General Assembly of the United Nations. All of us can recall editorial and political comment here to the effect that South Africa's fortunes before the world's tribunal would have been different had the Union's unique problems been more comprehensively presented in past years. The world, it was argued by your statesmen and your editors, was not adequately appraised of your policies, your difficulties, and your relations to contiguous areas" (III, Hamilton, 1974, p. 87).

In die Volksraad het kol. O.L. Shearer op 7 Februarie 1947 sy hele toespraak aan 'n herwaardering van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens gewy:

"Met die oog op die toenemende vooroordeel en die buitengewone onkunde wat daar buite die Unie van Suid-Afrika bestaan, is dit 'n verpligting wat op die Staat rus om te verseker dat ons 'n toereikende inligtingsdiens het. Ons het gedurende die oorlog 'n Staatsinligtingsburo gehad wat gefunksioneer het met 'n personeel van 95 en wat in die omstandighede baie doeltreffend gefunksioneer het. Maar vandag het ons toegelaat dat daardie personeel tot niet gaan en die gevolg is dat die doeltreffendheid van hierdie organisasie, wat 'n baie belangrike organisasie is, enigsins benadeel is. Ons kan nie bekostig om ongeërg te wees met ons benadering van die vraagstuk van oorsese publisiteit nie, en dit is gebiedend dat ons geld bestee aan die opbou van so 'n doeltreffende inligtingsdiens as wat moontlik is. Die onkunde wat daar oorsee heers in verband met ons prestasie, is

verstommend" (I, Hansard, 1947, dl. 59, kol. 12590)

Kol. Shearer het die Departement van Binnelandse Sake en onregstreeks die Minister gekritiseer vir die toestand waarin die Inligtingsdiens homself bevind het. As oplossing het hy 'n onafhanklike Departement van Inligting voorgestel.

"Ek hou nie daarvan om dit te sê nie, maar ek meen stellig dat daar 'n gebrek is aan aanmoediging, dryfkrag en inisiatief van die kant van die Departement van Binnelandse Sake. Ek voel dat die Staatsinligtingsdiens uit hoofde van sy belangrikheid vir ons binnelandse publisiteit en ons buitelandse verhoudings, vandag die waardigheid moet besit van 'n aparte departement. Dit behoort 'n aparte eenheid te wees wat regstreeks aan die Eerste Minister verantwoordelik is" (I, Hansard, 1947, dl. 59, kol. 12592).

Hierdie versoek van kol. Shearer sou eers in 1961 bewaarheid word toe die Inligtingsdiens 'n onafhanklike Departement met sy eie Minister geword het.

Mnr. Arthur Barlow het dit so gestel: "Is daar geen kans vir die Regering om hierdie besondere inligtingskantoor uit te brei nie? Ná sy ondervinding by die V.V.O., waar een van die vernaamste redes was dat die Amerikaanse mense wat na Lake Success gegaan het, totaal geen kennis gedra het van die binnelandse sake van Suid-Afrika nie, besef die Eerste Minister tog seker die belangrikheid hiervan. Die Amerikaanse koerante het selfs van die Eerste Minister gepraat as die leier van die Nasionale Party..." (I, Hansard, 1947,

dl. 60, kol. 2560).

Daar is ook in die Volksraad gevoel dat, aangesien die Suid-Amerikaanse en Sentraal-Amerikaanse state twintig stemme in die V.V.O. het, die Regering en die Inligtingsdiens spesifieke aandag aan hulle moet gee (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2491).

Mnr. S.J. Tighy het ook gevoel dat die Inligtingsdiens in Afrika aangewend kan word: "...is daar nog die kwessie van inligting met betrekking tot ons noordelike provinsies. Ons het baie gelees en gehoor oor die idee van Pan-Afrikanisme in Suid-Afrika. Dit is 'n idee wat ontstaan het by ons groot leier, die Hoogedelagb. Eerste Minister. Hy het baie vir die verkondiging en posvatting van die idee gedoen, maar ons self het baie min gedoen om dit te bevorder... Wat sal ons doen om dit aan te help? Wat doen ons om vir daardie mense te verduidelik wie en wat ons is?" (I, Hansard, 1947, dl. 61, kol. 3819).

Genl. Smuts het op hierdie versoeke geantwoord dat daar so 'n personeeltekort ondervind word dat dit net nie moontlik is om aan al die versoeke te voldoen nie (I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2526). Die geld was ook nie beskikbaar om so iets op groot skaal aan te pak nie. "Die publisiteit wat nodig sal wees om al hierdie onkunde op 'n wêreldwye grondslag die hoof te bied, sal meer wees as wat hierdie land sal kan dra. Ons praat nou van die Verenigde State, maar dit is dieselfde in ander dele van die wêreld. Ons middels laat ons eenvoudig nie toe om 'n publieke inligtingsorganisasie te stig wat in staat sal wees om

hierdie vloed van wanvoorstellings die hoof te bied nie" (I, Senaatshansard, 30 Jan. 1947, kol. 4190-4191).

In Februarie 1948 het genl. Smuts egter 'n reorganisasie van die Staatsinligtingskantoor in die vooruitsig gestel toe hy op 'n vraag oor biblioteke by die verskillende gesantskappe oorsee geantwoord het:

"Die kwessie van die uitbreiding van sodanige biblioteke word deur die Regering oorweeg tesame met die stigting van verdere publisiteitskantore in sekere sentrums in die buiteland, asook die herorganisasie van die Staatsinligtingskantoor" (I, Hansard, 1948, dl. 63, kol. 2409). Met die oog op hierdie reorganisasie is mnr. H.M. Moolman spesiaal van New York gebring om 'n verslag met aanbevelings op te stel. Hierdie verslag het in Mei 1948 verskyn (I, Hansard, 1949, dl. 68, kol. 5393). Voordat aandag aan die aanbevelings van hierdie laaste verslag in hierdie tydvak gegee kon word, het die Nasionale Party op 26 Mei 1948 aan die bewind gekom en sou 'n nuwe tydvak vir die Staatsinligtingskantoor aanbreek.

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Hierdie tydvak kan as die onsekerste in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens beskou word. As gevolg van die uitgebreide bedrywighede van die Buro in die binneland gedurende die oorlog was baie kritiek en 'n teenreaksie ná die oorlog voorspelbaar. Die Regering is hierdeur ook gedwing om met behulp van verskillende kommissies die

vredestydse taak van so 'n diens te omlyn. Die riglyne en doelstellinge vir so 'n Staatsinligtingsdiens in vredestyd wat deur die verskillende kommissies aangedui is, moet as 'n belangrike bydrae van hierdie tydvak beskou word. Die vyf doelstellinge van 'n vredestydse Staatsinligtingsdiens wat deur die Smith-kommissie voorgestel is, sou tot met die totstandkoming van die Departement van Inligting die amptelike doelstellinge van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens bly.

As gevolg van die negatiewe houding van die Regering teenoor die Inligtingsdiens en as gevolg van Suid-Afrika se buitelandse beleid in hierdie tydvak het die Inligtingsdiens nie tot sy reg kon kom nie. Omdat Suid-Afrika nog geen selfstandige buitelandse beleid gehad het nie, is alle buitelandse uitbreiding en werklike buitelandse doelstellinge die Inligtingsdiens ontneem. As gevolg hiervan het die Inligtingsdiens nie veel in hierdie tydvak verrig nie, hoewel daar baie oor hom gepraat is.

In hierdie tydvak het verskeie na-oorlogse ontwikkelinge 'n invloed gehad op die rol wat die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens in latere tydvakke sou vervul. Die belangrikste hiervan was die ontstaan van die V.V.O. en die klem wat ná die oorlog op menseregte geplaas is. Hierdie faktore saam met die koloniale ontwaking en die sogenaamde koue oorlog het daartoe gelei dat Suid-Afrika eers met sy Indiërprobleem en later met die Suidwes-kwessie besluite teen hom by die V.V.O. gekry het. Suid-Afrika

se Indiër- en naturelleprobleme so kort na die Tweede Wêreldoorlog het hulle ook ideaal geleen om as 'n voortsetting van die Nazi-ideologie voorgestel te kon word. Hierdie onkunde oor Suid-Afrika en die skielike ongewildheid van Suid-Afrika het tot 'n herwaardering van die vredestydse rol van die Staatsinligtingsdiens gelei. Hierdie herwaardering moet as 'n belangrike tweede bydrae in hierdie tydvak gesien word.

Die belangrikheid van hierdie tydvak moet verder daarin gesien word dat die aanslag teen Suid-Afrika duidelik na vore gekom en geïdentifiseer kon word. In alle latere tydvakke sou die Staatsinligtingsdiens se doelstellinge en funksies daarop ingestel wees om hierdie aanslag teen Suid-Afrika te neutraliseer. Die inhoud van die aanslag teen Suid-Afrika sou tot in die sewentigerjare nie ingrypend verander nie (vgl. II, Mulder, 1977, p. 10-13), hoewel die vorm, die omvang en die intensiteit daarvan steeds hewiger geword het.

In die volgende tydvak kon die Nasionale Partyregering onmiddellik begin om die Inligtingsdiens uit te brei en te reorganiseer. Omdat die Regering van genl. Smuts reeds die vredestydse doelstellinge van so 'n diens met behulp van ondersoeke bepaal het en die Smuts-regering hom reeds tot die herwaardering en reorganisering van die diens verbind het, kon die nuwe Regering nie veel kritiek hieroor van die Opposisie verwag nie. Die inhoud en omvang van die aanslag teen Suid-Afrika was ook reeds duidelik, sodat

die Inligtingsdiens in die volgende tydvak hom doelgerig hierop kon toespits. Met 'n wêreld wat steeds meer negatief teenoor Suid-Afrika gestaan het, aan die een kant en 'n nuwe Regering aan die ander, sou nuwe uitdagings op die Inligtingsdiens wag in die tydvak ná 1948.

# HOOFSTUK 6

## 1948-1954. 'N NUWE BEDELING

Op 26 Mei 1948 het die Nasionale Party aan bewind gekom. Hierdie datum sou 'n nuwe bedeling op verskillende terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing aandui (IV, Van Jaarsveld, 1971, p. 259). Ook wat die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens betref, sou 'n nuwe tydvak betree word.

Reeds op 20 Augustus 1948 het die nuwe Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, hom oor die toekoms van die Staatsinligtingskantoor uitgelaat. Hy het 'n reorganisasie van die diens voorsien "so gou as wat die pos-in-bevel gevul is". Mnr. R.H. Baker was in hierdie stadium nog waarnemende hoof (I, Hansard, 1948, dl. 64, kol. 603).

## DR. J.H.O. DU PLESSIS

Op 3 November 1948 is dr. J.H.O. du Plessis as hoof van die Staatsinligtingskantoor aangestel. Hy was op daardie tydstip redakteur van die Volksblad (I, Hansard, 1953, dl. 81, kol. 1409). Dr. Du Plessis, wat aan die Universiteit van Stellenbosch sy doktorsgraad verwerf het oor die Suid-Afrikaanse perswese, was volgens mnr. Piet Meiring 'n "knap joernalis" en 'n "goeie sub". Hy was ook 'n persoonlike vriend van dr. Malan en het voor dr. Malan se troue met sy vrou, Maria, uitgegaan (V, Onderhoud, Meiring, 1977).

Ná die Nasionale Party se bewindaanvaarding het dr. Malan dr. Otto du Plessis as Suid-Afrika se ambassadeur in Nederland benoem. Die Nederlandse regering het die benoeming egter nie aanvaar nie omdat hy volgens hulle in die oorlog pro-Nazi-gesind was (IV, Bellwood, 1969, p. 53). Na bewering het dr. Du Plessis in die oorlogsjare onder andere die volgende geskryf: "The dictators, creators of the New Order, with Hitler and Mussolini in the foreground, undertook to solve both the internal and external problems... They had great success. The whole of Europe, with the exception of a few small states, has accepted the New Order" (III, Deindorfer, 1949, p. 32).

Dr. Du Plessis se benoeming het teen hierdie agtergrond kritiek en navrae in die Parlement uitgelok. Dr. T.E. Dönges het soos volg daarop geantwoord:

"Dan het die agb. lid ook inligting gevra in verband met die Staatsinligtingsbeampte. Die benoeming is gemaak sedert die Begroting opgestel is, en die persoon wat benoem is, is dr. J.H.O. du Plessis.

"Mnr. Tighy: Die kêrel wat Holland nie wou hê nie.
"Min. van Binnelandse Sake: Ek kan alleen dit sê, dat gedurende die kort tydperk wat dr. Du Plessis hierdie pos beklee het, hy dit gedoen het met die grootste bekwaamheid en doeltreffendheid en ek dink tot bevrediging van almal wat in aanraking met hom gekom het" (I, Hansard, 1949, dl. 68, kol. 5392).

Van 1949 af sou dr. Du Plessis as die Direkteur van

Inligting bekend staan. Die rede waarom die benaming verander is, was om by die benaming in ander lande aan te pas (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 4). Ná sy aanstelling kon voortgegaan word met die beoogde reorganisasie en uitbreiding van die Staatsinligtingskantoor (IV, Mulder, 1975, p. 71-72).

BESLUITE VAN DIE DESEMBER 1948-VERGADERING

Op 2 Desember 1948 is samesprekings oor die toekoms van die Staatsinligtingskantoor in die kantoor van dr. T.E. Dönges gehou. Dr. Dönges het as voorsitter van die vergadering opgetree wat ook deur mnr. D.D. Forsyth, Sekretaris van Buitelandse Sake, mnr. J.S. Hurter, Sekretaris van Binnelandse Sake, en dr. Otto du Plessis as Direkteur van die Staatsinligtingskantoor bygewoon is (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 1). Die besluite wat op hierdie vergadering geneem is, het 'n groter invloed op die ontwikkeling van die Inligtingsdiens gehad as wat al die lywige verslae en kommissie in die vorige tydvak saam gehad het.

As uitgangspunt is besluit watter aspek van die Staatsinligtingskantoor se werksaamhede voortaan beklemtoon sou word. "Die werksaamhede van die Staatsinligtingskantoor sal in die toekoms grotendeels toegespits word op bestryding van die vyandige propaganda teen Suid-Afrika in die buiteland" (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 1). Op hierdie tydstip het die buitelandse Inligtingsdiens onder die

Departement van Buitelandse Sake geval as gevolg van vorige kommissies se aanbevelings.

"Daar is gevoel dat die stelsel van 'verdeelde beheer' wat tans bestaan beëindig moet word. Die stelsel bring mee dat, terwyl die Staatsinligtingskantoor onder beheer van die Departement van Binnelandse Sake val en die uitgawes verbonde aan die voorligtings- en publisiteitswerk wat deur die pers-attaché's in die buiteland gedoen word, ook deur hierdie Departement gedra word, die pers-attaché's personeellede is van die Departement van Buitelandse Sake. Dit is 'n onbevredigende stelsel uit die oogpunt van sowel die Staatsinligtingskantoor as die Departement van Buitelandse Sake..." (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 1).

Die vergadering het hieroor besluit "2) Dat die 'verdeelde beheer' beëindig word en pers-attaché's in die buiteland lede word van die Staatsinligtingskantoor, en 3) dat hulle tydens hul verblyf in die buiteland verbonde sal wees aan die Unie-gesantskappe en onder toesig van die gesante sal werk" (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 2). Deur hierdie besluit sou die ou binnelandse Inligtingsdiens van dr. Jan Steyn wat in 1937 tot stand gekom het en die buitelandse Inligtingsdiens wat met mnr. Moolman in 1938 tot stand gekom het, saamsmelt om een Staatsinligtingskantoor te vorm. Dit sou uitloop op die latere Departement van Inligting met sy binnelandse en buitelandse funksies.

'n Volgende probleem wat uit hierdie verandering voortgespruit het, was onder watter departement die Staatsinligtingskantoor sou moes val. "Daar die Staatsinligtingskantoor hom in die toekoms grotendeels sal toespits op die bestryding van die wanvoorstelling oor Suid-Afrika in die buiteland, word besef dat die aangewese departement waaronder die Staatsinligtingskantoor behoort te ressorteer, die Departement van Buitelandse Sake is. Aangesien die Eerste Minister twee departemente onder sy sorg het, te wete die Departement van die Eerste Minister en dié van Buitelandse Sake, wat albei oorlaai is met werk, is gevoel dat die Staatsinligtingskantoor onder beheer van die Departement van Binnelandse Sake moet bly" (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 1-2). In 'n persverklaring wat ná hierdie vergadering op 9 Desember 1948 vrygestel is, is hierdie saak so verduidelik. Voor dit aan die pers beskikbaar gestel is, is hierdie gedeelte deur dr. Dönges geskrap. Die rede waarom die Staatsinligtingskantoor deel van die Departement van Binnelandse Sake gebly het, is toe nooit bekend gemaak nie en allerlei ander redes sou in die Volksraad aangevoer word (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/1, p.1).

Die probleem kon opgelos gewees het as dr. Malan die Departement van Buitelandse Sake aan byvoorbeeld iemand soos mnr. Eric Louw afgestaan het. Dit is blykbaar oorweeg, maar ten einde sekere moeilikhede binne sy parlementêre party te voorkom, het hy die portefeulje op homself geneem (IV, Van der Schyff, 1974,

p. 718-720).

Op hierdie vergadering is ook besluit om die aantal pers-attachés in die buiteland aansienlik te vermeerder. Hierdie besluit is soos volg gemotiveer: "Die wanvoorstellings omtrent Suid-Afrika het sodanige afmetings aangeneem dat die drie pers-attaché's wat die Unie op die oomblik het, met die beste wil ter wêreld nie die vyandige propaganda behoorlik kan bekamp nie" (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, bylaag p. 1). Die ideaal is gestel om in elke land waar die Unie diplomatieke verteenwoordigers het, 'n pers-attaché te hê. As gevolg van die koste hieraan verbonde, sou die uitbreiding geleidelik geskied en vir eers slegs in die lande waar dit die dringendste nodig was (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/1, p. 2).

Daar is ook besluit dat die stelsel waarvolgens die hoof van die Staatsinligtingskantoor regstreekse toegang tot Ministers en departementshoofde het, voortgesit sou word en dat die benaming "Staatsinligtingsbeampte" vervang sou word met "Direkteur van die Staatsinligtingskantoor". As rede is aangevoer dat dit gedoen is om by die benaming in ander lande aan te pas (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 4). "Oor die film- en radiowese as middele vir die verspreiding van inligting omtrent Suid-Afrika sal later beslis word" (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/1, p. 2).

Sekere van die besluite wat op hierdie vergadering

geneem is, is 'n week later met behulp van 'n persverklaring aan die pers bekend gemaak. Dié besluite is in die res van hierdie tydvak een vir een in die praktyk toegepas. Dit het daartoe gelei dat die uitgawes en die buitelandse personeel van die Inligtingsdiens binne ses jaar verdriedubbel het en die diens baie meer doelgerig kon begin werk. (Vgl. IV, Mulder, 1975, p. 92).

DIE AANSTELLING VAN BUITELANDSE PERS-ATTACHéS BYLAE C.

Na hierdie vergadering is reeds in die volgende jaar, 1949, met die reorganisasie en uitbreiding van die Inligtingsdiens begin. Van die eerste besluite wat toegepas is, was die aanstelling van 'n aantal pers-attachés in die buiteland. Omdat daar geen uitbreiding in die vorige tydvak was nie, was die enigste poste op hierdie tydstip in die buiteland die vier poste wat deur mnr. Wilson in die oorlogsjare geskep is. Mnr. H.M. Moolman was steeds in New York, mnr. J. Mockford in Londen en mnr. A.H.W. Steward in Nairobi. Mnr. D.O H. Holland, wat openbare skakelbeampte in Leopoldstad was, het in 1945 bedank en sy pos was steeds vakant (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, bylaag p. 1).

Op die aanvanklike vergadering is besluit om "slegs in dié lande waar dit die dringendste nodig is, nuwe poste te skep, en wel in Parys, Den Haag, Suid-Amerika en Kanada, met twee assistente in Londen en New York onderskeidelik. Op 'n later tydstip kan dan uitbreiding plaasvind na Australië, Suidoos-Europa, Sen-

traal-Europa en die Midde-Ooste.

"In die voorgestelde nuwe masjinerie moet Londen die senior kantoor wees vir Europa en New York vir Noord- en Suid-Amerika" (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, bylaag p. 2).

In die eerste jaarverslag van die Inligtingsdiens in 1949, ŉ jaar na hierdie besluit geneem is, het die Direkteur soos volg hieroor verslag gedoen: "...ten einde die buitelandse voorligtingsdiens uit te brei en die Suid-Afrikaanse sendings van die nodige opgeleide kragte te voorsien, is die getal Inligtings-attaché's en assistente in 1949 uitgebrei tot 16. Daar is besluit om aanvanklik te konsentreer op Wes-Europa, Noord- en Suid-Amerika en Afrika, en Inligtingsattaché's is gevolglik aangestel in Parys, Den Haag, Rome, Bonn, Lissabon, Ottawa, Buenos Aires en Leopoldstad, terwyl Assistent-Direkteure in Londen en New York asook vroulike assistente in dié twee sentrums aangestel is. Binnekort sal ook ŉ Inligtingsattaché in Salisbury benoem word" (III, Jaarverslag, 1949, p. 11).

Die aanvanklike vier poste in die buiteland is dus binne ŉ jaar vervierdubbel. Vir die verskillende nuwe aanstellings het die Minister 304 aansoeke gehad waaruit hy moes kies (I, Hansard, 1950, dl. 70, kol. 631). Van die nuwe aanstellings het die meerderheid van Afrikaanse koerante gekom. So was daar byvoorbeeld vier wat voorheen aan dr. Otto du Plessis se koerant Die Volksblad verbonde was. Mnr. Arthur Barlow het hieroor die volgende in die Volksraad gesê:

"In antwoord op 'n vraag vind ek dat die antwoord aan die lig bring dat al die manne wat benoem is, manne was wat gewerk het op Afrikaanse koerante en ondersteuners is van die Nasionale Party.

"Agb. lede: Hoor, hoor.

"Mnr. Barlow: Dit is alles goed en wel vir lede aan die oorkant om te sê hoor, hoor. Dit is pure rassehaat... U kan nie aan my sê dat die manne wat benoem is, die beste manne was uit sowat 300 of meer wat om hierdie poste aansoek gedoen het nie. Dit lyk na baantjies vir boeties. Is enigeen van hierdie pers-attaché's familie van dr. Otto du Plessis?" (I, Hansard, 1950, dl. 70, kol. 717).

Die Minister van Finansies het hierop geantwoord dat dit nie politieke aanstellings was nie en dat al die persone deur die Staatsdienskommissie aanbeveel is (I, Hansard, 1950, dl. 70, kol. 721-722).

Die Eerste Minister, dr. D.F. Malan, het dit ook nodig geag om op die kritiek te reageer: "...en veral nou waar daar in die buiteland omtrent Suid-Afrika soveel misverstand is en soveel verkeerde voorstellings gemaak word, het dit hoog nodig geword om in die behoeftes te voorsien, hoog tyd... Daar is dus sulke pers-attaché's aangestel. Dat die agb. lid vir Hospitaal nie tevrede sou wees met ons aanstellings nie, het ek verwag. Hy sal altyd beswaar maak teen die aanstelling van enige Nasionalis, of wie ook al, van hierdie kant wat aangestel word in 'n belangrike pos... Die vraag is of die mense wat ge-

stuur is, bekwaam is of nie... In die oordeel van die Minister wat hulle aangestel het, en in my oordeel, is hulle bekwaam en hoogbekwaam" (I, Hansard, 1950, dl. 70, kol. 720).

Nieteenstaande die kritiek is voortgegaan met die uitbreiding van die oorsese Inligtingsdiens en is in die volgende jare verdere aanstellings in die V.S.A. en Australië gedoen terwyl die Inligtingsbeampte in Portugal se werksaamhede na Spanje uitgebrei is. In die 1951-jaarverslag het die Direkteur verslag gedoen dat die Inligtingsdiens meer as 20 inligtingsattachés en assistente in 15 lande het (III, Annual Report, 1951, p. 6 en I, Hansard, 1951, dl. 76, kol. 9733). Twee jaar later in 1953 kon dr. Otto du Plessis reeds sê: "...die posisie op die oomblik is dat ons 14 inligtingskantore in die buiteland het. By daardie inligtingskantore is sowat 30 voltydse inligtingsbeamptes en attaché's werksaam. Hierdie is mense wat uit die Unie kom, en by hulle is daar nog 'n halfdosyn assistente wat in die buiteland aangestel is" (I, Hansard, 1953, dl. 83, kol. 3249).

Verskeie persone het beweer dat die persone wat aangestel is, nie die regte agtergrond vir hulle werk in die buiteland gehad het nie (mnr. P.A. Moore, I, Hansard, 1953, 8 Sept.) asook dat hulle nie "medaljelinte" gehad het nie en nie aan die oorlog deelgeneem het nie, wat hulle 'n agterstand sou besorg (mnr. Barlow, I, Hansard, 1950, dl. 70, kol. 722). Daar was ook kritiek op hul salarisse en onthaaltoelae (mnr. Barlow, I, Hansard, 1949, dl. 68, kol.

5449 en 5473 en 1953, dl. 82, kol. 1872). Mnr. S.F. du Toit, wat jare lank aan die Departement van Buitelandse Sake verbonde was, het kritiek op die skielikheid van die uitbreiding gehad.

"At home there had come not only a change of government but also a widespread disenchantment with our foreign service and its zeal in our defence abroad. Under such circumstances it is understandable that the remedy was too hastily conceived, was oversold and underplanned.

"Young men were recruited and posted abroad without due consultation with the foreign service and its officers in the field. The qualifications, training and experience demanded of young entrants to the foreign service before they were sent abroad, were not required of information officers and they were sent out without the responsibility and restraint of a foreign service. Nor was adequate provision made for their future advancement" (IV, Du Toit, 1969, p. 181).

Tot watter hoogte hierdie pers-attachés of Inligtingsbeamptes soos hulle later genoem is, geslaag het, kan nie beoordeel word nie. Dat hulle heelwat aanpassings moes maak van 'n Afrikaanse koerantredaksie na 'n inligtingspos in 'n vreemde land met 'n vreemde taal en vreemde omstandighede, kan nie betwyfel word nie. Die Departement van Inligting het in die sewentigerjare 'n jaar aan die opleiding van sy inligtingsbeamptes bestee voor hulle na die buiteland gestuur is. (Vgl. III, Jaarverslag, 1972, p. 9).

Tog het die Direkteur in 1950, ná die eerste jaar sedertdie uitbreiding, soos volg oor die inligtingsbeamptes verslag gedoen:

"'n Langtermynbeleid is gevolg met die skepping van die buitelandse inligtingsdiens as 'n permanente instelling in die Unie se internasionale betrekkinge. Die eerste jaar het bewys dat die Regering se besluit om die diens in te stel, verstandig was. Die resultate wat bereik is, regverdig die koste daaraan verbonde, volkome.

"Die Inligtingsattaché's het in al die lande waar hulle gestasioneer is, goeie kontakte gemaak met diegene wat die openbare mening beheer, met leiers op alle gebiede van die volkslewe, met die pers, die radio, die rolprent en met organisasies. Hul pogings om, in medewerking met en onder toesig van die hoofde van sendings, die onkunde, vooroordeel en vyandskap teen Suid-Afrika uit die weg te ruim, het in die kort tydbestek van één jaar reeds 'n merkbare kentering veroorsaak" (III, Jaarverslag, 1950, p. 10).

Uit die verskillende plekke waar die inligtingsbeamptes in die buiteland geplaas is, kan die Regering en die Inligtingsdiens se prioriteitsgebiede in hierdie tydvak afgelei word. Die kantore in die V.S.A. en in Londen is steeds as die belangrikste beskou. Die uitbreiding na Suid-Amerika was blykbaar as gevolg van die belangrike aantal stemme wat die Suid-Amerikaanse state in die V.V.O. gehad het. (Vgl. I, Hansard, 1947, dl. 60, kol. 2491). Op 11 Oktober 1950 het die

Direkteur in 'n brief aan die Inligtingsbeampte in Suid-Amerika die volgende geskryf: "Ek moet eerlik erken dat met 'n twintigtal Spaanssprekende lande in die V.V.O. jul taak verreweg die moeilikste is" (I, Inligting-Argief, band 1/1/74, lêer F/993). Dieselfde rede plus handels- en historiese verbintenisse het waarskynlik gegeld vir die uitbreiding na Wes-Europa. Die losser verhouding binne die Statebond het moontlik die uitbreiding na die dominiums (Australië en Nieu-Seeland) veroorsaak, terwyl geen uitbreiding na Afrika gedoen is nie. Die twee bestaande poste in Afrika, in Nairobi en Leopoldstad, is slegs behou, wat ook hier op 'n tendens gedui het.

Hoewel die Nasionale Party ná sy bewindaanvaarding gekritiseer is dat hy hom nie aan die buitewêreld steur nie (vgl. III, The Forum, Oct. 1952, p. 2), weerspreek hierdie skielike en groot uitbreidings van sy buitelandse Inligtingsdiens dit en moet as versiende beskou word. Op die grondslag wat vir die buitelandse Inligtingsdiens in hierdie tydvak gelê is, kon in latere tydvakke voortgebou word, hoewel die uitbreiding nie weer so skielik sou plaasvind nie.

## REORGANISASIE

Naas die uitbreiding in die buiteland is die Inligtingsdiens as 'n verdere uitvloeisel van die vergadering in Desember 1948 gereorganiseer. Dit het 'n herindeling van die verskillende afdelings van die kantoor behels. "Die professionele personeel is onderverdeel in die volgende afdelings: (a) Buite-

landse, insluitende die Direkteure van Inligting in Londen en New York, en die Inligtingsattaché's, (b) Pers, (c) Aanskoulike Reklame, (d) Publikasies, (e) Rolprente en (f) Navorsing en Radio" (III, Jaarverslag, 1950, p. 5). Hierdie indeling gee 'n aanduiding van die Staatsinligtingskantoor se werksaamhede in hierdie tydvak.

Gedurende die oorlogsjare het die professionele personeel 39 getel, wat in 1947 tot 25 verminder is. Ná die reorganisasie in 1949 het die Inligtingsdiens se personeel uit 45 lede bestaan met 24 in die professionele afdeling en 21 in die administratiewe afdeling (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 5-6 en I, Hansard, 1949, dl. 68, kol. 5393). Aan die einde van hierdie tydvak het die personeel 75 getel (III, Annual Report, 1954-55, p. 46).

"Die uitgawe verbonde aan Suid-Afrika se buitelandse inligtingsdiens het gedurende die afgelope ses jaar soos volg gestyg. In 1948-49 was dit £48 000 plus £5 000 vir die Staatsdrukker; daar was dus 'n klein vermindering omdat sekere dinge afgeskaf is. In 1950-51 het dit gestyg tot £79 000 plus £11 600 vir die Staatsdrukker, plus £14 000 vir rolprente - altesaam dus £93 000... In 1951-52 het dit gestyg tot £137 000; die volgende jaar tot £149 000, en verlede jaar was dit £155 000 plus sekere fondse by die Staatsdrukker" (dr. Otto du Plessis, I, Hansard, 1954, kol. 584).

Met die reorganisering is ook besluit dat die stel-

sel waarvolgens die professionele lede van die Staatsinligtingskantoor bloot tydelike amptenare was, onbevredigend is. Aan die einde van 1948 is besluit: "dat 'n kontrakstelsel, soos dié in die geval van die hoof van die Staatsinligtingskantoor toegepas, in die lewe geroep sal word, maar dat met die grootste omsigtigheid te werk gegaan sal word en slegs dié amptenare wie se werk dit regverdig, 'n kontrak aangebied sal word" (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/5, p. 4-5).

Dr. Otto du Plessis het soos volg verduidelik waarom die personeel op kontrak en nie permanent aangestel is nie: "Toe die kantoor gereorganiseer is,in 1948, is die personeel op 'n kontrakbasis aangestel. Die bedoeling was dat ná 'n periode van vyf jaar, as die proefneming dan geslaag het, en dit sou blyk dat daardie diens 'n permanente deel van ons buitelandse diens sou wees, daardie amptenare veiligheid sou kry in daardie diens en as vaste staatsamptenare oorgeplaas sal word op die vaste diensstaat van die staatsdiens (I, Hansard, 1955, dl. 88, kol. 5426).

Dit blyk hieruit dat, hoewel die Nasionale Regering die reorganisasie van die Inligtingsdiens aangepak het, dit steeds as 'n proefneming gesien is, sodat daar nog omgedraai kon word as dit sou misluk.

## INLIGTINGSDIENS SE POSISIE GEKRITISEER

Omdat die redes waarom die Staatsinligtingskantoor deel van die Departement van Binnelandse Sake gebly het, nie bekend gemaak is nie, het daar spoedig

kritiek teen hierdie reëling gekom. Mnr. R. Badenhorst Durrant het dit soos volg gestel:

"Voordat ek sekere aspekte van die verslag van die Staatsinligtingskantoor bespreek, wil ek die Eerste Minister graag verwys na die afwykende posisie waarin hierdie kantoor op die oomblik verkeer. Die hele verslag van die Staatsinligtingskantoor handel oor die bedrywighede van die Staatsinligtingskantoor oorsee. Daar is nie 'n enkele afdeling van hierdie verslag wat oor die werk van die Staatsinligtingskantoor in hierdie land handel nie... Ek wil die Eerste Minister daarop wys as dit die geval is, die tyd tog seker aangebreek het dat die Staatsinligtingskantoor onder die regsgebied van die Departement van Buitelandse Sake en onder die Eerste Minister, en nie onder Binnelandse Sake nie, ingedeel word" (I, Hansard, 1951, dl. 75, kol. 7230). Mnr. Durrant het sy standpunt verskeie kere hierna herhaal. (Vgl. I, Hansard, 1951, dl. 76, kol. 9683 en 9730).

Mnr. W.C. du Plessis het op die kritiek van mnr. Durrant geantwoord. "My agbare vriend praat natuurlik uit onkunde en ek sal hom graag wil reghelp deur hom daarop te wys dat, indien hy dit wil hê, wat wil hy dan doen met die militêre attachés? Moet hulle ook onder die Departement van Buitelandse Sake kom? Wat wil hy doen met die handelsattachés? Moet hulle dan ook onder die Departement van Buitelandse Sake kom?" (I, Hansard, 1951, dl. 75, kol. 7251).

Mnr. H.G. Lawrence het dieselfde standpunt as mnr.

Durrant gehuldig. "Ek meen dat as dit gedoen sou word, daar 'n groot vermindering in uitgawe kan wees,..." (I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8337).

Die Minister van Binnelandse Sake, dr. Dönges, het soos volg hierop geantwoord: "...toe ek die amp aanvaar het, was die Staatsinligtingskantoor onder die ou administrasie toegewys aan die Departement van Binnelandse Sake. Toe ek die posisie ondersoek het, is aan my gesê dat die gewese Eerste Minister (genl. Smuts) absoluut geweier het om daardie departement onder hom te hê. Dit sal nie 'n geval wees van vermindering van uitgawe nie, want daar is vandag persverteenwoordigers. Hulle word deur my departement betaal, maar hulle val onder die gesantskaphoof of die hoof van die ambassade... Daar is geen sprake van verminderings van die fondse nie" (I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8363).

Deur mnr. J.P. Cope is ook voorgestel dat die funksies van die Inligtingsdiens geskei word en die buitelandse onder die Departement van Buitelandse Sake moet val en die binnenslandseonder die Departement van Binnelandse Sake. Mnr. Cope het ook beweer dat daar wrywing tussen die twee departemente se werksaamhede in die buiteland was. Die rede was volgens hom omdat "...senioriteit in terme van salarisse en toelae van die pers-attaché's op die verskillende plekke enorm baie verskil van die senioriteit wat van toepassing is op amptenare in die Departement van Buitelandse Sake" (I, Hansard, 1953, dl. 83, kol. 3305). Hierdie kritiek van wrywing tussen departe-

mente sou veral ná die ontstaan van die Departement van Inligting steeds meer na vore kom.

Omdat die verskuiwing van die Inligtingsdiens ook by die vergadering in Desember 1948 bespreek is en dit om praktiese redes ter wille van dr. Malan nie gedoen is nie, was die Minister nie negatief teenoor al hierdie kritiek nie. "...as sy punt was dat die Staatsinligtingskantoor onder die Departement van Buitelandse Sake moet sorteer, dan is daar baie te sê vir daardie standpunt. Maar dit is nie 'n rede waarom die Staatsinligtingskantoor nou as sulks moet aangeval word nie" (I, Hansard, 1951, dl. 76, kol. 9702). In 1955 toe die Eerste Minister die Departement van Buitelandse Sake aan 'n afsonderlike Minister afgestaan het, is die kantoor dan ook na die Departement van Buitelandse Sake verskuif.

ROLPRENTE

Op die vergadering in die kantoor van die Minister van Binnelandse Sake in Desember 1948 is die kwessie van rolprente en die aanwending daarvan deur die Inligtingsdiens bespreek en is besluit om 'n beslissing daaroor tot later uit te stel (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/1, p. 2).

In die oorlogsjare het mnr. Wilson se Inligtingsburo 'n bedrywige en groot rolprentafdeling met mej. T. Gutsche aan die hoof gehad (vgl. Hoofstuk 4). Mnr. Wilson het ook voorsien dat dit as 'n vredestydse funksie van die Staatsinligtingsdiens voortgesit moes word (I, Unie van S.A., 1945(a), p. 40). Die

Smith-kommissie het egter aanbeveel dat alle rolprentafdelings "...in een sentrale eenheid gekonsentreer behoort te word wat onder die Departement van Onderwys moet ressorteer" (I, Unie van S.A., 1945(b), par. 31). In opvolging van hierdie aanbevelings is die rolprentafdeling van die Inligtingsdiens in 1947 na die Departement van Onderwys oorgeplaas (III, Jaarverslag, 1949, p. 28).

Teen hierdie agtergrond het die nuwe Regering aan die einde van 1949 dr. John Grierson, kontroleur van rolprente van die Britse Central Office of Information, gevra om 'n verslag oor die koördinering van alle rolprentbedrywighede van die staat in te dien (III, Jaarverslag, 1949, p. 9). Hy het sy verslag in 1950 ingedien, terwyl 'n verslag van die staatsdiensinspekteur wat oor dieselfde probleem gehandel het, ook in hierdie tyd ingedien is (III, Jaarverslag, 1950, p. 7).

Die jaarverslag van die Inligtingsdiens het in 1951 soos volg hieroor verslag gedoen: "During 1951 there has once again been considerable expansion of the Office's activities. The most important expansion at the head office has been in connection with the Film Section. On the recommendation of the Public Service Commission the Information Films Section of the Department of Education, Arts and Science was transferred to the State Information Office on July 1, 1951, and united with the latter's Film Section. As a result, a considerable increase may be expected in the number of information films produced annually

for use abroad" (III, Annual Report, 1951, p. 5-6).

Die begroting van die Staatsinligtingskantoor is met £30 000 vermeerder as gevolg van hierdie uitbreiding (I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8358).

Die rolprente wat hierdie afdeling hierna vervaardig het, was hoofsaaklik vir die buiteland bedoel soos uit die verskillende titels afgelei kan word (Vgl. III, Annual Report, 1951, p. 18-22 en 1952, p. 16-21).

Die Inligtingsdiens het verbintenisse met verskeie buitelandse rolprentverspreidingsorganisasies gehad wat die rolprente namens hulle in die buiteland versprei het. Baie van hierdie rolprente is op hierdie wyse ook in verskeie Afrika-gebiede tot sover as Uganda vertoon. Elke buitelandse Inligtingskantoor het ook 'n projektor gehad waarmee privaat vertonings gehou is, terwyl pogings aangewend is om van die rolprente oor televisie vertoon te kry (III, Annual Report, 1951, p. 18). Die rolprentafdeling wat in hierdie tydvak sy beslag gekry het, sou tot 'n uitgebreide afdeling van die latere Departement van Inligting ontwikkel (III, Jaarverslag, 1974, p. 76).

## WERKSAAMHEDE VAN DIE INLIGTINGSKANTORE IN DIE V.S.A.

Van die Suid-Afrikaanse inligtingskantore in die buiteland kan die inligtingskantoor in New York as die bedrywigste in hierdie tydvak beskou word. Met die verandering van regering in Suid-Afrika in 1948 het

mnr. Moolman aangebied om as Suid-Afrika se Inligtingsbeampte in die V.S.A. te bedank. Die nuwe Regering het hom egter versoek om aan te bly (V, Onderhoud, Moolman 1977). Behalwe die nuwe inligtingsattachés wat as deel van die uitbreidings van die Staatsinligtingskantoor aangestel is, is ook nuwe personeel tot die inligtingskantore in Londen en New York toegevoeg. In 1949 is mnr. Conrad Norton as Assistent-Direkteur asook 'n vroulike assistente in New York aangestel. Dit het mnr. Moolman se werk aansienlik vergemaklik en die kantoor doeltreffender gemaak (III, Jaarverslag, 1949, p. 11 en V, Onderhoud Moolman, 1977).

As gevolg van die belangrike rol wat Washington in die Amerikaanse politiek speel, het mnr. Moolman gevra dat die Inligtingsdiens se werk hierheen uitgebrei moet word. In September 1951 is mnr. Moolman na Washington oorgeplaas, waar hy as Direkteur van Inligting en as persattaché aan die ambassade geakkrediteer was. Dit was die eerste stap in die rigting om inligtingspersoneel ook diplomatieke status te gee. Mnr. Norton, was as Assistent-Direkteur in New York agtergebly het, het die V.V.O. as sy verantwoordelikheid bygekry. Hy het dan ook in hierdie tyd as persbeampte deel van die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die Algemene Vergadering van die V.V.O. in Parys uitgemaak (III, Jaarverslag, 1951, p. 31-32). Omdat die vroulike assistente nie die res van die werksaamhede kon hanteer nie, is 'n verdere inligtingsassistent in 1952 vir New York aangewys. In 1952

is ook 'n moontlike uitbreiding na die Weskus van die V.S.A. in die vooruitsig gestel (III, Jaarverslag, 1952, p. 33 en 37). Daar sou egter eers in 1963 'n kantoor in San Francisco geopen word.

New York is veral in hierdie tydvak as baie belangrik vir die Inligtingsdiens beskou. "New York, apart from being the biggest centre of news dissemination in America, if not in the world, also has in its midst the elaborate press organisation attached to the United Nations. The representatives of about 400 world news papers, news agencies and radio services are accredited all the year round to the U.N., and during the sittings of the General Assembly the number of officially accredited press men exceeds 1,000" (III, Annual Report, 1952, p. 38 en III, Africa Report, 1966, p. 44). Dit verklaar waarskynlik waarom mnr. Moolman die V.V.O. uitgesonder het as die liggaam wat Suid-Afrika die meeste skade in die V.S.A. en in die buiteland aangedoen het. "U.N. was main poisoner, that was really a poisonpot as far as our image is concerned" (V, Onderhoud, Moolman, 1977).

Die Inligtingskantore in die V.S.A. het ook voortgegaan met die verspreiding van rolprente deur die "Films of the Nations"-organisasie wat mnr. Moolman en die Nederlandse Inligtingsbeampte in die vorige tydvak gestig het. Van die rolprente is ook oor die Amerikaanse televisienetwerk vertoon (III, Annual Report, 1951, p. 33).

Publikasies oor die Suidwes-Afrika- en Indiërvraagstukke is ook versprei, terwyl veral klem op die voordele van handelsverbintenisse met Suid-Afrika gelê is deur publikasies soos "Doing business in South Africa" (III, Annual Report, 1952, p. 38 en Jaarverslag, 1949, p. 49).

'n Belangrike projek in die V.S.A. in hierdie tydvak was die voortgesette publikasie van die South African-American Survey, wat sedert 1947 deur mnr. Moolman uitgegee is (vgl. Hoofstuk 5). "Now comes 'South African-American Survey, 1949', an even bigger, better and brighter production, also under the editorship of Mr. Henry Moolman... 'An excellent magazine', said an Illinois company. 'An outstanding job', said a world airways company. 'Very beautifully got up and most interesting to read', was another tribute.

"The survey is an almost unique departure in international public relations in that it introduces South Africa to America from what is essentially an American angle. This approach has proved most successful and the Survey is proving the Union's most effective medium for disseminating accurate and authoritative South African information in the United States" (III, Cutten, 1949, p. 26).

Hierdie "American angle" óf plaaslike hoek was 'n unieke benadering wat nie in die ander buitelandse publikasies van die Inligtingsdiens gevolg is nie.

## BENADERING IN BUITELANDSE PUBLIKASIES

Die meeste publikasies is in hierdie tydvak in Suid-

Afrika opgestel en dan in verskillende tale vertaal waarna dit na die buiteland gestuur is. So het die Inligtingsdiens in Suid-Afrika Franse, Portugese, Duitse en Spaanse afdelings gehad. Dit het tot gevolg gehad dat die publikasies nie in die plaaslike idioom van die verskillende lande geskryf kon word nie. Dieselfde Spaanse publikasie is byvoorbeeld aan Spanje en die Suid-Amerikaanse lande gestuur, terwyl die omstandighede tussen die gebiede heeltemal verskillend was (III, Annual Report, 1951, p. 9-11). Hierdeur het heelwat van die trefkrag van die publikasies verlore gegaan. In latere tydvakke sou meer aandag aan hierdie probleem gegee word.

In 1951 is aangekondig dat hierdie vertalingsdienste uitgebrei gaan word. "The State Information Office is expanding its translation services so as to make the material it sends abroad available to increasing numbers of people.

"For some time the office has put out material in French and Portuguese, besides English and Afrikaans. But just recently it has begun to produce material in German, Dutch, Flemish and Spanish, and is endeavouring to establish a translation section for Italian, too (III, The Star, 29 Jan. 1951, p. 3).

'n Verdere nadeel van hierdie metode waarvolgens publikasies in Suid-Afrika opgestel en vertaal is, was dat verkeerde vertalings die teenoorgestelde uitwerking in die buiteland kon hê. Mnr. A.W.S. Mortifee het in die Volksraad daarop gewys hoe 'n vertaler van die Inligtingsdiens die woorde "Nie-blanke Sake in

Spaans vertaal het deur die woorde in 'n woordeboek op te soek en dan regstreeks te gebruik.

"Toe het hy verder gegaan en hy het die woord 'nie-blankes' nageslaan. Hy het dit moontlik nie gevind nie en so het hy besluit om die woord 'No-Blancos' te gebruik. Dus het ons uiteindelik die opskrif 'Nie-blanke Sake' wat in Spaans weergegee word as 'Negocios No Blancos'. In Spaans beteken 'Negocios' feitelik net en uitsluitlik 'handelsonderneming'. 'No Blanco' beteken gewoonlik swart, en die enigste vertolking wat jy aan daardie opskrif kon gee, was 'swartmarkonderhandelings'... Nou dat ons die swartmarkopskrif het, vind ons dat nou verwys word na 'naturales', wat in Spaans gewoonlik een ding beteken wanneer dit by sigself gebruik word, en dit is onegte kinders. Derhalwe het die Staatsinligtingskantoor oënskynlik 'n swartmark in onegte kinders" (I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8341).

Die Minister van Binnelandse Sake het die kritiek so aanvaar. "Die posisie is dat die eerste Spaanse vertaler wat ons gehad het, nie 'n sukses was nie. Hy is vervang deur 'n ander vertaler wat werklik 'n Spanjaard is" (I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8364).

Hierdie probleme het uitgeloop op die posisie in die sewentigerjare waar net die feite oor 'n spesifieke saak aan die verskillende buitelandse Inligtingskantore gestuur word. Elke kantoor stel dan sy eie publikasie op wat na sy mening die doeltreffendste in die idioom en omstandighede van sy land sal inpas.

So is daar byvoorbeeld 'n groot verskil tussen die publikasies wat op hierdie wyse vir Brittanje en die V.S.A. opgestel word. Resultate het ook bewys dat dit 'n baie geslaagder benadering is as dié wat in hierdie vroeë tydvakke gebruik is (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

## DIE LONDENSE KANTOOR EN BUITELANDSE REISE VAN MINISTERS

Die grootste personeeluitbreiding in hierdie tydvak het by die Londense en New Yorkse kantore van die Inligtingsdiens plaasgevind (III, Jaarverslag, 1949, p. 11). "Die belangrikheid van die Londense kantoor kan nie oorbeklemtoon word nie; dit is nie slegs die nuussentrum van die Verenigde Koninkryk nie, maar ook die verrekeningskantoor vir inligting wat na die res van die wêreld gestuur word" (aangehaal in I, Hansard, 1951, dl. 76, kol. 9685).

Behalwe vir die bekamping van die negatiewe propaganda wat teen Suid-Afrika in die Britse pers verskyn het, het die Londense kantoor ook publikasies versprei, rolprente vertoon, lesings gegee en aan uitstallings deelgeneem (vgl. Annual Report, 1951, p. 26-31). Van die belangrikste knelpunte in Brittanje in hierdie tydvak was die nuwe Regering se beleid van apartheid, dr. Malan se voorneme om die Britse Protektorate by Suid-Afrika in te lyf asook probleme rondom Simonstad (IV, Jooste, 1977, p. 171-175). Die Londense kantoor het sy werk dan ook hierop toegespits en publikasies soos "The most complex-

multi-racial problem in the world" en "Future of the British High Commission Territories in South Africa" is versprei (III, Annual Report, 1951, p. 28).

Van die belangrikste werk wat die Londense kantoor egter in hierdie tydvak gedoen het, was die beplanning en hantering van die besoeke van die Eerste Minister en verskeie ander Ministers aan Londen. Hoewel dr. Malan om verskeie redes nie die Statebondskonferensie in Oktober 1948 bygewoon het nie (vgl. I, Hansard, 1948, dl. 64, kol. 1359), het hy wel die tweede konferensie ná sy bewindoorname in April 1949 bygewoon (I, Hansard, 1949, dl. 67, kol. 2619). Min. Eric Louw het die eerste Statebondskonferensie namens dr. Malan bygewoon (I, Hansard, 1949, dl. 66, kol. 50). Dr. Otto du Plessis as Direkteur van Inligting, dr. A.L. Geyer as redakteur van Die Burger en die redakteur van Die Volksblad het onder andere dr. Malan op sy besoek aan Brittanje in 1949 vergesel (I, Hansard, 1952, dl. 78, kol. 3690 en IV, Geyer, 1971, p. 12). Die Londense Inligtingskantoor of Kantoor vir Openbare Betrekkinge soos dit toe nog bekend gestaan het, het gesorg dat nuus oor dr. Malan se besoek en al sy amptelike verklarings aan die pers beskikbaar gestel is (III, Jaarverslag, 1949, p. 38). Mnr. Piet Meiring het soos volg oor dr. Malan se aankoms in Brittanje geskryf:

"Nie dat sy eerste aankoms juis goed beloof het nie. Hy het met die posboot na Engeland gegaan en ons Inligtingsmanne het gereël dat 'n aantal goedgesinde persmanne hom op die boot by Southampton te spreke

sou kry. Een van ons het selfs van Londen na Madeira gevlieg om dr. Malan touwys te maak oor watter houding mense reken hy teenoor die pers behoort in te neem." Tydens die perskonferensie het dr. Malan toe 'n lang betoog aan die koerantmanne voorgelees. "Dit was voor die dae dat ons Premiers perskonferensies gehou het, en dr. Malan het blykbaar gereken dat hy maar 'n vergadering moet toespreek.

"Hier en daar vra iemand 'n vraag, maar alles is in 'n kwartier verby en daar klim 20 ontnugterde persmanne van die boot af met bloedweinig om oor te skryf. Ons Inligtingsmanne was diep gekrenk, maar dr. Malan se kommentaar is: 'Wou julle gehad het ek moet vir genl. Botha en genl. Smuts na hul kroon probeer steek het? Hulle moet my maar vat soos ek is.' En hulle het ook!" (IV, Meiring, 1972, p. 93).

'n Belangrike ontwikkeling tydens die 1949-Statebondskonferensie was die goedkeuring van Indië se versoek om 'n Republiek binne die Statebond te wees. Hierdie besluit sou Suid-Afrika regstreeks raak en die Inligtingsdiens het hierop 'n pamflet "Buitelandse beleid van die Unie van Suid-Afrika" versprei. Die pamflet het hierdie besluit van die Statebond verduidelik en Suid-Afrika se standpunt daaroor gestel (IV, Van Schoor & Van Rooyen, 1960, p. 222).

Naas sy besoek aan Brittanje het dr. Malan as deel van sy reis in 1949 welwillendheidsbesoeke aan Frankryk, Duitsland, Nederland, Switserland en Italië gebring (I, Hansard, 1952, dl. 78, kol. 3690 en 1949,

dl. 69, p. 8880). Dr. Malan was egter nie so op die buiteland ingestel as wat genl. Smuts voor hom en selfs sekere latere Eerste Ministers was nie. In ses jaar het hy die Statebondskonferensie net twee keer bygewoon en die tweede keer "...was dit toevallig omdat dit saamgeval het met die Kroning. As 'n mens dit weglaat, het hy dit net regtig een maal bygewoon" (J.G. Strydom, I, Hansard, 1957, dl. 94, kol. 5391).

Mnr. Piet Meiring het hieroor van dr. Malan gesê: "Dit word vandag vry algemeen erken dat hy geen besonder goeie Minister van Buitelandse Sake was nie... Dr. Malan was egter nie besonder geïnteresseerd in buitelandse aangeleenthede nie en was nie altyd op hoogte met die oorsese denke nie. Dit was een van die redes waarom hy sy vertroueling, dr. A.L. Geyer, in 1950 as Hoë Kommissaris na Londen gestuur het..." (IV, Meiring, 1972, p. 92).

Dr. Geyer het hieroor geskryf: "...wesenlik het hy nie baie in buitelandse aangeleenthede belang gestel nie en was sy kennis van die internasionale politiek en van wêreldtoestande nie besonder groot nie. Buitendien het hy, met al die dringende probleme van die binnelandse politiek en 'n skrale meerderheid in die Volksraad, met die beste wil ter wêreld nie tyd genoeg gehad om aan wêreldtoestande te bestee nie! Om alles te kroon, was die Departement nie sterk beman nie en was die Unie se oorsese verteenwoordigers amper voor die voet persone wat min simpatie met die strewe van die Afrikaners of met die

binnelandse beleid van die Nasionale Regering gehad het. Aan so 'n departement het Doktor blykbaar in groot mate sake oorgelaat" (IV, Geyer, 1969, p. 14). Bogenoemde redes kan ook aanvaar word as moontlike redes waarom daar in 1948 besluit is om die Inligtingsdiens nie na die Departement van Buitelandse Sake oor te plaas nie.

Ander Ministers wat in hierdie tydvak besoeke aan die buiteland gebring het, was onder andere mnre. E.H. Louw, N.C. Havenga, F.C. Erasmus en T.E. Dönges (III, Jaarverslag, 1949, p. 38 en I, Hansard, 1952, dl. 78, kol. 3685-3693). "...by hierdie geleenthede het die (Londense) Kantoor vir Openbare Betrekkinge vooraf publisiteitsmateriaal, sowel foto's as nuusbriewe, aan die ministers uitgereik. Die kantoor het ook verskillende publisiteitsmiddele vir hulle beskikbaar gestel, sodat hulle, indien hulle wou, verklarings deur middel van die radio, die rolprent en die pers kon doen" (III, Jaarverslag, 1949, p. 38).

In die sestiger- en sewentigerjare het die Inligtingsdiens tot groot hoogte die oorsese reise van Suid-Afrikaanse Eerste Ministers en ander Ministers gebruik om die grootste moontlike positiewe publisiteit vir Suid-Afrika in die buiteland te kry (vgl. III, Jaarverslag, 1971-72, p. 3-4). Dit kan as 'n erkende inligtingsmetode aanvaar word as mnre. Kissinger en Vance se buitelandse reise uit 'n inligtingsoogpunt beoordeel word.

BEDRYWIGHEDE BINNE SUID-AFRIKA

In hierdie tydvak is verskeie nuwe funksies binne Suid-Afrika aangepak met die oog op die buiteland. In 1952 is 'n streekkantoor in Kaapstad geopen (III, Annual Report, 1952, p. 2). en later 'n verdere kantoor in Johannesburg. Die doel met hierdie kantore was "...to meet the South African public's growing demand to take a hand in combating the campaign against their country. The primary function of the officers in these centres is to make direct contact with South Africans who have personal connections abroad in order to provide them with official information with which to counter attacks on South Africa's traditional policy. These liaison posts have also vigorously and successfully sought contact with visitors from abroad and hundreds of these have been personally interviewed" (III, Annual Report, 54-55, p. 6).

Hierdie streekkantore het ook inligting aan Suid-Afrikaners wat buitelandse reise onderneem het, verskaf om hulle in staat te stel om as reisende ambassadeurs vir Suid-Afrika op te tree. Hoewel hierdie funksies op Suid-Afrikaners binne Suid-Afrika gerig was, moet dit as buitelandse funksies gesien word. 'n Spesifieke publikasie "Lets tell the World" en "Laat die Wêreld weet" is vir hierdie doel in Suid-Afrika versprei. "A book specially compiled to inform South African citizens about the nature and extent of the publicity their country receives abroad and to indicate how in the role of unofficial ambassa-

dors, they can assist in the dissemination of factual information about the Union's affairs" (III, Annual Report, 1954-55, p. 12).

In 1952 het die Inligtingsdiens ook 'n belangrike rol gespeel met die beplanning en hantering van die Van Riebeeck-fees in Suid-Afrika. Die diens was verantwoordelik vir alle publisiteitsreëlings rondom die fees, terwyl hy ook alle reëlings in verband met buitelandse joernaliste wat die fees bygewoon het, getref het. Daarbenewens het die Inligtingskantore in die buiteland op een of ander wyse van die fees gebruik gemaak vir positiewe publisiteit vir Suid-Afrika (III, Annual Report, 1951, p. 7 en 1952, p. 3 en 14).

Die Inligtingsdiens het 33 joernaliste as gaste tydens die fees in Suid-Afrika gehad. Die besoek was so geslaagd dat dr. J.H. Loock op 9 Junie 1952 in die Volksraad gesê het:

"Die mense wat die beleid en die propaganda in enige land formuleer en beheer, is maar feitelik 'n 100 hoogstaande mense —— kommersialiste, nyweraars en politici in die lande. Ons het nou gesien wat gebeur het met die Van Riebeeck-fees toe ons buitelandse verteenwoordigers hier gehad het. Ons het buitelandse verteenwoordigers hier gehad wat gesien het was ons in die land doen en wat die omstandighede in ons land is...

"Ons behoort miskien een jaar 'n groep industrialiste hierheen uit te nooi, dan 'n groep politici en dan 'n

groep joernaliste. Laat hulle hierheen kom as gaste van die Regering. Laat hulle deur die Departement van Inligting of deur 'n spesiale propaganda-departement deur die land geneem word sodat hulle ons probleme in die praktyk kan sien... Ek wil aanbeveel dat die rigting waarin ons ons toekomstige oorsese propaganda vir Suid-Afrika moet maak, is nie alleen deur die pers-attaché's nie ... Ek voel dat persoonlike kontakte op, 'higher levels' om 'n Engelse term te gebruik, ons baie verder sal bring in 'n poging om ons posisie in die buiteland te stel" (I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8274-8275).

Hoewel die Minister van Binnelandse Sake met dr. Loock saamgestem het oor die doeltreffendheid van hierdie metode (I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8363), het die Inligtingsdiens nog geen amptelike gasteprogram in hierdie tydvak gehad nie. Die Inligtingskantoor het wel gaste wat op hulle eie koste Suid-Afrika besoek het, rondgeneem en van inligting voorsien (III, Jaarverslag, 1950, p. 13).

In latere tydvakke het die hantering van gaste 'n belangrike funksie van die Inligtingsdiens geword. In 1976 het die Departement van Inligting byvoorbeeld 81 amptelike gaste op die Departement se onkoste na Suid-Afrika gebring en 'n verdere 266 buitelandse gaste binne Suid-Afrika behulpsaam gewees (III, Jaarverslag, 1976, p. 11).

## DIE BUITELANDSE AANSLAG TEEN SUID-AFRIKA

Die buitelandse aanslag teen Suid-Afrika wat in die

vorige tydvak ernstige afmetings begin aanneem het, is ná 1948 om verskeie redes verskerp. Dr. Otto du Plessis het dit in die Volksraad soos volg ontleed: "Laat my dadelik sê dat daar veral twee kanale is waardeur die buiteland beïnvloed word. Die eerste is die pers; die tweede was die leierkorps van die Verenigde Party... Ek het gedurende die afgelope vier en 'n half jaar die moeite gedoen om te probeer vasstel hoe daardie wanvoorstellings vanuit Suid-Afrika na die buiteland gegaan het, waarvandaan dit in die Unie gekom het, en ek wil vanmiddag aan u sê dat dit baie duidelik is dat daar in die afgelope vyf jaar vyf golwe was wat vanuit die Unie aangespoel het teen die buiteland vanuit die binneste kring van die Verenigde Party..." (I, Hansard, 1953, dl. 82, kol. 853).

Die eerste golf was volgens dr. Du Plessis die uitlatings van genl. Smuts onmiddellik ná die Nasionale Party-oorwinning. Hy het die oorwinning as 'n fratsoorwinning beskryf en gesê dat die Verenigde Party by die volgende verkiesing weer aan bewind sou kom (IV, Geyer, 1971, p. 29). Volgens Anthony Delius het hy ook na die verkiesing gesê: "I wanted South Africa to be a big place... but the Nationalists want it to be a little place" (III, Delius, 1952, p. 9). Volgens 'n Amerikaanse koerant het Smuts ook dr. Malan se beleid as "Nazism, pure and simple" beskryf. Na die Durbanse rasse-onluste het genl. Smuts volgens hierdie koerant verwys as "tasting the first fruits (of the new government's) racially repressive,

contra-reactionary economic policies. The small fire which the government is fanning today might lead to a terrible conflagration" (III, Deindorfer, 1949, p. 7 en 32).

Dr. Otto du Plessis het dit soos volg opgesom: "...ek wil aan agb. lede sê dat ek hier in my land nege bewyse het van verklarings wat gedoen is deur die voormalige hoofleier van die Verenigde Party... wat aandui dat hy hier in Suid-Afrika en teenoor die buiteland die indruk probeer skep het dat Suid-Afrika staan op die rand van 'n ekonomiese afgrond, dat Suid-Afrika staan op die rand van 'n ware burgeroorlog tussen blank en nie-blank, dat Suid-Afrika staan op die rand van 'n ramp wat sou meebring dat die banke sou sluit en dat daar werkloosheid sou wees op straat in Suid-Afrika" (I, Hansard, 1953, dl. 82, kol. 853-854).

Omdat genl. Smuts nog steeds in die buiteland hoogaangeskrewe was, moes hierdie uitlatings van hom Suid-Afrika baie skade gedoen het. Of hy bewus of onbewus die buiteland se argumente van Nazisme in Suid-Afrika wou versterk, kan nie gestaaf word nie.

As 'n tweede golf het dr. Du Plessis die uitlatings van sen. A.M. Conroy as leier van die Opposisie in die Senaat genoem: "...hy vaar daar uit teen die Nasionale Party wat besig sou wees om 'n Fascistiese en 'n Nazi-diktatuur in Suid-Afrika te skep. Hy het 'n onderhoud gegee aan die Engelse pers oor 'n rewolusie wat sou plaasvind by die onthulling van die Voortrekkermonument, en die gevolg was dat daar meteens

weer ʼn hele falanks van persverteenwoordigers uit die buiteland gekom het om gebruik te maak van die verklaring..." Veral in die V.S.A. het sen. Conroy se woorde gewig gedra omdat die leier van die opposisie in die Senaat in die Amerikaanse politiek ʼn belangrike posisie is (I, Hansard, 1953, dl. 82, kol. 854).

Dr. Du Plessis se derde golf was onderhoude en uitlatings van sen. Heaton Nicholls. "Sen. Heaton Nicholls het in sy hoedanigheid as leier van die Verenigde Party doelbewus ʼn Britse joernalis gebruik om wanindrukke omtrent Suid-Afrika in die buiteland te skep..." (I, Hansard, 1953, dl. 82, kol. 857).

"Toe kom daar ʼn vierde vlaag van propaganda omtrent agtien maande gelede, en dit was met die skepping van die Torch Commando en die aanwakkering van die versetbeweging deur onverantwoordelike mense, selfs binne die Torch Commando... Ek wil aan die agb. lid sê dat daardie verklarings wat mnr. Kane Berman, groepkaptein 'Sailor' Malan en andere gemaak het, veral ook hulle verwysings na en besluite oor die versetbeweging, wyd en syd in die buitelandse pers gepubliseer is, tot in die Verenigde State van Amerika... Daardie Torch Commando was die bondgenoot van die Verenigde Party binne die United Front" (I, Hansard, 1953, dl. 82, kol. 855).

Mnr. W.C. du Plessis,het in ʼn soortgelyke aanval op die Opposisie in 1951 gesê: "Wat het hulle nog ooit gedoen om Suid-Afrika se naam daarbuite skoon te maak van die belastering wat ons vir al die jare ondervind het? Is dit nie hulle wat daarmee begin het nie?

Hulle het daarmee begin na 26 Mei 1948 en hulle het taal gebruik... wat die taal wat hy nou daar voorgelees het uit daardie persberigte, verbleek tot 'n skim. Hulle het die voorbeeld gestel vir elkeen in die buiteland wat sy pen in venyn en gal wou doop teen Suid-Afrika, en hulle het hulle aangevuur om te doen wat daar gedoen is..." (I, Hansard, 1951, dl. 75, kol. 7252).

Dr. L.I. Coertze het gevra: "Is dit nie daardie kant van die Raad wat ons heeldag vir Nazis uitgeskel het en wat heeldag gepraat het van 'n polisiestaat nie; is dit nie daardie kant wat die woord 'Malanazis' uitgedink het nie?" (I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5905).

Dit wil voorkom asof die Opposisie gereken het dat hulle hulle eie posisie in die buiteland en in Suid-Afrika kon versterk deur die Regering op so 'n wyse aan te val. Tog kan geen ander gevolgtrekking gemaak word as dat dit kortsigtig en selfs naïef was ná hulle eie ervaring met buitelandse kritiek voor 1948 nie (vgl. Hoofstuk 5). Hierdie aanslag teen Suid-Afrika wat die Opposisie bewus of onbewus momentum help gee het, het in latere tydvakke vir hulle net so min goed as vir die Nasionale Party ingehou. Dr. Du Plessis het dit in 1953 soos volg voorspel: "En nou wil ek aan agb. lede dit sê, dat deur daardie onverantwoordelike uitlatings, waardeur hulle die buiteland so sterk beïnvloed het teen Suid-Afrika, het hulle geskep 'n Frankenstein. 'n Frankenstein wat, as dit so sou voortgaan in die toekoms, nie alleen

die Nasionale Afrikanerdom en die Nasionale Party sou bedreig nie, maar ook daardie kant van die Raad saam met die Nasionale Afrikaners" (I, Hansard, 1953, dl. 82, kol. 856).

## DIE PERS SE ROL IN DIE AANSLAG TEEN SUID-AFRIKA

Naas die Opposisie het dr. Du Plessis die pers as die belangrikste kanaal beskou waardeur die buiteland oor Suid-Afrika beïnvloed is. Dit het ook verklaar waarom die eerste inligtingsbeamptes as persattachés bekend gestaan het en hulle werksaamhede hoofsaaklik op die pers gerig was. (Vgl. III, Annual Report, 1951, p. 31).

"Ek hoop u sal my toelaat om uit persoonlike ervaring aan u te sê dat die wêreldpers teen Suid-Afrika gebruik is in die vorm van 'n vyftand-vurk". Die vyf tande was volgens hom: 1) Die berigte wat deur Suid-Afrikaners uit die land gestuur is; 2) die voltydse verteenwoordigers van die buitelandse pers in Suid-Afrika; 3) die beriggewers wat 'n paar dae of weke in Suid-Afrika bly en dan 'n boek oor Suid-Afrika geskryf het; 4) die persmanne wat die radio teen Suid-Afrika aangewend het; en 5) die tradisionele vyandigheid wat by 'n groot deel van die Londense pers bestaan het (I, Hansard, 1953, dl. 83, kol. 3250-3251).

Dr. A.L. Geyer het oor die Britse pers geskryf: "Daardie pers was oor die algemeen in een woord vyandig teen die Nasionale Regering. Enige klein voorval, hoe onbenullig ook al, wat 'n ongunstige lig op

Suid-Afrika se rasseverhoudinge werp, het ŉ groot prominente plek in die koerante gekry. Voortdurend is, veral in berigte, ŉ naderende bloedbad in ons land voorspel...

"Hier moet ongelukkig gekonstateer word dat verreweg die meeste van hierdie soort berigte van Suid-Afrikaanse korrespondente, verbonde aan Engelstalige koerante in die Unie, afkomstig was. Dit het soms behoorlik gelyk asof hierdie mannetjies die partypolitieke stryd teen die Malan-regering in die nuuskolomme van die Britse koerante voortsit" (IV, Geyer, 1971, p. 26).

Hierdie aanvalle was nie net tot die Britse pers beperk nie. In 1949 het byvoorbeeld die volgende in ŉ berig in ŉ Amerikaanse koerant verskyn: "When a humorless old man, Dr. Daniel Francois Malan, stepped out of a narrowgauge railway coach in South Africa last year and proclaimed, 'South Africa belongs to us once more!' his Boer countrymen were jubilant.

"But across the picturesque little country... a shiver of fear ran through tens of thousands - tribal natives, coloreds, Indians, Jews and Englishmen. They knew the man, too.

"The reign of South Africa's race-baiting, ultranationalistic new Prime Minister Malan had officially begun" (III, Deindorfer, 1949, p. 6). Hierdie berig is van Kaapstad deur ŉ sekere Bob Deindorfer aan die koerant gestuur en het onder die opskrif "South Africa's 'new order'" verskyn. In dieselfde artikel is mnr. S.F. Waterson as Volksraadslid soos volg aan-

gehaal: "After the natives, colored people and Indians have been dealt with...the Jewish community will probably come next. Then, the government might act against the English-speaking section."

Soos die opskrif van hierdie artikel aangedui het, was die onderliggende doel van die skrywer om 'n sogenaamde Nazisme aan die kaak te stel. "Nazi doctrine has crept into official government policy in many ways. Asked how the 'Jewish problem' might be solved, Malan answered bluntly - stop Jewish immigration".

Oor die Republikeinse strewe van die nuwe Regering het die skrywer geskryf: "What will this mean? A South African dictatorship formed along the Malan lines will affect not only the British Commonwealth, but the United States and the rest of the world" (III, Deindorfer, 1949, p. 7 en 32).

Dr. Geyer het as Hoë Kommissaris in Londen op 12 Mei 1952 oor hierdie tipe verdraaide beriggewing in sy dagboek geskryf: "Glo my, dit vereis genade van Bo om deser dae in hierdie land kalm te bly. Ek moet trouens elke keer weer die enkele Afrikaner-afdelingshoofde (veral my inligtingsbeampte) vermaan om hulleself in toom te hou" (IV, Geyer, 1971, p. 28).

## AANSLAG TEEN DIE AFRIKANER

Kritiek teen Suid-Afrika in terme van menseregte, rassediskriminasie en selfs Nazisme was nie nuut nie en is in die tydvak voor 1948 reeds teen Suid-

Afrika uitgespreek.(Vgl. hfst. 5). Wat wel in hierdie tydvak nuut was, was dat die Afrikaanssprekendes nou in Suid-Afrika aan bewind was en verdere kritiek spesifiek teen hulle gerig kon word. Kritiek teen die Afrikaner was ook nie nuut nie, hoewel dit nou die hele Suid-Afrika geraak het omdat die Regering Afrikaanssprekend was.

In 1959 het mnr. J. von S. von Moltke gesê: "Ek sê sonder vrees vir teenspraak, en ek daag enige agb. lid van die Opposisie uit om my te weerspreek, dat wat in die afgelope elf jaar van die bewind van hierdie Regering gesê is in die wêreld, en al die swartsmeerdery van Suid-Afrika wat plaasgevind het en wat op rekening van hierdie Regering geplaas is, soos ligroos verskyn in vergelyking met wat in 158 jaar van die draers van die nasionale gedagte in Suid-Afrika gesê is, die Afrikaanssprekende Afrikanerdom" (I, Hansard, 1959, dl. 101, kol. 5854).

So het John Barrow reeds in 1806 in ŉ reisbeskrywing geskryf: "The boors, it seems, unable to restrain their savage temper, which the penalty levied upon them by the General had, with the assistance of a 'sopie', wrought up into a rage, determined to wreak their vengeance on the poor Hottentots, according to their common practice, whenever infuriate passion seizes them... Among the numerous instances of cruelty to which we bore witness, the following were particular striking" (IV, Barrow, 1806, p. 395). Hierna het hy ŉ hele reeks voorvalle opgenoem wat die Boere se wreedheid sou illustreer.

Dr. Geyer het so oor hierdie aanslag deur die jare teen die Afrikaner geskryf: "My geslag onthou nog die beeld wat die Engelstalige pers in ons land van die Nasionaliste dag na dag en jaar na jaar voor 1948 geskilder het - die agterlike deel van die Afrikaners, oningelig, bekrompe, anti-Brits, Nazi's ens., ens. En dit is die beeld wat oor die jare ook aan die koerantleser in Brittanje voorgehou is. En toe, in 1948, lig hierdie vreeslike Nasionaliste die wêreldberoemde veldmaarskalk Smuts totaal onverwags uit die kussings! In die Unie self het vrees in die dae ná die uitslag 'n groot deel van die Engelssprekendes beetgepak; wat moes dus nie die reaksie in Brittanje gewees het nie?" (IV, Geyer, 1971, p. 24).

Mnr. Gerhardt Jooste het in 'n gesprek in Londen met lord Swinton na dieselfde verskynsel verwys "...en lord Swinton daarop gewys dat sy land se nuusmedia nog altoos 'n vyandige en selfs beledigende houding teenoor nasionale Afrikanerleiers ingeneem het: Genl. Hertzog was, voordat hy Eerste Minister geword het, uitgekryt as 'n 'Dutch rebel'; dr. Malan is voorgehou as 'n 'Nazi', en toe was adv. Strydom 'n 'Engelse hater'. Elke keer is gepoog om die leiers van die Nasionale Party in die oë van die Britse volk te verneder" (IV, Jooste, 1977, p. 177).

Mnr. Arthur Barlow het as Engelssprekende ook hieroor geskryf: "As soon as Botha, Smuts and Hertzog began to show British imperialistic tendencies - the two former sooner and longer than Hertzog - all these harsh critics, and here I include the big English

daily newspapers of South Africa, praised their names as wonderful South African leaders and called them blessed" (IV, Barlow, 1960, p. 61).

Die kritiek wat veral in Brittanje teen Suid-Afrika se kleurbeleid uitgespreek is, kon dikwels na hierdie algemene negatiewe houding teenoor die Afrikaner herlei word. Dr. Geyer: "Aan dr. Malan het ek eenkeer gesê dat as sy naam Daniel Menzies en hy 'n goeie imperialis was, sou 90% van die vyandige berigte oor ons kleurbeleid nie verskyn het nie. Tot stawing daarvan kon ek na Suid-Rhodesië wys, waar in sommige opsigte selfs meer kleurdiskriminasie as in die Unie bestaan het. Af en toe was daar weliswaar kritiek op daardie kolonie se kleurbeleid, maar byna nooit een van die kwaadaardige berigte wat oor die Unie alledaags was nie" (IV, Geyer, 1971, p. 26).

Mnr. Gerhardt Jooste het verwys na die volgende woorde van 'n vooraanstaande Brit aan hom: "I do believe... that if it were not for you Afrikaners'opposition to the crown, our people might well discover something commendable in your racial policies" (IV, Jooste, 1977, p. 184).

Teen hierdie anti-Afrikaanse agtergrond was dit nie moeilik vir die buitelandse en Suid-Afrikaanse pers asook die Opposisie om 'n negatiewe beeld van die Afrikaner, en so ook onregstreeks van Suid-Afrika, te skep nie. Deur voortdurend gebeure in Suid-Afrika met die Nazisme te assosieer, kon 'n patroon van 'n voortgesette Nazi-bewind in Suid-Afrika geskep word. Die feit dat sekere Afrikaners gedurende die oorlog

die Nazisme gesteun het; die feit dat die Nasionale Party ŉ groot klem op Nasionalisme, wat in Europa ná die oorlog as ŉ onding beskou is, geplaas het, asook die beleid van apartheid wat ŉ soort rassemeerderwaardigheid geïmpliseer het, het die prentjie van Nazisme voltooi. Hierdie aanslag rondom die Nazisme sou deur al die tydvakke tot in die sewentigerjare voortgesit word. So het Van der Ropp in 1972 byvoorbeeld oor die aanslag teen Suid-Afrika geskryf:

"...these publications will never miss any opportunity to call Mr. Vorster 'an advocate of fascist racial mania', 'whose ideological idol is Adolf Hitler'. The Bantustans are said to be concentration camps. Gatsha Buthelezi is described as the white man's stooge. The life of the non-Whites in South Africa is compared with that of the non-Aryans in National-Socialist Germany. The Immorality Act for example is compared with those parts of the Nuremberg Laws which made sexual intercourse between Aryans and Jews a crime" (III, Van der Ropp, 1972, p. 223).

APARTHEID

Die begrip "apartheid", wat nie voor 1948 in die aanslag teen Suid-Afrika gebruik is nie, sou in die tydvakke ná 1948 sentraal staan in die aanslag teen Suid-Afrika. Dit het dan ook ŉ hoogtepunt bereik met die besluit in die Algemene Vergadering van die V.V.O. in 1972 om apartheid tot ŉ misdaad te verklaar (IV, Jooste, 1977, p. 144). In 1970 het dr.

Egges Mulder in ŉ ondersoek van die Oostenrykse pers die volgende bevind: "The word 'Apartheid' is still the most frequently used expression for South Africa's policy. The more positive formulation 'Separate Development' to describe the policy appeared only in reports among the independant and conservative party press" (III, Mulder, 1974, p. 26). Hierteen gesien, is dit wel belangrik om in ŉ studie soos hierdie na die begrip 'apartheid' te kyk.

Daar word algemeen aanvaar dat die woord deur mnr. Paul Sauer geskep is. Hy was voorsitter van ŉ kommissie van die Nasionale Party wat voor die 1948-verkiesing die beleid van die party met die oog op die verkiesing moes bepaal. Volgens mnr. Wennie du Plessis moet dr. Piet van Biljon egter as die skepper van die woord gesien word aangesien hy die woord skriftelik by die kommissie aanbeveel het wat dit toe so aanvaar het (V, Onderhoud, Du Plessis, 1977).

"Die woord 'apartheid' het op daardie tydstip presies uitgebeeld wat die Afrikaner gevoel het en het nie noodwendig haat en meerderwaardigheid geïmpliseer nie. Dit is egter in die buiteland onmiddellik as die 'Herrenvolk'-gedagte vertolk" (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

In 1952 het die Staatsinligtingsdiens in ŉ pamflet wat in die buiteland versprei is, apartheid soos volg verduidelik:

"It accepts the Christian guardianship of the European race as the basic principle of its policy with

regard to the non-European races, and desires to furnish them with the opportunity to develop themselves in their own areas in accordance with their natural genius and capacity, and to ensure for them fair and just treatment in the administration of the country. It is definitely opposed to any miscegenation between the European and non-European races, and favours the territorial, political, residential, and, as far as possible, industrial separation of Europeans and non-Europeans. This policy is known as apartheid" (III, Du Plessis, 1952, p. 6).

Dit is wel belangrik om vas te stel tot watter hoogte hierdie beleid verskil het van die tradisionele beleid wat deur die jare in Suid-Afrika gevolg is. Genl. Smuts het in die vorige tydvak sy party se beleid soos volg aan die V.V.O. verduidelik:

"The implementing in South Africa of a policy which aims at identity between the various races and imposes no distinctions and recognises no differences would result in immediate chaos and ultimate disaster. The distinctions which are drawn in my country do not proceed from any oppressive intent and have no oppressive effect, but are broadly speaking designed to ensure peaceful development towards the preservation of racial and cultural identities by differentiation...and by separation into different areas and different groups...within which each race can develop in its own way and work out its own destiny with a minimum of racial friction" (aangehaal <u>in</u> I, Hansard, 1957, dl. 94, kol. 5395).

Behalwe dat die Nasionale Party hom minder aan die buitewêreld gesteur het en sy beleid in wetgewing prakties vasgelê het, wil dit voorkom asof sy beleid nie opvallend verskil het van die beleid soos deur genl. Smuts verduidelik is nie. Dat die keuse van die woord "apartheid" naïef en kortsigtig was met die oog op die buiteland, kan egter nie betwyfel word nie. Aan die ander kant het die keuse van die woord in die binneland die gewenste resultaat behaal wat die vermoede versterk dat die buiteland nie in oorweging gebring is by die keuse van die woord nie.

MOONTLIKE KENTERING IN DIE BUITELAND

Aan die einde van hierdie tydvak het verskeie persone beweer dat daar 'n kentering in die buiteland se houding jeens Suid-Afrika aan die gang was. Dr. Otto du Plessis: "Daar het gelukkig in die laaste tyd 'n kentering gekom, 'n kentering wat hoofsaaklik daaraan toe te skryf is dat, waar die buiteland onder die indruk gekom het dat hierdie Regering net vir 'n jaar of twee sou staan, ná die onlangse algemene verkiesing nou besef word dat hierdie Regering gekom het om vir baie jare aan die bewind te bly. Die tweede is die optrede van hierdie Regering ten opsigte van sy deelname aan die oorlog in Korea..." (I, Hansard, 1953, dl. 83, kol. 3252).

Suid-Afrika se deelname aan die Koreaanse oorlog het die land agt miljoen pond gekos en drie-en-dertig Suid-Afrikaners het onder die V.V.O.-vlag in Korea

gesneuwel (IV, Jooste, 1977, p. 140). Suid-Afrika wou blykbaar hierdeur sy anti-kommunistiese houding illustreer en het waarskynlik gehoop dat dit onregstreeks sy verhouding met die Weste sou verbeter.

Dr. Malan het in 1953 oor 'n moontlike kentering gesê: "...ek dink ek kan met sekerheid hier sê dat die verhouding teenoor Suid-Afrika ongetwyfeld aan die verbeter is. Nou kan u my vra waaraan ons dit te danke het, en dan sou ek in die eerste plaas sê aan ons Inligtingsdiens. Ons Inligtingsdiens gee telkemale in die verskillende lande informasie as daar verkeerde voorstellings gemaak word, en ek dink dat op die lange duur, alhoewel dit 'n moeilike en opdraande taak is, dit begin te tel.

"Dan wil ek daarby sê dat die uitslag van die algemene verkiesing ongetwyfeld veel daartoe bygedra het" (I, Hansard, 1953, dl. 82, kol. 1407).

Ander gebeure in hierdie tydvak wat veral in Brittanje 'n kentering veroorsaak het, was dr. Malan se uitnodiging aan die Britse koning om ná sy siekte in Suid-Afrika te kom aansterk. Hoewel die uitnodiging as gevolg van 'n misverstand gerig is (IV, Geyer, 1971, p. 89-91), kon dr. Geyer soos volg daaroor verslag doen: "So het dr. Malan se uitnodiging aan die siek Koning om in Botha-Huis te kom herstel, in my inligtingsbeampte se woorde, ons saak in Brittanje meer goed gedoen as al ons propaganda van 'n hele jaar. En daarin het ek bevestiging gesien van my opvatting dat die Britte so vitterig op die Unie was, nie in die eerste plaas omdat hulle so geskok was oor ons

kleurbeleid nie, maar omdat hulle dit nie kon sluk dat ons 'n Afrikaner-regering had nie, nogal van republikeine boonop. Hulle is ingeprent dat die Afrikaners venynig anti-Brits was, en hier slaan Doktor se gebaar hul voete skoon onder hulle uit!" (IV, Geyer, 1971, p. 27).

'n Verdere gebeurtenis wat in Brittanje 'n invloed gehad het, was die Britse regering se probleme in Afrika. "Aan Doktor kon ek skryf: 'Die Mau-Mau is my beste bondgenoot!' Die feit dat dit Brittanje was wat met so 'n probleem sit, het gemaak dat die Britte 'n ietsie minder onredelik geword het wat die Unie betref. Gordon-Walker kon aan my sê dat die Mau-Mau 'is opening the eyes of many of our people'" (Dr. A.L. Geyer <u>in</u> IV, Geyer, 1971, p. 29).

'n Verdere rede vir 'n moontlike kentering was dr. Malan se optrede teenoor Israel en die Jode in Suid-Afrika. Weyl het hieroor geskryf: "The Nationalist victory of 1948 plunged the Jewish community 'into the deepest gloom'. Fearing that a pro-Nazi regime had taken power to persecute them, the Jews 'walked the streets in a daze'...

"To the amazement of South African Jewry, the Nationalist Government was one of the first states to accord diplomatic recognition to Israel. Dr. Malan permitted South African Jews to serve in Israel's War of Independence" (IV, Weyl, 1970, p. 90).

"Kort na sy bewindsaanvaarding het dr. Malan Israel besoek. Hierdie eerste besoek van enige eerste minis-

ter aan die jong staat Israel was die sinnebeeld van 'n lang verbintenis tussen die twee lande... Die inskripsie van dr. Malan se naam in die Sionistiese Goue Boek was 'n treffende aanduiding van die Joodse waardering vir die onderliggende gees van die Eerste Minister se optrede" (III, Hotz, 1971, p. 19).

Dr. Otto du Plessis het as Direkteur van Inligting dr. Malan op hierdie besoek aan Israel vergesel. Omdat dr. Malan nie so op die buiteland ingestel was nie, kom die moeite van 'n besoek aan Israel eienaardig voor. Dit is moontlik dat hy daardeur die anti-semitiese kritiek teen sy Regering die nek wou inslaan, hoewel 'n meer waarskynlike rede sy belangstelling as oud-predikant in Israel as Bybelland was (V, Onderhoude, Du Plessis en Meiring, 1977).

KRITIEK IN HIERDIE TYDVAK

As gevolg van die feller aanslag van buite teen Suid-Afrika was daar in hierdie tydvak uit verskeie oorde kritiek op die buitelandse beleid van dr. Malan se Regering en op die werksaamhede van die Staatsinligtingsdiens. Anthony Delius het dit in Julie 1952 in The Forum soos volg gestel:

"If Smuts can be accused of turning his attention too much to the outside world, Dr. Malan is equally guilty of turning his back too much upon it. No doubt he has an academic knowledge of what goes on oversea, but a feeling for the issues at stake, a sensitivity to new attitudes in policies of modern Europe and America seem wholly lacking in him...

"The theory seems to be that so long as you assure the West that you are a dependable anti-Communist you can get away with murder possibly even the murder of democracy. A corps of press attachés, a naive pamphlet or two hitching Dr. Malan's wagon to the international star of General Smuts, and some personal contacts made by wandering Ministers in Europe, America and the UN are all that is needed to allay unjust suspicions and keep the cash rolling in" (III, Delius, 1952, p. 8).

Delius het ook beweer dat dr. Malan naïef in sy buitelandse beleid was: "He has, as I have indicated, worked out the perfect formula for catching Platteland votes. He is so closely attuned to the folklores of that area, reproduces so exactly and authoritatively their systems of thought, that his speeches read to them like the essence of commonsense... And when he tells the good folk of Wakkerstroom that the eyes of the world are upon them and civilisation awaits their decision on its fate, it is not surprising that the great majority there believe him...

"But when he offers a sort of platteland panacaea to the West as a cure-all for its ills, speaking as the Premier of a developing industrial state, he cuts a very curious figure indeed" (III, Delius, 1952, p. 9).

In 1952 het die Staatsinligtingsdiens 'n pamflet gepubliseer wat dr. Malan aan die buiteland probeer bekendstel het. Die pamflet het ook die ooreenkoms tussen dr. Malan en genl. Smuts probeer aantoon.

"It is a remarkable coincidence that this picturesque little village, which even to-day has a population of only 400 Europeans, was also the birthplace of Dr. Malan's immediate predecessor in office, the late Field-Marshal J.C. Smuts.

"Only three miles separated the homes of these two great South Africans who became the leaders of their country, and only two days in the month of May divided their birthdays, though Dr. Malan was the younger by four years. Both attended the same high school in Riebeeck West...and both went to the same university in the lovely old town of Stellenbosch..." (III, Du Plessis, 1952, p. 4).

Delius het besliste kritiek op hierdie pamflet van die Inligtingsdiens gehad. "The State Information Office pamphlet, which presents Dr. Malan to a goggling world as a genial Pickwickian figure, contains a conscious effort to transfer some of the international status of Smuts to the present Prime Minister...

"The intention behind this is, of course, to induce the oversea reader to remark uneasily. 'If South Africans, with a better knowledge of Smuts and Malan than I have, think the two are equal in status, perhaps I've got the wrong idea of Malan'...

"Sometimes it seems that the 'greatness' theme is intended as much to fool Dr. Malan as the rest of South Africa and the world" (III, Delius, 1952, p. 7).

In hierdie tydvak is ook beweer dat die Regering hom te min aan die buitewêreld en die V.V.O. gesteur het.

"In view of the serious situation, one would have expected the Union Government to take new steps to meet the new attack. It has done nothing of the kind. At the moment no one even knows whether a Cabinet Minister will go to New York to face the martial music... And the result, by the new year, will be that South Africa's reputation in the world will have sunk even lower than it now is" (III, The Forum, Oct. 1952, p. 2).

Die konstitusionele krisis in Suid-Afrika toe die Regering en die Appèlhof gebots het, het ook baie kritiek uitgelok. Dr. Geyer het op 29 September 1952 in sy dagboek geskryf: "Daardie 'Hoë Hof' (van die Parlement) het ons hier miskien meer kwaad gedoen as al die kleurpropaganda. Dit het die Britte met hul ingebore agting vir 'the rule of law' ontsaglik geskok en hulle die storie laat glo dat ons op ŉ Nazi-staat afstuur" (IV, Geyer, 1971, p. 28).

In hierdie tydvak was daar ook kritiek van die Opposisie wat beweer het dat die Staatsinligtingskantoor van mense gebruik sou maak wat deur Goebbels in Duitsland opgelei is. Mnr. R.B. Durrant: "Hoeveel voordeel trek die Staatsinligtingskantoor, in sy oorsese bedrywighede, uit hierdie manne wat deur Goebbels opgelei is? Ek dink dit is iets wat die Raad en die land behoort te weet; dit is ŉ saak van heelwat verontrusting (I, Hansard, 1951, dl. 75, kol. 7240).

Die bewerings was blykbaar op ŉ mnr. Von Lichtenveld wat van Duitsland gekom het, gemik. Die Minister van Binnelandse Sake het soos volg op hierdie kritiek ge-

antwoord: "Ek stel dit as 'n feit dat dit onwaar is dat mnr. Von Lichtenveld ooit lid was van die Goebbels-organisasie in Duitsland of Skandinawië. Daar is geen teken daarvan nie, en die feit dat daar geen sekuriteitsbeswaar teen sy verlating van Duitsland was nie, is miskien een van die beste bewyse daarvoor" (I, Hansard, 1951, kol. 9733).

Mnr. W.C. du Plessis se reaksie was: "...waarom neem hulle dan die tyd van die Raad in beslag om sulke ongegronde bewerings te kom maak? Dan het ons die reg om hulle uit te daag om sulke dinge te staaf, want dit is gevaarlike bewerings wat hulle maak. Dit is gevaarlik nie alleen omdat dit die naam van die Staatsinligtingskantoor nie, maar ook van ons land oorsee in diskrediet bring" (I, Hansard, 1951, dl. 76, kol. 9680).

Dat hierdie kritiek van die Opposisie 'n doelbewuste voortsetting van die Nazisme-tema was, kan nie betwyfel word nie. Die Opposisie het ook beweer dat die Inligtingsdiens 'n eensydige beeld van Suid-Afrika in die buiteland voorhou. Mnr. Marais Steyn het dit so gestel:

"Ek dink ook dat ons stelling kan neerlê, met die instemming van die Eerste Minister, dat die Staatsinligtingskantoor nie 'n politieke liggaam is nie, dat dit nie deel is van die organisasie van die Nasionale Party nie, maar dat dit 'n kantoor is van die Staat en dat sy funksie sover die buiteland betref, die deel van sy funksie waarvoor die Eerste Minister wel verantwoordelik is, is om aan die wêreld daarbuite die

standpunt van Suid-Afrika te stel en nie uitsluitend en op 'n bevooroordeelde manier die standpunt van die Party wat op die oomblik die mag in die hande het nie" (I, Hansard, 1951, dl. 75, kol. 7242). Mnr. R.B. Durrant het dieselfde kritiek in 1952 uitgespreek (vgl. I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8279).

Die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, het soos volg op hierdie kritiek geantwoord: "Die bewering van die agb. lid, saam met die ander bewering dat hulle partypropagandiste is, en nie hul land verteenwoordig nie, is 'n onwaardige aantyging. Hulle verteenwoordig Suid-Afrika, en watter regering ook al aan die bewind is, is natuurlik die beleid van die regering op 'n bepaalde tydstip die beleid van Suid-Afrika...

"...verwag u dan van hulle dat hulle propaganda moet maak vir 'n sienswyse wat die publiek kan sien nie die sienswyse van die Regering van Suid-Afrika is nie? Dit is tog seker nie hul taak nie?" (I, Hansard, 1953, dl. 83, kol. 3289).

Mnr. W.C. du Plessis se standpunt was: "As hy bedoel of hierdie Regering openbare fondse mag gebruik om sy eie partypolitieke doelstellings te bevorder, dan sê ek 'Nee', maar as hierdie Regering openbare fondse gebruik om die Regering se doelstellings as Regering te bevorder, wat is verkeerd daarmee?" (I, Hansard, 1952, dl. 80, kol. 8263).

Wat die finansies van die Inligtingsdiens betref, het dr. Otto du Plessis gesê: "Ek wil 'n beroep doen op

die Minister van Finansies om voort te gaan om daardie fondse te bestee. Suid-Afrika kan eenvoudig nie agterstaan in hierdie stryd nie. Elke land, groot of klein, binnekant of buitekant die V.V.O., neem deel aan hierdie ideologiese oorlog, en waar die Amerikaanse Kongres sê dat dit vandag die vernaamste punt is in sy diplomasie, moet ook Suid-Afrika sy deel bydra om die Westerse beskawing in Afrika te handhaaf" (I, Hansard, 1954, dl. 84, kol. 587).

## GEVOLGTREKKING

In hierdie tydvak was die vernaamste doelstelling van die Staatsinligtingsdiens die verspreiding van inligting in die buiteland (vgl. III, Jaarverslag, 1949, p. 9). Die rolprente, die publikasies en selfs die streekkantore in Suid-Afrika was hoofsaaklik op die buiteland ingestel. Die rede hiervoor kon wees dat die nuwe Regering in reaksie opgetree het teen die vorige Regering wat veral in die oorlogsjare die Inligtingsdiens aangewend het vir die verspreiding van propaganda binne Suid-Afrika. Eers ná die stigting van die Departement van Inligting in 1961 sou die Nasionale Regering en die Staatsinligtingsdiens weer die verspreiding van inligting deur die owerheid binne Suid-Afrika as 'n belangrike funksie van die Inligtingsdiens beskou. (Vgl. IV, Mulder, 1975, p. 140-144).

'n Ander rede waarom die Inligtingsdiens in hierdie tydvak die klem op die verspreiding van inligting in die buiteland geplaas het, was die feller aanslag

van buite teen Suid-Afrika. Die opgehoopte vooroordeel teen veral die Afrikaner wat terugstrek na die dae van Van der Kemp, Reid en Barrow, kon nou op die Regering van die dag, wat Afrikaanssprekend was, oorgedra word (vgl. dr. H.G. Luttig, I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4761). Veral in Brittanje was dit moeilik om te onderskei tot watter hoogte die kritiek teen Suid-Afrika werklik teen die kleurbeleid van die Regering gerig was en tot watter hoogte dit net 'n vooroordeel teen die Afrikaner was.

'n Verdere verandering in hierdie tydvak was dat die aanslag teen Suid-Afrika bewus uit Suid-Afrika bevorder is. In genl. Smuts se tyd het enkele Indiërs en joernaliste uit Suid-Afrika negatiewe verklarings in die buiteland gedoen, maar die Nasionale Party-Opposisie en die Afrikaanse en Engelse pers het nie doelbewuste pogings in hierdie verband aangewend nie. Ná 1948 het 'n ontnugterde genl. Smuts en die Verenigde Party met verskeie verklarings en toesprake die buitelandse aanslag teen Suid-Afrika aangemoedig. Tot watter hoogte dit doelbewus gedoen is, kan nie bepaal word nie. Die Engelstalige Opposisiepers in Suid-Afrika, wat genl. Smuts vóór 1948 gesteun het, het ná 1948 met skerp kritiek en die skep van begrippe soos "Malanazis" en "Aparthate" die aanslag teen Suid-Afrika in die buiteland bevorder (vgl.I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5905 en IV, Geyer, 1971, p. 24-32).

Hierdie aanslag, as 'n tweede rede waarom die klem in hierdie tydvak op die verspreiding van inligting in die buiteland geval het, was ook die regstreekse rede

vir die groot uitbreiding van die Inligtingsdiens in hierdie tydvak (vgl. dr. Malan, I, Hansard, 1950, dl. 70, kol. 720). Die buitelandse personeel van die Inligtingsdiens is in ongeveer vier jaar verviervoudig. Die baie nuwe pers-attachés en Inligtingskantore in verskillende lande sou die grondslag vorm van die uitgebreide inligtingsnetwerk in die buiteland van die Departement van Inligting in die sestiger- en sewentigerjare. Die klem wat in hierdie tydvak op die buiteland en die uitbreiding in die buiteland geplaas is, terwyl die Inligtingsdiens nog onder die beheer van die Departement van Binnelandse Sake was, het geregverdigde kritiek van die Opposisie uitgelok. Die Regering se redes hiervoor, wat rondom dr. Malan se baie werksaamhede en moontlik ook sy ingesteldheid teenoor die buiteland gedraai het, was egter ook verstaanbaar.

Wat die benadering van die Inligtingsdiens in hierdie tydvak betref, was dit nog hoofsaaklik verdedigend. In die meeste lande het die pers-attachés se werksaamhede uit die antwoord van navrae oor Suid-Afrika en die reageer op verdraaide berigte in die pers bestaan. In latere tydvakke sou dit verander en sou die Inligtingsdiens meer aggressief optree en ook sekere teenaanvalle inisieer. Die benadering ten opsigte van publikasies waardeur publikasies in Suid-Afrika opgestel en vertaal is, met soms negatiewe resultate, kan aan 'n gebrek aan inligtingservaring in die buiteland toegeskryf word.

Omdat die nuwe Regering sy kiesers van wie hy die

mandaat gekry het, as sy eerste prioriteit beskou het, is dikwels besluite oor buitelandse aangeleenthede geneem wat as "naïef" beskryf kon word as dit uit 'n buitelandse oogpunt beoordeel sou word (V, Onderhoud, Mulder, 1977). Die meeste besluite is dan ook geneem sonder dat die moontlike reaksie in die buiteland as 'n faktor by die neem van die besluite bygereken is (V, Onderhoud, Meiring, 1977). Dit sou in latere tydvakke verander. Die keuse van die terminologie wat die Inligtingsdiens in die buiteland moes gebruik kan ook hieruit verklaar word.

Die Regering het ook in hierdie tydvak volgehou om sy belangrikste verweer teen buitelandse kritiek die kwessie van geen inmenging in die huishoudelike sake van 'n ander land nie, te gebruik (V, Onderhoud , Du Plessis, 1977). Daar is gereken dat jou krag in isolasie lê. In latere tydvakke is besef dat daar met die moderne kommunikasiemiddele ná die Tweede Wêreldoorlog nie meer in isolasie opgetree kon word nie (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

"Very little that happens on the national front is without international significance, interest or bearing. A country today is not only part of the world; the world has become its neighbour.

"Gone are the days when a domestic problem could be solved within the privacy of the family. Neither can a statesman in our present open society with impunity make one statement for his home public and another for the international audience" (IV, Meyer, 1968, p. 97).

Nieteenstaande die feller kritiek teen Suid-Afrika was dit nog die tydvak ná 1948 waarin dit die maklikste was om Suid-Afrika se probleme in die buiteland te verduidelik (V, Onderhoude, Rhoodie en Meiring, 1977). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die Afro-Asiatiese blok en die klem wat hulle op ras geplaas het, nog nie so prominent was nie. Hierdie tydvak is eerder gekenmerk deur die oplaaiende koue oorlog en die gevaar van Kommunisme. Hierteen moet Suid-Afrika se deelname aan die oorlog in Korea beoordeel word waardeur Suid-Afrika sy anti-kommunistiese houding en Westerse verbintenis wou bewys. Suid-Afrika se hoop dat hierdie optrede die Westerse lande meer positief teenoor hom sou laat optree, het egter nie werklikheid geword nie.

"Dit was egter ook so dat weens die Regering se verklarende anti-kommunistiese standpunt, sy posisie in die Oos-Wes-stryd eenvoudig as vanselfsprekend aanvaar is en dat dit dus nie vir Amerika nodig was om ons bondgenootskap te 'koop', soos wat hy probeer doen met die sogenoemde onverbonde Afro-Asiatiese state, wat so heftig teen ons in die V.V.O. te velde trek nie. Daar was dus vir Amerika en die ander Westerse state geen politieke noodsaaklikheid om ons kant in die wêreldorganisasie te kies of om moeite te doen om ons in enige opsig te begunstig nie" (IV, Jooste, 1977, p. 167). Dit sou eers in die sewentigerjare gebeur dat Ministers in uitsprake hierdie vanselfsprekende verbondenheid aan die Weste bevraagteken het (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

Die belangrikheid van hierdie tydvak lê daarin dat, as gevolg van die aanslag van buite teen Suid-Afrika en die nuwe Regering se geesdrif, Suid-Afrika vir die eerste keer 'n volwaardige vredestydse Inligtingsdiens, soos mnr. A.N. Wilson dit voorsien het, gehad het. Hoewel die metodes en benadering van die Inligtingsdiens nie altyd so geslaag was nie en die Regering se buitelandse beleid en uitsprake dikwels die optrede van die Inligtingsdiens bemoeilik het, is veral in die buiteland in hierdie tydvak die grondslag gelê waarop later voortgebou kon word. Reeds op 26 September 1949 kon die Direkteur van Inligting in 'n referaat sê:

"Inligtingsdienste het 'n noodsaaklike deel geword van die hedendaagse staatsmasjinerie, in die binneland sowel as in die buiteland, in vredestyd sowel as in tyd van oorlog... Ten opsigte van die buitewêreld het die skepping van inligtingsdienste eweneens onvermydelik geword. Hulle is vandag 'n onontbeerlike faktor in internasionale betrekkinge" (aangehaal in III, Jaarverslag, 1949, p. 9-10).

# HOOFSTUK 7

## 1954-1960. VERSKUIWING EN 'N PROFESSIONELE STAATSINLIGTINGSDIENS

Met die algemene verkiesing in 1953 is dr. Otto du Plessis tot Volksraadslid vir die kiesafdeling Stellenbosch verkies (I, Hansard, 1955, dl. 88, kol. 5434). Ná 'n termyn van vyf jaar was die Direkteurspos dus weer vakant.

In November 1954 is adv. J.G. Strijdom tot Eerste Minister van Suid-Afrika verkies (vgl. IV, Van Jaarsveld, 1971, p. 266). As Eerste Minister en Minister van Buitelandse Sake het hy die Departement van Buitelandse Sake aan min. E.H. Louw opgedra. Vir die eerste keer was hierdie Departement nou losgemaak van die premierskap (IV, Bekker, 1973, p. 48). 'n Onafhanklike Departement van Buitelandse Sake en 'n nuwe Direkteur het 'n regstreekse invloed op die Inligtingsdiens gehad en sou 'n nuwe tydvak inlui.

### AANSTELLING VAN MNR. PIET MEIRING

Ná dr. Otto du Plessis se bedanking het dr. T.E. Dönges, as Minister van Binnelandse Sake, die direkteurspos aan die begin van 1953 aan mnr. P.G.J. Meiring aangebied. Mnr. Meiring, wat onder andere op die redaksie van die Volksblad en Die Burger gedien het, was op daardie tydstip aan Die Transvaler verbonde. Hy word as een van die grondleggers van Die Transvaler beskou omdat hy in 1937 saam met dr.

Verwoerd daar begin werk het. By Die Transvaler was hy onder andere nuusredakteur, assistent-hoofredakteur en in later jare onder-hoofbestuurder van die Voortrekkerpers. Mnr. Gert Claassen het in 1953 van hom geskryf: "Mnr. Meiring se koerant-ervaring maak hom miskien vandag die man wat die grootste aanspraak kan maak op die pos van Staatsinligtingshoof" (III, Claassen, 1953, p. 22-23).

In 'n gesprek met dr. Verwoerd, wat lid van Die Transvaler se direksie was, het hy gereken dat mnr. Meiring van groter nut by die koerant as by die Inligtingsdiens sou wees. Op grond hiervan het mnr. Meiring die aanbod van die hand gewys (IV, Meiring, 1973, p. 133).

Ses maande later in September 1953 was die pos nog steeds nie gevul nie. In 'n gesprek met mnr. Meiring het dr. Dönges terloops sy aanbod herhaal. Hierdie keer het mnr. Meiring die aanbod aanvaar. Hieroor skryf hy: "I was over 45 years of age before I reached the job which I had always coveted in my heart of hearts, that of Director of the State Information Service. And then it was handed to me on a plate without any encouragement on my part...

"And so twenty-one years after I had first interviewed General Smuts about a possible appointment in the then still non-existent Information Service, I had the door to its control opened to me" (IV, Meiring, 1973, p. 133).

Soos in hoofstuk 3 aangedui is, het mnr. Meiring in

die dertigerjare 'n brief aan genl. Smuts geskryf waarin hy navraag oor 'n moontlike aanstelling in die Staatsinligtingsdiens gedoen het, (Vgl. III, Claassen, 1953, p. 21).

In Desember 1953 het mnr. Meiring die nuwe Direkteur van Inligting geword. Ná sy aanstelling het mnr. Claassen geskryf: "Dit is jammer dat hy nie in elke land waar ons pers-attaché's het, kan gaan woon nie. Die wanvoorstellings oor ons land sal sommer gou-gou uit die weg geruim word...

"Hy glimlag met onweerstaanbare aantreklikheid, hy kan kwaad word soos min, as hy praat luister almal..." (III, Claassen, 1953, p. 23).

Mnr. Arthur Barlow het in die Parlement opgemerk: "Ek dink dat die land homself kan gelukwens met die huidige Direkteur van Staatsinligting en ek wil hom graag gelukwens met die werk wat hy doen" (I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4759).

Mnr. Meiring is op kontrak vir vyf jaar aangestel. Op 1 Desember 1958 is sy kontrak vir 'n verdere vyf jaar verleng (I, Hansard, 1960, dl. 104, kol. 5003)

Omdat mnr. Meiring van buite oor die koppe van ander staatsamptenare aangestel is, was kritiek te wagte. Hy beweer dan ook dat hy wel aanvanklik in die Inligtingskantoor die gevoel gekry het dat hy van buite kom, maar dat dit mettertyd verander het (V, Onderhoud, Meiring, 1977 en vgl. ook Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/8).

Vir die volgende tien jaar sou mnr. Meiring 'n be-

langrike invloed op die ontwikkeling en funksies van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens hê. Hieroor het hy geskryf: "And so began the best ten years of my life, when I worked flat out on the job of getting the South African image into perspective overseas and in that effort I enjoyed the company of the keenest and most dedicated team of English- and Afrikaans-speaking South Africans it has ever been my privilege to lead" (IV, Meiring, 1973, p. 134).

BUITELANDSE REIS VAN DIE DIREKTEUR

Van die eerste bedrywighede wat mnr. Meiring ná sy aanstelling aangepak het, was om 'n buitelandse reis te onderneem.

"...when I looked at the publicity material available in the office my heart sank. There was precious little in English and less in any foreign language. True, we already had seven offices operating overseas, but these were mostly one-man shows, hopelessly under-equipped.

"Before the end of the session, I left for the 'front' armed with a promise from dr. Dönges that he would implement whatever we found necessary to do by way of stronger action - but all within reasonable limits! In something under three months I visited twelve countries, with one or two exceptions riddled with anti-South African prejudice" (IV, Meiring, 1973, p. 135).

Die doel met hierdie besoek is deur die Jaarverslag

in vyf punte saamgevat: 1) Die Direkteur het die probleme wat die buitelandse Inligtingskantore ondervind, gaan ondersoek; 2) hoe die dienste wat hierdie kantore in die buiteland lewer, verbeter kan word, asook 3) of dit raadsaam sou wees om nuwe Inligtingskantore in die Skandinawiese lande, Switserland, Egipte en ander Afrikalande te open. Die Direkteur het ook 4) inligting oor die funksionering van die buitelandse kantore gaan inwin wat met 'n beoogde reorganisasie van die Inligtingsdiens in gedagte gehou moes word, terwyl hy ook 5) moderne publisiteitsmetodes wat in ander lande aangewend word en vir Suid-Afrika van nut kon wees, ondersoek het (III, Annual Report, 1954-55, p. 6).

Tydens sy reis het mnr. Meiring lang gesprekke met die Suid-Afrikaanse verteenwoordigers in die onderskeie lande gevoer, terwyl hy ook nuttige wenke uit gesprekke met persone van die Britse en Duitse Inligtingsdienste gekry het. Oor sy besoek aan die Skandinawiese lande het hy geskryf: "These holier-than-thou experts with their lack of first-hand knowledge of colonialism and African problems had so poisoned the minds of their susceptible public that I had no hesitation in writing them off entirely (IV, Meiring, 1973, p. 136). Die Inligtingsdiens het in 1976 nog steeds geen Inligtingskantore in die Skandinawiese lande gehad nie (vgl. III, Jaarverslag, 1976, p. 10).

Mnr. Meiring het oor sy besoek geskryf: "I came back form Europe with a fairly clear picture of our problems, thanks mainly to the members of our pioneer staff at the strategic points. It was clear that

they would serve as a very sound nucleus of the enlarged offices that I begged our Minister to give us. Because they had been so few and so junior, their efforts had made little enough impact at the South African embassies, manned as they mostly were by professional and superior persons who followed nothing as much as protocol" (IV, Meiring, 1973, p. 136).

Mnr. Meiring het 'n lywige verslag oor sy besoek opgestel en by wyse van gevolgtrekking elf aanbevelings gedoen (I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:21-23). Die meeste van hierdie aanbevelings is in die res van hierdie tydvak deurgevoer. Mnr. Meiring het beweer dat dr. Dönges nooit hierdie verslag gelees het nie omdat hy nie so baie in die Inligtingsdiens belang gestel het nie (V, Onderhoud, Meiring, 1977).

REORGANISASIE VAN DIE INLIGTINGSDIENS

Die eerste van mnr. Meiring se aanbevelings is reeds op 4 November 1954 tydens 'n vergadering oor die reorganisasie van die Inligtingsdiens aanvaar. Die vergadering is bygewoon deur die Sekretaris en Ondersekretaris van Binnelandse Sake, mnre. T.H.V. Hörsch en P. Bosman, asook deur mnr. Meiring as Direkteur van Inligting en mnr. J.H. du Plessis as personeelklerk van die Inligtingskantoor. Die vergadering, met dr. Dönges as voorsitter, het onder andere besluit om skakelbeamptes by ander Staatsdepartemente aan te stel. Hierdie skakelbeamptes sou op die

diensstaat van die Inligtingsdiens bly. Dit was een van die belangrike aanbevelings wat mnr. Meiring ná sy buitelandse reis gedoen het.

Mnr. K. Baum het ook toestemming gekry om oorsee te gaan vir die verfilming van 'n immigrasie-rolprent en het verder opdrag gekry om terselfdertyd ondersoek in te stel "...na die smaak van die Europese mark, asook die nuutste ontwikkelings op die gebied van filmtegniek en die kommersiële verspreiding van ons rolprente" (I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/8, p. 1 en 3). Hierdeur is 'n verdere aanbeveling van mnr. Meiring aanvaar (vgl. I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:22-23).

Die Jaarverslag van 1954-55 het soos volg oor hierdie reorganisasie verslag gedoen: "...the whole information service was thoroughly reorganised just before the financial year ended.

"The considerable reshuffle of staff which resulted from the accepted principle that foreign-based and local personnel should be regularly rotated in order to provide the stimulus of refreshment in an organisation where preoccupation with routine must inevitably stifle initiative and enterprise.

"As a result of the new internal structure of the office, executive authority will in future be delegated to a wider circle..." (III, Annual Report, 1954-55, p. 5).

Behalwe vir die reorganisasie van die Inligtingsdiens, is die diens in hierdie tydvak ook verskuif.

VERSKUIWING VAN DIE INLIGTINGSDIENS

Omdat die Departement van Buitelandse Sake aan min. Eric Louw oorgedra en so van die premierskap losgemaak is, was dit nou ook moontlik om die Inligtingskantoor na die Departement van Buitelandse Sake te verskuif soos in 1948 beoog is.

Op 24 Februarie 1955 het die Minister van Buitelandse Sake, mnr. Eric Louw, 'n vraag oor die moontlike verskuiwing van die Staatsinligtingskantoor soos volg beantwoord:

"Dit is wel besluit dat daardie afdeling in die toekoms onder die Departement van Buitelandse Sake sal ressorteer, en die oorskakeling sal waarskynlik gereël word in die volgende Begroting van Uitgawes. Ek dink dit is 'n goeie reëling omdat ongeveer 85 persent van die werk wat gedoen is deur Staatsinligting, te doen het met buitelandse inligting. Pers-attaché's van die afdeling Staatsinligting dien op die staf van al die Unie se gesante en ambassades oorsee. Dit is dus nodig, veral vir doeleindes van koördinasie en met die oog op die feit dat die Departement van Buitelandse Sake meer bekend is met toestande oorsee, ten einde 'n beter stelsel van koördinasie te verkry, dat hulle onder die Departement van Buitelandse Sake moet ressorteer" (I, Hansard, 1955, dl. 87, kol. 1801).

Op 1 April 1955 is die Staatsinligtingskantoor van die Departement van Binnelandse Sake na die Departement van Buitelandse Sake oorgeskuif (III, Annual Report, 1954-55, p. 5). Dr. Otto du Plessis het

die nuwe stap verwelkom en verduidelik waarom dit sedert 1948 onder die Departement van Binnelandse Sake was.

"Daar is gevoel dat daar heelwat reorganisasiewerk was en dat die diens opgebou moes word en dat, tydelik altans, daardie diens administratief onder die Minister van Binnelandse Sake moes ressorteer, maar ten nouste moes saamwerk met die Departement van Buitelandse Sake. Dit was 'n tydelike reëling. Gedurende die afgelope ses-en-'n-half jaar het dit goed gewerk, maar ek dink die mees bevredigende reëling is dié wat ons nou gaan kry, dat dit oorgeplaas word na Sy Edele die Minister van Buitelandse Sake, wat met al sy ervaring in die buiteland en uit hoofde van die feit dat hy die politieke hoof van daardie Departement is, sy persoonlike aandag aan daardie diens kan gee" (I, Hansard, 1955, dl. 87, kol. 1754).

PERSONEEL EN BEGROTING

Die personeel van die oorlogstydse Buro van Inligting was tydelik aangestel; so ook die na-oorlogse personeel van die Staatsinligtingskantoor. In die vorige tydvak is die personeel op kontrak aangestel. Dit het egter nie as 'n permanente oplossing bevredig nie.

"Dit ly geen twyfel nie dat baie van daardie amptenare wat aangestel is in die inligtingskantoor, is hier uit belangrike poste geneem. Hulle is na die buiteland gestuur op 'n tydelike grondslag by wyse van kontrak. Wanneer die kontrak verstryk, kan dit

beëindig word óf deur hulle óf deur die Regering. Daar was nie die veiligheid wat daar is vir die gewone staatsamptenaar nie. Daarom is dit so nodig dat hulle daardie veiligheid moet kry, en nou met die oorplasing van die kantoor na die Departement van Buitelandse Sake is dit waarskynlik die aangewese tydstip om so ŉ vaste grondslag te skep vir die lede van daardie kantoor" (dr. Otto du Plessis, I, Hansard, 1955, dl. 88, kol. 5427).

Die Minister van Buitelandse Sake, mnr. Eric Louw, het geantwoord: "Die agbare lid vir Stellenbosch (dr. J.H.O. du Plessis) wou weet of die persone wat tydelik aangestel is op die staf van die Staatsinligtingskantoor, nou op die vaste staf is. Ja, hulle is nou op die vaste staf, met volle pensioenregte" (I, Hansard, 1955, dl. 88, kol. 5434).

Die twyfel wat daar nog was oor die noodsaaklikheid van ŉ permanente Staatsinligtingsdiens in vredestyd, is deur hierdie besluit uit die weg geruim. Aan die einde van hierdie tydvak het die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens 128 poste op sy diensstaat gehad. Hiervan was 93 binne die Unie en 35 daarbuite werksaam (I, Hansard, 1961, dl. 106, kol. 229; vgl. ook 1966, dl. 17, kol. 2293).

Deur verder die onderskeie begrotings van die Inligtingsdiens in hierdie tydvak met mekaar te vergelyk, kan afgelei word hoe die werksaamhede van die Inligtingsdiens uitgebrei het. In 1956 is ŉ begroting van £279 000 in die Volksraad vir die Inligtingsdiens goedgekeur (I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4753)

In 1957 was dit £330 000; in 1958 - £381 000; in 1959 - £516 000; in 1960 - £475 000 en in 1961 - R1 242 000 (vgl. die volgende I, Hansards: 1957, dl. 95, kol. 7957; 1958, dl. 98, kol. 2657; 1959, dl. 101, kol. 5843; 1960, dl. 105, kol. 5885 en 1961, dl. 107, kol. 4937).

In 'n tydperk van ses jaar het die Inligtingsdiens se begroting dus meer as verdubbel (vgl. IV, Mulder, 1975, p. 102-104).

## 'N OUTONOME AFDELING

'n Jaar ná die verskuiwing van die Inligtingsdiens het die diens op 1 April 1956 'n "...subdepartement met rekenpligtige verantwoordelikheid van die Ministerie van Buitelandse Sake geword. Hierdie lank uitgestelde maar logiese ontwikkeling sal lei tot versterking van die aanvullende verwantskap tussen die werk van die Unie se diplomatieke en inligtingskantore in die buiteland" (III, Jaarverslag, 1955-56, p. 17).

"In hierdie verband is dit belangrik om daarvan melding te maak dat waar die Staatsinligtingsdiens nou 'n outonome Staatsafdeling geword het met 'n eie begrotingspos, die Volksraadsdebat oor sy bedrywighede die afgelope jaar groot belangstelling gaande gemaak het" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 7).

In hierdie debat het dr. Otto du Plessis gesê: "Ek wil my vreugde daaroor uitspreek dat nou vir die eerste maal die Staatsinligtingskantoor 'n afsonderlike pos op die begroting geword het, en ek

wil die agb. Minister en die Direkteur van Staatsinligting daarmee geluk wens, want na die uitbreiding wat ons in die laaste jare in daardie kantoor gehad het, strook hierdie nuwe reëling volkome met die status wat die Inligtingskantoor in die jongste tyd verwerf het" (I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4754).

Die personeel van die Inligtingskantoor was nou ook nie meer net "verbonde" aan die buitelandse gesantskappe en ambassades nie, maar het volwaardige diplomatieke personeel geword (I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4786).

## DIE VERHOUDING TUSSEN DIE INLIGTINGSDIENS EN DIE DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

Baie Westerse lande het ná die Tweede Wêreldoorlog probleme ondervind met die plek wat 'n staatsinligtingsdiens in die staatsmasjinerie moet inneem. Omdat 'n inligtingsdiens hoofsaaklik in die buiteland bedrywig is, het dit dikwels tot wrywing en probleme met veral die meer gevestigde departement van buitelandse sake gelei. Mnr. Derrick de Villiers het oor hierdie verwarring geskryf: "Confusion became compounded with conflict. The Diplomat's essential objective is peace and, because he knows that international love is unattainable, his stock-in-trade is confidence and trust. The overseas information services, recruited mainly from the ranks of journalism and public relations, saw little merit in such dull traditionalism and preferred the spectacular selling methods of the advertising profes-

sion" (III, De Villiers, 1971, p. 16).

Ook Suid-Afrika sou nie hierdie probleem vryspring nie. Mnr. Meiring het hieroor geskryf: "There has unfortunately always been a lack of co-operation between the various departments in our overseas service, mainly because the overruling authority remains that prim, proper and pompous body, the Department of Foreign Affairs. The tradition of aloofness dies slowly when it provides shelter for those who are disinclined to get their feet wet or their feathers ruffled. Mr. Gerhardt Jooste, head of that department in my day, was certainly a dedicated South African representative - and one of the most imposing I ever saw in action - but he was a stickler for form and kept his people strictly to the book of words. This at a time when we were being kicked off the ball by people wo insisted that we follow the Queensberry rules, knowing full well that this would be welcomed by our frock-coated brigade" (IV, Meiring, 1973, p. 137).

Mnr. Meiring het die personeel van Buitelandse Sake in twee groepe ingedeel. Die een groep was die "...wat lus het om te baklei, hulle was te gretig om hulp te kry in die stryd", terwyl hy die ander beskryf het as "...die lot luies en die dislojales - ek noem hulle so - hulle was vies dat ons gekom het ... hulle het vir my met suspisie en soms selfs onvriendelikheid bejeen" (V, Onderhoud, Meiring, 1977).

Van die eerste groep het hy geskryf: "With the keen help of ambassadors like Jack Bruce, Taylor, Taswell,

Jan Jordaan, and Dr. Geldenhuys we were gradually getting down to a working agreement whereby certain embassies became geared to more aggressive action" (IV, Meiring, 1973, p. 138).

Dit was juis hierdie meer aggressiewe benadering van die Inligtingsdiens wat soms probleme veroorsaak het omdat dit verskil het van die Departement van Buitelandse Sake se meer korrekte en tradisioneel "Britse" benadering in die buiteland. "The difference in approach to the overseas public by Foreign Affairs and ourselves could very well have ended in disaster for us had not our department been placed under the Minister of Foreign Affairs, Mr. Eric Louw, soon after my first complete year. Our fears that this might mean that we could in future be controlled by Foreign Affairs was soon dispelled. Mr. Louw was far too keen on fighting propaganda to have our efforts smothered by the cold hand of Mr. Jooste" (IV, Meiring, 1973, p. 137).

Hierdie verskille in benadering het in later tydvakke en veral ná die ontstaan van die Departement van Inligting weer probleme veroorsaak en is veral as kritiek deur die Opposisie teen die Inligtingsdiens gebruik.

MINISTER ERIC LOUW

Die verskuiwing van die Inligtingsdiens na die Departement van Buitelandse Sake het meegebring dat min. Eric Louw die Minister was wat vir die grootste gedeelte van hierdie tydvak vir die Inligtingsdiens

verantwoordelik was. Mnr. Meiring het van hom geskryf: "He was the boss I liked best of all, because he always considered the opinion of his inferiors and did not hesitate to give them their heads...

"We swore by Eric Louw. True, sometimes we would anticipate his directives and then I would appear on the carpet in his office" (IV, Meiring, 1973, p. 137).

Oor mnr. Eric Louw se aggressiewe benadering in die buiteland het mnr. Gerhardt Jooste geskryf: "Dit is so dat adv. Louw se aggressiewe optrede vir ons ook vyande besorg het, maar hy kon die onbeteuelde aanvalle op sy land se goeie naam eenvoudig nie uitstaan nie,en het, waar enigsins moontlik, teruggeslaan - en hard geslaan. Daar is selfs van hom gesê: 'If your Eric Louw had to read the New York telephone directory from the rostrum it would sound to his opponents as a personal insult directed at each one of them!' Ja, hy was 'n vegter, maar bo alles 'n Afrikaner" (IV, Jooste, 1977, p. 157).

Hierdie aggressiewe benadering van min. Louw het noue aansluiting gevind by die benadering wat mnr. Meiring en die Inligtingsdiens in die buiteland wou volg. Waar die meeste Inligtingsbeamptes in die vorige tydvak hoofsaaklik net gereageer en verdedigend opgetree het, het dit in hierdie tydvak verander. Hoewel die benadering in die buiteland meestal van die individuele Inligtingsbeampte afge-

hang het, sou hierdie meer aggressiewe benadering tog in latere tydvakke voortgesit word totdat dit as die algemene benadering van die Inligtingsdiens in veral die sewentigerjare beskryf kon word (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

Oor min. Louw se reaksie ná die Inligtingsdiens onder sy sorg gekom het, het mnr. Meiring geskryf: "His first action was to call for a full report of what we had performed up to that point, what we were aiming to do and by what means. For the first time my reports were being read and read so well that I had to be careful of my statements" (IV, Meiring, 1973, p. 137).

UITBREIDING EN PERSONEEL IN DIE BUITELAND

Die reorganisasie van die nuwe outonome Inligtingsdiens, die verskuiwing van die diens na die Departement van Buitelandse Sake en die belangstelling en ywer van die nuwe verantwoordelike Minister het die funksionering van die Inligtingsdiens vergemaklik en meer doeltreffend gemaak. Dit was nou ook makliker om van die ander aanbevelings wat die Direkteur ná sy besoek aan die buiteland gedoen het, aanvaar te kry en in die praktyk toe te pas.

Een van hierdie aanbevelings was dat "geen inligtingsbeampte in die Skandinawiese lande aangestel word nie, maar wel in Switserland, Egipte en Mosambiek". Daar is ook aanbeveel dat die Inligtingskantoor in Suid-Amerika gesluit word (I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:22).

In hierdie tydvak is dan ook 'n Inligtingskantoor in Bern, Switserland, geopen (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 43), hoewel die aanbevelings vir Egipte en Mosambiek nie opgevolg is nie. Waarom die aanbevelings vir die uitbreiding van die Inligtingsdiens in Afrika nie opgevolg is nie, kan nie bepaal word nie. Die Inligtingskantoor in Suid-Amerika is wel gesluit. "In view of the more urgent S.I.O. work to be carried out elsewhere it was decided last September (1954) to close the Buenos Aires office and the work of distributing information on South Africa will now be continued by the Embassy there and in Chile" (III, Annual Report, 1954-55, p. 37).

In 1960, aan die einde van hierdie tydvak, was daar 14 Inligtingskantore in die buiteland (III, Jaarverslag, 1959-60, p. 44-45) wat dieselfde aantal was as wat in 1952 ná die groot uitbreiding in die vorige tydvak, die geval was (III, Annual Report, 1952, p. 34). Die enigste verandering was die kantoor wat in Suid-Amerika gesluit is en die nuwe een wat in Switserland geopen is.

Die personeel van die buitelandse Inligtingskantore is egter aansienlik uitgebrei. Van die 19 buitelandse personeellede in 1952 het dit tot 34 in 1960 vermeerder (III, Annual Report, 1952, p. 67 en Jaarverslag, 1959-60, p. 45). Omdat die V.S.A. en Brittanje steeds as die belangrikste buitelandse gebiede vir Suid-Afrika beskou is, is die personeelsterkte van die Inligtingskantore in hierdie lande in hierdie tydvak byna verdubbel (III, Annual Report, 1957-58, p. 10).

'n Ander aanbeveling van die Direkteur ná sy buitelandse reis was "dat die inligtingsbeamptes ter plaatse in die geleentheid gestel sal word om hul propaganda meer bepaald na die plaaslike behoeftes en omstandighede in te rig deur ondermeer die buitelandse 'vertaaldienste' van die Hoofkantoor na die takkantore oor te plaas" (I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:21).

In 1958 het min. Eric Louw in die Volksraad gesê: "Ons oorsese Inligtingskantore, waarvan daar 14 is, het hul eie maandelikse, tweeweeklikse of weeklikse nuusbriewe. In die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika word hulle gestuur aan meer as 5,000 intekenaars. Die nuusbriewe soos 'South Africa Scope' in New York, word plaaslik gepubliseer. Dieselfde geld van die wat in die Franse taal in Parys gepubliseer word en in Hollands in Den Haag. Hulle word plaaslik geredigeer ten einde aan te pas by die plaaslike smaak, ens. Mens kan nie dieselfde soort nuusbrief orals publiseer nie, want dit moet aanpas by die smaak van die betrokke publiek" (I, Hansard, 1958, dl. 98, kol. 2679). Hierdeur is van die probleme wat in die vorige tydvak met vertalings ondervind is, tot groot hoogte opgelos.

Behalwe vir die publikasies wat oorsee opgestel en versprei is, is nog steeds sekere prestige-publikasies in Suid-Afrika opgestel en dan oorsee versprei. Digest of South African Affairs was een van die gewildste publikasies van die Inligtingsdiens wat op

hierdie wyse opgestel en versprei is. Waar sy sirkulasie in 1954 4 000 was (III, Annual Report, 1954-55, p. 15), het dit in 1956 gestyg tot 13 000 (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 20) en was dit in 1958 reeds 17 000 (I, Hansard, 1958, dl. 98, kol. 4556). Die reorganisasie van die Publikasie-Afdeling van die Inligtingsdiens het dit moontlik gemaak dat Digest sedert 1955 tweeweekliks in plaas van maandeliks versprei is (III, Jaarverslag, 1955-56, p. 24).

Die doel met die Digest was volgens die Jaarverslag "...to provide interested people overseas with a concise account of what is occurring in South Africa in every sphere" (III, Annual Report, 1954-55, p. 15). "By die aanbieding van die nuus probeer die Digest te alle tye om die gesigspunte van sowel die Regering as die Opposisie weer te gee, en aansienlike ruimte word dan ook gegee aan kritiese kommentaar... Na gemeen word, is die Digest in hierdie opsig uniek, aangesien dit die enigste staatspublikasie van enige land is waarin sulke volle publisiteit aan nie-regerings- en dikwels anti-regeringsgesigspunte verleen word" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 20).

SOUTH AFRICAN QUIZ

Behalwe Digest wat gereeld verskyn het, het South African Quiz as 'n eenmalige publikasie verskyn. Mnr. Meiring het die gedagte in Kanada gekry (V, Onderhoud, Meiring, 1977). "Vyftig vrae en antwoorde oor Suid-Afrika in bondige en verteerbare vorm met die oog op daelikse gebruik deur reisigers, sakemanne, ens."

(I, Binnelandse Sake, band 1/5/2, lêer 4/8, brief 14/12/1953).

Waar die Quiz aanvanklik 'n eenmalige publikasie was, is dit hierna gereeld hersien en deur nuwe uitgawes op datum gehou. Aan die einde van hierdie tydvak is soos volg oor die Quiz verslag gedoen: "Een van die gewildste publikasies van die S.A.I.D. wat in die buiteland in 'n groot behoefte voorsien, is die 'Quiz'-reeks in agt tale, wat gegrond is op 'n honderdtal vrae wat buitelanders die meeste oor Suid-Afrika stel. Miljoene van hierdie publikasies is al sedert 1948 oor die hele wêreld versprei.

"Die 'Quiz' het deur die jare die reputasie opgebou dat dit een van die belangrikste wapens is waarmee elke Suid-Afrikaner oorsee gaan" (III, Jaarverslag, 1959-60, p. 23).

S.A. PANORAMA

In die eerste debat oor die Inligtingsdiens in die Volksraad ná die diens van die Departement van Buitelandse Sake verskuif is, het min. Eric Louw gesê: "Ek glo meer in portrette en prente as propagandamiddel dan as in die geskrewe woord. Pamflette is propaganda, en dit word opsy gegooi. 'n Volwassene is maar baie soos 'n kind, in die sin dat hy graag na prentjies kyk en ek dink dat ons miskien in daardie rigting veel kan doen" (I, Hansard, 1955, dl. 88, kol. 5434).

In die daaropvolgende Jaarverslag is soos volg verslag gedoen: "'n Nuwe projek om uitvoering te gee

aan die beleid om in 'n groter mate van die beeld gebruik te maak, is in die afgelope jaar deur die Staatsinligtingskantoor geloods. Na deeglike ondersoek en met die volmondige steun van die Suid-Afrikaanse pers het die eerste uitgawe van die nuwe geïllustreerde tydskrif, Suid-Afrikaanse Panorama, op 26 April verskyn.

"Die tydskrif, wat die Suid-Afrikaanse toneel op aanskoulike, dog sobere wyse weergee en die klem op die beeld laat val, het uit die staanspoor in 'n groot behoefte voorsien en allerweë byval gevind, in so 'n mate dat besluit is om vanaf die volgende boekjaar na 'n gereelde maandelikse basis oor te skakel. Daarby sal die tydskrif, wat in Afrikaanse sowel as Engelse uitgawes verskyn, vergroot word" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 11).

Die Opposisie het die nuwe publikasie gekritiseer omdat 'n groot aantal eksemplare van Panorama binne Suid-Afrika versprei is. "Daar was geen plan om die Staatsinligtingskantoor te gebruik as 'n inligtingsdiens om plaaslike burgers van Suid-Afrika te oortuig van die goeie hoedanighede van hul land nie. Nou trek ek baie sterk die bewering in twyfel dat hierdie publikasie inligting verskaf wat normaalweg nie verkrygbaar is deur amptelike of nie-amptelike kanale nie!" (mnr. R.B. Durrant, I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4774).

Min. Eric Louw het hierop geantwoord: "Die agb. lid sal seker 'n sug van verligting slaak as hy verneem dat voordat hierdie onderneming aangepak is, al die koerante geraadpleeg is. Die idee om 'n geïllustreerde

publikasie uit te gee, is deur die Direkteur aan my voorgelê en ek wil hom al die krediet daarvoor gee. Maar ek moes seker maak dat daar geen beswaar sou wees teen die publikasie omdat dit beskou sou word as mededingend met ander publikasies nie...

"Die hoofdoel egter is om dit oorsee te versprei" (I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4787).

As 'n prestige-publikasie het die Inligtingsdiens 'n skema ontwerp waardeur Suid-Afrikaners die intekengeld kon betaal vir iemand in die buiteland. "Among the most important addresses outside the Union to which Panorama is sent are the Prime Ministers of Australia, England, France, Canada, the Netherlands and many other prominent statesmen. The mailing list also includes the names of Prince Bernhard, Prince Philip, Mr. Krupp, Canon Collins, Aneurin Bevan, Adlai Stevenson, American millionaires, etc. For them subscriptions to 'S.A. Panorama' are taken out by friends here" (III, Annual Report, 1957-58, p. 12).

Panorama het in latere tydvakke homself bewys as een van die mees geslaagde projekte van die Inligtingsdiens. Waar die eerste oplaag in 1956 30 000 was in twee tale (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 11), het dit tot 'n totale sirkulasie van 360 000 in agt tale in 1974 gestyg (III, Jaarverslag, 1974, p. 57). Toe die Departement van Inligting in 1976 as deel van sy besparingsmaatreëls Panorama weer in slegs Afrikaans en Engels wou laat verskyn, was daar so 'n reaksie oorsee "...dat die Departement sy besluit moes wysig. Dit is klinkklare bewys van die waarde wat aan die

buitelandse Panorama geheg word" (III, Jaarverslag, 1976, p. 16).

KULTUURATTACHéS

Een van die verdere aanbevelings van mnr. Meiring ná sy reis in die buiteland in 1954 was: "Dat oorweging geskenk word aan die wenslikheid van die aanstelling van Suid-Afrikaanse kultuurattachés in Holland, België en Engeland ten einde die reeds bestaande bande sterker aan te haal" (I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:22).

As uitvloeisel hiervan is in hierdie tydvak 'n kultuurafdeling by die Inligtingshoofkantoor in Suid-Afrika gestig (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 13). "In die afgelope jaar (1958) het ons ook twee kultuurattachés aangestel, een in Londen en een Washington, en dit blyk 'n groot sukses te wees" (min. Eric Louw, I, Hansard, 1958, dl. 98, kol. 2680).

Omdat Brittanje en die V.S.A. sulke belangrike prioriteitsgebiede van die Inligtingsdiens was, is die eerste kultuurattaché's in hierdie lande geplaas en nie ook soos aanbeveel in die Afrikaner-stamlande Nederland en België nie. Hierdie kultuurattachés wat aan die Inligtingsdiens en nie byvoorbeeld aan die Departement van Nasionale Opvoeding verbonde was nie, moet as 'n doelbewuste poging gesien word om 'n ander aspek van die Suid-Afrikaanse samelewing te beklemtoon. Daar is gehoop om op hierdie wyse deur die negatiewe kritiek in die buiteland te breek. Malherbe het hom in 'n referaat in 1957 soos volg hier-

oor uitgelaat:

"Daar is ook die positiewe voorligting nie dat ons naturellepolitiek goed is nie, maar dat ons 'n beskaafde volk is, ook teenoor die veelrassige elemente in ons midde. En van 'n beskaafde volk soos; ook van 'n beskaafde mens, neem jy, om sy beskaafdheid by die dinge wat jy sien, ook ten slotte aan... dié dinge wat jy nie gesien het nie, maar in vertroue aanvaar" (III, Malherbe, 1957, p. 27). Dit was 'n duidelike nuwe poging om veral by die Westerse lande vertroue op te wek omdat Suid-Afrika as 'n beskaafde land sy probleme ook beskaafd behoort op te los.

Die Jaarverslag het die doel met die nuwe afdeling soos volg verduidelik: "Daar word besef dat grense wat deur politieke geskille bepaal word, op kultuurgebied oorbrug kan word; dat daar deur 'n grondige kennis van mekaar se volksgees en volkslewe alleen - soos gesien in ons kultuuruitinge - begrip, respek en goedgesindheid opgebou kan word. Daarmee dan ook vertroue in die ander se bevoegdheid om self huishoudelike probleme te kan oplos" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 13).

Behalwe vir hierdie wedersydse begrip wat met Westerse lande bereik wou word, was 'n verdere doelstelling blykbaar om steun in die Weste te verkry vir die Westerse beskawing wat in Suid-Afrika gehandhaaf word. Dit moet veral teen die onrus en probleme in Afrika op hierdie tydstip gesien word. Die Jaarverslag in 1956 het dit so gestel:

"Kennis van die Suid-Afrikaanse kultuurlewe en erfenis gaan gepaard met 'n beter begrip, nie net van die sterk verband tussen Suid-Afrika en ons Westerse stamlande nie, maar veral ook met 'n besef van die rol wat Suid-Afrika speel in die handhawing van die Westerse beskawing op die Afrika-kontinent" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 13).

HELLSCHREIBER-DIENS

Tydens mnr. Meiring se buitelandse reis het hy bevind dat een van die vernaamste probleme die vinnige en doeltreffende kommunikasie tussen die hoofkantoor en die takkantore was (V, Onderhoud, Meiring, 1977). Hierop het hy aanbeveel dat ondersoek word of die pers-kabeltarief tussen Suid-Afrika en Europa nie verlaag kon word nie "...ten einde die gebruik van meer 'warm' Suid-Afrikaanse nuus deur die vastelandse koerante te stimuleer" (I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:23).

Ná 'n ondersoek na die beste metodes om die kommunikasie tussen die hoofkantoor en die takkantore te verbeter, is aanbeveel dat die Hellschreiber-diens die beste aan hierdie doel beantwoord. In 1956 is die nodige apparaat in Pretoria, Den Haag, Londen en Keulen geïnstalleer (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 18).

Min. Louw het die werking van die nuwe diens in die Volksraad verduidelik. "Die woorde word deur die Hellschreiber oorgedra in perforasies deur middel van 'n perforeermasjien. Die geperforeerde band loop dan deur 'n masjien wat op sy beurt die perforasies

omset in radiogolwings. Die radiogolwings word na die uitsendstasie op Olifantsfontein gestuur en vandaar word hulle na oorsee uitgestraal. Dit is ŉ baie doeltreffende diens en na mate dit verder ontwikkel word, sal ons ŉ uitstekende nuusdiens hê na ons verskillende kantore oorsee" (I, Hansard, 1958, dl. 98, kol. 2680).

Dié besluit moet as ŉ baie belangrike ontwikkeling gesien word deurdat dit die kantore in die buiteland daagliks op hoogte kon hou van gebeure in Suid-Afrika. Daardeur kon die buitelandse kantore vinniger en doeltreffender in die buiteland reageer op skielike verwikkelinge in Suid-Afrika. Hierdie diens het hom veral bewys gedurende die noodtoestand wat ná die Sharpeville-voorval in 1960 ontstaan het (III, Jaarverslag, 1959-60, p. 21).

In 1972 sou hierdie diens verder verbeter word deur die instelling van ŉ datatransmissietoestel wat deur normale telefoonverbindings binne enkele oomblikke foto's en fotostate van dokumente aan buitelandse kantore kan stuur (III, Jaarverslag, 1972, p. 11).

NAAMSVERANDERING

Die Inligtingsdiens was aan die begin van hierdie tydvak nog amptelik bekend as die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingskantoor. Op 26 April 1957 is ooreengekom dat min. Louw sou sorg dat ŉ moontlike naamsverandering van die Inligtingsdiens as ŉ wenk van dr. Otto du Plessis in die begrotingsdebat sou dien (I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:10). In

Junie 1957 het dr. du Plessis in die Volksraad gesê:

"Uit my eie ervaring, en ek dink ook dit is die ondervinding van die Staatsinligtingskantoor vandag, en hoofsaaklik as gevolg van die baie propaganda wat hiervandaan gedoen word, wil ek vra dat die amptelike benaming van die Staatsinligtingskantoor verander word na 'Suid-Afrikaanse Inligtingskantoor'. Ek vra dit omdat ek uit ervaring geleer het dat, wanneer daar net staan 'Staatsinligtingskantoor' of 'State Information Office', word dit juis dikwels aangegryp deur vyande van Suid-Afrika om te sê, soos agbare lede aan die ander kant ook vandag gedoen het, dat daardie stukke nou feitelik net stukke is wat propaganda maak vir die Regering" (I, Hansard, 1957, dl. 95, kol. 7962).

Aan die einde van 1957 is die naam van die Staatsinligtingskantoor na die "Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens" (S.A.I.D.) verander (III, Jaarverslag, 1957-58, p. 6).

In 'n skrywe van mnr. Meiring aan die Minister van Buitelandse Sake is die volgende drie redes vir die verandering aangegee:

"1. Dit sal ooreenstem met die name wat ander lande, soos byvoorbeeld die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koninkryk, vir hul inligtingskantore gebruik.

"2. 'Staat' wek die indruk van 'n propagandakantoor in die ongunstige sin, wat dit trouens tydens die oorlog en net daarna was.

"3. Dit is 'n juister omskrywing van die funksies wat

die kantoor vervul, die aard en die omvang van sy werk, naamlik om Suid-Afrika met behulp van 'n verskeidenheid publisiteitsdienste by sy eie mense sowel as in die buiteland beter bekend te maak" (I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:43).

In die amptelike verklaring wat oor die naamsverandering aan die pers beskikbaar gestel is, is slegs die eerste en die derde rede genoem (I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:44).

Die volgende naamsverandering sou in 1961 plaasvind toe die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens die Departement van Inligting geword het.

PROFESSIONELE BENADERING

Die Inligtingsdiens het in hierdie tydvak 'n professionele benadering ten opsigte van sy werksaamhede gevolg wat nie in vorige tydvakke aanwesig was nie. Dit blyk uit verskillende projekte wat in hierdie tydvak onderneem is. So is daar in 1957 'n opname by Inligtingskantore in die buiteland gedoen "...to determine which factors, in the various countries in which they work, are operating in worsening or improving the attitude towards South Africa.

"At the same time the survey indicates which means are employed most useful in disseminating information" (III, Annual Report, 1957-58, p. 24-25).

In hierdie tydvak is ook 'n ontleding deur die Inligtingsdiens onderneem van die nuusdekking wat Suid-Afrika in die Britse pers gekry het. Die ontleding

het aangetoon dat die meeste berigte oor Suid-Afrika in die Times en die Daily Telegraph verskyn het.

"Some three-quarters of the items dealt with 'negative' subjects and subjects which by their nature, create an unfavourable impression on a British reader: Race policy and race relations (25 per cent) Party Politics (11 per cent); Protest demonstrations (10 per cent)..." (III, Annual Report, 1957-58, p. 26). Slegs elf persent van alle berigte wat oor Suid-Afrika in die Britse pers verskyn het, was volgens die ontleding positiewe berigte (III, Annual Report, 1957-58, p. 26-28).

'n Verdere voorbeeld van die meer professionele benadering was die skepping van 'n beplanningsraad as deel van die Inligtingsdiens se struktuur. "To keep pace with the vagaries of public opinion, as engendered by powerful interests against South Africa, a planning council has been created at Head Office, which will at the same time ensure that the activities of the Information Service are kept fresh and resourceful" (III, Annual Report, 1957-58, p. 6).

Die ondersoeke wat in die buiteland gedoen is, en die beplanningsraad het die Inligtingsdiens verder in staat gestel om meer vaartbelyn en doelgerig in die buiteland op te tree.

Op hierdie tydstip was die amptelike opdrag en funksies van die Inligtingsdiens nog steeds soos die Smith-Bourke-Hurter-kommissie dit in 1944 omskryf het. Mnr. Meiring het oor hierdie aanbevelings geskryf:

"Niks is ooit gedoen om hierdie aanbevelings (wat geheel aanvaarbaar is as algemene grondslag) te implementeer nie. Die S.A.I.D. gaan nou maar so voort om sy pad te probeer vind sonder dat aan hom ꞌn duidelike rigting aangedui is" (I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:32).

In ꞌn memorandum aan die Minister van Buitelandse Sake het mnr. Meiring die aanbevelings van die Smith-Bourke-Hurter-kommissie van 1944 ontleed soos gesien uit die omstandighede wat in sy tydvak geheers het en daardeur die werkgebied van die Inligtingsdiens probeer afbaken. Hierdie memorandum, wat ꞌn verdere voorbeeld van die meer professionele benadering is, is met ander stukke wat oor die oorvleueling wat tussen Departemente se Inligtingsdienste plaasgevind het, aan die Kabinet voorgelê vir uitsluitsel (I, Inligting-Argief, band 1/6/1, lêer 3/3/1/8:26-36 en 11-14).

In 1957 is soos volg hieroor verslag gedoen: "The broader design of the Office has now acquired definite shape by a clear instruction and an explicit demarcation of functions which were accepted by the Cabinet" (III, Annual Report, 1957-58, p. 6).

## INLIGTINGSKONFERENSIES IN DIE BUITELAND

As ꞌn verdere voorbeeld van die meer professionele benadering wat in hierdie tydvak gevolg is, kan die inligtingskonferensies wat in die buiteland gehou is, genoem word. Toe mnr. Meiring ná sy eerste buitelandse besoek die moontlikheid van sulke konferensies aan min. Eric Louw genoem het, was hy aanvanklik negatief.

Sy beswaar was dat dit die indruk kan skep van net nog 'n sosiale byeenkoms in die buiteland op die belastingbetaler se onkoste (V, Onderhoud, Meiring, 1977).

In 1956 is die eerste konferensie van hierdie soort in Brussel gehou. Dit is bygewoon deur al die Inligtingsbeamptes in Europa en mnr. Meiring het as voorsitter opgetree. Die konferensie het die geleentheid aan Inligtingsbeamptes gegee om gedagtes, metodes en probleme met mekaar te bespreek. By hierdie byeenkoms is ook referate oor verskillende onderwerpe gelewer. Opsommings van die referate het in die Jaarverslag van die Inligtingsdiens verskyn (vgl. III, Jaarverslag, 1956-57, p. 28-46). Ná 'n weeklange bespreking is 'n ontwerp-toekomsplan opgestel. "'n Dergelike samespreking het 'n maand later in Washington gevolg waarby die Amerikaanse personeel betrokke was en waaraan ook die Ambassadeur en senior lede van sy personeel deelgeneem het. Die finale, gekoördineerde plan is aan die afdelingshoofde in Pretoria deur die Direkteur voorgelê en ná die finale konsultasies is die skema met die Minister van Buitelandse Sake bespreek. Die uitvoering van die plan sal die vernaamste werk van die nuwe jaar wees" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 8-9).

Hierdie eerste konferensie was so geslaagd dat dit in 1959 met 'n verdere konferensie opgevolg is. Min. Eric Louw, as Minister van Buitelandse Sake, het hierdie Inligtingskonferensie bygewoon (I, Hansard, 1959, dl. 101, kol. 5879). Oor die doel met die konferen-

sie is soos volg verslag gedoen: "...om die werksaamhede oorsee in oënskou te neem, te koördineer en ten volle in verband te bring met die behoeftes van die tyd en die omvang van ons taak.

"Die konferensie wat 'n week geduur het, was 'n waardevolle toetssteen van die doeltreffendheid van die diens en 'n noodsaaklike opname van die taak wat aangedurf moet word. Dit het ook gedien as 'n spoorslag vir almal om met nog groter ywer en toewyding hul moeilike taak voort te sit" (III, Jaarverslag, 1959-60, p. 6-7).

Hierdie konferensies wat beslis die buitelandse Inligtingsbeamptes moes opgeskerp en die algemene doeltreffendheid van die Inligtingsdiens moes verhoog het, moes as 'n belangrike ontwikkeling in hierdie tydvak gesien word. Soortgelyke konferensies sou eers weer in die sewentigerjare op gereelde grondslag gehou word.

STREEKSKANTORE EN BESOEKERSKOMITEES

In hierdie tydvak is 'n afdeling openbare betrekkinge en pers as deel van die reorganisasie van die diens geskep. "Jaarliks besoek nagenoeg 130,000 buitelanders Suid-Afrika en reis sowat 140,000 Suid-Afrikaners oorsee. Een van die take van die nuwe Afdeling Openbare Betrekkinge en Pers is om hierdie 270,000 potensiële draers van inligting oor Suid-Afrika tot daadwerklike aksie in die guns van ons land aan te spoor" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 17). Die streekkantore in Johannesburg en Kaapstad sou

voortaan onder hierdie afdeling ressorteer.

In hierdie tydvak het die Inligtingsdiens verskeie pogings aangewend om Suid-Afrikaners ʼn geleentheid te gee om ook ʼn bydrae te lewer tot die bestryding van die propaganda-aanslag teen Suid-Afrika. So het elke Suid-Afrikaanse reisiger wat na die buiteland gegaan het, die publikasie S.A. Quiz saam met sy paspoort ontvang (I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4790). Daar is ook versoeke tot die Inligtingsdiens gerig om van immigrante binne Suid-Afrika gebruik te maak om inligting oor Suid-Afrika na die buiteland te stuur (I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4767).

ʼn Verdere uitvloeisel van hierdie nuwe afdeling se werksaamhede was die stigting van besoekerskomitees in die vernaamste stede. Min. Eric Louw het hieroor gesê: "Ek wil verwys na die waardevolle werk wat gedoen word deur die Besoekerskomitees. Daar is sulke komitees in Kaapstad, Port Elizabeth, Johannesburg en Pretoria. Hulle maak dit hulle werk om besoekers wat na Suid-Afrika toe kom te ontmoet, om hulle aan hulle huise te onthaal, en hulle te wys hoe die mense in Suid-Afrika leef. ʼn Groot aantal sulke besoekers na Suid-Afrika is op daardie manier onthaal. Die Besoekerskomitees bestaan meestal uit dames wat hulle tyd en ook geld bestee - hulle kry geen hulp van die Staat nie - om besoekers na ons land te onthaal, en hulle meer te wys as wat hulle sou gesien het indien hulle saam met ʼn gewone toeristegeselskap gereis het" (I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5975).

DIE S.A. STIGTING

Die gedagte dat dit nie die Staatsinligtingsdiens se taak is om alleen die propaganda-aanslag teen Suid-Afrika te bestry nie, het in hierdie tydvak ook op ander terreine sterker na vore getree. Deur van Suid-Afrikaanse reisigers, nuwe immigrante en besoekerskomitees gebruik te maak, het die Inligtingsdiens gepoog om alle Suid-Afrikaners by hulle pogings te betrek. In April 1956 het dr. H.G. Luttig in die Volksraad gesê:

"Maar as ʼn mens in die buiteland rondgaan, kom jy dit veral teen dat al die goeie pogings wat aangewend word, nie die gewenste vrugte dra nie omdat dit onmiddellik bestempel word as komende van die Staatsinligtingskantoor, en so gou as die persoon in die buiteland weet dat dit van die Inligtingskantoor kom, staan hy skepties daarteenoor. Dit is die grootste probleem waarmee die Inligtingsdiens te doen het... Nou het ek gewonder of ons nie aandag daaraan kan skenk, dat ons miskien ʼn uitruilstelsel kry van persone wat na Suid-Afrika kom om hier lesings te gee oor hulle lande en dat ons weer persone stuur na hulle lande om dieselfde te doen, maar met die een voorbehoud dat die persone se reise gesubsidieer word" (I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4762). Hoewel hierdie opmerkings van dr. Luttig nie presies is soos die S.A. Stigting later gefunksioneer het nie, moet dit tog as ʼn wenk in dieselfde rigting beskou word.

In Desember 1956 was mnr. Meiring met die blou trein

op pad na Kaapstad vir die Parlementsitting. Tydens die reis het mnr. Meiring mnr. Eric Gallo, 'n ou vriend van hom, ontmoet. Gerber het oor die ontmoeting geskryf: "And Meiring had an idea, a dream which he had confided to some of his intimates, none of whom as yet had seen its possibilities. Though Meiring did not know it, Gallo had been thinking along similar lines. So they talked in the cool railway car with vistas of great plains and flat-topped mountains through the window" (IV, Gerber, 1973, p. 2).

Mnr. Meiring het oor dieselfde voorval geskryf: "...it was announced that the train would be held up for a few hours because a railway bridge had been damaged by an unseasonal storm near Laingsburg. We played a few 'holes' of veldgholf to raise a thirst and were busy 'lubricating' this when Eric came up with the idea of creating a non-political body of businessmen to assist us with non-controversial propaganda. I liked this idea so much that we made an appointment to meet again at Eric's Hermanus home in order to hammer out a preliminary plan of action.

"The upshot was that when Gallo returned at the end of the Hermanus season I followed him to Johannesburg where we spent a week evolving our final scheme, this in collaboration with a panel of advertising and public relations people..." (IV, Meiring, 1973, p. 140).

"Meiring, the professional, admitted that the Information Office of which he was head, was, from its

nature, suspect as an official propaganda agency. If the group was to achieve any success it had to function as a voluntary non-political body comprised of English- and Afrikaans-speaking South Africans of different political persuasions but all imbued with the ideal of presenting South Africa's case at home and overseas honestly and truly...

"Three years were to pass before the idea was realized. Meanwhile the principal player in the drama made his appearance" (IV, Gerber, 1973, p. 8-9).

Die gedagte aan so 'n organisasie is intussen aan Sir Francis de Guingand, wat in die Tweede Wêreldoorlog beroemd geword het, gestel wat dit geesdriftig aangemoedig het. (Vgl. IV, Gerber, 1973, p. 10-11).

Op 19 Augustus 1958 het min. Eric Louw in die Volksraad gesê: "Ek is nie in die posisie om name te noem nie, maar 'n paar maande gelede was 'n paar vooraanstaande Suid-Afrikaanse besigheidsmanne by my gewees. Hulle het hul bekommernis uitgespreek oor die uitspattige en onware propaganda oor Suid-Afrika in die buiteland. Hulle gaan 'n organisasie stig wat sal saamwerk met die Staatsinligtingsdiens en wat hulle ten doel sal stel, veral wanneer hulle oorsee gaan op besigheidsbesoeke, om mense te ontmoet en klubs of ander organisasies toe te spreek, en informasie te gee om Suid-Afrika in die regte lig te stel... Alhoewel hulle nie ondersteuners van die Regering is nie, besef hulle wat ons besig is om te doen..." (I, Hansard, 1958, dl. 98, kol. 2677).

Op 13 Desember 1959 het die Sunday Times die loodsing van die S.A. Stigting op sy voorblad aangekondig (IV, Gerber, 1973, p. 14). Die doel van die Stigting is later deur dr. Ettienne Rousseau soos volg uiteengesit: "The Foundation's principal aim as laid down by its constitution is to 'promote' international understanding of South Africa, her achievements, her problems and her potential, and, by so doing, to advance the welfare of all her peoples'.

"Our specific aim is not, let it be noted, to 'present a positive picture of South Africa' or to publicize only 'the good things' about this country or to argue or debate the rights and wrongs of South Africa's case with our enemies.

"What the Foundation is trying to do is to present the truth about South Africa to important and influential people who have a real interest in South Africa" (III, Rousseau, 1974, p. 188).

Na die Stigting aan die gang gekom het, het mnr. Meiring hom daaraan onttrek. Die rede hiervoor was dat hy nie deur onnodige verbintenisse vir die Stigting of die Regering probleme wou veroorsaak nie. In die Volksraad wou dr. Boris Wilson weet of die Inligtingsdiens 'n rol gespeel het in die instelling van die S.A. Stigting en of daar enige verhouding tussen die Stigting en die Inligtingsdiens was. Die Minister van Buitelandse Sake het hierop geantwoord:

"1) Voordat die Suid-Afrikaanse Stigting in die lewe

geroep is, het die stigters daarvan die Direkteur van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens geraadpleeg, net soos hy ook deur die stigters van die Uitruilskema van Leiers geraadpleeg was. Maar hy het geen rol gespeel in die stigting van enige een van hierdie twee organisasies nie.

"2) Daar is geen verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens en die Stigting nie, maar die Inligtingsdiens sal natuurlik bereid wees om sodanige advies en hulp te verleen as wat binne die veld van sy werksaamhede val" (I, Hansard, 1960, dl. 103, kol. 216).

Die Jaarverslag van die Inligtingsdiens het egter die skepping van die Stigting verwelkom. "Een groot geluk het tog met die ongeluk saamgeval. Die Suid-Afrikaanse publiek het ontwaak tot die noodsaaklikheid om iets te help doen om die buiteland beter teenoor die Unie te stem...

"Sommige van die invloedrykste mede-stryders het hulle saamgesnoer in die Suid-Afrikaanse Stigting, 'n skepping waarby die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens vanaf die begin betrokke was en 'n onderneming waarmee ons ten nouste saamwerk, met afbakening van eie werkgebiede" (III, Jaarverslag, 1959-60, p. 3).

Die S.A. Stigting het 'n belangrike rol in latere tydvakke gespeel in die uitdra van Suid-Afrika se beeld na die buiteland. (Vir 'n volledige uiteensetting van die Stigting se ontwikkeling en werksaamhede vgl. IV, Gerber, 1973 en III, Fourie, 1975,

p. 6 e.v.).

Omdat die S.A. Stigting nie 'n Staatsinligtingsdiens is nie, is dit nie in hierdie studie ter sake nie. Mnr. Meiring se deelname en aandeel in die skepping van die Stigting en die noue samewerking wat daar in hierdie tydvak en latere tydvakke tussen die Stigting en die Inligtingsdiens was, het dit wel nodig gemaak om dit kortliks hier te behandel.

TOMMY BOYDELL

In 1956 het dr. H.G. Luttig in die Volksraad gesê: "Ten slotte wil ek graag van hierdie geleentheid gebruik maak om 'n lansie hier te breek vir 'n persoon wat aan ons almal in die Raad bekend is, 'n persoon wat 'n lid van hierdie Raad was en wat selfs 'n Minister was, vir die besondere goeie werk wat hy gedoen het en nog doen vir Suid-Afrika. Ek dink dat ons hom ons 'roving ambassador' kan noem. Ek verwys na mnr. Tommy Boydell. Die werk wat hy gedoen het met sy twee reise na Amerika, kan seerseker nie onderskat word nie en ek verstaan dat hy nou op die punt staan om na Australië te gaan om daardie goeie werk voort te sit" (I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4763).

Op sy reise het mnr. Boydell meer as 150 000 myl afgelê en ongeveer 450 uitgesoekte gehore toegespreek. Veral sy verbinding met die Rotariërs-organisasie het hom toegang verleen tot gehore wat andersins moeilik bereik kon word. Hy het ook ná sy reise 'n boek, "My beloved country" geskryf waarvan die eerste druk binne 'n maand uitverkoop was (IV, Meiring, 1973, p.

151-152). Sy boek het ná Alan Paton se boek "Cry the beloved country" verskyn.

Die optredes en werk van mnr. Boydell het van verskillende persone in die Parlement lof uitgelok. (Vgl. I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4771 en 1958, dl. 98, kol. 2669). Min. Eric Louw het gesê: Daarom is ek so bly oor die werk wat gedoen is deur mnr. Tommy Boydell. Hy het stukke in die 'New York Times' gepubliseer gekry, wat mnr. Moolman nooit sou reggekry het nie" (I, Hansard, 1956, dl. 91, kol. 4790).

Hoewel mnr. Boydell die Inligtingsdiens eens versoek het om hom finansieel by te staan met sy reise, is dit om verskeie redes nie gedoen nie. Een rede was dat, wat hy gesê het soveel meer geloofwaardig was as komende van 'n privaat persoon wat op sy eie koste reis (V, Onderhoud, Meiring, 1977). Hy het wel die Inligtingsdiens van lang adreslyste voorsien van persone aan wie S.A. Panorama en ander materiaal in die buiteland gestuur moes word (IV, Meiring, 1973, p. 152). Mnr. Boydell se optrede is 'n verdere voorbeeld van die bewuswording by privaat persone van die bydrae wat hulle vir Suid-Afrika in sy stryd in die buiteland kon doen.

## AFRIKA

Aan die begin van 1957 het min. Eric Louw in 'n toespraak gesê dat Suid-Afrika as die skakel tussen die Weste en die ontwakende Afrikastate moet doen. Hy het daarby gevoeg: "Soos ek dit sien, moet Suid-Afrika sy toekomstige rol in Afrika as 'n roeping

aanvaar, en moet in alle opsigte sy volle bydrae as 'n Afrikaanse moondheid doen" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 25).

Adv. Strijdom het op 2 Mei 1957 in die Volksraad gesê:

"Maar in die afgelope 15/20 jaar veral het daar groot veranderings gekom en Suid-Afrika sal rekening moet hou met hierdie verandering wat in Afrika gekom het; en daarom het ek twee jaar gelede op Vryheid gesê dat ons hier in Suid-Afrika as blanke ras hiermee rekening sal moet hou en dat ons nie van die standpunt kan uitgaan dat die nie-blanke lande wat onafhanklik word, noodwendig ons vyande is of moet wees nie. Dat ons in die rigting sal moet stuur dat ons en hulle op vriendskaplike grondslag in Afrika kan bestaan... dat daar tussen ons en hulle op staatkundige gebied aanknopingspunte sal moet kom en dat daar met verloop van tyd gewone en selfs diplomatieke betrekkings sal moet kom... Ons moet rekening hou met die feit dat dit 'n nuwe ontwikkeling is en dat ons dus versigtig sal moet optree. Ons eie blanke bevolking in Suid-Afrika sal stadigaan vir hierdie besef ryp gemaak moet word; dit is nie iets wat jy sommer oornag kan doen nie" (I, Hansard, 1957, dl. 94, kol. 5399-5400).

Hoewel die Opposisie in die Volksraad beweer het dat die Regering geen vordering met sy Afrika-beleid gemaak het nie en dat die beleid misluk het (I, Hansard, 1957, dl. 93, kol. 937), het die Regering dit ontken (I, Hansard, 1957, dl. 93, kol. 943-946).

Mnr. Eric Louw het gesê: "Ek kan aan die agb. lid die versekering gee dat die gereorganiseerde Afrika-afdeling van my departement lewendig belang stel in die sake. Dit is nie net iets op papier nie. Ons pak die vraagstuk in erns aan. Maar ek weier om presies te sê wat ek van plan is om te doen. Ons bestudeer die posisie en weë en middele vir optrede" (I, Hansard, 1957, dl. 95, kol. 7956). So het min. Louw in 1957 ʼn lang gesprek met dr. Nkrumah gevoer waarin dr. Nkrumah volgens hom ʼn baie beter begrip van die werklike posisie in Suid-Afrika gekry het (I, Hansard, 1958, dl. 96, kol. 642).

BEDRYWIGHEDE IN AFRIKA

In 1957 het die Inligtingsdiens soos volg verslag gedoen oor sy werksaamhede ten opsigte van Afrika: "Vanuit Hoofkantoor in Pretoria is vrugbare kontakte reeds bewerkstellig met verteenwoordigende individue in nagenoeg al die State en gebiede in Afrika deur middel van die 'Digest of South African Affairs'. Blanke en Bantoe-administrateurs, sendelinge, handelaars en studente vra om en ontvang die 'Digest'. Hierbenewens word ʼn weeklikse nuusbrief in Frans, gegrond op inligting in die 'Digest', aan 600 adresse in die groot Franssprekende gebiede van die Vasteland gestuur. Vir talle Franse koerante in hierdie gebiede is die nuusbrief die enigste bron van inligting oor die Unie. Hierdie kontakte met mense in ander dele van Afrika verskaf ʼn stewige fondament waarop voortgebou kan word as die nodige middele later beskikbaar word" (III, Jaarverslag, 1956-57,

p. 25). Die Inligtingsdiens het ook nog 'n kantoor in Nairobi gehad (III, Jaarverslag, 1957-58, p. 45).

Suid-Afrika was op hierdie tydstip nog lid van organisasies soos die C.C.T.A. en C.S.A., wat tegniese en wetenskaplike samewerking tussen die state suid van die Sahara wou bevorder (IV, Jooste, 1977, p. 211). Die belangrikheid van hierdie organisasies uit 'n inligtingsoogpunt is soos volg in die Jaarverslag aangedui:

"'n Belangrike aanrakingspunt met ander Afrikaanse gebiede is die bestaande organisasies vir wetenskaplike samewerking in Afrika en die konferensies wat daaruit voortvloei. Op die konferensies kry Suid-Afrika die geleentheid om sy belangstelling in Afrika uit te lewe en die bewys te bring dat hy 'n Afrika-tegniek ontwikkel het en leiding kan gee. Op die jongste konferensie oor voeding wat in Luanda gehou is, was ons kantoor ook verteenwoordig. Die goeie geleentheid om op beskeie wyse inligting te versprei en met die publisiteitsmedia van die gebied in aanraking te kom, het baie geslaagde en blywende gevolge gehad" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 25). Reeds terwyl dr. Otto du Plessis Direkteur van die Inligtingsdiens was, het Suid-Afrika 23 sulke konferensies in Afrika bygewoon (I, Hansard, 1957, dl. 93, kol. 627).

Die meeste van hierdie konferensies is egter deur die koloniale moondhede geïnisieer. In 1957 het dr. Kwame Nkrumah slegs onafhanklike Afrika-lande na 'n konferensie in Accra uitgenooi. Die latere O.A.E.

het uit hierdie en latere konferensies ontwikkel. Op daardie tydstip was daar nog net agt onafhanklike lande in Afrika en Suid-Afrika is ook genooi. Suid-Afrika het egter nie die uitnodiging aanvaar nie. As rede het die Unie-regering verklaar: "Die Unie-regering twyfel sterk ... of die oogmerke van die voorgestelde konferensie bereik sal word tensy al die regerings met regstreekse verantwoordelikheid in Afrika met inbegrip van die regerings van België, Frankryk, Portugal en Brittanje, wat verantwoordelik is vir die grootste deel van die gebied besuide die Sahara, ook uitgenooi word om deel te neem!" (III, Scholtz, 1975, p. 4).

Hierdie weiering van Suid-Afrika om aan die konferensie deel te neem as die koloniale moondhede nie ook verteenwoordig is nie, kan uit Suid-Afrika se tradisionele lojaliteit en verbintenis aan die Weste verklaar word. Dit het egter "...'n beduidende stoot gegee aan die verwydering tussen hom (Suid-Afrika) en die res van die kontinent, wat in die daaropvolgende jare ook om ander redes al hoe groter geword het" (III, Scholtz, 1975, p. 4). Dit wil uit die geskiedenis en latere gebeure voorkom dat Suid-Afrika se poging om beide Afrika en die Weste tevrede te stel, na beide kante misluk het. Suid-Afrika se lojaliteit teenoor die Weste het gemaak dat Westerse state hom as 'n vanselfsprekende bondgenoot aanvaar het en nie soos met ander Afrikastate uit hulle pad gegaan het om Suid-Afrika se guns te wen nie. Vir die Afrikastate aan die ander kant was Suid-Afrika in die ses-

tigerjare onder andere onaanvaarbaar omdat die land na hulle mening hom in hulle vryheidstryd aan die kant van die Weste geskaar het. Eers in die sewentigerjare sou die Inligtingsdiens en premier John Vorster weer belangrike deurbrake in Afrika kon maak.

RADIO IN AFRIKA

Waar Suid-Afrika geprobeer het om inligting in Afrika te versprei deur die versending van nuusbriewe en die bywoning van konferensies, was die belangrikste propagandamiddel wat in hierdie tydvak deur ander lande se inligtingsdienste na Afrika gebruik is, die radio.

"...die radio as massakommunikasiemiddel (speel) in Afrika 'n aansienlik gewigtiger rol as in Europa. Aangesien in byna alle Afrikalande die grootste deel van die bevolking nog nie kan lees en skryf nie, is die bereik van die radio wesenlik groter as dié van die pers. Wat die gesteldheid van 'n land se verbindingsmiddels ook al mag wees, kan die radio alle gebiede bedien, terwyl die nog gebrekkige uitbouing van die verkeersnet in die pad van die verspreiding van die film en die pers staan. Daardeur word die radio een van die deurslaggewende instrumente vir die verbinding van Afrikalande onderling asook die verbinding van Afrikalande met die res van die wêreld. Dit is interessant om daarop te let dat daar in 1963 slegs ongeveer 2,300 bioskope in Afrika was, terwyl die vasteland se dagblaaie in 1961 'n totale sirkulasie van slegs drie miljoen vir die hele Afrika ge-

had het" (III, De Villiers, 1966, p. 19).

Waar daar in 1955 360 000 radiostelle in Afrika, Suid-Afrika uitgesluit, was, het dit met 622 persent vermeerder tot 2,6 miljoen in 1962. In 1965 is bereken dat hierdie syfer verder tot 4,8 miljoen toegeneem het (IV, Cherry, 1971, p. 181 en III, De Villiers, 1966, p. 21).

"Ná 1945 was die radio-uitsendings na Afrika aanvanklik 'n monopolie van die Westerse magte. Sedert 1958 en 1959 egter het die hele vasteland opnuut in die volle kruisvuur van die internasionale radiopropaganda beland. In die lente van 1958 het naamlik ook die Sowjetunie met spesiale radio-uitsendings vir Afrika begin. Radio Peking en Radio Praag het teen die einde van Augustus en die middel van Oktober 1959 gevolg en intussen saai ook die meeste ander Oos-Europese lande self Afrikaprogramme uit"(III, De Villiers, 1966, p. 29-30). De Villiers beweer ook dat Rusland, China en die Oos-Europese state hulle uitsendings na Afrika van 1958 tot 1963 honderdvoudig vermeerder het (III, De Villiers, 1966, p. 18).

Murty skryf oor die radio as propaganda-middel: "This is by far the most effective means of mass communication available now to reach instantaneously audiences practically all over the world, and is believed to be the most efficacious means of transnational communication. The government that does not make use of this medium is exceptional" (IV, Murty, 1968, p. 55). Die vraag ontstaan nou tot watter hoogte die Suid-Afrikaanse Regering en die

Inligtingsdiens die radio in belang van Suid-Afrika oor Afrika aangewend het.

## AANWENDING VAN DIE RADIO DEUR SUID-AFRIKA

In 1959 het mnr. E.G. Malan 'n vraag aan die Minister van Buitelandse Sake gestel oor radio-uitsendings na Afrika. "Die eerste skok wat ek gekry het, was toe ek gehoor het dat dit glad nie iets is wat onder sy departement val nie. Ek moes verneem dat ek daardie vraag moet stel aan die Departement van Pos- en Telegraafwese" (mnr. E.G. Malan, I, Hansard, 1959, dl. 101, kol. 5851).

In 1958 het mnr. H.G. Lawrence in die Volksraad gesê: "Op die oomblik word Suid-Afrika onderwerp aan wat ek kan noem 'n vorm van radio-oorlog. Ons het radio-uitsendings wat op Suid-Afrika gerig word uit alle dele van die Afrikaanse Vasteland - ek meen van Egipte en van Indië, en ongetwyfeld ook van Rusland. Wat doen hierdie Regering en wat doen die Minister in verband hiermee? Die tyd het tog seker aangebreek dat ons - ek wil nie die woord 'terugslaan' gebruik nie - maar dat ons teenmaatreëls moet tref ten einde ons saak in die beste lig te stel deur radio-uitsendings na die miljoene in Afrika wat luister" (I, Hansard, 1958, dl. 98, kol. 2523).

Min. Eric Louw het hierop geantwoord: "Ek kan aan die agb. lid die versekering gee dat ek sedert geruime tyd met die saak besig is. Ons het ook besprekings gehad met die S.A. Uitsaaikorporasie. Verder kry ons inligting van 'n tegniese aard van Amerika.

Ek kan aan die agb. lid en aan die Raad die versekering gee dat ons baie bekommerd voel oor die soort propaganda wat deur die lug van Rusland kom. Ons kry gereeld opnames van die uitsendings vanuit Rusland en ook vanuit Egipte. Tot dusver was die uitsendings in Swahili, maar volgens 'n aankondiging van die Russiese radio drie weke gelede, sal hulle nou ook in ander naturelletale van Afrika en Suid-Afrika uitsaai. Ons is volkome bewus van die gevaar van die uitsendings, en ek kan aan die agb. lid die versekering gee dat die saak volle aandag geniet" (I, Hansard, 1958, dl. 98, kol. 2534).

In 1956 het die S.A.U.K. by Paradys naby Bloemendal 'n kortgolfstasie geopen wat in 1958 met uitsendings na Afrika begin het. Die diens het tot die middel van 1964 slegs bestaan uit die herleiding van sekere van die SAUK se binnelandse programme met die bedoeling hoofsaaklik om Suid-Afrikaners in gebiede benoorde Suid-Afrika in voeling met hul vaderland te hou. Die programme is op geen spesifieke teikengebied gerig nie en was nie daarop bereken om spesiaal inligting en feite oor Suid-Afrika aan die buiteland oor te dra nie (III, De Villiers, 1966, p. 40 en 24).

Hieruit kan afgelei word dat in Suid-Afrika, anders as in meeste ander lande, die Inligtingsdiens nie regstreeks betrokke was by radio-uitsendings na die buiteland nie. Hierdie uitsendings is deur die S.A.U.K. behartig en die Paradyssender sou later ontwikkel tot Radio R.S.A., wat wel vir wêreldwye uit-

sendings verantwoordelik was. In hierdie tydvak is daar wel in die 1956-57-Jaarverslag soos volg verslag gedoen:

"Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het die Staats-inligtingskantoor se samewerking gevra met die Afrika-diens wat binnekort deur middel van die Paradyssender in werking sal tree. Die waarde van 'n daaglikse uit-saaidiens na die noordelike gebiede kan nie oorskat word nie en dit sal vir ons kantoor nog 'n belangrike middel vir vrugbare toenadering met die res van Afri-ka skep" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 25).

DIE JAAR 1960

Die jaar 1960, wat binne hierdie tydvak val, was in meer as een opsig belangrik vir die Inligtingsdiens.

Op 20 Januarie 1960 het dr. Verwoerd in die Volksraad aangekondig dat die Unie van Suid-Afrika se status na dié van 'n republiek verander sou word. Hierdie ver-andering sou onderhewig wees aan 'n referendum. In onluste wat kort hierna aan die einde van Januarie in verskeie swart woongebiede uitgebreek het, is verskeie mense gedood. So is daar by Cato Manor vier blanke en vyf swart polisiemanne deur 'n skare vermoor (IV, Weyl, 1970, p. 103).

Kort hierna in Februarie 1960 het mnr. Harold Macmil-lan as Britse Eerste Minister Suid-Afrika besoek aan die einde van 'n feitesending van hom deur Afrika. Die Inligtingsdiens was verantwoordelik vir die pers- en skakelreëlings tydens sy besoek (III, Jaarverslag, 1959-60, p. 8). In sy bekende "Winde-van-verande-

ring-toespraak" het hy onder andere op 3 Februarie 1960 in die Parlementsgebou gesê: "The most striking of all the impressions I have formed since I left London a month ago is of the strength of this African national consciousness. The wind of change is blowing throughout the continent" (IV, Bellwood, 1969, p. 163). Die jaar 1960 was dan ook die jaar van Afrika deurdat nie minder nie as 17 Afrikastate in 1960 onafhanklik geword het. Dit was egter ook die jaar van die Kongo en die wreedhede wat daar plaasgevind het na die Belgiese terugtrekking van hul gesag (III, De Villiers, 1973, p. 4 en IV, Van Jaarsveld, 1971, p. 274).

Hierdie "ontwaking van Afrika" het ook in Suid-Afrika gevolge gehad. Ná verskeie opstootjies in die land het die polisie op 21 Maart 1960 op duisende swartes wat rondom die polisiestasie van Sharpeville saamgetrek het, geskiet. Meer as 60 swartes is dood en talle is gewond. Die datum 21 Maart 1960 sou hierna deur sekere groepe in die buiteland as Sharpeville-dag herdenk word. Hierdie onluste het ook uitgebrei na Langa in Kaapstad waar die P.A.C. daarin geslaag het om met ongeveer 25 000 swartes tot by die Parlementsgebou in Kaapstad te marsjeer (IV, Weyl, 1970, p. 103). Hierdie gebeurtenisse en veral die Sharpeville-voorval sou verreikende gevolge vir die Inligtingsdiens in sy werksaamhede in die buiteland hê.

Op 9 April 1960 is die Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, ernstig gewond in 'n aanslag op sy lewe by die Randse Paasskou. Dr. Verwoerd het egter sodanig

herstel dat hy kon voortgaan om op 5 Oktober 1960 die referendum ten gunste van 'n Republiek te help beklink. Hierdie besluit sou by die Statebondskonferensie in 1961 verreikende gevolge hê waar die Inligtingsdiens weer 'n belangrike rol gespeel het.

Die jaar 1960 is afgesluit met 'n besoek van mnr. Dag Hammerskjöld, die Sekretaris-generaal van die V.V.O. Die Inligtingsdiens het ook tydens sy besoek sekere verantwoordelikhede gehad (IV, Meiring, 1973, p. 162 en 171). Aan die einde van 1960 het die Inligtingsdiens soos volg oor hierdie jaar verslag gedoen:

"Die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens het pas sy moeilikste jaar agter die rug.

"'n Krisisjaar in Afrika moes ook 'n verreikende nasleep in die Vasteland se suidhoek hê. Meer as ooit te vore was die oë van die wêreld in die jongste tyd op Afrika gevestig - oë van onmin en veroordeling en later ook van ontnugtering en ontsetting.

"Die gewelddadige gebeure benoorde die Unie het weliswaar 'n tyd lank die ergste aandag van die oorsese sedepreker en onheilskrywer van Suid-Afrika afgewend, maar toe kom Langa en Sharpeville.

"Binne die bestek van 'n maand is Suid-Afrika in alle koerante en tydskrifte van die wêreld, op alle bioskoop- en televisiedoeke en van die meeste kansels en politieke verhoë, veroordeel en vergruis op 'n wyse wat al die voorafgaande aanvalle na liefdebetuigings laat lyk het...

"As daar ooit 'n koue oorlog is wat joernaliste, skrywers, aankondigers, predikers en politici op een enkele skyf laat konsentreer het, is dit die koue oorlog van 1960 teen Suid-Afrika" (III, Jaarverslag, 1959-60, p. 3).

## SHARPEVILLE EN DIE AANSLAG TEEN SUID-AFRIKA

Min gebeurtenisse in Suid-Afrika se geskiedenis het Suid-Afrika soveel skade in die buiteland berokken as Sharpeville. In 1960 het na raming 350 joernaliste Suid-Afrika besoek wat as die grootste aantal ooit beskou is (III, Jaarverslag, 1959-60, p. 14).

Mnr. Meiring het oor Sharpeville geskryf: "The police were aware that the Pan-African Congress, militant offshoot of the banned African National Congress, was organising a country-wide demonstration against the pass books on March 21. A number of overseas journalists, as usual strangely well informed, had foregathered in Johannesburg for the payoff. This came on the same day at the Sharpeville township... The cameras, all of them on the spot, turned with great glee. Here was the very copy and pictures the overseas newspapers had been clamouring for" (IV, Meiring, 1973, p. 161).

Min. Eric Louw het op 21 April 1960 in die Volksraad gesê: "Ten slotte kom ek by daardie groot klomp joernaliste van oorsee wat letterlik toegesak het op Suid-Afrika gedurende die jongste weke. Skaars 'n dag gaan verby of die Departement van Binnelandse Sake verwys na my applikasies vir visas deur hierdie oor-

sese joernaliste... Die meeste van hierdie joernaliste kom nie om na egte nuus te soek nie. Dit is duidelik uit die soort goed wat hulle oorstuur. In die geval van die oorgrote deel van die berigte is daar min aanduiding van objektiwiteit. Al wat hulle wil hê, is sensasionele nuus. Verder in baie gevalle kry hulle opdrag van hulle tuiskoerante om ŉ sekere soort nuus te stuur, en meer dikwels die soort nuus wat sal strook met die politieke sienswyse van die koerant wat hulle verteenwoordig. Meneer die Voorsitter, as daar ooit ŉ geval was van misbruik, opsetlike misbruik van die vryheid van die Pers, het ons dit gedurende die afgelope paar weke gehad" (I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5888).

So het ŉ Kanadese verslaggewer, mnr. Norman Phillips, van The Toronto Star die volgende opdrag van sy koerant gekry: "...two weekly stories should be background on how South African situation started and current blood and guts news of South African situation" (aangehaal in I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5890). Selfs die Opposisie moes hierdie tipe beriggewing afkeur (I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5918).

In die Volksraad het min. Louw die pers se gebrek aan objektiwiteit bewys deur lang aanhalings uit die verskillende berigte wat in hierdie tyd oorsee gestuur is. (vgl. I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5890-5900 en kol. 5433-5440). So het hy uit die News Chronicle aangehaal:

"Verwoerd's uniformed bully-boys to-day launched 'kragdadigheid' - a beastly word that means precise-

ly what the Nazis meant by beastliness. This is the crackdown. The Native will to resist must be smashed. Backed by tin-hatted troops and naval shore parties in full battle order, bayonets fixed and Bren guns loaded, by armoured cars and Saracens, police possés of the security boss, Gen. Rademeyer, slammed into the Native townships of Langa and Nyanga this morning. They laid about them with truncheons and cruel rubber sjamboks - thick whips - at any and every Native they found loitering..." (in I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5933).

Die Nazisme-tema wat rondom apartheid en die Afrikaner opgebou is, is in hierdie beriggewing voortgesit. Die Daily Herald het berig: "This is an exhibition of bestiality paralleled by Hitler's Nazi Germany. Africans alleged that the police smashed down doors, broke windows and dragged them from their homes" (in I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5934).

Oor die radio en televisie is die aanval voortgesit. ŉ Bekende Amerikaanse televisiekommentator het in ŉ uitsending die volgende oor Suid-Afrika gesê: "For the second consecutive day the image of the Union of South Africa to the civilised world is one of violence, bloodshed and a Native people driven to the breaking-point by a white Government's indignities" (in I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5935).

The People, ŉ publikasie wat in Londen verskyn het, se straatplakkaat het in hierdie tyd gelui: "Whips, Slavery, Tyranny and Fear; We Report the Full Horrors of South Africa" (in I, Hansard, 1960, dl. 105,

kol. 5939).

In Frankryk was daar 'n betoging by die ambassade, terwyl 'n veldtog waardeur voorafgedrukte poskaarte na die Ambassadeur gestuur is, onderneem is (IV, Du Toit, 1969, p. 188-190). In Londen het betogers 'n kordon rondom Suid-Afrikahuis gevorm en aanmekaar geskreeu: "Murder, murder" (III, Van Rhijn, 1961(b), p. 7).

Dit is teen hierdie agtergrond dat in die Jaarverslag geskryf is: "Sonder om te oordryf, en op gesag van wetenskaplike opnames kan bepaal word dat nie Hitler-Duitsland, Mussolini-Italië, of Chroesjtsjof-Rusland in enigsins dieselfde mate en met dieselfde doelbewuste hatigheid aangeval is as Suid-Afrika in 1960 nie" (III, Jaarverslag, 1959-60, p. 3).

## INLIGTINGSDIENS-AANPASSINGS EN BEPLANNING NÁ SHARPEVILLE

Soos te wagte was, het die Inligtingsdiens dit aansienlik moeiliker gevind om ná Sharpeville Suid-Afrika en sy beleid aanvaarbaar in die buiteland te maak. Dit het daartoe gelei dat daar in die Inligtingsdiens besin is oor 'n nuwe benadering en nuwe metodes wat aangewend kon word om meer geslaagd in die buiteland te wees (V, Onderhoud, Meiring, 1977 en II, Biermann, 1961, p. 1).

So is daar in Londen begin om drieweekliks advertensieruimte in die Sunday Times te koop. "This new means of publicity has proved even more effective than was hoped and the column now also appears in

the Observer. In addition a series of display panels entitled South Africa in Facts are being placed in bought space in national and provincial papers" (III, Annual Report, 1961-62). Hierdie advertensies het wel 'n gunstige invloed gehad op die ontvangs wat dr. Verwoerd later in Brittanje gekry het. In latere tydvakke sou steeds meer van hierdie metode gebruik gemaak word en is selfs uitgebreide advertensieveldtogte in die buiteland aangepak. (Vgl. III, Jaarverslag, 1972, p. 12-16 en Jaarverslag 1974, p. 10).

In Februarie 1961 het mnr. Hertzog Biermann, 'n senior personeellid van die Inligtingsdiens, 'n ontleding van Suid-Afrika se probleme in die buiteland onderneem en in 'n memorandum aan die Direkteur sekere voorstelle gedoen oor hoe dit opgelos kon word.

Oor die vooroordeel en verset in die buiteland teen verklarings en inligting uit Suid-Afrika het mnr. Biermann geskryf: "Let wel, dit is hier nie beginsels en meriete wat ter sprake is nie, maar die idioom en terminologie wat gebesig word om die Suid-Afrikaanse beleid te verkondig.

"As ons daarna streef om begrip van ons doelstellings te bevorder, moet ons woorde en beelde gebruik wat vir die toehoorder begryplik, met nugtere inagneming van die terminologiese kondisionering waaraan byna elke mens wat kan lees en skryf... onderwerp is.

"'n Enkele voorbeeld: Om Suid-Afrika se beleid te stel in terme van die blanke bevolkingsgroep se ver-

dienstelikheid, sy self-behoud, die behoud van sy gesag, kultuur, ens. ens., betaal eenvoudig nie. Hierdie dinge moet inbegrepe wees in 'n stelling wat hoofsaaklik oor die nie-blanke se opheffing ens. moet gaan" (II, Biermann, 1961, p. 10-11).

Mnr. Biermann het ook sekere oplossings aan die hand gedoen: "Die harde feit is dat alles wat ongunstig is, op die een of ander wyse aan die naam en amp van Suid-Afrika se Eerste Minister gekoppel is. Dieselfde het gegeld vir dr. Malan en mnr. Strijdom.

"Op sy beurt was elkeen van hulle en is vandag ook dr. Verwoerd, die apostel van 'n patroon van rasseverhoudings wat in die na-oorlogse tydvak as aanstootlik, onmenslik, ondemokraties, en uiteindelik, vir die Westerse verweer teen kommunisme, onhoudbaar is...

"Om hierdie toestand die hoof te bied, vereis optrede op die gebied van publisiteit deur die Eerste Minister self, en tot 'n veel groter mate as wat hy tot nog toe wenslik of nodig geag het. Die vertolking van die beleid waarvan hy as die argitek bekend staan, kan net ten dele aan ander segsmanne gedelegeer word. Met alle respek, die Eerste Minister moet publisiteit nou as ewe vernaam as enige van sy menigvuldige take beskou en hy moet dit vir die onmiddellike toekoms voorrang bo vele ander bedrywighede gee...

"Die Eerste Minister moet hom laat gebruik as die vernaamste instrument van publisiteit ter bevordering van 'n goeie gesindheid teenoor Suid-Afrika"

(II, Biermann, 1961, p. 2-3).

Teen hierdie agtergrond, en veral met die oog op die voorgenome besoek van dr. Verwoerd aan Londen vir die Statebondskonferensie, het die Inligtingsdiens ꞌn grootskeepse publisiteitsveldtog beplan.

## STATEBONDSKONFERENSIE

Oor die Statebondskonferensie wat van 8 tot 17 Maart 1961 plaasgevind het, het mnr. Meiring geskryf: "I persuaded my Minister that dr. Verwoerd's first visit to London afforded such a marvellous opportunity to get his image into perspective, that we of Information should be allowed to go to town on it.

"Still, I had to overcome Verwoerd's own objections and prejudice against uncontrolled publicity before he would allow me to take a strong team over to London for the occasion" (IV, Meiring, 1973, p. 162).

"Maar vir dié een keer het ek my sin gekry dat ons kon doen wat ons werklik in gedagte had en ꞌn paar van ons is voor die Verwoerd-geselskap se uittog uit Suid-Afrika Londen toe om die krane oop te draai sodat die invloed wat van ons sterk man uitgaan, ook hier kan vloei. Ek maak my nou nog stout om te beweer dat daar nie nog ꞌn beter voorbereiding vir die besoek van ꞌn Suid-Afrikaanse Eerste Minister oorsee verrig is as in hierdie twee weke nie" (IV, Meiring, 1972, p. 137-138).

"To put South Africa's point of view as forcibly as possible, especially in the United Kingdom, a senior

South African Information Service official was seconded as adviser to our London staff three months before the date of the Conference. The Director of the South African Information Service took over the control of the final arrangements in consultation with the London staff a fortnight before the arrival of the Prime Minister in London" (III, Annual Report, 1961-62, p. 9).

Die Inligtingsdiens het voor die tyd 'n volledige plan van aksie uitgewerk waarin elke aspek van die Eerste Minister se besoek uit 'n publisiteitsoogpunt ontleed en vooruit beplan is. Een van die doelstellings van hierdie publisiteitsveldtog is gestel as: "Maximum exploitation of public interest in the physical presence of the Prime Minister. In this exercise, the advantage of surprise was a powerful consideration, because for years past dr. Verwoerd's personal image had suffered gross distortion through deliberate caricaturisation and the figure which the average Briton could be expected to visualise would be dour, inaccessible, bigoted, humourless, tyrannical and authoritarian, the living embodiment of every characteristic which made the dictators of recent memory such unloved figures in Britain.

"The correction of this distortion would serve the highest interest of his immediate mission as well as the consolidation of Anglo-South African relations in the long term" (II, Meiring & Biermann, 1961, p. 17).

Die Britse Regering wou nie gehad het dat dr. Verwoerd onnodige verklarings voor die tyd moes doen nie omdat dit Suid-Afrika se vyande in die Statebond kon dwing om sekere standpunte in te neem voor die konferensie nog begin het (V, Onderhoud, Meiring, 1977). Teen hierdie agtergrond het mnr. Biermann die pers voor dr. Verwoerd se aankoms in Brittanje ingelig. As gevolg van 'n misverstand het daar op die dag van dr. Verwoerd se vertrek uit Suid-Afrika 'n berig in The Star in Johannesburg verskyn van hul korrespondent in Londen wat beweer het dat die Eerste Minister nie die pers by sy aankoms te woord sou staan nie. Mnr. Meiring:

"This was not known to me, so that I got the shock of my life when immediately on his arrival at Heathrow Airport Verwoerd called me aside and gave me considered hell for having compromised him into doing the very thing he had decided not to do" (IV, Meiring, 1973, p. 163).

"Baie teensinnig gaan hy saam met my na die Nissanhut, wat destyds nog by Heathrow-lughawe die televisie-bymekaarkomplek was. Daar wag 50 televisiemanne en tien televisiekameras uit Engeland, die Vasteland van Europa en selfs Amerika op hom. Hy gaan staan voor die mikrofone wat soos paddastoele voor hom verrys en begin lekker gesellig en openhartig te praat en later vrae te beantwoord asof hy onder die spreiligte groot geword het. Die man wat so steeks was, blyk toe die grootste televisie-sukses van die jaar te wees en hy wat so onverskillig

gestaan het teenoor die publisiteitswaarde van sy besoek, skop af met 'n doel onder die pale.

"Later het ander perskonferensies en ook nog 'n televisie-onderhoud gevolg, almal waarvan ook goed verloop het, maar dr. Verwoerd het tog in sy afsydigheid teenoor ons volhard. Trouens, ná Londen het ek nooit weer guns in sy oë gekry nie en so ook die Inligtingsdiens nie totdat hy dit na sy eie hand probeer omskep het" (IV, Meiring, 1972, p. 138).

Mnr. Meiring verwys waarskynlik hier na die skepping van die Departement van Inligting aan die einde van 1961 met mnr. W.C. du Plessis as Sekretaris, terwyl hy as Adjunk-Sekretaris aangestel is (III, Annual Report, 1961-62, p. 3).

Gedurende die res van die konferensie het die Inligtingsdiens met 'n volledige span die pers op hoogte gehou van die nuutste verwikkelinge. Daar is egter gepoog om dr. Verwoerd ietwat meer op die agtergrond te hou totdat die uitslag van Suid-Afrika se aansoek om voortgesette lidmaatskap bekend was. Toe dit op 15 Maart 1961 bekend geword het dat Suid-Afrika uit die Statebond is, het alles vinnig verander en is hoë eise aan die Inligtingsdiens gestel.

"Whereas the South African Prime Minister had up to that point dominated the publicity picture by his mere presence in London, the decision he took on March 15 suddenly carried him right onto the centre of the stage with the limelight of world interest focused directly on his person. Every word, every

gesture, every movement of his from then on for the next few days made world news and the publicity team moved naturally and easily from top gear into overdrive to cope with the situation" (II, Meiring & Biermann, 1961, p. 24).

In 'n interne Inligtingsverslag wat ná die Statebondskonferensie opgestel is, is soos volg oor hierdie tyd verslag gedoen: "In the 48 houers between the announcement of South Africa's withdrawal from the Commonwealth and the broadcast of the Prime Minister's speech at the South Africa Club dinner, very few people in the United Kingdom and many millions elsewhere, who were not blind, deaf or illiterate, could have failed to see, hear or read a reasoned exposition by dr. Verwoerd of the policy of apartheid. This was saturation coverage through the three media of publicity, severally and jointly ... Thus the publicity objective was fully achieved in a technical sense: there was coverage to the point of saturation" (II, Meiring & Biermann, 1961, p. 30-31).

In die Jaarverslag van die Inligtingsdiens is oor die Statebondskonferensie en die diens se hantering soos volg verslag gedoen:

"The major single project tackled by the South African Information Service in the year 1961 was the publicity work attached to the participation of South Africa in this conference...

"The result of the projection of South Africa and

the personality of its Prime Minister in the correct perspective... was that no visiting statesman has left the shores of Britain more popular in his personal capacity than dr. Verwoerd. And no statesman ever arrived there in the midst of so much misunderstanding" (III, Annual Report, 1961-62, p. 9).

Die beplanning en hantering van die publisiteit rondom die Statebondskonferensie moet as een van die belangrikste projekte wat die Inligtingsdiens in hierdie tydvak aangepak het, gesien word. Naas Sharpeville was dit ook een van die gebeurtenisse wat die grootste invloed op die beeld van Suid-Afrika in die buiteland in hierdie tydvak gehad het.

'N DEPARTEMENT VAN INLIGTING

Die verslag wat die Inligtingsdiens oor die Statebondskonferensie opgestel het, is soos volg afgesluit: "The establishment of a Ministry of Information would serve to bring under one roof all the resources at present dissipated among more than a dozen Departements of State. Acceptance and implementation of that principle would provide a basis for the organisation of a more efficient and purposeful information service than it is possible to have under existing dispensations" (II, Meiring & Biermann, 1961, p. 34).

Reeds in April die vorige jaar het mnr. Cas Greyling in die Volksraad gesê: "Ons Inligtingsdiens moet in staat gestel word om as spreekbuis namens die Staat op te tree in verband met aanvaarde beleidsrigtings.

Ek wil sê dat ek van mening is dat ons Inligtingsdiens direk toegang moet hê tot alle Staatsministers. Daarom is ek van mening dat ons Inligtingsdiens moet ontwikkel tot 'n volwaardige Staatsdepartement. Die behoefte is groot en dit groei daagliks en die taak van ons Inligtingsdiens word daagliks groter" (I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5971).

Die Minister van Buitelandse Sake het hierop geantwoord dat dit "...miskien 'n saak is wat oorweging kan geniet, maar waaromtrent ek vanaand nie 'n defnitiewe antwoord kan gee nie" (I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5977).

Aan die einde van 1961 is die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens wel omskep in 'n Departement van Inligting.

GEVOLGTREKKING

Waar in die vorige tydvak aandag gegee is aan die vestiging en uitbreiding van die Inligtingsdiens nadat dit byna in onbruik geraak het ná die oorlog, is die diens in die tydvak van 1954 tot 1961 nie veel uitgebrei nie. Die aantal buitelandse kantore het dieselfde gebly, hoewel klein veranderings plaasgevind het deurdat sekere kantore gesluit en andere geopen is. Die Inligtingsdiens is op 'n permanente grondslag geplaas deurdat die personeel nie meer op kontrak aangestel is nie. In hierdie tydvak was daar eerder 'n konsolidasie en reorganisasie van die bestaande Inligtingsdiens ten einde dit doeltreffender en meer professioneel te maak. Hierdie tydvak munt dan ook veral uit vanweë die wetenskap-

like en professionele benadering wat die Inligtingsdiens in sy werksaamhede gevolg het. Ontledings van die buitelandse mark en van die buitelandse koerante, inligtingskonferensies in die buiteland en die stelselmatige beplanning en deurvoering van die publisiteitsveldtog rondom die Eerste Minister se besoek aan Londen getuig hiervan. Reeds in 1955 het mnr. Meiring geskryf:

"Modern techniques have turned selling into a highly specialized science. South Africa could profitable employ these new-fangled methods in her difficult task of 'selling' herself to the outside market" (III, Africa Report, Feb. 1966, p. 44).

Hoewel die Inligtingsdiens in latere tydvakke nie noodwendig minder doeltreffend was nie, is daar tog 'n duidelike verskil ten opsigte van die benadering wat die diens in verskillende tydvakke gevolg het. Hierdie verskil in benadering is veral duidelik tussen tydvakke met persone soos mnr. Meiring en dr. Eschel Rhoodie aan die hoof as vakkundiges wat van buite aangestel is, en persone wat as staatsamptenare besonder presteer het en dan hoof van die Inligtingsdiens geword het.

'n Verdere kenmerk van hierdie tydvak is die welslae wat die diens behaal het in sy pogings om alle Suid-Afrikaners in die bestryding van die aanslag teen Suid-Afrika te betrek. Hoewel in latere tydvakke steeds beroepe in hierdie verband op die algemene publiek in Suid-Afrika gedoen is, het die Inligtingsdiens in hierdie tydvak spesifieke resultate bereik.

Die skepping van die S.A. Stigting, mnr. Tommy Boydell se bydrae, die verspreiding van brosjures aan Suid-Afrikaners wat oorsee reis, en die werksaamhede van die Ontmoet die Suid-Afrikaners-organisasie getuig hiervan.

Die versigtige klem wat weer op Afrika geplaas is, is ŉ verdere kenmerk van hierdie tydvak. Tog wil dit voorkom asof daar nog meer gepraat as gedoen is ten opsigte van Afrika. Die feit dat Suid-Afrika in hierdie tydvak probeer het om sowel die Weste as Afrika tevrede te stel, sou in latere tydvakke negatiewe gevolge aan beide kante hê. Die argumente deur Suid-Afrika dat die korrektheid van sy beleid deur die geweld en chaos in sekere nuwe Afrikastate bevestig is, het op die korttermyn in die Weste resultate behaal (vgl. IV, Geyer, 1969, p. 29), maar op die lang termyn het dit waarskynlik negatiewe gevolge gehad deurdat dit as ŉ bevestiging van ŉ beleid van baasskap en rassemeerderwaardigheid gesien is. Eers in die sewentigerjare sou die Inligtingsdiens en die Regering weer betekenisvolle deurbrake in Afrika kon maak.

Sharpeville en die gevolge daarvan vir die Inligtingsdiens se werksaamhede in die buiteland is ŉ belangrike ontwikkeling in hierdie tyd. Om ŉ ontleding van die aanslag teen Suid-Afrika ná Sharpeville te maak en redes daarvoor aan te voer, verg ŉ studie op sy eie. ŉ Moontlike rede kan egter wees dat met Sharpeville uiteindelik gebeur het wat ŉ vyandige buitelandse pers sedert die val van genl. Smuts in

1948 voorspel het. Die beeld wat hulle in die buiteland van Suid-Afrika opgebou het, was dié van konserwatiewe Afrikaner-Boere, Nazisme, rassemeerderwaardigheid en 'n polisiestaat om dit alles te handhaaf. Volgens hierdie beeld was rassewrywing en 'n uiteindelike bloedbad die enigste logiese uitvloeisel van die Suid-Afrikaanse situasie (vgl. III, Jaarverslag, 1962-63, p. 2). Gedurende dr. Malan en mnr. Strijdom se regeringstydperke het dit nie gebeur nie en dr. Verwoerd het in 1959 nog aangekondig dat selfregering aan die tuislande gegee sou word. Waar hierdie stappe van die Regering die positiewe kant van hul beleid na vore gebring het, het dit nie in die buitelandse beeld van Suid-Afrika ingepas nie. Sharpeville in 1960 het egter ingepas en is daarom buite verhouding in die pers opgeblaas. Dit het ook nog teen die agtergrond van 'n opkomende swart nasionalisme en verskeie nuwe swart state in Afrika plaasgevind. Sharpeville het volgens hulle bevestig dat Suid-Afrika nie anders kon as om dieselfde weg as ander Afrikastate op te gaan nie. Met die ontwaking van Afrika en die baie nuwe swart lede van die V.V.O. het die wêreld in die sestigerjare ook meer rasbewus geword as wat ooit te vore die geval was (V, Onderhoud, Rhoodie).

Dit is wel eienaardig dat positiewe vordering in Suid-Afrika in 1959 gevolg is deur geweld en opstand in 1960. Dieselfde patroon sou homself in die sewentigerjare herhaal toe die deurbrake van die Eerste Minister in Afrika en die onafhanklikheid van

die Transkei gevolg is deur die Soweto-onluste.

Die gevolg van Sharpeville vir Suid-Afrika in die buiteland asook die geslaagdheid van die Inligtingsdiens se publisiteitspogings met die Statebondskonferensie was waarskynlik die belangrikste redes wat die Eerste Minister en ander belanghebbende persone oortuig het dat Staatsinligtingsdienste in die ná-oorlogse wêreld so belangrik geword het, dat dit 'n volwaardige Departement van Inligting vir Suid-Afrika regverdig het. Die volgende tydvak sou deur hierdie verandering ingelui word.

## HOOFSTUK 8

## 1961-1966. 'N DEPARTEMENT VAN INLIGTING

In hierdie tydvak is die verskillende inligtingsdienste van die staat saamgesnoer om 'n onafhanklike Departement van Inligting te vorm. Dit moet as die begin van 'n nuwe tydvak in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens gesien word.

### NATURELLE-INLIGTINGSDIENS

In 1951 is 'n Naturelle-inligtingsdiens as deel van die Departement van Naturellesake in die lewe geroep. Op 28 Mei 1951 het dr. H.F. Verwoerd as destydse Minister van Naturellesake die doel en noodsaaklikheid van hierdie nuwe inligtingsdiens soos volg uiteengesit:

"As daar één terrein is waarop 'n departement geregtig is op uitbreiding, dan is hierdie departement geregtig op 'n eie inligtingsmasjinerie. Hierdie inligtingsmasjinerie moet na verskillende rigtings toe werk. Aan die een kant is dit nodig vanweë die verregaande propaganda teen die beleid van hierdie Regering, die agterdog wat gesaai word en die onwelwillendheid wat gekweek word by die nie-blanke bevolking. Daarom is dit nodig dat daar inligting sal gaan oor wat blank Suid-Afrika werklik wil, na die naturel self. Maar omgekeerd ook. Dit is nodig dat inligting verkry word van die naturel se opvatting wat moet kom na die departement toe. Dus, die

inligtingsmasjien moet ten opsigte van die naturel tweeledig werk; eerstens in die rigting van die naturel en tweedens terug na die departement" (I, Hansard, 1951, dl. 76, kol. 7955). Dr. Verwoerd het ook voorsien dat hierdie Inligtingsdiens inligting aan die blankes oor die swartes sou voorsien asook inligting vir die buiteland beskikbaar sou stel oor Suid-Afrika se kleurbeleid.

Dit is opmerklik dat die instelling van die Naturelle-inligtingsdiens in dieselfde debat as die oor die Wet op Bantoe-owerhede (Wet 68 van 1951) aangekondig is. Hierdie wet word as die eerste stap in die rigting van die latere tuislandbeleid gesien en die Naturelle-inligtingsdiens sou nou hiermee saamhang (vgl. IV, Mulder, 1975, p. 93-97).

Die eerste inligtingsbeamptes van die Naturelle-inligtingsdiens is aan die einde van 1952 en die begin van 1953 aangestel. Kantore is by die hoofbantoesakekommissarisse se kantore geopen. Die eerste taak van hierdie inligtingsbeamptes was om met die verskillende hoofmanne en kapteins te skakel en sover moontlik die Regering se oogmerke aan hulle te verduidelik.

In 1954 is gevoel dat nie die hoofmanne nie, maar ook die geletterde Bantoe, die onderwyser en die predikant, bereik moet word. Volgens die opdrag van dr. Verwoerd moes die blanke ook oor die ontwikkelinge ingelig word. In die lig hiervan verskyn die tydskrif Bantu in April 1954. Bantu het die interne nuusbrief van die Departement van Natu-

rellesake vervang.

Hierdie Naturelle-inligtingsdiens sou tot die omvattendste bedrywigheid van die latere Departement van Inligting in die binneland ontwikkel. Tydskrifte soos Bantu het ook van die Departement van Inligting se bekendste publikasies binne Suid-Afrika geword (IV, Mulder, 1975, p. 93-97).

## 'N KLEURLINGINLIGTINGSDIENS

In 1951 is 'n Afdeling Kleurlingsake as deel van die Departement van Binnelandse Sake gestig. Dr. I.D. du Plessis het aan die hoof daarvan gestaan (II, Anon, 196-?, p. 10).

In 1957 het die Afdeling Kleurlingsake selfstandiger geword deur vir die eerste keer afsonderlik op die begroting te verskyn (I, Hansard, 1957, dl. 95, kol. 6662).

In 1959 het mnr. C.V. de Villiers 'n versoek ten opsigte van die Kleurlinge aan die Regering gerig: "Daar is nog ongelukkig 'n bietjie vyandigheid en vooroordeel onder sekere Kleurlinge, en ek het gewonder of die Minister dit nie moet oorweeg om 'n inligtingsdiens in te stel onder die Departement van Kleurlingsake nie, wat aan die Kleurlinge meer kan vertel oor die doel en strewe van hierdie Departement en die Regering se beleid en wat alles vir hulle gedoen word. Ek dink dit kan baie goed doen om daardie gevoel van vooroordeel uit die weg te ruim" (I, Hansard, 1959, dl. 101, kol. 7338).

Mnr. P.W. Botha, destydse Adjunk-minister van Binnelandse Sake, het op die versoek soos volg geantwoord: "Ek kan hom meedeel dat daar nou 'n Staatsdiensinspeksie was in die Departement en dat die Departement verlof gekry het vir die instelling van 'n voorligtingsdiens as gevolg van daardie Staatsdiensinspeksie. Ons hoop dat ons daardeur breër voorligting sal kan gee aan die Kleurlinge om aan hulle te toon wat die goeie gesindheid van die Departement is, en ook wat die Departement bereid is om te doen. Dit word dus gedoen" (I, Hansard, 1959, dl. 101, kol. 7360).

Die funksies en benadering van die Kleurlinginligtingsdiens het baie met dié van die Naturelle-inligtingsdiens ooreengestem. "According to the latest annual report of the Department of Coloured Affairs (1959-1961) the Information Section's most important function is to boost the Department's activities and aims by means of speeches, the press, the radio and direct contact chiefly with Coloured persons" (II, Anon, 196-?, p. 10).

Hierdie Inligtingsdiens het ook in 1961 deel van die Departement van Inligting geword (IV, Mulder, 1975, p. 125-127).

BUITELANDSE WERKSAAMHEDE VAN HIERDIE DIENSTE

Hoewel albei hierdie dienste hoofsaaklik op die verspreiding van inligting in die binneland toegespits was, het hulle veral ten opsigte van besoekers aan Suid-Afrika, ook 'n buitelandse funksie gehad. Die

Inligtingsbeamptes van die Naturelle-inligtingsdiens het byvoorbeeld verskeie buitelandse gaste op besoeke aan die verskillende Bantoegebiede vergesel (III, Bantu, Aug. 1957, p. 31). Die hoof van hierdie Inligtingsdiens, mnr. C.W. Prinsloo, het ook gereeld onderhoude aan hulle toegestaan en dikwels lang konferensies met buitelandse besoekers en veral persmanne gehou waarin alle moontlike vrae oor Suid-Afrika se kleurbeleid deur hom beantwoord is (III, Bantu, Aug. 1957, p. 34). Dat hierdie Inligtingsdiens ook goeie werk gedoen het ten opsigte van die buiteland, getuig uit verskillende berigte wat in die oorsese pers verskyn het van persone wat met die inligtingsbeamptes van die Departement van Naturellesake in aanraking was (vgl. III, Bantu, Aug. 1957, p. 43).

Die Jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens het ook met waardering melding gemaak van die samewerking wat daar tussen die verskillende inligtingsdienste bestaan. "The co-operation in this respect particularly of the information section of the Department of Native Affairs cannot be too highly praised. The Chief Information Officer, Mr. C.W. Prinsloo, spared no effort personally to meet and talk to visiting newspapermen and others" (III, Annual Report, 1957-58, p. 9).

'N DEPARTEMENT VAN INLIGTING

In 1958 het mnr. H.G. Lawrence in die Volksraad gesê: "As ons 'n Inligtingsdiens moet hê, dan meen ek

moet dit 'n gekoördineerde diens wees onder beheer en toesig van een Minister, nl. die Minister van Buitelandse Sake. Maar as ek op bladsy 98 van die Begroting kyk na die Pos 'Verdediging', dan vind ek dat daar voorsiening gemaak word vir 'n eerste inligtingsbeampte... Maar dan kom ek by die Departement van Naturellesake en ek vind op bladsy 144 'n Ministerie van Inligting binne die Departement van Naturellesake... Vorm die Minister van Naturellesake 'n aparte staatsinligtingsdepartement, want hier het ons 12 inligtingsbeamptes in die ryk van die Minister van Naturellesake. Verskaf hulle die feitepamflette van die Staatsinligtingskantoor? Watter beheer het die Direkteur van Inligting oor hierdie geweldige massa materiaal wat kom van die Departement van Naturellesake?" (I, Hansard, 1958, dl. 98, kol. 2673). Mnr. P.A. Moore het dieselfde standpunt in 1959 gehuldig (vgl. I, Hansard, 1959, dl. 101, kol. 5872).

Hierdie probleem is in hierdie tydvak opgelos deurdat 'n volwaardige Departement van Inligting op 27 November 1961 tot stand gekom het. Die kern van die nuwe Departement is deur die ou Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens van mnr. Piet Meiring gevorm. Die inligtingsdiens van die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling asook die Kleurlinginligtingsdiens van die Departement van Kleurlingsake is na die nuwe Departement van Inligting oorgeplaas (III, Annual Report, 1961-62, p. 2-3). Die inligtingsafdeling van die Departement van Verdedi-

ging, die inligtingsafdeling van die Departement van Vervoer, die Spoorweë se skakelafdeling en reklamedepartement asook verskeie ander Departemente se inligtingsafdelings is nie deur die verskuiwing geraak nie (III, Die Burger, 2 Des. 1961, p. 11).

MNR. F.W. WARING

Die eerste Minister van Inligting was mnr. F.W. Waring. Mnr. Waring, wat in 1908 gebore is, was aanvanklik 'n sakeman. In 1943 het hy tot die politiek toegetree. Hy was 'n tyd lank lid van die Opposisie voordat hy by die Nasionale Party aangesluit het. Mnr. Waring, wat Engelssprekend was, was ook bekend as rugbyspringbok in die dertigerjare (vgl. III, Vigor, Sept. 1966, p. 6 en III, South African forestry journal, Jun. 1966, p. 1).

Die Opposisie het kritiek op die aanstelling van mnr. Waring as Minister van Inligting gehad. "Sien u, meneer, by oorweging van hierdie Pos moet altyd in die gedagte gehou word, met bespreking van die beleid van die agb. Minister, dat die agb. Minister self geen besondere kennis het van die taak wat hy verwag word om uit te voer nie. Hy het geen agtergrond of spesiale ervaring op die gebied van inligtingsbedrywighede nie. Ek kan die Huis daaraan herinner dat die benoeming van die Minister 'n politieke benoeming was in die sin dat dit gedoen is met die doel om die steun te verkry van die sogenaamde Engelssprekende kiesers van die land" (mnr. R.

Badenhorst-Durrant, I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8292).

MNR. W.C. DU PLESSIS

Volgens die Staatskoerant van 1 Desember 1961 (deel 11, no. 120) is mnr. W.C. (Wennie) du Plessis as die Sekretaris van die nuwe Departement aangestel. Mnr. Du Plessis, wat ook soos min. Waring op 'n tydstip in sy lewe in die sakewêreld betrokke was, het in 1948 tot die politiek toegetree toe hy veldmaarskalk Smuts verrassend in Standerton verslaan het. Mnr. Du Plessis was ook in die buiteland en by die V.V.O. as diplomaat vir Suid-Afrika bedrywig. Hierdeur het hy belangrike ervaring opgedoen wat vir hom van nut sou wees as Sekretaris van Inligting (III, Volkshandel, Des. 1963, p. 17-19 en V, Onderhoud, Du Plessis, 1977). Mnr. Du Plessis is deur dr. Verwoerd persoonlik genader om hierdie pos te aanvaar (IV, Du Plessis, 1970, p. 218).

'n Moontlike rede, behalwe vir mnr. Du Plessis se ervaring in die buiteland, waarom dr. Verwoerd juis hom genader het, was waarskynlik omdat mnr. Du Plessis min. Waring goed geken het en hulle dus goed sou kon saamwerk (V, Onderhoud, Du Plessis, 1977). Mnr. Du Plessis het hieroor geskryf:

"Minister Waring en ek het mekaar goed geken, want ons was kollegas in die parlement, hoewel nie aan dieselfde kant nie. Ek het hom daardie tyd leer ken as iemand wat goed agter sy vuiste kon staan, maar wat, as gewese Springbok, die reëls van die spel

nie veronagsaam het nie. Toe dr. Verwoerd die fluitjie blaas, het daar dus aan ons samespel niks kortgekom nie, nie aan die begin nie en ook nooit later nie. Sy sakevernuf het die nuwe departement ten goede gekom, want met al ons publikasies, hier en oorsee, was ons een van die grootste uitgewers in die land" (IV, Du Plessis, 1970, p. 220).

## AANVANKLIKE PROBLEME VAN DIE NUWE DEPARTEMENT

"Om 'n Staatsdepartement in te rig, is geen kleinigheid nie en een soos daardie, wat met die vinnigste medium op aarde, nuus, of inligting of voorligting, moes werk, was 'n opdrag van besondere omvang" (mnr. W.C. du Plessis, <u>in</u> IV, Du Plessis, 1970, p. 219).

"Die indeling van personeel, met inbegrip van die skep van sekere nuwe poste en afdelings, die verkryging van meer kantoorruimte en die opstel van 'n hersiene departementele begroting, is sake wat nou die aandag geniet van die Departement van Inligting, wat vandeesweek tot stand gekom het" (III, Die Burger, 2 Des. 1961, p. 11). Die Departement het in Desember tot stand gekom en die eerste begroting moes reeds aan die einde van Januarie gereed wees om aan die Parlement voorgelê te kon word. Voordat met die begroting begin kon word, moes eers 'n departementele struktuur vasgestel word aan die hand waarvan die begroting opgestel kon word (IV, Du Plessis, p. 220).

Samesprekings is met die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling asook die Departement

van Kleurlingsake gevoer oor die oorplasing van hul inligtingsdienste na die Departement van Inligting. Die Inligtingsdiens van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het op daardie tydstip uit 87 personeellede bestaan wat aan dertien streekkantore verbonde was. Die Kleurlinginligtingsdiens het vyftien personeellede getel. Daar is ook samesprekings met die Departement van Indiërsake gevoer met die oog op die instelling van 'n inligtingsdiens vir die Indiërbevolking (III, Annual Report, 1961-62, p. 2-3).

Die nuwe Departement het aanvanklik uit 'n Publisiteitsafdeling, 'n Skakelafdeling en 'n Administratiewe Afdeling bestaan (vir 'n grafiese voorstelling van die Departementele struktuur vergelyk III, Annual Report, p. 16). "Die voorlopige bowe-struktuur van die Departement is: Sekretaris van Inligting, mnr. W.C. du Plessis; Adjunk-sekretaris van Inligting (Publisiteit), mnr. P.G.J. Meiring; Adjunk-sekretaris (Skakeldienste), mnr. C.W. Prinsloo; Ondersekretaris (Personeel en Administrasie), mnr. J.F. Wiesner" (III, Annual Report, 1961-62, p. 3).

Mnr. Meiring was voorheen Direkteur van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens en mnr. C.W. Prinsloo was hoof van die Bantoe-inligtingsdiens (IV, Mulder, 1975, p. 131-133).

## MNR. P.G.J. MEIRING

In die Volksraad het mnr. E.G. Malan gesê: "Dit ontstel my om te sien op watter wyse daardie heer in die

nuwe organisasie opsy geskuif is. Waar hy in die verlede hoof van 'n departement was, is hy nou een van twee adjunk-sekretarisse. Waarom is 'n heer wat hoof was van die Afrika-instituut en wat nou Sekretaris van Inligting is, aan die hoof van daardie departement geplaas oor die hoof van mnr. Meiring?" (I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8329). Min. Waring het geantwoord dat mnr. Meiring hoof was van die Publisiteitsafdeling wat rolprente, televisie, radio, Panorama en alle Bántoepublikasies ingesluit het. "Ek kan die agbare lid verseker dat tegniese publisiteit van hierdie aard hom meer geval as wat 'n mens mag sê administrasie en die organisasie van die onderneming hom geval" (I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8346).

Oor kritiek dat daar wrywing tussen die hoofde van die nuwe Departement was, het die Minister geantwoord: "Daar is die volste samewerking tussen die hoofde van hierdie departement. Daar is geen kleinlike jaloesie by enigeen van hulle nie...

"Ek kan die agb. lid verseker dat of dit nou ook mnr. Du Plessis, of mnr. Meiring of mnr. Prinsloo is, elke persoon in hierdie Departement terdeë bewus is van die taak wat hy moet uitvoer en hulle stel nie belang in die kleinlike kwessies wat die agb. lid geopper het nie" (I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8345-8346).

Hoewel daar goeie samewerking tussen die persone aan die hoof van die nuwe Departement was, het mnr. Meiring dit tog as 'n klap in die gesig beskou dat iemand

van buite as Sekretaris van die nuwe Departement aangestel is. Volgens hom is die besluit deur dr. Verwoerd persoonlik geneem en is min. Eric Louw, wat die verantwoordelike Minister was, ook nie in die besluit geken nie (V, Onderhoud, Meiring, 1977). "I believe he (min. Eric Louw) loved the boys from Information better than any other staff he ever controlled and was simply devastated when Dr. Verwoerd handed us over to Mr. Frank Waring without consulting him, and that during his absence at the United Nations in 1961" (IV, Meiring, 1973, p. 138).

Waarom mnr. Meiring nie as Sekretaris aangestel is nie, kon nie vir seker vasgestel word nie. Dit is wel bekend dat hy en dr. Verwoerd by verkeie geleenthede gebots het (vgl. IV, Meiring, 1973, p. 163, 164 en 170).

Mnr. Meiring, wat nog steeds op kontrak aangestel was, het in hierdie tyd ook 'n permanente aanstelling van die hand gewys. "The first protestations of goodwill and collaboration by the new hierarchy did not last very long and I turned down the offer of a permanent appointment, but undertook to serve out the second term of my contract" (IV, Meiring, 1973, p. 155).

"On the day of my retirement Dr. Verwoerd summoned me to his office in the Union Buildings to say goodbye. He was most kind in his references to what I had endeavoured to do for South Africa overseas and again tried to persuade me to take a permanent appointment, which I declined because of the new super-

structure he had created over my live body!" (IV, Meiring, 1973, p. 178).

FUNKSIES VAN DIE DEPARTEMENT

Die funksies van die nuwe Departement is soos volg in Goewermentskennisgewing 1142 van 1 Desember 1961 omskryf:

"a) Die oorname van al die pligte en verantwoordelikhede wat tevore met betrekking tot die buiteland en die binneland deur die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens behartig is;

"b) Die uitvoering van al die funksies wat tevore deur die Inligtingsdiens van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling uitgevoer is, insluitende die verstrekking van inligting aan die Bantoe van die Republiek van Suid-Afrika en van die gebied Suidwes-Afrika, en van inligting oor hulle en hul ontwikkeling aan die inwoners van Suid-Afrika en ander lande;

"c) Die voorsiening van 'n doeltreffende inligtingsdiens aan die Kleurling- en Indiërgemeenskap in Suid-Afrika en die verspreiding van gegewens oor hulle en hul ontwikkeling in die binneland en die buiteland;

"d) Die koördinering van alle publisiteitsdienste van die Staat;

"e) Die verrigting van alle verdere dienste en die gebruikmaking van media wat nuttig mag wees om oral waar dit nodig of gewens is, juiste inligting te verstrek oor alle aspekte van die lewenswyse, werksaam-

hede en natuurlike hulpbronne van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, en

"f) Die behartiging van ander funksies waaroor daar van tyd tot tyd besluit mag word". (III, Jaarverslag, 1961-62, p. 17).

Hierdie omskrywing van die Departement van Inligting se funksies het die omskrywing van die Smith-Bourke-Hurter-kommissie van 1945 vervang. Die funksies van die Departement is so breed omskryf dat dit in die sewentigerjare nog as die uitgangspunt van die Departement gebruik is (vgl. III, Jaarverslag, 1969-71, p. 4).

Mnr. W.C. du Plessis het samevattend die taak van die Departement gesien as "om deur voorligting en inligting 'n geheelbeeld te gee van hierdie land se verskillende bevolkingsgroepe - hoe hulle lewe, wat hulle doen en hoe die land ontwikkel word. Daarby word 'n hulpdiens aan alle Staatsdepartemente gelewer" (III, Die Transvaler, 17 Julie 1962, p. 7).

Waar die buitelandse inligtingsfunksie deur die ou Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens en die binnelandse verspreiding van inligting deur elke Staatsdepartement self behartig is, het die nuwe Departement van Inligting nou albei hanteer. Mnr. Blaar Coetzee, 'n latere kabinetsminister, het hierdie tweeledige taak van die Departement soos volg gesien:

"Mnr. die Speaker, ek sien dat die Departement van Inligting twee groot take het. In die eerste plek het hy 'n binnelandse taak en in die tweede plek 'n

buitelandse taak. Hul binnelandse taak is om alles te doen wat hulle kan om die verhouding tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika so goed as moontlik te maak. Hul buitelandse taak is om die beste en mees simpatieke beeld van Suid-Afrika aan die buiteland te bring. Dit is vir my moeilik om te sê watter een van die twee take die belangrikste gaan wees. Maar ek wil sê dat, as hulle daarin kan slaag om hul eerste taak met sukses te volbring, nl. om te help om die verhouding tussen blank en nie-blank beter en gunstiger te maak, dan sal hul tweede taak baie makliker wees" (I, Hansard, 1962, dl. 2, kol. 1958).

Ten einde 'n vergelyking te kan tref, is dit goed om ook kortliks na die Amerikaanse en Britse Inligtingsdienste se funksies te kyk. In 1974 het die direkteur van die Amerikaanse Inligtingsdiens (U.S.I.A.) mnr. James Keogh, die taak van die Amerikaanse diens soos volg gesien:

"As I see it, the mission is to support U.S. national interests by:

"- conveying an understanding of what the United States stand for as a nation and as a people and presenting a true picture of the society, institutions, and culture in which our policies evolve;

"- explaining U.S. policies and the reasons for them; and

"- advising the U.S. Government on the implication of foreign opinion for the formulation and execution of our foreign policy.

"To do this we use all available means of communication" (III, Keogh, 1974(b), p. 58).

Die Britse Inligtingsdiens se taak is in 'n pamflet van die diens soos volg beskryf: "It is essential to good administration under a democratic system that the public should be adequately informed about the many matters in which government action directly impinges on their daily lives and it is, in particular, important that a true and adequate picture of British policy, British institutions and the British way of life should be presented overseas" (aangehaal <u>in</u> I, Hansard, 1965, dl. 15, kol. 7467).

<u>VERSLAG EN VERDERE VERANDERINGS</u>

"Nadat die reorganisasie voltooi is en 'n vaste struktuur vir die Departement daargestel is, het die personeel meer as 280 getel met 30 streekkantore in Suid-Afrika en in die buiteland.

"Onder die personeel is ook Bantoe-, Kleurling- en Indiërinligtingsbeamptes as mede Bantoe-subredakteurs wat behulpsaam sal wees in verband met Bantoepublikasies" (III, Die Transvaler, 17 Julie 1962, p. 7).

Ná die aanvanklike probleme wat die Departement ondervind het, kon mnr. W.C. du Plessis reeds in Julie 1962 soos volg verslag doen: "Ek kan egter met genoeë sê dat die organisasie van die Departement destyds beplan en sedertdien getoets aan die eise wat aan ons gestel is, byna onveranderd bly staan het...

"Die organisasie van die Departement van Inligting - skaars agt maande gelede gestig - het so fluks gevorder dat daar binne die volgende twee maande 'tot die hoogste versnelling oorgeskakel sal kan word'" (mnr. W.C. du Plessis aangehaal in III, Die Transvaler, 17 Julie 1962, p. 7).

In 1963 het weer 'n verskuiwing in die bo-struktuur van die Departement plaasgevind. "Die Sekretaris van die Departement, mnr. W.C. du Plessis, het Administrateur van Suidwes-Afrika geword en in sy plek is mnr. B.G. Fourie, voorheen van die Departement van Buitelandse Sake, aangestel. Terselfdertyd het mnr. P.G.J. Meiring, Adjunk-sekretaris (Publisiteit), die Departement verlaat nadat sy kontrak ten einde geloop het" (III, Jaarverslag, 1963-64, p. 2 en IV, Mulder, 1975, p. 133-134).

Mnr. R. Badenhorst-Durrant het namens die Opposisie oor mnr. Brand Fourie se benoeming gesê: "...ek meen (dat) dit gepas is om mnr. Brand Fourie, die administratiewe hoof van die departement, geluk te wens met sy benoeming en om aan die Minister te sê dat sover dit ons aan hierdie kant aanbetref, hy waarskynlik geen beter aanstelling kon gemaak het nie, veral as ag geslaan word daarop dat die klem van sy departement behoort te wees op die verspreiding van inligting oor ons land in oorsese lande. Die ervaring wat mnr. Fourie oor baie jare opgedoen het in die Departement van Buitelandse Sake sal hom gewis baie goed te staan kom in verband met die werk van die Departement van Inligting" (I, Hansard, 1964, dl. 12,

kol. 8043).

ALGEMENE WERKSAAMHEDE VAN DIE DEPARTEMENT

Mnr. Du Plessis het as Sekretaris van die Departement eers die lêerstelsel van die Departement opgeknap en 'n oktrooi opgestel waarin die algemene beleid van die nuwe Departement, die benadering oorsee, prioriteitsgebiede ens. behandel is. Dit het hierna as 'n riglyn gedien aan die hand waarvan die Departement se werksaamhede beplan is (V, Onderhoud, Du Plessis, 1977).

Die Minister van Inligting, min. Waring, het die Verenigde State en die Verenigde Koninkryk as die prioriteitsgebiede van die Departement aangedui, terwyl Wes-Europa en veral die Duitssprekende gebiede ook as belangrik beskou is (I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8339). Daar is dan ook 'n streekkantoor in San Francisco in die V.S.A . geopen waardeur die uitgestrekte V.S.A. beter bereik kon word (III, Jaarverslag, 1963-64, p. 5). 'n Inligtingskantoor is ook in Hamburg in Duitsland geopen (III, Jaarverslag, 1962-63, p. 6).

Afrika is blykbaar nie as 'n belangrike prioriteitsgebied beskou nie.

Die pos van inligtingsbeampte in Nairobi wat in 1961 vakant was (III, Jaarverslag, 1961-62, p. 11), was in die begin van 1963 nog nie gevul nie (III, Jaarverslag, 1962-63, p. 6). Hierna is hierdie inligtingskantoor gesluit en was die kantoor in Salisbury die enigste inligtingskantoor van die Departement in

Afrika (III, Jaarverslag, 1963-64, p. 5).

In hierdie tydvak is die oplaag van die Departement se prestigepublikasies soos S.A. Panorama en S.A. Digest verder verhoog. Waar Panorama nog net in Afrikaans en Engels verskyn het, is in Januarie 1963 begin met 'n kwartaallikse uitgawe van Panorama in Frans asook 'n uitgawe in Duits. S.A. Digest wat tweeweekliks verskyn het, is verander na 'n weeklikse publikasie (III, Jaarverslag, 1962-63, p. 33).

Wat die rolprent- en televisie-afdelings betref, was daar ook veranderinge: "The Film and Television Sections of the Department of Information have now been amalgamated and we anticipate that this will lead to complete co-ordination of effort and in time improve both the quality and quantity of production" (III, Annual Report, 1961-62, p. 36).

ADVERTENSIEVELDTOGTE

Aan die einde van die vorige tydvak het die Londense inligtingskantoor begin om ruimte in die Britse pers te koop waardeur Suid-Afrika se saak in die vorm van advertensies gestel is. Dié metode van inligtingverspreiding is in hierdie tydvak voortgesit en ook uitgebrei na ander lande. Mnr. A.H.W. Steward het in 1962 soos volg oor die veldtog in Londen geskryf:

"For the past two years or more the advertising campaign has been the biggest and most important operation of the London office of the Department of Information. It has set the pattern for most of our stereotype activities and has served as a spring-

board for many new ones. There was a time - about a year ago - when the campaign multiplied many times over the routine output, in particular the correspondence turnover, of the office. Nor is there any doubt that outwardly too, this campaign has made a bigger impact than all our standard information activities put together" (II, Steward, 1962, p. 1).

Oor die benadering wat in hierdie advertensies gevolg is, het mnr. Steward geskryf: "However, we always sought never to appear to be replying, never to be hitting back directly. Our ideal was to be fully aware of what our adversaries were saying and doing, but never to show it directly. Also, we sought to avoid all traces of aggressiveness and of selfconsciousness" (II, Steward, 1962, p. 2).

Wat die voorkoms en inhoud van die advertensies betref, het hy verduidelik: "We devised a short series of advertisements under the title 'South Africa in Fact'. In eight inches over two newspaper columns these advertisements set out a number of incontrovertible facts in a simple, lucid and attractive way. At the end of each advertisement we invited readers to write in to us for 'further information'" (II, Steward, 1962, p. 2).

Die ambassade is dan ook bo die verwagting in oorstroom met navrae om verdere inligting. Minder as vyf persent van die briewe was negatief en opsetlik kwaadwillig. Al die navrae is deur die inligtingskantoor beantwoord.

Hierdie advertensies wat aanvanklik in The Guardian verskyn het, het later ook in verskeie ander Britse koerante verskyn. Die voorkoms van die advertensies is verskeie kere verander. Die aanvanklike artikelvorm is later vervang met geïllustreerde advertensies wat uit ongeveer vyf foto's met bykrifte bestaan het. Temas wat in die advertensies behandel is, was stabiliteit en vooruitgang in Suid-Afrika; onderwys en veral swart onderwys in Suid-Afrika; ontwikkeling in die Transkei; die Oranjerivierskema; en Suid-Afrika as leier in Afrika vir sover dit wetenskaplike navorsing en gesondheidsdienste betref; ens.

"Early in 1962 our column was appearing in four Sunday papers. They were the Sunday Times, The Observer, The Sunday Telegraph and the Sunday Independent (Dublin). The number of replies increased proportionately for a while, but the pattern remained the same. As before the replies came from all five continents" (II, Steward, 1962, p. 7).

"In all, the column had appeared for exactly two years in the Sunday Times, where we had started off, and for shorter periods in the three other papers. In the financial year 1961-62 the column had cost us about R17,000 and for the year 1962-63 we had budgeted for R34,000, although we will now spend only about R27,000 of this amount on the column" (II, Steward, 1962, p. 9)

Ná die welslae wat met die advertensieveldtog in Brittanje behaal is, is in 1965 'n soortgelyke projek in die V.S.A. aangepak.

"South Africa's accelerated drive for American support was launched in March 1965 by three full-page South African advertisements appearing in The New York Times, The Washington Post, and four other major American newspapers... The response to the newspaper advertisements reportedly brought as many as 100 letters a day to the Embassy from Americans, some of whom were interested in emigrating to South Africa. The Washington Post reported that a 'flock of other newspapers', seeking advertising income, had also contacted the Embassy" (III, Africa Report, 1966, p. 45).

Die Amerikaanse inligtingskantoor het soos volg hieroor verslag gedoen: "Of the hundreds of letters received only 3.7 per cent were abusive and unfavourable... Judging from the results analysed we regard the advertisements as an unqualified success" (aangehaal in I, Hansard, 1965, dl. 15, kol. 7484).

Hierna sou advertensieveldtogte van tyd tot tyd, tot in die sewentigerjare, met welslae deur die Departement aangewend word (vgl. III, Jaarverslag, 1972, p. 12-16).

## VERSKUIWING VAN TEIKENGEHOOR

In hierdie tydvak is heelwat besin oor wie die Departement van Inligting in die buiteland moet probeer bereik. Mnr. S.F. du Toit, wat jare lank aan die buitelandse diens verbonde was, het hieroor geskryf:

"It is a fruitless and at the same time a dangerous undertaking to try to create a favourable public

opinion in a foreign country, especially if the attempt is made through their press. More often than not it is to our advantage to have a holiday from their press.

"It is to the policy-makers rather than the masses in the foreign country to which our mission and all its ancillaries must penetrate" (IV, Du Toit, 1969, p. 182).

Mnr. Derrick de Villiers het hom soos volg in 'n artikel oor dieselfde probleem uitgelaat: "...it is the task of the overseas information officer to reach the many through the influential few. He has neither the physical nor the financial means to communicate directly with the public of the five continents. It is far more important for him to study the patterns of foreign journalism, broadcasting and television, and to gain the confidence and friendship of leaders in these fields" (III, De Villiers, 1971, p. 17).

Hoewel die Inligtingsdiens in die verlede reeds sekere van sy inligtingspogings op invloedryke persone in die buiteland gerig het, het dit in hierdie tyd die algemene benadering van die Departement geword. Dit moet as 'n belangrike klemverskuiwing gesien word. Mnr. Blaar Coetzee het in die Volksraad oor die Suid-Afrikaanse kleurbeleid gepraat en gesê: "Ek dink nie dat jy dit kan verkoop deur massasirkulasie-koerante nie. Ek stem met hom saam dat dit baie duidelik te bespeur is dat die Minister en sy Departement al minder en minder konsentreer op die massas en al meer en meer op uitgesoekte groepe in die buiteland, eko-

nomiese groepe, onderwysgroepe in Amerika en elders..." (I, Hansard, 1964, dl. 12, kol. 8055).

Die Minister van Inligting het in 1965 in die Volksraad bevestig dat dit onmoontlik is om die breë publiek in die buiteland te bereik en dat daar op spesifieke groepe toegespits word (vgl. I, Hansard, 1965, dl. 15, kol. 7462). In die Jaarverslag van 1965-66 is soos volg hieroor verslag gedoen: "As gevolg van betreklik beperkte finansiële bronne en personeelkragte het die Departement besluit dat die verstandigste manier om hierdie bronne te benut, sou wees om sy pogings hoofsaaklik op spesifieke temas en uitgesoekte invloedsfere toe te spits" (III, Jaarverslag, 1965-66, p. 3).

Dr. E.C. Mulder het in sy proefskrif "Kommunikation in zwischenstaatlichen Beziehungen" onder andere bevind dat die idee van 'n openbare mening 'n eufemisme is. "Dit beteken nie dat die openbare mening nie bestaan nie, maar in die meeste gevalle eerder as 'n openbare reaksie, en nie as mening nie, wat ten opsigte van 'n gebeurtenis in 'n kleiner of groter deel van 'n bevolking tot uiting kom.

"In elke nasionale publiek is die graad van belangstelling en gevolglik die neiging om op gebeurtenisse in die verhoudings tot state te reageer, minimaal. Die aktiewe en belangstellende persone, groepe, en owerheidsinstansies wat in die tussenstaatlike verhoudings geïnteresseerd is, vorm dus slegs 'n klein minderheid"

Hy het ook tot die gevolgtrekking gekom "...dat die effektiwiteit van 'n buitelandse beleid in die huidige grotendeels afhang van effektiwiteit waarvolgens staatslui inligting ontvang, verwerk, interpreteer en daarvolgens handel. Met die verskil dat hulle inligting tans nie meer uitsluitlik van hulle direkte verteenwoordigers in die buiteland afkomstig is nie, maar van 'n veelvoud van beskikbare bronne..." (aangehaal <u>in</u> II, Rhoodie, 1973, p. 4-5).

Die klemverskuiwing van die Departement in hierdie tydvak van die breë publiek na die besluitnemers en meningsleiers in die buiteland is deur dr. Mulder se bevindinge later as 'n korrekte verandering bewys. Dit sou dan ook in alle latere tydvakke die uitgangspunt van die Departement wees.

Hierdie klemverskuiwing het egter nie beteken dat die algemene publiek in die buiteland as heeltemal onbelangrik beskou is nie. Dr. Egges Mulder se bevinding hieroor was dat: "Terwyl inligtingsprojekte hulle tasbaarste uitwerking onder instansies, groepe en meningsleiers kan hê wat in die politieke invloedsfeer aktief is, laat egter geen staat die algemene publiek buite rekening nie, aangesien daar tog ook onder 'n buitelandse bevolking belangstelling vir 'n bepaalde probleem of vir die posisie van 'n bepaalde staat gewek kan word. Daar dit egter uiters moeilik is om die uitwerking van 'n bepaalde inligtingspoging in buitelandse publiek vas te stel - die kanale lei selde in die nasionale subsisteme in - is dit raadsaam om 'n skeptiese houding in te neem ten opsigte van die uitwerking en

resultate van 'n inligtingveldtog wat daarop gerig is om 'n breë publiek te oortuig of sy houding te verander. Inligting op 'n tussenstaatlike vlak kan wel na 'n breë publiek toe gebring word, maar selde diep in die publiek in" (aangehaal in II, Rhoodie, 1973, p. 6).

Die kritiek wat Suid-Afrikaners wat oorsee reis, dikwels teen die Departement van Inligting het, naamlik dat die "man in die straat" in die buiteland niks van Suid-Afrika weet nie, kan uit bogenoemde verklaar word. Sulke kritiek openbaar dikwels eerder die onkunde van so 'n persoon ten opsigte van die werkmetodes van inligtingsdienste (vgl. III, De Villiers, 1971, p. 16).

## BUITELANDSE BESOEKERS

In vorige tydvakke het die Inligtingsdiens hoofsaaklik buitelandse joernaliste en koerantredakteurs as gaste van die Departement na Suid-Afrika gebring (vgl. III, Jaarverslag, 1959-60, p. 14 en 1961-62, p. 12-14). So is daar in 1960 £4 000 begroot om koerantredakteurs na Suid-Afrika te bring (I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5975). Hierdie beleid is met enkele veranderinge in hierdie tydvak voortgesit en verskeie toere is deur die Departement vir buitelandse koerantredakteurs deur Suid-Afrika gereël. "As 'n voorbeeld van die welslae van hierdie reëling kan genoem word dat die eerste toer van 16 Amerikaanse joernaliste 146 gepubliseerde artikels, 20 beeldradioprogramme en 50 radioprogramme, benewens talryke lesings, tot gevolg gehad het. Die blywende voordeel is egter die groot mate van kennis en begrip wat hierdie besoekers opgedoen

het en wat hulle in staat sal stel om Suid-Afrika se aangeleenthede, met kennis ter plaatse opgedoen, te bespreek" (III, Jaarverslag, 1965-66, p. 10).

In hierdie tydvak het mnr. Colin Eglin hieroor gesê: "In die verlede was die neiging blykbaar om persmanne uit te soek... Ek dink dat ons die bestek wyer moet maak en verder gaan as die pers. Dit sou uiters waardevol wees om wetgewers te stuur en wetgewers uit te nooi van die verskillende lande om ons te besoek en die situasie hier te aanskou" (I, Hansard, 1961, dl. 107, kol. 4961).

Aan die einde van hierdie tydvak is daar dan ook in aansluiting met die beleid om op spesifieke groepe in die buiteland toe te spits, ook ander invloedryke persone as gaste van die Departement na Suid-Afrika gebring. Die Jaarverslag van 1965-66 het hieroor soos volg verslag gedoen: "Onder die lonendste bedrywighede van die Departement is die onderskeie gasteprogramme. Hierdeur word redakteurs, skrywers, uitgewers, akademici en ander gesiene persone uitgenooi om Suid-Afrika as gaste te besoek" (III, Jaarverslag, 1965-66, p. 10).

## DIE BEELD NA BUITE

Verskeie standpunte is in hierdie tydvak gelug oor die beeld wat van Suid-Afrika deur die Departement van Inligting na buite uitgedra moes word. In 'n artikel in News Week is in Maart 1965 geskryf:

"Most of all, South Africa should stop selling its problems, and in building its image abroad it should

not be so obsessed with its tribal bucolism and charming contrast, for the new and dominant image of South Africa is that of a modern exciting, industrial state. All other images are subsidiary. It is time South Africa saw this point and itself in a far brighter light. That better light will correct its image abroad" (aangehaal in I, Hansard, 1965, dl. 15, kol. 7465).

Die bekende skrywer Stuart Cloete het ná 'n reis in die Verenigde State van Amerika gesê: "...the Information Department was wasting millions of dollars in America and elsewhere. Paid advertisements were useless. We have to sell our positive things. We will never sell our politics; the world does not want it" (aangehaal in I, Hansard, 1964, dl. 12, kol. 8062).

Mnr. Blaar Coetzee het in die Volksraad gesê: "Ek gaan nie vir een oomblik sê dat die Departement baie vordering gemaak het om die beleid van aparte ontwikkeling te verkoop nie, maar hy het seer seker daarin geslaag om van jou allerbelangrikste mense in die wêreld so ver te kry dat hulle nou sê wat hulle 'n jaar gelede nie gesê het nie en dit is: Los Suid-Afrika uit; sy probleem is uniek en net daardie mense kan dit oplos" (I, Hansard, 1964, dl. 12, kol. 8053).

Mnr. R. Badenhorst-Durrant se standpunt as opposisiespreker was: "Ek dink ons moet probeer om aan die wêreld te toon dat daar manne en vroue in ons land is wat nie 'n swart vel het nie, maar wat net soveel reg het as enige Bantoe of enige swart Afrikaan om as blanke Afrikane in Suidelike Afrika te woon" (I,

Hansard, 1964, dl. 12, kol. 8050).

Teen die agtergrond van swart Afrika-nasionalisme en die baie nuwe state in Afrika wat die koloniale juk afgegooi het, het baie mense gevoel dat klem gelê moet word op die feit dat die blanke Suid-Afrikaners nie kolonialiste is soos in die res van Afrika die geval was nie. Dr. Carel de Wet het as Ambassadeur in Londen geskryf:

"For we are neither settlers nor colonialists. I, together with over three million others back home are White Africans. We are indigenous people of Africa. The land we claim to be ours really belongs to us - every bit as much as these islands belong to the British. I am as much an African as any Black man can ever claim to be. My mother tongue is Afrikaans, the only 'European' language to have originated in Africa" (III, De Wet, 1964, p. 5).

Dr. H. Muller het gevoel dat die beeld wat uitgedra moet word, klem moet lê op Suid-Afrika se anti-kommunistiese standpunte. "Ek dink ons moet liewers die Westerse moondhede herinner daaraan dat geen ander volk in die wêreld tot so 'n mate gekompromitteer is teen die kommunisme as die blankes in Suid-Afrika nie en dat geen ander volk so onverbiddelik gekant is teen die kommunisme as ons nie...

"Ons moet hulle laat besef dat hulle deur hul optrede en houding teenoor ons in die hande speel van die kommunisme; dat hulle deur hulle optrede maklik die pad vir die kommunisme hier in Suid-Afrika kan voor-

berei. Ons moet hulle daarteen waarsku dat hulle nie te laat besef dat hulle ons tot hulle nadeel in die steek gelaat het nie" (I, Hansard, 1966, dl. 105, kol. 5981).

Mnr. G.F. van L. Froneman het 'n ander aspek beklemtoon: "Wat die buitelandse diens betref, sou ek graag sien dat ons minder klem lê op ons wild en ons Bantoe-gewoontes, ens. Ek sou graag sien dat ons meer beklemtoon wat die blankes in Suid-Afrika doen". Dr. J.H. Moolman het met hom saamgestem: "Het die tyd nie aangebreek dat ons ophou om pragtige aalwyne en Bantoe-hutte vir die buiteland te wys ten einde ons land te adverteer nie? Hierdie pragtige land van ons het genoeg ander materiaal wat vir advertensiedoeleindes oorsee gebruik kan word..." (I, Hansard, 1965, dl. 15, kol. 7468 en 7476).

Met die verspreiding van rolprente is gepoog om die verskillende aspekte wat hierbo genoem is, uit te dra. Deur rolprente soos "Blanke Suid-Afrikaners", "Workshop of a Continent", "The Young Country", "This is South Africa" en "Vesting van die Suide" is Suid-Afrika voorgestel as 'n geïndustrialiseerde antikommunistiese land met blanke inwoners wat reeds 300 jaar lank hier gevestig is (vgl. o.a. III, Jaarverslag, 1963-64, p. 29 en Jaarverslag, 1964-65, p. 16).

BYSTAND VAN SKAKELMAATSKAPPYE

Reeds in 1955 het mnr. Meiring dit oorweeg om veral in Amerika skakelmaatskappye te gebruik om Suid-Afrika se saak te stel. Dit was nadat die Belgiese re-

gering dit met groot welslae aangewend het om sy beleid in die Kongo te verduidelik. Hoewel mnr. Meiring aanbiedinge van vier Amerikaanse firmas gehad het, is dit van die hand gewys omdat hy geglo het "...dat sy eie personeel dit doeltreffender en verstandiger kan doen. Ten einde Suid-Afrika en sy mense teenoor die buitelander te kan beduie moet die verteller liefde vir en kennis van die eie hê" (III, Jaarverslag, 1956-57, p. 9 en III, Africa Report, 1966, p. 44).

Min. Eric Louw het hieroor gesê: "Dit is aan ons voorgelê dat ons behoort te probeer om reëlings te tref vir die benoeming van 'n openbare skakelbeampte. Dit is ook aan die hand gegee deur ons vriende oorsee. Ek het verlede jaar en die jaar te vore toe ek in New York was, baie sorgvuldig op die saak ingegaan en kontak gemaak met party van die welbekende firmas vir openbare skakeldienste. Die posisie is dat die produk wat hierdie P.R.O.-firmas verkoop, toerisme is, besigheidsvooruitsigte, beleggings, ens. Maar Suid-Afrika se probleem is 'n menslike probleem en ons kan onmoontlik nie die verkoop van 'n menslike probleem toevertrou aan 'n firma wat totaal niks van Suid-Afrika weet nie..." (I, Hansard, 1961, dl. 107, kol. 4958).

In die tydvak ná 1961 is hierdie standpunt gewysig en het die Departement van Inligting wel van skakelfirmas gebruik gemaak. In 'n Amerikaanse artikel is soos volg hieroor geskryf:

"Two years later the government tried another American public relations firm. In 1965 it employed T.A. McInerny, a Washington consultant formerly with the Department of Justice, to undertake 'a professional survey and public opinion poll' to determine South Africa's image in this country. In a letter dated December 23, 1964, the South African Director of Information asked McInerney to 'propose a program to counteract the harmful effects of current misconceptions of the true thrust and intention of South African policies..." (III, Africa Report, 1966, p. 45).

Die Departement van Inligting het hierdie maatskappy 75 000 dollar betaal, maar die kontrak is opgeskort met die dood van mnr. McInerny - dit was voordat die ondersoek en meningspeiling voltooi is (III, Africa Report, 1966, p. 45).

Hoewel dit nie altyd so geslaagd was nie, het die Departement in latere tydvakke weer van skakelmaatskappye gebruik gemaak. In die Jaarverslag van 1976 is soos volg verslag gedoen: "'n Belangrike ontwikkeling in ons werksaamhede in die V.S.A. was die aanstelling van die bekende skakelkonsultante van New York, Sydney S. Baron & Company, Inc., om ons te help om 'n positiewe beeld van Suid-Afrika te bevorder" (III, Jaarverslag, 1976, p. 11). Die Departement was besonder tevrede met die werk wat hierdie maatskappy gedoen het (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

DIE HAMILTON WRIGHT-ORGANISASIE

Mnr. B.J. van der Walt het in 1965 in die Volksraad gesê: "...ons moet van Amerikaners gebruik maak om ons saak daar te stel. Ons moet gebruik maak van mense wat die taal van die Amerikaner kan praat en wat 'n Amerikaanse agtergrond het, om uit hulle gesigspunt ons saak te stel" (I, Hansard, 1965, dl. 15, kol. 7432-7433).

Behalwe vir die McInerny-maatskappy het die Departement van Inligting sedert 1960 probeer om te doen wat mnr. Van der Walt gesê het, deur onder andere van die Hamilton Wright-organisasie gebruik te maak. Hierdie Amerikaanse organisasie, wat nie as 'n skakelmaatskappy bekend gestaan het nie, is in die vorige tydvak deur mnr. Meiring en min. Eric Louw aangestel (V, Onderhoud, Meiring, 1977).

"I was wrestling with this problem at Information when out of the blue a man walked into my office one day and introduced himself as Hamilton Wright, the famous producer of documentary films, who had already succeeded in putting little known South American and Middle East countries on the map, and particularly on the screen in the States" (mnr. Piet Meiring, 1973, p. 154).

Die finale kontrak waarvolgens mnr. Wright sekere rolprente vir die Inligtingsdiens sou maak, is deur mnr. W.C. du Plessis onderteken ná die Departement van Inligting tot stand gekom het (I, Hansard, 1964, dl. 12, kol. 8081).

In die eerste Jaarverslag van die Departement van Inligting is soos volg hieroor verslag gedoen: "The films made for us by the Hamilton Wright Organisation i.e. a ten minute cinemascope colour film 'South Africa Today', a 13-minute black and white television film 'South African Frontier' and a selection of newsreels are now completed for exhibition on a worldwide basis" (III, Annual Report, 1961-62, p. 35-36).

Min. Waring het ook met lof gepraat oor die wyse waarop die Hamilton Wright-organisasie Suid-Afrikaanse rolprente wêreldwyd versprei het (vgl. I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8339).

Ná die verstryking van die kontrak wou mnr. Hamilton Wright dit hernieu, Min. Waring en mnr. Du Plessis, wat nie veel seggenskap oor die eerste kontrak gehad het nie, het geweier, Volgens mnr. Meiring was die rede dat min. Waring nie van mnr. Wright gehou het nie (IV, Meiring, 1973, p. 155). Min. Waring het as redes in die Volksraad aangevoer: "In die eerste plaas omdat mnr. Wright nie ʼn goeie indruk op my gemaak het nie...ek het nie gehou van die manier waarop druk op ons uitgeoefen is en waarop die koste van die kontrakte vermeerder is nie..." (I, Hansard, 1964, dl. 12, kol. 8081). Volgens mnr. Du Plessis wou mnr. Wright Suid-Afrika slegs as ʼn toeristeland verkoop, terwyl hulle wou gehad het dat hy ook Suid-Afrika se kleurbeleid moes verkoop (V, Onderhoud, Du Plessis, 1977).

In Maart 1963 moes mnr. Wright voor ʼn Senaatskomitee

in die V.S.A. getuig oor sy werksaamhede vir die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting. "The Committee Chairman, Senator J. William Fulbright, made it clear on several occasions that the Committee was not challenging the right of public relations firms to do business with foreign governments. The only issue was whether the public knew that it was getting foreign propaganda as required by the Foreign Agents Registration Act" (III, Africa Report, 1966, p. 44). Mnr. Wright het beweer dat sy rolprente slegs algemene inligting oor Suid-Afrika se natuurskoon, toeristemoontlikhede ens. bevat het en nie doelbewuste politieke propagandarolprente was nie. Die doel van die Amerikaanse Foreign Agents Registration Act is "...to enable the public to know when it was seeing or hearing propaganda paid for by a foreign government" en die Senaatskomitee moes vasstel of mnr. Wrigth dit met sy rolprente oortree het.

In die tydperk Januarie 1961 tot Januarie 1963 het die Suid-Afrikaanse Regering die Wright-organisasie 274 500 dollar betaal. Volgens mnr. Wright is sy kontrak nie hernieu nie "... because he refused to 'get into hard-core political propaganda' on the segregation question" (III, Africa Report, 1966, p. 44-45).

Die Opposisie het die probleme rondom hierdie organisasie gebruik as kritiek teen die Regering. "Ek dink ons moet die feite kry aangaande waaraan hierdie geld bestee is, of dit goed bestee is en wat die

Minister dink van hierdie organisasie wat van die werk wat hulle vir die Departement moes doen, praat as 'corn' en 'hard-core propaganda'" (I, Hansard, 1964, dl. 12, kol. 8074).

Hierop het die Minister geantwoord dat die Amerikaanse ondersoek 'n Amerikaanse saak is en niks met die Departement te doen het nie en dat die kontrak buitendien nie hernieu is nie. "Die Departement self meen dat hy redelike waarde gekry het vir die films wat hy oorspronklik gemaak het" (I, Hansard, 1964, dl. 12, kol. 8080 en 8082).

RADIOPROPAGANDA TEEN SUID-AFRIKA

Radiopropaganda wat teen Suid-Afrika gemik was, is in hierdie tyd verskerp. Die meeste van hierdie uitsendings was ook op die Suid-Afrikaanse bevolking en spesifiek die swart bevolking gemik. So het Radio Kaïro in 1963 met uitsendings in Suid-Sotho na Suid-Afrika begin. Die omroeper het onder andere in Suid-Sotho gesê: "Die leiers van maAfrika het verklaar dat die prys vir 'n oog 'n oog is; die prys van die lewe van die maAfrika is die bloed van die witman in Suid-Afrika..."

Radio Ghana het onder andere uitgesaai: "Long live our Africa... Wake up children of Africa... Take the arms which are given by our true friends and fight the White settlers. Throw them to the sea. Death to the White dogs. Africa is ours and we want her back now. We will crush Verwoerd and Salazar" (III, De Villiers, 1966, p. 37).

Radio Moskou het in Augustus 1965 ŉ verklaring deur ŉ Suid-Afrikaanse politikus in die Volksraad gebruik om aan sy Afrika-luisteraars te wys hoe onmenslik Suid-Afrikaanse gevangenistoestande is. "Die Suid-Afrikaanse veiligheidspolisie word vergelyk met die Gestapo in Nazi-Duitsland en dan word die politikus aangehaal as sou hy gesê het: 'The methods used by dr. Verwoerd and his Ministers are comparable to those used by Hitler and his henchmen'" (III, Pretorius, 1966, p. 20).

Radio Moskou het ook na Suid-Afrika verwys as "...a huge grim dungeon where cruel apartheid and racial discrimination are being raised to the level of the official policy of a police state" (aangehaal in I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8343).

Radio Praag het op 10 Augustus 1965 die volgende kommentaar oor die hofsaak in verband met die Cinderella-gevangenis gelewer: "Even though Cinderella is just one of South Africa's prisons, it is absolutely clear that there are many such Cinderella prisons and an increasing number of people have come to realize that in fact all South Africa is nothing but a big Cinderella prison" (III, De Villiers, 1966, p. 38).

In die Volksraad wou die Opposisie reeds in 1958 weet wat die Regering gedoen het om hierdie uitsendings te bekamp. "Ons het radio-uitsendings wat op Suid-Afrika gerig word, uit alle dele van die Afrikaanse Vasteland - ek meen van Egipte en van Indië en ongetwyfeld ook van Rusland. Wat doen hierdie Regering en wat doen die Minister in verband hiermee?"

(mnr. H.G. Lawrence, I, Hansard, 1958, dl. 98, kol. 2523).

UITBREIDING VAN DIE RADIODIENSTE IN SUID-AFRIKA

In 1962 het die Minister van Inligting na hierdie radiopropaganda verwys en gesê: "Dit is die tipe ding wat die Bantoes bereik. Ek wil aan die agb. lede aan die ander kant sê: Hulle moet toesien, deur middel van propaganda of wat dit ook al mag wees, dat ons in Suid-Afrika 'n stelsel ontwerp wat in staat sal wees om as teenwig daarteen te dien. Ons moet die juiste posisie aan die Bantoes stel van menslike verhoudings tussen die blankes en die swartrasse in hierdie land, of wat sal anders in hierdie land gebeur?" (I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8343). Hoewel die Inligtingsdiens onderneem het om iets hieraan te doen (vgl. I, Hansard, 1958, dl. 98, kol. 2534), bly die bestryding van radiopropaganda een van die moeilikste probleme van 'n moderne staat. Murty het hieroor geskryf: "The government of the state to which transmission is made may, however, attempt to prevent its people from listening to the broadcasts by prohibiting listening to foreign broadcasts, jamming the radio waves, and denying to the people radio sets capable of receiving foreign broadcasts. Limiting reception to transmission by wire is another device... However, restrictive measures such as these to prevent listening to foreign broadcasts may rouse the curiosity of the audience and induce them to adopt a good number of devious

methods to circumvent the measures" (IV, Murty, 1968, p. 55-56).

In hierdie tydvak is mnr. C.W. Prinsloo, die Adjunk-sekretaris van die Departement van Inligting, aangestel op die Bantoeprogramme-adviesraad van die S.A.U.K. (I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8343). Daar kan slegs vermoed word dat dit die samewerking tussen die Departement van Inligting en die S.A.U.K. verbeter het.

Tot aan die einde van 1961 het die S.A.U.K. oor drie binnelandse programdienste beskik - Afrikaans, Engels en Springbokradio. Enkele Bantoeprogramme is op sekere ure as deel van bogenoemde dienste uitgesaai. Ná die voltooiing van die Hertzogtoring in 1962 is hierdie aanvanklike drie dienste binne vier jaar tot elf dienste uitgebrei. Ses van die nuwe dienste was F.M.-dienste in Suid-Afrikaanse Bantoetale (III, De Villiers, 1966, p. 39-45).

"Die suksesverhaal van Radio Bantu, die S.A.U.K. se ses programdienste in Zoeloe, Suid-Sotho, Xhosa, Noord-Sotho, Tswana en Venda/Tsonga, toon dat hy tot op groot hoogte in die behoeftes van plaaslike Bantoe-luisteraars voorsien.

"Sy besondere gewildheid onder Bantoes van die Republiek is op treffende wyse bevestig toe Suid-Afrika se nasionale leseropname in 1962 aangetoon het dat van alle Bantoes wat in daardie stadium op die radio ingeskakel het, nie minder nie as 86.5% gereelde luisteraars van Radio Bantu was" (III, De Villiers, 1966, p. 43).

Hoewel die Departement nie regstreeks 'n aandeel in hierdie ontwikkelinge gehad het nie wil dit tog voorkom of die Departement wel betrokke was in die beskikbaarstelling van goedkoper F.M.-radiostelle. Die Departement het blykbaar as 'n tussenganger opgetree om buitelandse maatskappye in die Suid-Afrikaanse radiomark te laat belangstel. Hoewel aanduidings hiervan opgespoor is, kon dit nie bevestig word nie (V, Onderhoud, Du Plessis, 1977).

BUITELANDSE RADIODIENS

Op 27 Oktober 1965 het die Eerste Minister, dr. Verwoerd, 'n nuwe sendstasie op Bloemendal, naby Meyerton, geopen en die eerste van vier 250 Kw-senders in werking gestel. Hierdie vier senders het die twee 20 Kw-senders van die ou Afrikadiens van die S.A.U.K. vervang. Sedert 1 Mei 1966 is dit gebruik om Radio Suid-Afrika, die Stem van Suid-Afrika se wêreldwye kortgolfdiens, uit te saai (III, Bam, 1969, p. 22). Die Lantern het in September 1974 soos volg oor hierdie radiodiens geskryf:

"Radio RSA saai daagliks 39 nuusbulletins uit in Afrikaans, Engels, Frans, Duits, Nederlands, Portugees, Swahili, Chichewa en Lozi. Dit word verder aangevul deur 19 kommentaaruitsendings. In 1974 is berig dat 30 van die 38 Afrika-lande se verteenwoordigers in die V.V.O. gereeld na RSA-uitsendings luister as 'n bron van inligting van gebeure in Afrika. Ontvangs in die teikengebiede is goed; vier senders van 250 kilowatt elk sorg daarvoor dat RSA helder

in Afrika, Europa en Noord-Amerika gehoor word" (III, Lantern, 1974, p. 71). (Vir 'n vollediger uiteensetting van die omvang en werksaamhede van Radio R.S.A. vgl. ook III, Louw, K., 1972; Fluit, 1974, en Darroll, 1971).

In die begin van 1978 is hierdie diens van die S.A.U.K. verder versterk deurdat drie nuwe 500 Kw-senders in gebruik geneem is. Die hoof van die Buitelandse diens van die S.A.U.K., mnr. Theo Greyling, het in 1977 gesê: "Just what the overall listenership amounts to is hard to gauge. One indication is the 60 000 or so letters the service receives each year. Using an internationally accepted rule of thumb, this could represent an audience of 12-million. The permanent mailing list alone totals more than 100 000" (III, Dean, 1977 <u>in</u> The Citizen, 8 Sept. 1977, p. 7).

Dr. Carel de Wet het in 1962 na kritiek van die Opposisie op die S.A.U.K. verwys en gesê: "Die agb. lid vir Orange Grove (mnr. E.G. Malan) sowel as 'n kollega van hom het die kwessie geopper van sekere amptenare van die Departement van Inligting wat dan nou geassosieer sou wees met die S.A. Uitsaaikorporasie, en die indruk word nou geskep, soos dit in die vorige debatte gesê is, dat die inligting wat kom van die S.A. Uitsaaikorporasie, inligting is wat eers deur hierdie Minister en sy Departement geredigeer is, asof dit so 'n vreeslike oortreding is. Ek wil dit verwelkom, en ek wil aan die Minister sê dat as daardie liaison en daardie verteenwoordiging van die

Departement van Inligting nog nie ten volle geskied het met die S.A. Uitsaaikorporasie nie, dan moet dit so gou as moontlik gedoen word. Dit is nie ŉ ongehoorde ding nie. Wat is die posisie in Brittanje? Ek lees hier uit die British Government Information Service-boekie..." Hierna het dr. de Wet met aanhalings die verhouding wat daar in Brittanje tussen die B.B.C. en die Britse Inligtingsdiens bestaan, aangetoon (vgl. I, Hansard, 1962, dl. 4, kol. 8310-8311).

In 1974 het die Direkteur van die Amerikaanse Inligtingsdiens, mnr. James Keogh, gesê: "The largest element in USIA is the Voice of America, the radio arm of the Agency. It broadcasts in 36 languages around the world to an adult audience of many millions" (III, Keogh, 1974(b), p. 58).

Dit wil voorkom asof die verhouding tussen die Departement van Inligting en die buitelandse radiodiens van die S.A.U.K. geensins op dieselfde vaste grondslag as die meeste ander lande s'n is nie (V, Onderhoude Du Plessis, Rhoodie en Mulder, 1977). In belang van Suid-Afrika kan nouer samewerking tussen die Departement en die buitelandse radiodiens net ŉ meer gekoördineerde inligtingspoging in die buiteland en veral in Afrika tot gevolg hê. Dit behoort ook gedoen te kan word sonder dat Radio R.S.A. sy geloofwaardigheid in die buiteland hoef in te boet.

PROPAGANDA-AANSLAG TEEN SUID-AFRIKA

Behalwe vir die radiopropaganda wat teen Suid-Afrika versprei is, is die aanslag deur die buitelandse pers in hierdie tydvak voortgesit. So het 'n koerant van dr. Verwoerd gepraat as 'n "madman reminiscent of another madman, Hitler" en van die "nausea, disgust and anger of the whole of Britain at South Africa, a country bent on suicide" (aangehaal in I, Hansard, 1960, dl. 105, kol. 5939).

In 'n Oostenrykste koerant is in November 1962 oor die Suid-Afrikaanse myne geskryf: "Africans are arrested by the police on the Government orders, taken from their home towns and made to sign a contract, against their will, which places them under an obligation to work for two years without a break in a gold, coal, manganese or diamond mine... Africans who have once been employed on the mines must, against their wishes, remain on the mine for their entire lives. In spite of this no pension or old age fund is provided for an African...who is forced therefore to work even if he is over 80 years of age. The only legitimate reason for him to stop work is, if he should die or suffer permanent serious injury..." (aangehaal in IV, Gerber, 1973, p. 76).

Dr. A.J.R. van Rhijn het in hierdie tyd oor die Britse pers geskryf: "...elke Suid-Afrikaner wat in Londen sy land en die Regering verdoem, word dadelik tot 'n held verhef. Hy kry personderhoude, sy menings en feite word met groot hooflyne uitgeblaker. Die beeldradio sleep hom nader en voor miljoene luis-

teraars vertel hy van die beleid van 'verdukking en slawerny' wat hier plaasvind. Elke swartman wat daar aanland, word omhels en verskaf die grootste publisiteit denkbaar. Die mense hang aan sy lippe en glo elke woord wat hy kwytraak" (III, Van Rhijn, 1961(b), p. 7).

'n Verandering in die aanslag teen Suid-Afrika in hierdie tydvak was dat dit meer georganiseerd en minder spontaan was. So het verskeie organisasies in die buiteland die brandpunt van hierdie aanslae teen Suid-Afrika geword (III, Jaarverslag, 1964-65, p. 4). Die anti-apartheid beweging het in 1963 'n boekie "The Collaborators" in Brittanje gepubliseer. Die doel met die boekie was om maatskappye en organisasies wat met Suid-Afrika handel dryf, aan die kaak te stel. Die boekie is dan ook afgesluit met 'n oproep om 'n totale ekonomiese en wapenboikot teen Suid-Afrika in te stel. In die boekie is die polisiestaat- en onderdrukking-gedagte voortgesit.

"South Africa is heading for a collision - a bloody and utterly destructive collision between black and white. Since the Sharpeville massacre and the 1960 State of Emergency the Government has passed a 'Sabotage' Act making even trespass for slogan-painting a crime punishable by death; they have placed popular leaders under 12- or 24-hour house arrest; imprisoned the most widely respected of the African leadership; put some on trial for their lives, and detained others indefinitely without trial. The last avenues of legitimate protest have been closed

to South Africa's non-white population.

"And lest this maze of legislation fail to protect the privileges of white South Africa, dr. Verwoerd's Government in 1963 increased the arms budget by 50% (by 1962 it had exceeded the figure at the height of the last war), reorganised the police force, recruited 'home guards' to guard 'strategic installations', dotted the country with police posts, and set out to fence and police South Africa's borders. Young whites are being trained to handle rifles with targets representing blacks, even white schoolgirls are being taught to use firearms" (IV, Ainslie & Robinson, 1963, p. 4)

'n Verdere verandering in die aanslag teen Suid-Afrika was die skryf van boeke deur verskillende outeurs in verskillende tale in die sestigerjare oor Suid-Afrika. Enkele hiervan was Africa South deur Ronal Segal; Guilty Land deur Patrick van Rensburg; South Africa - Crisis for the West deur Colin en Margaret Legum; ens.

Die propaganda-aanslag was ook op Suidwes-Afrika gemik. In 1963 is 'n boek met die titel South West Africa as 'n Penguin-publikasie gepubliseer. Die skryfster was Ruth First. As Suid-Afrikaanse kommunis het sy reeds op uitnodiging konferensies in Moskou, Berlyn en Peking bygewoon. Brian Bunting, ook 'n Suid-Afrikaanse kommunis, wat op daardie tydstip Tass se korrespondent in Londen was, het in 1964 ook 'n boek in die Penguin-reeks oor Suid-Afrika laat verskyn. In Penguin se beskrywing van hierdie skrywers voor in die boeke is die feit verswyg dat hulle kommunis-

te is (IV, Gerber, 1973, p. 77-79). Bunting se boek "The Rise of the South African Reich", is deur die Britse koerant die Brighton Argus by al sy lesers aanbeveel en is beskryf as "A book for those who don't care what is going on in South Africa" (III, Thomas, 1964, in Brighton Argus, 7 May 1964). Dieselfde Bunting het ook in sekere Afrika-publikasies artikels soos "Nazism in South Africa" geskryf (vgl. Bunting, 1964, p. 17-21).

"SABOTAGE IN SOUTH AFRICA"

Televisie is in hierdie tydvak tot groter hoogte teen Suid-Afrika gebruik. Dit het die Departement van Inligting gedwing om nuwe stappe te doen. In 1963 het die Amerikaanse televisiemaatskappy C.B.S. 'n brief aan die Departement geskryf waarin hulle vra om die land te besoek. "The reputation and standing of 'C.B.S. Reports' is such, that we are not interested in belabouring the negative aspects of any particular country, but, as journalists, we seek solely to present fairly the political, social and economic phases of a nation.

"We have come to the realization that it is no longer feasible to judge countries by our own prejudice" (aangehaal in I, Hansard, 1963, dl. 8, kol. 8853).

Ná oorweging het die Departement van Inligting besluit om van die geleentheid gebruik te maak deur hierdie Amerikaanse televisiegroep te gebruik om 'n meer gebalanseerde en positiewe beeld van Suid-Afrika na Amerika uit te dra. Die C.B.S.-groep het tydens

hulle besoek aan Suid-Afrika alle hulp van die Departement van Inligting gekry. So is ook onderhoude op versoek van hulle gereël.

Van die 90 000 voet filmopnames wat die C.B.S.-groep in Suid-Afrika gemaak het, is uiteindelik 5 000 voet gebruik om die rolprent "Sabotage in South Africa" saam te stel. Die helfte van die rolprent het verder uit ou rolprentsnitte van Sharpeville gehandel, terwyl die res baie verdraai was. Die rolprent het onder andere beweer dat: "Some of the people of this programme speak up at the risk of their lives" en "most of the opposition has been stilled by banning or arrest, and no longer can their word be hear or read" (I, Hansard, 1963, dl. 8, kol. 8828, 8854 en 8857).

Mnr. Louis Gerber van die S.A. Stigting het oor hierdie rolprent geskryf: "In the event 'Sabotage in South Africa' turned out to be a travesty of the truth... In a sequence in which the then Secretary for Information W.C. du Plessis, was describing urban African housing schemes his face superimposed on a backdrop of the foulest slums. It was an almost incredible example of cynical misrepresentation and thoroughly alerted us to the methods of American television journalism" (IV, Gerber, 1973, p. 75).

Die Departement van Inligting het ná die vertoning van die rolprent oor televisie in die V.S.A. 'n verklaring uitgereik waarin 34 beweerde onjuisthede in die rolprent aangedui is. Die verklaring het egter, soos te wagte was, nie dieselfde aandag en publisi-

teit as die rolprent self gekry nie (I, Hansard, 1963, dl. 8, kol. 8834). In latere tydvakke sou hierdie gebeure homself met ander televisiemaatskappye herhaal.

Mnr. W.C. du Plessis het later oor televisie geskryf: "Beeldradio is 'n magtige kommunikasiemiddel, miskien die magtigste van almal, sy dit as draer van die leuen of die waarheid. Maar geen ander medium het Suid-Afrika soveel leed aangedoen as hy nie, veral in die groot netwerke van die Verenigde State, asook die B.B.C. Dit is die aangewese medium vir Suid-Afrika om sy saak te stel, maar ek sou met huiwering daarvan gebruik maak - sover dit die groot netwerke aangaan. Die skoonste water kan nie hoop om skoon anderkant uit te kom wanneer dit deur 'n vuil pyp gelei word nie. Aan vuil water daarenteen, maak dit geen verskil nie" (IV, Du Plessis, 1970, p. 221).

'N POSITIEWE BELEID NA BUITE

Mnr. Piet Cillie, bekende politieke kommentator en tans hoogleraar, het in 1967 in 'n referaat verwys na die kleurbeleid wat die Regering in die vyftigerjare probeer verduidelik het en hoe dit in die sestigerjare en spesifiek in hierdie tydvak verander het.

"Dit lyk vandag vreemd dat ons landsbeleid in die middel vyftigerjare, toe die anti-kolonialistiese omwenteling in Afrika juis besig was om momentum te kry, gestel is in terme van baasskap van permanente blanke heerskappy oor nie-blanke volke,

met ander woorde van naakte onverbloemde kolonialisme en imperialisme. Dit was natuurlik dat ons blank-geleide orde hier 'n mikpunt van die swart uhuru-beweging sou word, maar ons het saamgespeel deur feitlik in die kol te gaan staan.

"Dat dit onder 'n regering van Afrikanernasionaliste gebeur het, is des te merkwaardiger as ons daaraan dink dat die Afrikanervolk tog die voorste antikolonialistiese volk van Afrika was in hierdie eeu en ook in die vorige" (III, Cillie, 1967, p. 8).

"As u in daardie jare Suid-Afrika moes verduidelik en verdedig teen kritiese beskouinge soos ek dikwels moes doen, sal u weet hoe swak ons dialektiese skanse toe nog was, hoe maklik om te deurbreek, nie met die wapens van vreemde ideologieë nie, maar met argumente gehaal uit ons eie geskiedenis en ons eie beste opvattinge. Ons wat Britse baasskap oor die Afrikaners en Suid-Afrika beveg het, het werklik nie die hart gehad om die idee van Afrikanerbaasskap oor ander volke van Afrika goed te praat nie, en vir my bly dit dr. Verwoerd se grootste deug as staatsman dat hy ons verlos het van die verpligting om die onverdedigbare te verdedig. Suid-Afrika is aan homself nie te verkoop nie, laat staan aan die wêreld, anders as 'n land wat nasionale vryheid vir sy verskillende volke in die vooruitsig stel, hoe onmeetlik moeilik daardie ideaal in ons omstandighede ook al te bereik is" (III, Cillie, 1967, p. 12).

Reeds in 1955 het dr. Verwoerd mnr. Meiring ontbied en in 'n gesprek met hom die positiewe aspekte van die

kleurbeleid bespreek. "Waarom dr. Verwoerd my kantoor (Staatsinligting) by die saak betrek het, was omdat hy ingesien het dat hier die soort nuus was wat die buiteland nodig gehad het ten einde ons beleid van vrugbare naasbestaan in volle perspektief te kry... Doktor het my die nuwe opvattings oor 'n boeg vir meer as vier uur ingepraat. Ons het daarvan nuus vir die buiteland gemaak en vir die eerste keer 'n meer positiewe siening oorsee verwek" (IV, Meiring, 1972, p. 128).

Teen hierdie agtergrond het die Departement van Inligting besluit om die beoogde aankondiging van die Eerste Minister oor selfregering vir die Transkei tot die maksimum te gebruik om die positiewe aspekte van die beleid te beklemtoon en onder die buiteland se aandag te bring. Mnre. Piet Meiring en C.W. Prinsloo het 'n volledige memorandum opgestel waarin verskeie aanbevelings gedoen is oor hoe hierdie geleentheid met voorafbeplanning die beste benut kon word. So is daar voorgestel dat die Eerste Minister se toespraak regstreeks oor die S.A.U.K. herlei word en dat die reaksie van Xhosa- en ander Bantoeleiers so gou as moontlik ná die aankondiging verkry word, om na die buitelandse kantore te stuur.

"Aangesien al ons buitelandse kantore verdere opvolgwerk sal moet doen, word aanbeveel dat, sonder openbaring van enige vertrouelike inligting, 'n omvattende inligtingslêer oor die betrokke tuisland aan hulle gestuur word en hulle bereik voordat die Eerste Minister sy aankondiging maak. As daarmee

versuim word, sal die sielkundige oomblik vir maksimum-publisiteit hulle ontglip, soos so dikwels in die verlede al gebeur het" (II, Meiring & Prinsloo, 1961, p. 2).

Daar is beplan dat die S.A. Digest met 'n spesiale dikker uitgawe in Engels, Duits en Frans sou verskyn 'n paar dae ná die aankondiging. Waar die normale uitgawe van die Digest R900 gekos het, is bereken dat hierdie spesiale uitgawe R7 000 sou kos. S.A. Panorama sou ook met 'n spesiale uitgawe verskyn, terwyl advertensie-ruimte in die Suid-Afrikaanse Bantoeblaaie gekoop is en heelwat rolprentmateriaal vir verspreiding in die buiteland gemaak moes word (II, Meiring & Prinsloo, 1961, p. 2-3).

'n Reeks artikels is ook voorberei om in gekoopte ruimte in buitelandse koerante in nege lande geplaas te word. Hiervoor is R72 000 beskikbaar gestel. Die doel met hierdie artikels is soos volg gestel:

"That the outside world should look to South Africa with hope and not apprehension in the matter of race relations; and in appropriate countries, that the New Republic is embarking on this bold development within a year of its establishment - New Republic... new hope" (II, Meiring & Prinsloo, 1961, addendum).

Op 23 Januarie 1962 het die Eerste Minister die aankondiging gedoen. Die meeste van hierdie aanbevelings is net so uitgevoer ná die aankondiging (vgl. III, Annual Report, 1961-62, p. 2-3). Tagtig

afskrifte van artikels en foto's as agtergrondmateriaal oor die Transkei is na die buitelandse inligtingskantore gestuur. Meer as 9 000 voet rolprentmateriaal is ook dwarsdeur die wêreld hieroor vertoon (III, Annual Report, 1961-62, p. 2-3).

In die Jaarverslag 'n jaar hierná is soos volg verslag gedoen: "In die vorige verslag is die buitengewone stappe om die aankondigings oor selfbestuur aan die Transkei en die Oranjerivierplan bekend te stel, uiteengesit. Die gunstige nawerking van wat hierdie twee groot ondernemings vir die toekoms van Suid-Afrika inhou, gaan nog bestendig voort in die Departement se publisiteitsveldtog.

"Dis opvallend dat, terwyl die aankondiging oor die Transkei destyds nie die verwagte publisiteit in die wêreldpers ontvang het nie, invloedryke en verantwoordelike persorgane die belangrikheid van wat nou gebeur in die Regering se beleid van Bantoe-tuislande, begin insien" (III, Jaarverslag, 1962-63, p. 2).

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling, soos apartheid nou bekend gestaan het, het die Inligtingsdiens in staat gestel om meer positief en aggressief na buite te kan optree. In die volgende tydvakke sou dit 'n belangrike invloed op die benadering van die Inligtingsdiens in die buiteland hê.

## KRITIEK

Die kritiek op die Departement van Inligting het in hierdie tydvak hoofsaaklik gedraai rondom die nuwe binnelandse inligtingsfunksies wat die Departement

bygekry het. Die Opposisie het 'n "reusagtige skema van indoktrinasie en beïnvloeding van die Bantoe" voorsien. Daar is ook beweer dat die Departement die demokratiese proses gaan versteur deur inligting binne Suid-Afrika te versprei. Die Regering het daarteenoor probeer aantoon dat, soos geen sake-onderneming of selfs munisipaliteit sonder 'n skakel-afdeling kan klaarkom wat inligting oor sy werksaamhede aan sy kopers of inwoners gee nie, die Regering in moderne tye ook 'n skakelafdeling in die vorm van die Departement van Inligting moet hê. (Vir 'n volledige uiteensetting van hierdie debat vgl. IV, Mulder, 1975, p. 137-146).

Ander kritiek het gegaan oor watter standpunt die Regering in die buiteland moes stel. "Hoekom stel die Inligtingsdiens nie liewer die Suid-Afrikaanse standpunt in plaas van die Nasionale standpunt nie?" (mnr. R. Badenhorst-Durrant, I, Hansard, 1963, dl. 8, kol. 8840).

Mnr. B.J. van der Walt het sy standpunt soos volg gestel: "Sal die Kennedy-regering se inligtingsdiens in die buiteland die Republikeinse Party se buitelandse beleid verdedig? Seer seker nie! Elke staat se inligtingsdiens verdedig in die buiteland die beleid wat uitgevoer word in opdrag van die volk. Ek dink ons moet helderheid daaroor kry; wat die verskil is tussen die staatsbeleid en regeringsbeleid. Ek dink ons moet erken dat die huidige Regering die reg het om met staatsgeld deur middel van sy Inligtingsdiens die Regering se beleid in die buiteland te verdedig...

"Mnr. Raw: Maar moet hulle propaganda maak vir die Nasionale Party?

"Mnr. Van der Walt: Ag, ons soek nie stemme in die buiteland nie. As ons die Inligtingsdiens sou gebruik om die agb. lid vir Durban-Punt daarvan te oortuig dat die Regering reg is, dan sou ek sê is hulle besig om politiek te bedryf, maar as jy in die buiteland die Regering se beleid gaan verkondig, dan is dit nie om stemme te werf nie, dan is dit nie politiekery nie, dan word net die amptelike beleid van die Regering gestel..." (I, Hansard, 1963, dl. 8, kol. 8836).

Mnr. Durrant het ook gesê: "Ek sê aan die Minister dat hy moet begin om Suid-Afrika en sy bevolking gewild te maak, in teenstelling met die Regering se rassebeleid te verkoop. Ek glo dat net soos hy vind dat hy nie die Nasionale rassebeleid in die buitewêreld kan verkoop nie, so sal hy vind dat hy sukses sal hê met te probeer om Suid-Afrika en sy bevolking aan die buitewêreld te verkoop" (I, Hansard, 1964, dl. 12, kol. 8049).

Mnr. Blaar Coetzee het gesê: "Watter regering ook al in Suid-Afrika aan bewind is, sal jy Suid-Afrika nooit kan verkoop sonder 'n beleid van kleurskeiding van een of ander soort nie. Om te dink dat jy Suid-Afrika kan verkoop net met sy mooi strande, sy berge, sy sonskyn, sy dierelewe, ens., sonder dat jy ook sy unieke ingewikkelde probleem van menslike verhoudings daarmee moet verkoop, is algeheel onrealisties" (I, Hansard, 1965, dl. 15, kol. 7426).

Hierdie kritiek en standpunte sou in die volgende tydvak herhaal word.

GEVOLGTREKKING

Die belangrikheid van hierdie tydvak lê daarin dat die Regering die verspreiding van inligting as so belangrik beskou het dat 'n volwaardige Departement hiervoor tot stand gebring is. Wat al die redes van die Regering vir die doen van so stap was, is moeilik bepaalbaar. Tog kan afgelei word dat die verskerpte aanslag teen Suid-Afrika ná Sharpeville 'n besliste rede moes gewees het. Dit is ook moontlik dat dr. Verwoerd en ander belanghebbendes tydens die Statebondskonferensie in 1961 onder die indruk gekom het van wat presies met positiewe publisiteit in die buiteland bereik kan word. Die gebrek aan koördinasie tussen die staat se verskillende inligtingsdienste asook die steeds groter wordende omvang van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens se werksaamhede het die skepping van 'n Departement van Inligting ook 'n logiese stap gemaak. Daar moet ook aanvaar word dat dr. Verwoerd se gedagte om Engelssprekendes ná Republiekwording in sy kabinet op te neem, ook 'n rol gespeel het.

Dat die skepping van 'n Departement van Inligting die regte stap was, getuig uit die uitbreidings wat die Departement in hierdie tydvak ondergaan het. In 1966, aan die einde van hierdie tydvak, het die Departement 'n personeel van 345 gehad wat uit 255 blankes, 79 Bantoes en 11 Kleurlinge bestaan het (I, Hansard, 1966,

dl. 17, kol. 2293). In 1966 is ook 'n begroting van R3 345 000 vir die Departement goedgekeur (I, Hansard, 1966, dl. 17, kol. 1966).

Die bydrae van hierdie tydvak lê verder nie in die skepping van nuwe funksies en benaderings nie, maar wel in die feit dat die onderskeie inligtingsdienste van die Regering met welslae in een departementele struktuur gekoördineer kon word. As gevolg van die samevoeging van die verskillende inligtingsdienste in een struktuur moes die amptelike funksies van die diens ook opnuut geformuleer word. Hierdie nuwe formulering, soos dit in Goewermentskennisgewing 1142 van 1 Desember 1961 bekendgestel is, sou hierna as die amptelike werkopdrag van die Departement gesien word. Dit is in die volgende tydvakke ook nie weer verander nie. In die praktyk het hierdie nuwe werkopdrag egter ingehou dat die funksies van die verskillende inligtingsdienste wat saamgevoeg is, net so voortgesit is.

Deurdat daar 'n verskuiwing was van die teikengehoor wat die Departement in die buiteland wou bereik, kon die Departement hom nou meer doelgerig toespits op hierdie spesifieke teikengroepe. Dit, saam met die positiewe formulering van afsonderlike ontwikkeling laat dit voorkom asof die taak van die Departement in die buiteland in hierdie tydvak makliker moes gewees het as wat in vorige tydvakke die geval was. Tog is net die teenoorgestelde ondervind en het dit, volgens mnr. Wennie du Plessis en mnr. Meiring, wat albei in die vyftigerjare ook met die aanslag teen

Suid-Afrika te doen gehad het, steeds moeiliker in die buiteland geword (V, Onderhoude, Du Plessis en Meiring, 1977).

Soos "Nazisme" en "Fascisme" in die veertigerjare die skeldwoorde was, was "kommunisme" die skeldwoord in die vyftigerjare. Dit het daartoe gelei dat Suid-Afrika in die vyftigerjare vrugte kon pluk uit sy verbondenheid met die Weste en sy uitgesproke anti-kommunistiese houding. Soos die koue oorlog in die sestigerjare begin afkoel het ná onder andere die Kubaanse missielkrisis, is die woord "kommunisme" deur die woorde "ras" en "kleur" as skeldwoorde vervang. Met die baie nuwe swart state in die V.V.O. het die stryd tussen die Ooste en die Weste ook begin waarin die guns van Afrika as die Derde Wêreld gesoek is. Teen hierdie agtergrond het Suid-Afrika 'n verleentheid vir die Weste begin word (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977).

Aan die ander kant het die meer georganiseerde veldtog teen Suid-Afrika veroorsaak dat positiewe veranderinge soos die aankondiging in Suid-Afrika in 1962 oor die Transkei nie die gewenste resultate in die buiteland gehad het nie. Hoewel hierdie stap deur Suid-Afrika in ooreenstemming was met die hele "uhuru"-beweging in Afrika, was die vooroordeel en negatiwiteit wat oor jare in die buiteland opgebou is, reeds so stewig gevestig dat die veranderinge in die Suid-Afrikaanse beleid nie volgens meriete beoordeel kon word nie. Anti-Suid-Afrikaanse organisasies wat bedrywighede teen Suid-Afrika as hul be-

staansdoel gehad het, het ook uit hul pad gegaan om enige verandering in Suid-Afrika onmiddellik te verduidelik as slegs 'n gekamoefleerde voortsetting van die "Nazistiese" beleid van apartheid (vgl. IV, Ainslie & Robinson, 1963).

Waar die Departement van Inligting in hierdie tydvak net homself gevestig het en nie soseer nuwe funksies en projekte aangepak het nie, sou die meer georganiseerde aanslag teen Suid-Afrika in volgende tydvakke die Departement dwing om nuwe funksies op die proef te stel en 'n meer professionele benadering te volg.

# HOOFSTUK 9

## 1966-1971. AANPASSINGS EN VERANDERINGE

Op 5 April 1966 is sen. Jan de Klerk in die plek van min. F.W. Waring as Minister van Inligting aangestel (III, Jaarverslag, 1968-69, p. 2). Mnr. B.G. Fourie, die Sekretaris van die Departement, is op 1 Julie 1966 na die Departement van Buitelandse Sake oorgeplaas. Mnr. F.G. Barrie is in sy plek aangestel (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 2). Die Opposisie het geen geleentheid verby laat gaan om min. Waring te kritiseer nie. Dit was waarskynlik omdat hy Engelssprekend was en voorheen aan die Opposisie verbonde was. Nadat min. Jan de Klerk Minister van Inligting geword het, het mnr. E.G. Malan gesê:

"Baie min mense sal natuurlik vra waarom die vorige Minister van Inligting vervang is. Ons ken hom as ŉ skitterende Springbok van sy tyd. Hy kon altyd ŉ gaping neem, en dit is geen wonder dat hy, toe hy sy Departement verlaat het, geen gaping nagelaat het nie" (I, Hansard, 1966, dl. 17, kol. 2004).

Min. De Klerk het gesê: "Ek wil in die eerste plek hulde bring en dank betuig aan my voorganger, Minister Waring, wat hierdie Departement uit die grond uit opgebou het en wat ŉ moeilike taak gehad het, met ŉ hele klomp mense wat geen ondervinding gehad het nie en aan wie hy koers en rigting moes gee om hierdie uiters moeilike taak te verrig. Ek wil ook onmiddellik hulde bring aan twee vorige Sekretarisse,

mnr. Wennie du Plessis, en mnr. Brandt Fourie, wat hom bygestaan het in die opbou van hierdie Departement. Ek wil ook die verwagting uitpreek, en ek weet ek spreek nie 'n ydele verwagting uit nie, dat die huidige Sekretaris, mnr. Barrie, sy werk net so goed sal doen" (I, Hansard, 1966, dl. 17, kol. 2014).

REORGANISASIE VAN DIE DEPARTEMENT

In sy eerste Jaarverslag as Sekretaris van die Departement van Inligting het mnr. Barrie na veranderde wêreldgebeure en ontwikkelinge in Suid-Afrika verwys. "Dit het inderdaad 'n nuwe fase van die Departement se werksaamhede tot gevolg gehad. Die terrein wat gedek moet word, moes verbreed word. In die buiteland moes aktiwiteite verskerp word, en aan hoofkantoor moes die grondliggende struktuur van die Departement dermate gereorganiseer word dat dit slaggereed kan wees vir die groter stroom giftige propaganda" (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 3).

Afgesien van die gebruiklike Administratiewe en Finansiële Afdelings was daar in 1961 met die totstandkoming van die Departement ook 'n Afdeling Publisiteit en 'n Afdeling Skakeldienste (III, Jaarverslag, 1961-62, p. 3). As gevolg van die reorganisasie van die Departement in hierdie tydvak het die Departement nou uit vier afdelings bestaan, nl. 'n Afdeling Binneland, 'n Afdeling Buiteland, 'n Afdeling Oudiovisuele Dienste en Publikasies en die Administratiewe en Finansiële Afdeling. Dit was die eerste keer dat die Departement in sy struktuur so

'n duidelike onderskeid gemaak het tussen sy Binnelandse en Buitelandse werksaamhede (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 5).

Die Afdeling Buiteland het die Departement se 19 buitelandse kantore gekoördineer, terwyl die Afdeling Binneland uit vier onderafdelings bestaan het. Die onderafdelings was Blanke-, Kleurling-, Indiër- en Bantoeskakel. Onder die Afdeling Oudiovisuele Dienste en Publikasies was daar sewe seksies wat elk 'n aspek van die Afdeling se werksaamhede gehanteer het. Die Seksies was Rolprente en Televisie, Radio, Kleurskyfies, Tentoonstellings, Kultuur, Fotografiese en Kunsversorging. Die onderafdeling Inligtingsbron en -verwerking het ook onder die Afdeling Oudiovisuele Dienste en Publikasies geval (III, Jaarverslag, 1969-71, p. 4).

'n Verdere reorganisasie van die Departement het plaasgevind nadat dr. C.P. Mulder in hierdie tydvak die derde Minister van Inligting geword het.

## DR. C.P. MULDER

Ná ongeveer twee jaar as Minister van Inligting is sen. De Klerk op 13 Augustus 1968 deur dr. C.P. Mulder as Minister van Inligting opgevolg. Dr. Mulder sou die Minister van Inligting bly tot aan die einde van die tydperk wat deur hierdie ondersoek behandel word. Van al die Ministers wat sedert 1938 vir die Inligtingsdiens verantwoordelik was, sou dr. Mulder die langste hierdie verantwoordelikheid dra. Dit het hom in staat gestel om 'n belangrike

rol te speel in die ontwikkeling en verandering van die Inligtingsdiens in veral die sewentigerjare. Dit is egter moeilik om sy invloed nou reeds in perspektief te plaas en te beoordeel, aangesien die sewentigerjare 'n onlangse tydperk dek.

Dr. Mulder, wat in 1925 gebore is, is in 1958 tot die Volksraad verkies. Hy was voor sy benoeming as Minister onder andere Hoofinligtingsbeampte van die Nasionale Party (vgl. III, Volkswelsyn en Pensioene, Des. 1968, p. 3).

'n Belangrike verandering wat met dr. Mulder se aanstelling aangebring is, was dat die Departement van Inligting nie langer as 'n Departement wat net by die Minister se ander portefeuljes bygevoeg is, gesien is nie. "Meneer die Voorsitter...ek (wil) graag die Minister, wat vanjaar vir die eerste maal as Minister by hierdie bespreking optree, gelukwens dat hy hierdie baie belangrike portefeulje beklee, en dat hierdie portefeulje ook nou verhef is tot die eerste in rang van dié wat hy beklee. Dit is 'n betuiging van die belangrikheid van hierdie Departement in die Regering se oë" (mnr. Jaap Marais, I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7639).

Dr. Mulder is aangestel as Minister van Inligting, van Volkswelsyn en Pensioene en van Immigrasie. Hierdie meer belangrike posisie wat die Departement van Inligting skaars sewe jaar ná dit as 'n Departement tot stand gekom het, toegeken is, kan moontlik toegeskryf word aan die Eerste Minister, adv. B.J. Vorster, se aankondiging in 1966 in Durban dat die

Regering 'n omvattende inligtingsveldtog sou onderneem.

Die Transvaler het op 15 November 1966 soos volg hieroor verslag gedoen: "'n Omvattende inligtingsveldtog gaan by die regerings van die wêreld en wêreldorganisasies soos die V.V.O. gevoer word oor presies wat Suid-Afrika vir die nie-blankes beoog en wat hy reeds tot stand gebring het.

"Hierdie aankondiging is gisteraand hier deur die Eerste Minister, mnr. Vorster, gedoen...

"Ons het te veel ons lig onder die maatemmer verberg. Suid-Afrika het niks om weg te steek nie. Dit tref 'n mens hoeveel onkunde by die leiers van state bestaan. Ons wil in die maande wat voorlê, die onkunde uit die weg ruim" (III, Die Transvaler, 15 November 1966, p.1).

Hierdie aankondiging is uit verskeie oorde verwelkom (vgl. I, Hansard, 1967, dl. 20, kol. 4667). Die Regering se positiewe houding teenoor die Departement in hierdie en die volgende tydvak kan waarskynlik aan hierdie aankondiging toegeskryf word.

BEGROTING, PERSONEEL EN KRITIEK DAAROP

Aan die begin van hierdie tydvak, in 1966, was die begroting van die Departement van Inligting R3 185 000 (I, Hansard, 1966, dl. 15, kol. 7395). Oor 'n tydperk van ses jaar is hierdie bedrag verdubbel tot R6 700 000 in 1971 (I, Hansard, 1971, dl. 33, kol. 5320).

Mnr. C.J. Reinecke het in 1967 oor die begroting in

daardie jaar van R3 524 000 (I, Hansard, 1967, dl. 20, kol. 4664) gesê: "'n Karige R3.5 miljoen per jaar is nie eers soveel as wat die S.A. Weermag aan olie, ghries en brandstof in 'n jaar volgens die jongste begroting spandeer nie. Dit is nie eers soveel as die Departement van Landbou-tegniese Dienste per jaar aan grondbewaring alleen spandeer nie. Dit is nie eers soveel soos die R25 miljoen per jaar wat die Suid-Afrikaanse handel aan advertensies spandeer nie, en dit is nie eers 'n gedeelte van Anglo-American Corporation se winste in hierdie land nie. Met R3.5 miljoen moet die Regering die Suid-Afrikaanse beeld in die buiteland stel" (I, Hansard, 1967, dl. 20, kol. 4673).

Die Minister van Inligting, dr. Mulder, het in 1969 gesê: "Terwyl persentasiestygings in die huidige Begroting oor die algemeen ongeveer 9 persent is, is die verhoging onder hierdie spesifieke Pos 17 persent. Dit dui duidelik aan hoe ernstig die Regering hierdie saak beskou" (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7669).

Die Departement se personeel is in hierdie tydvak uitgebrei van 386 in 1966 (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 6) tot 468 in 1971 (III, Jaarverslag, 1971-72, p. 4). Die Opposisie het in die Volksraad kritiek gehad op die groot aantal personeellede wat binne Suid-Afrika werksaam was (mnr. E.G. Malan, I, Hansard, 1970, dl. 28, kol. 416). Min. Mulder het hierop geantwoord: "Hy het van die geringe aantal beamptes in die buiteland gepraat en verwys na die 392

wat vir, soos hy dit genoem het, binnelandse breinspoeling gebruik word. Dit is so dat die Departement van Inligting net 53 beamptes op sy diensstaat in die buiteland het, maar wat die agb. lid egter nie besef nie, is dat 'n aansienlike aantal personeel in die buiteland aangestel word om die departement se beamptes by te staan. Hulle staan die departement by as tiksters, klerke en bodes en word nie in hierdie departement se begroting aangedui nie, maar in die begroting van die Departement van Buitelandse Sake omdat hulle toegevoegde personeel is tot ons departement..." (I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4934). Baie van die personeellede binne Suid-Afrika is ook gebruik om materiaal vir die buitelandse kantore voor te berei (IV, Mulder, 1975, p. 163).

Mnr. Malan het ook kritiek op die personeellede self gehad: "...maar laat die oortuigingswerk self oor aan die opgeleide diplomate en nie aan persone wat as joernaliste opgelei is in die persgalery van die Provinsiale Raad van die Vrystaat, Natal of Kaapland nie" (I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4833).

Min. Mulder het soos volg hierop gereageer: "Nou wil ek net vir die agb. lid sê wat die kwalifikasies van die mense in my departement oorsee is. In ons departement is daar drie beamptes... met doktorsgrade wat in die buiteland is, twee met meestersgrade, vier met honneursgrade, terwyl al die ander ten minste in besit is van 'n Baccalaureusgraad. Dit is die kwaliteit mense wat ons daar het. Ek weet nie hoe-

kom agb. lede sê en hoekom hulle refleksies gooi nie - ek sal nogal graag wil sien hoe die pers reageer - waar hulle sê dat die mense joernaliste is; asof die joernaliste wat in die persgalery sit, minderwaardig is" (I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4936).

AFDELING PERSSKAKEL

Soos reeds aangetoon, het die Departement ná die reorganisasie in 1966 uit drie ander afdelings naas die Administratiewe Afdeling bestaan. Op 19 Oktober 1970 is die Afdeling Persskakel as 'n vierde afdeling bygevoeg (III, Jaarverslag, 1969-71, p. 4). Die Minister van Inligting, dr. Mulder, het op 22 September 1970 in die Volksraad 'n verklaring hieroor gedoen. Volgens die verklaring sou die Minister 'n persskakelbeampte en 'n assistent-persskakelbeampte aanstel vir beter skakeling tussen die Regering en die pers. Daar sou ook ongeveer twee perskonferensies 'n jaar vir die Eerste Minister gereël word waar senior redaksielede van die verskillende koerante asook die geakkrediteerde lede van die buitelandse perskorps teenwoordig sou wees (I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4823-4825). "Dit gaan oor die maklike beskikbaarstelling van inligting en 'n nouer skakeling tussen die Regering en die nuusmedia van ons land, binnelands sowel as buitelands" (dr. C.P. Mulder, I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4823).

Koerante soos onder andere The Star, Sunday Times en Cape Argus het hierdie aankondigings in hul hoofartikels verwelkom (aangehaal in I, Hansard, 1971,

dl. 33, kol. 5367-5368).

Reeds in Maart en November 1971 het hierdie nuwe afdeling twee perskonferensies vir die Eerste Minister gereël. "Ongeveer een honderd redakteurs van alle dele van Suid-Afrika, senior politieke joernaliste, Parlementêre Persgalry-korrespondente en verteenwoordigers van buitelandse nuusmedia wat by die Departement geakkrediteer is, was by albei van die konferensies teenwoordig.

"Die Eerste Minister het 'n groot verskeidenheid vrae oor nasionale en internasionale aangeleenthede beantwoord en sy beskouinge het sowel hier as in die buiteland omvattende publisiteit gekry. Woordelikse transkripsies van die verrigtinge is binne 'n uur voorsien.

"Televisie-opnames van sommige van die vrae wat deur plaaslike en buitelandse spanne verslaggewers gestel is en die antwoorde daarop, het onmiddellik na afloop van elke konferensie plaasgevind. Nuusitems het as gevolg daarvan op televisieskerms in Noord-Amerika en Brittanje, op die vasteland van Europa en elders verskyn" (III, Jaarverslag, 1971-72, p. 24-25).

Deur hierdie Eerste Ministersperskonferensies was die Departement in staat om verdraaiings en wanindrukke oor Suid-Afrika in die buiteland reg te stel by monde van die Eerste Minister self. Dit was 'n doeltreffender, vinniger en meer geloofbare metode as wat 'n onpersoonlike amptelike publikasie ooit in

die buiteland kon wees. Ná die Eerste Minister se perskonferensie het ook die Opposisiepers sy optrede geloof (vgl. I, Hansard, 1971, dl. 33, kol. 5372).

SUIDWES-AFRIKA

Die verhouding tussen Suid-Afrika en die V.V.O. is in 1966 op die spits gedryf met die sitting van die wêreldhof oor die Suidwes-kwessie (vgl. III, Barratt, 1973, p. 12).

Min. Jan de Klerk het as Minister van Inligting aan die begin van hierdie tydvak gesê: "Ek kan agb. lede terloops daarop wys dat publisiteit aan die saak wat Suid-Afrika voor die Internasionele Geregshof gestel het, uit die aard van die saak een van die prioriteitsprojekte van my departement was" (I, Hansard, 1966, dl. 17, kol. 2016).

So was die Departement verantwoordelik vir die voorbereiding van die manuskrip, en die uitgee en verspreiding van 'n boek Ethiopia and Liberia vs. South Africa (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 12). In 1967 het mnr. Japie Basson in die Volksraad gesê:

"Daar het net twee publikasies van die Departement onder ons aandag gekom. Die belangrikste is die boek oor die hofsaak in verband met Suidwes-Afrika; ek verwys na die publikasie 'Ethiopia and Liberia vs. South Africa'. Ek dink dit sal onbillik wees as ons aan hierdie kant nie ons hoë tevredenheid met hierdie werk van die Departement uitspreek nie. Die gedagte om so 'n werk te publiseer is uitstekend en die uitvoering daarvan is ook puik" (I, Hansard,

1967, dl. 20, kol. 4664).

Die Suid-Afrikaanse Regering het ook verskeie buitelanders gebruik om as getuies namens Suid-Afrika in die hofsaak op te tree (vgl. IV, Bruwer, 1966, p. 143). Onder hierdie buitelanders was vier Amerikaners (III, Africa Report, 1966, p. 45).

Die gunstige uitspraak van die wêreldhof is deur die Departement van Inligting aangewend om Suid-Afrika se beeld in die buiteland te verbeter. Twee advertensies in die vorm van geïllustreerde artikels onder die opskrifte "Justice speaks on Southwest Africa" en "Chaos or Civilization" is opgestel en in vyftien verskillende publikasies in Brittanje geplaas. Die advertensies is ook in die Engelse, Nederlandse, Belgiese, Switserse en Italiaanse uitgawes van Readers Digest geplaas (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 12).

Dr. J.H. Moolman, lid van die Opposisie, het in die Volksraad hieroor gesê: "Ek dink dat, as daar ooit 'n advertensie was wat die naam van die land goed gedoen het,... wat in baie tale gelees word, wat objektief en onbevooroordeeld die hof se uitspraak behandel het, wat nie gekeur is met een of ander politieke motief of iets van die aard nie, dan was dit hierdie advertensie" (I, Hansard, 1967, dl. 20, kol. 4688).

ADVERTENSIEVELDTOGTE

Die Departement van Inligting het in hierdie tydvak tot groter hoogte van advertensies gebruik gemaak as wat ooit tevore die geval was (vgl. Jaarverslag,

1966-68, p. 11 en Jaarverslag, 1969-71, p. 12). So is daar in 1969 in 23 tydskrifte in nege lande deur die Departement advertensies geplaas. Dit het die Departement van Inligting R49 440 gekos (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7674). In 1971 is hierdie syfer verder verhoog deurdat die Departement advertensies in 50 tydskrifte in agt lande geplaas het. Dit het die Departement R73 602 gekos (vir 'n volledige uiteensetting vgl. I, Hansard, 1972, dl. 40, kol. 1128-1131).

Die benadering wat in hierdie advertensies gevolg is, was ook meer aggressief en uitdagend. Die Daily Mail het hieroor geskryf: "The South African Information Service has launched what officials admit is a provocative new propaganda campaign to improve South Africa's image in America. The only text to the advertisement reads 'Cool the argument with facts, we are willing to assist'" (aangehaal <u>in</u> I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4921).

Van die opskrifte wat vir sekere advertensies gebruik is, het gelui: "Thant - South Africa ignores United Nations; Press freedom flourishing in South Africa; South Africa aid boosts Malawi; South Africa is only a country that gives more than it gets" ens. Mnr. L.E.S. de Villiers, die inligtingsbeampte in New York, het van hierdie advertensies gesê: ",.. the idea behind the advertisements was to tell a story provocative enough for Americans to ask us for information" (aangehaal <u>in</u> I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4921).

UITBREIDING IN DIE BUITELAND

In hierdie tydvak is die Departement se kantore in die buiteland met vier vermeerder. In 1969 is nuwe kantore in Wenen, Buenos Aires en Genéve geopen (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7670). Die kantoor in Wenen, Oostenryk, is gestig ná sen. De Klerk as Minister van Inligting in 1967 ꞌn buitelandse reis onderneem en dit aanbeveel het (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 7).

"Die kantoor in Genéve is geopen omdat dit die internasionale stad is waar daar so baie internasionale kongresse plaasvind...

"Ons het spesifiek ꞌn kantoor geopen in Suid-Amerika omdat ons nog nie vantevore in daardie gebied verteenwoordiging gehad het nie. Dit is ook die spesifieke beleid van die Regering om nouer kontak met daardie kontinent te soek. Dit word ook bewys deur ons lugdiensskakels met daardie deel van die wêreld" (min. Mulder, I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7670).

Die Inligtingsdiens het net ná 1948 wel ꞌn inligtingskantoor in Suid-Amerika gehad, maar dit is ná ꞌn tydperk gesluit ten gunste van ꞌn kantoor in Switserland. Suid-Amerika is toe as belangrik gereken omdat die Suid-Amerikaanse state soveel stemme in die V.V.O. gehad het (vgl. Hfst. 6).

In Februarie 1970 is ook ꞌn nuwe kantoor in Wellington, Nieu-Seeland, geopen. Die rugbytoetswedstryde wat daardie jaar tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland gespeel is, het wye belangstelling uitgelok en die

nuwe kantoor is toegegooi met navrae oor Suid-Afrika (III, Jaarverslag, 1969-71, p. 32-33). Dit is selfs moontlik dat dit een van die redes vir die opening van hierdie spesifieke kantoor kon wees.

Die nuwe inligtingskantore in die buiteland het die Departement van Inligting en onregstreeks ook die Regering se nuwe prioriteitsgebiede aangetoon. Cockram het in 1971 geskryf:

"Meanwhile South Africa can and is preparing psychologically for closer co-operation with her neighbours across the South Atlantic - Brazil and Argentina - and across the Southern Indian Ocean - the Malagasy Republic and Australia - as opportunity offers" (III, Cockram, 1971, p. 38).

Van Tonder het in hierdie ontwikkelinge 'n parallel gesien met wat in die noordelike halfrond gebeur het. "Nuwe vriende moet gesoek word en dit word gedoen op dieselfde patroon as wat in die noordelike halfrond op die gebied van streekverdediging die geval was. Suid-Afrika soek sy bondgenote in die Suidelike halfrond - Australië, Nieu-Seeland aan die een kant en Brasilië en Argentinië aan die ander kant.

Die patroon wat die stategemeenskap van ons tyd kenmerk, is dus nou ook besig om in ons wêrelddeel deur te werk..." (III, Van Tonder, 1969, p. 19).

Of bogenoemde ook die oorwegings van die Departement van Inligting was met die uitbreiding van sy buitelandse inligtingskantore, kon nie bepaal word nie, hoewel dit as waarskynlik beskou word.

TEIKENGROEPE OORSEE

Die beleid wat die Departement in die vorige tydvak ten opsigte van teikengroepe in die buiteland gevolg het, is in hierdie tydvak voortgesit en uitgebrei. Min. Mulder het op kritiek in die Volksraad soos volg geantwoord:

"Hy het gesê ons moet op 'n paar mense konsentreer omdat ons nie die massa kan bereik nie. Ek wil dadelik vir die agb. lid sê dat dit presies is wat ons doen. As die agb. lid net die verslag van die departement gelees het, sou hy gesien het dat daar baie duidelik gesê word dat ons uit die aard van die saak nie die miljoene kan bereik nie, dat dit onmoontlik is, te duur en ook heeltemal buite die kwessie is. Daarom konsentreer ons op die oomblik op 'n klompie uitgesoekte persone in elke land" (I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4911).

Hierdie benadering in die buiteland is ook verder verfyn. "Daar is seker 'n twintig- of dertigtal kategorieë van invloedryke persone aan wie ons hierdie publikasies stuur. Basies is dit die mense wat die openbare mening vorm of kan beïnvloed aan wie hulle gaan... Hierdie mense is politieke leiers, hulle is regeringsamptenare, sakelui, akademici, kultuurleiers, skrywers, koerantredakteurs, rubriekskrywers, vooraanstaande persone in die perswese, die radiowese en die beeldradiowese" (Min. Jan de Klerk, I, Hansard, 1968, dl. 23, kol. 4389).

Min. Mulder het die verskillende groepe wat oorsee

bereik moet word, in volgorde van belangrikheid gerangskik. Daarvolgens het hy die jeug as die leiers van môre as die belangrikste beskou. In die tweede plek het hy die mense wat die kommunikasiemedia beheer, genoem en derdens almal wat te doen het met die vorming van landsbeleid in ander lande. Dit het die akademici, nyweraars en politici ingesluit (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7672).

Holsti het in sy boek oor die internasionale politiek geskryf: "...propaganda is likely to be effective among youths and apathetic people. Youths are more vulnerable to suggestion and persuasion, because they are the least likely to hold rigid beliefs or attitudes" (IV, Holsti, 1974, p. 218).

Dr. Egges Mulder het in sy proefskrif oor die probleme wat state se inligtingsdienste ondervind om die besluitnemers in ander lande te bereik, die volgende bevind:

"Aangesien dit vir kleiner state nie altyd moontlik is om die beslissingsnemers in ander lande deur die normale diplomatieke kanale te bereik of te beïnvloed nie, word inligting aan koerante, belangegroepe, meningsleiers en selfs indiwidue oorgedra waarvan daar aangeneem word dat hulle as inligtingsbronne vir die beslissingsnemers fungeer. Inligting word met ander woorde versprei, in die hoop en aanname dat dit op een of ander stadium die pad na die beslissingsnemers sal vind en dan een of ander uitwerking en invloed sal uitoefen" (aangehaal <u>in</u> II, Rhoodie, 1973, p. 5).

Hierdie metode is ook soms deur die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting gevolg as gekyk word na die tipe publikasies waarin advertensies van die Departement in hierdie tydvak geplaas is. Dit het publikasies soos "Medical News"; "The Law Guardian"; "The Director"; ens. (vgl. III, Jaarverslag, 1966-68, p. 12).

GASTEPROGRAM

Die gasteprogram van die Departement is in hierdie tydvak voortgesit en uitgebrei. Dit is deur die Departement as een van sy mees geslaagde werksaamhede gereken (vgl. I, Hansard, 1971, dl. 33, kol. 5376).

Hoe belangrik die Departement hierdie aspek van sy werksaamhede beskou het, blyk uit die feit dat die aantal gaste wat deur die Departement in 1968 na Suid-Afrika gebring is, twee keer soveel was as die aantal in 1967 (III, Jaarverslag, 1968-69, p. 29). In 1971 het die Minister van Inligting in die Volksraad gesê:

"Ons het 167 gaste hier gehad uit oor die 20 lande en daar is ook hulp verleen op een of ander wyse deur die Departement aan 533 besoekers. In die geval van al hierdie mense het ons myns insiens 99,9 persent sukses gehad, nie in die sin dat hierdie mense teruggegaan het en skielik pro-Suid-Afrika geword het nie, maar in dié sin dat hulle teruggegaan het na hulle lande toe met die besef dat die probleme van Suid-Afrika baie meer ingewikkeld is as wat hulle ooit gedink het. Hulle het in die tweede

plek besef dat die mense in Suid-Afrika openlik en baie reguit besig is om moeilike vraagstukke op te los na hulle beste vermoë met die insig wat hulle het..." (I, Hansard, 1971, dl. 33, kol. 5375).

Kritiek van Suid-Afrikaanse toeriste in die buiteland teen die Departement se werk is in hierdie tydvak voortgesit. Min. Mulder het soos volg gereageer: "Ons gewone reisiger wat oorsee reis, sê dat hy verstom is, wanneer hy bemerk dat die mense oorsee niks van Suid-Afrika weet nie. Hy is verbaas dat ons inligtingsdiens niks doen nie. Maar hoe moet die massas bereik word? Watter koste is daar nie aan verbonde nie!...

"Ek wil daardie vraag by wyse van ꞌn teenvraag beantwoord. Wat weet die gewone Jan Burger in die straat in Suid-Afrika van Sjina of Japan of van watter land ook al? As ꞌn persoon nie spesifiek belangstel in so ꞌn land, weet hy niks daarvan af nie" (I, Hansard, 1971, dl. 33, kol. 5381 en 5380).

Die teikengroepe wat die Departement vir homself in die buiteland gestel het, is ook in sy gasteprogram toegepas. "Waar daar tot enkele jare gelede gekonsentreer is op koerantredakteurs, joernaliste en skrywers, word gaste nou onder meer gekies uit die geledere van akademici, geestelikes, politici, sakemanne, wetenskaplikes en medici" (III, Jaarverslag, 1968-69, p. 6).

Die Jaarverslag het in 1971 een van die doelwitte van die gasteprogram soos volg gestel: "Die Depar-

tement is besig om in die buiteland 'n kern te skep van invloedryke manne en vroue wat, hoewel hulle nie noodwendig Suid-Afrika se standpunt onderskryf nie, in staat sal wees om geleidelik 'n meer besadigde en gebalanseerde oordeel en kritiek van sekere aspekte van Regeringsbeleid in Suid-Afrika in te voer" (III, Jaarverslag, 1971 72, p. 4).

Deur mense uit die buiteland te bring om eerstehands inligting oor die land in te samel, moet steeds as een van die belangrikste metodes wat inligtingsdienste kan aanwend, gesien word. Soos reeds aangetoon, hanteer die Duitse regering 4 000 gaste per jaar, terwyl die Amerikaners verskeie uitruilskemas en gasteprogramme het (vgl. Hfst. 2).

PUBLIKASIES

Die oplaag van die meeste van die Departement van Inligting se publikasies het in hierdie tyd vermeerder, terwyl enkele nuwe publikasies uitgegee is (vgl. III, Jaarverslag, 1971-72, p. 19).

Die aantal tale waarin S.A. Panorama verskyn het, is in hierdie tydvak tot ses vermeerder. Waar Panorama aanvanklik in Afrikaans, Engels, Duits en Frans verskyn het, het dit nou ook in Spaans en Nederlands verskyn. Die Spaanse uitgawe was op die groot Spaanssprekende wêreld en veral Suid-Amerika, wat nou belangrik geword het, gemik (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7672)

S.A. Quiz, wat een van die Departement se oudste publikasies was, is aan die begin van hierdie tydvak

ook in Afrikaans uitgegee as "Feitedis oor Suid-Afrika" (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 10). In hierdie tydvak is S.A. Quiz verder ook vir die eerste keer in Italiaans en Deens uitgegee om die aantal tale waarin die publikasie verskyn het, op tien te staan te bring (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7672).

Die Departement was in hierdie tydvak, wat sy publikasies betref, tot groter hoogte ingestel op die verskil in idioom en benadering wat tussen volke bestaan. Min. Mulder: "Die argument is ook gestel dat ŉ idee nie vertaal en so oorgedra kan word nie. Daarmee stem ek honderd persent saam... Elke volk het sy eie manier en benadering wat ŉ mens in aanmerking moet neem. Daarom is dit nie so dat ons hier ŉ pamflet opstel en dit dan net laat vertaal in al die tale en aan almal beskikbaar stel nie. Ons stuur hiervandaan die basiese feite na ons inligtingskantore in elke land. Elke inligtingskantoor stel in daardie land ŉ pamflet op, op grond van daardie basiese inligting in die taal van die land en die idioom wat verstaan word in daardie land waar hulle werk. Die word dan uitgestuur en daar versprei" (I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4926).

"Dit is interessant om daarop te let dat hierdie publikasie uitgegee word nie in Engels alleen nie, maar ook in Amerikaans, want ons onderskei in ons publikasies tussen Amerikaans en Engels. In ŉ sekere sin beskou ons die twee tale as aparte tale" (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7672).

In 1967 het mnr. Japie Basson die volgende kritiek op 'n publikasie van die Departement gehad: "Die enigste kritiek wat ek kan aanbied in verband met hierdie publikasie 'Ethiopa and Liberia vs. South Africa' is dat dit prominent op die titelbladsy beskryf word as 'Published by the Department of Information, Pretoria, South Africa'. 'n Mens kan nie beswaar daarteen hê dat die werk amptelik onderneem is nie, maar ek dink dat die agb. Minister sal saamstem - dat die meeste mense bevooroordeeld is teen iets wat die stempel van die Staat dra... Ek is eerlik van mening dat hierdie publikasie byvoorbeeld baie meer doeltreffend sou gewees het in die boodskap wat hy bring as sy titelbladsy, in plaas van 'Official Account' liewer gelees het 'Factual Account Published by' (om maar net 'n naam te noem) 'African Report Publishing House' of iets van die aard, wat vir die leser in die buiteland dan nie die stempel van Regeringspropaganda dra nie" (I, Hansard, 1967, dl. 20, kol. 4665-4666).

Dit wil voorkom asof die Departement in hierdie tydvak hierdie raad van die Opposisie met sekere geleentheidspublikasies gevolg het. In 1970 het Min. Mulder gesê: "Ek wil ook vir die agb. lid baie dankie sê vir sy kompliment oor die uitgawe La Revue Francaise waaruit hy aangehaal het. Ek kan vir die agb. lid se inligting miskien net sê, wat betref die blad wat hy hoog aangeprys het as 'n uitstekende een en na sekere artikels daarin verwys het, dat die Departement van Inligting toevallig die verantwoor-

delike instansie is wat die inisiatief geneem het met die verskyning daarvan. Ons is self baie trots op daardie blad wat hy aangehaal het as 'n goeie bewys van ons werk" (I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4926).

In hierdie tydvak het 'n Mexikaanse publikasie "Auge" 'n spesiale uitgawe oor Suid-Afrika gepubliseer. Die publikasie is as die Mexikaanse Life bestempel (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7637). Watter aandeel die Departement van Inligting hierin gehad het, kan nie vasgestel word nie. Wat wel bekend is, is dat die Departement van Inligting die Mexikaanse uitgewers behulpsaam was met die teks en hulle aan Suid-Afrikaanse adverteerders voorgestel het, waardeur die onkoste van die blad gedra kon word. Die eerste eksemplaar is ook aan die Minister van Inligting oorhandig. 'n Sekere aantal eksemplare van die Auge is deur die Departement gekoop vir verspreiding in die buiteland (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

Hierdie metodes, wat as minder ortodoks beskryf kan word, word deur die meeste lande in hul inligtingspogings gebruik (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977). Buitelandse omstandighede sou die Departement dwing om in veral die volgende tydvak steeds meer van sulke metodes gebruik te maak.

## VERHOUDING MET BUITELANDSE SAKE EN S.A. STIGTING

In hierdie tydvak het die Opposisie beweer dat die verhouding tussen die Departement van Inligting en

die Departement van Buitelandse Sake nie goed was nie. As oplossing het mnr. E.G. Malan voorgestel dat die Departement van Inligting weer by die Departement van Buitelandse Sake ingeskakel word. "Hierdie departement het al verder en verder take oorgeneem wat op 'n goeie wyse in die verlede gedoen is deur die Departement van Buitelandse Sake. Dit het 'n nuwe diplomasie in Suid-Afrika geskep wat baie keer teenstrydig was met die goeie en verstandige diplomasie van ons Departement van Buitelandse Sake".

Min. Mulder het as antwoord hierop aangehaal uit 'n verslag van sen. De Klerk wat opgestel is ná hy die verskillende kantore in die buiteland besoek het. "Oral het ek die vraag aan Hoofde van Missie gestel of die beamptes van die Departement werklik in 'n behoefte voorsien. Sonder aarseling was die antwoord dat 'n inligtingskantoor 'n onontbeerlike toevoeging is waarsonder die missie moeilik sy taak sal kan verrig. Dat inligtingskantore hul identiteit moet behou en nie deel van buitelandse sake moet word nie, is die algemene opinie. As rede word aangevoer dat die inligtingsbeampte op 'n ander terrein beweeg as die diplomaat en ook op 'n wyse kan optree wat vir die diplomaat nie toelaatbaar is nie. Wat egter steeds beklemtoon is, is dat daar die nouste samewerking en oorlegpleging tussen die beamptes van onderskeidelik die Buitelandse sake en Inligting moet wees. My bevinding was dan ook dat hierdie samewerking wel daar is" (aangehaal <u>in</u> I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4937).

Mnr. Japie Basson wou in 1967 weet wat die verhouding tussen die Departement van Inligting en die S.A. Stigting was omdat daar volgens hom heelwat oorvleueling plaasgevind het (I, Hansard, 1967, dl. 20, kol. 4670).

Min. De Klerk het geantwoord: "Ek kan die agb. lid verseker dat daar gereelde oorlegpleging plaasvind en ek waardeer die werk wat die Stigting doen. Die hulp van privaatinisiatief is uiters belangrik in die uitvoering van ons groot taak. Hier is ŉ beroep gemaak op elke oorsese toeris dat ons almal moet help, en indien daar oorvleueling is, is dit tot geringe mate en ons moet daarvoor sorg dat die Stigting sy status as ŉ onafhanklike liggaam behou" (I, Hansard, 1967, dl. 20, kol. 4694).

HARTOORPLANTING

Prof. Chris Barnard se hartoorplanting in 1967 was ŉ belangrike gebeurtenis sover dit Suid-Afrika se beeld in die buiteland betref het. Die Jaarverslag het in 1968 soos volg hieroor verslag gedoen:

"Die Departement van Inligting het as skakel opgetree om perskonferensies en onderhoude asook televisie-opnames te reël.

"Die wêreldwye belangstelling was natuurlik in die eerste instansie op prof. Chris Barnard en sy span toegespits, maar daarby ook op Suid-Afrika as land, wat sulke kaliber persone oplewer.

"Die Departement se oorsese inligtingskantore het ŉ

belangrike rol gespeel om hierdie roemryke prestasie wat tot soveel gunstige publisiteit vir Suid-Afrika gelei het, onder die wêreld se aandag te bring" (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 47).

So is byvoorbeeld 'n kort film van drie minute lank wat deur die inligtingskantoor in New York voorberei is oor die Waskansky-geval, met groot welslae oor die Amerikaanse televisie vertoon. Volgens 'n konserwatiewe berekening is dit deur meer as 70 miljoen televisiestelle opgevang.

Mnr. Japie Basson het in die Volksraad gesê: "Ek vind dat daar die ongelukkige idee bestaan by sommige buitelandse mense, en ek wil nie name noem nie, dat prof. Barnard deur die Departement van Inligting ingespan word en as 'n inligtingsinstrument gebruik word. My indruk was nog altyd dat hy onafhanklik optree. Ek voel oortuig dat dit die beste is dat dit so moet bly...

"Dit het geblyk dat prof. Barnard as 'n Suid-Afrikaner deur die prestasie wat hy behaal het, geweldig gewild in die buiteland is en dat hy daar op die hande gedra word. As 'n mens kyk watter ontvangs hy in Italië en Suid-Amerika gekry het..." (I, Hansard, 1968, dl. 23, kol. 4367 en 4368).

'n Amerikaanse geleerde, prof. C.W. de Kiewiet, het hieroor geskryf: "Nobody would have been surprised if history's first human heart transplant had happened in Russia or the United Kingdom or the United States. That it happened in South Africa took every-

body by surprise. People had difficulty in reconciling the image of South Africa projected by its racial policies with the new and surprising image projected by dr. Barnard" (III, De Kiewiet, 1970, p. 5).

SLUITING VAN DIE SUEZKANAAL

ŉ Ander gebeurtenis in hierdie tydvak wat die wêreld se aandag op Suid-Afrika toegespits het, was die sluiting van die Suezkanaal ná die sesdaagse oorlog in die Midde-Ooste. Die Departement van Inligting het hierdie gebeurtenis gebruik om Suid-Afrika se strategiese ligging weer onder die wêreld se aandag te bring (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 3).

Waarom dit vir Suid-Afrika so belangrik is dat die Westerse moondhede en veral Amerika in die suidelike halfrond en veral die Indiese oseaan betrokke moet wees, is deur adml. H.H. Biermann as Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag soos volg veruidelik:

"...dit (is) noodsaaklik dat ŉ supermoondheid in die strategie vir die Suidelike Halfrond betrek moet wees. Die tekens van ons tyd is globale stryd en globale strategie. Dit is ŉ skaakspel tussen supermoondhede waarin die begrippe 'plaaslik' en 'streek' slegs relatiewe waardes het - waardes wat uiteindelik bepaal word in terme van die globale stryd... Vir die uiteindelike verdediging in die Suidelike Halfrond is dit noodsaaklik dat die afskrikstrategie van kernverwoesting en eskalasie ook in hierdie streek van toepassing sal wees... Dit is dus slegs Suidelike

Afrika en sy omringende oseaangebiede wat nie onder hierdie afskriksambreel val nie en waar die nodige Westerse vooraf-teenwoordigheid ontbreek" (III, Biermann, 1972, p. 61).

Teen hierdie agtergrond is Suid-Afrika se strategiese posisie as 'n belangrike tema van die Departement van Inligting in hierdie tydvak beklemtoon. So het die Departement 'n brosjure "The Cape Route" laat verskyn. Meer as 100 000 eksemplare van die publikasie is vir verspreiding gedruk (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 9).

"Die belangrikheid van die seeweg om die Kaap is onder die aandag van duisende lesers gebring ten tyde van die sluiting van die Suez-kanaal deur middel van advertensies onder die titel 'Harbour of Good Hope'" (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 12).

Drie kort televisie-nuusfilms is ook gemaak. Die films het onderhoude met die Suid-Afrikaanse ambassadeur in die V.S.A. en die Suid-Afrikaanse Vlootstafhoof ingesluit. In die V.S.A. is hierdie opnames deur meer as 30-miljoen mense gesien, terwyl ongeveer 90-miljoen dit in Europa en ander lande gesien het (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 21-22).

Die uitgangspunt van die Departement het in hierdie tydvak ook verskil van sy uitgangspunt in vorige tydvakke. In die vyftiger- en sestigerjare het Suid-Afrika onder andere in Korea geveg en met die Berlynse lugbrug gehelp om so sy lojaliteit teenoor die Weste en sy anti-kommunistiese houding te

illustreer. As teenprestasie het Suid-Afrika op steun en hulp van die Weste staat gemaak. Die steun en hulp van die Weste waarop staat gemaak is, het hy egter nie ontvang nie.

Die Inligtingsdiens se uitgangspunt in hierdie tydvak was om met publikasies en films oor Suid-Afrika se strategiese ligging die buiteland te oortuig dat Suid-Afrika onmisbaar is vir die Weste en dat dit daarom in hulle belang is om Suid-Afrika te steun (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

Tot watter hoogte Suid-Afrika hierin geslaag het, is moeilik bepaalbaar. In 1971 het genl. H.J. Kruls as hoofredakteur van NAVO se blad "Fifteen Nations" egter 'n artikel onder die opskrif "A Warning to NATO" geskryf. Hierdie artikel is geskryf nadat hy Suid-Afrika as 'n gas van die S.A. Stigting besoek het. Hy het onder andere hierin geskryf:

"Realize the gradual increase of Soviet Russian naval power in the Indian Ocean and consider what the situation would be within a few years' time, when a re-opened Suez Canal would afford a short connection between the Russian Black Sea fleet and the Indian Ocean; and then finally count the number of merchant ships sailing from the Middle and Far East through the Indian Ocean around the Cape and through the South Atlantic and, of course, the other way round.

"Here is one of the most important lines of communication between East and West, a line of communication which must be protected, in the first place for

the benefit of the countries on both shores of the North Atlantic Ocean.

"These most valuable lifelines of the West are threatened by growing Soviet Russian naval power in the Indian Ocean and the South Atlantic, and also by further penetration of the Russians and Chinese into the African continent.

"More than ever before have I been convinced that it is not South Africa which has to go on its knees to ask for ships and weapons and support, but the countries of NATO that must ask South Africa to do its utmost to maintain its position on the African continent and to assist the countries of Western Europe and North America not only to keep the sea lines open, but to prevent further penetration into African countries" (III, Kruls, 1971, p. 2).

ANTI-SUID-AFRIKAANSE ROLPRENTE

'n Hele reeks anti-Suid-Afrikaanse rolprente is in hierdie tydvak in die buiteland vrygestel. End of a Dialogue was een van hierdie rolprente wat volgens sy vervaardiger in die geheim in Suid-Afrika verfilm is. Hierna is die rolprent The Dumping Grounds deur miljoene Britse televisiekykers oor die program World in Action gesien. Die rolprent Witnesses is vervaardig met die doel om dit in 1972 vry te stel. Daarvolgens sou dit met die V.V.O. se jaar teen Rassisme en Rassediskriminasie saamval. Die kommentaar in Witnesses begin soos volg:

"These ordinary people on their way to work in a South African city are all labourers or servants. They are part of the silenced dispossessed majority: fifteen million African, Indian and coloured citizens stripped of all their rights by years of racial legislation; excluded from all decisions affecting their way of live" (III, Shutte, 1971, p. 36).

Oor onderwys in Suid-Afrika het die kommentator beweer: "It's pointless, says the South African Government, to educate the black to take part in the affairs of the white community. After all, what use is their teaching a Bantu child subjects which it cannot use in practice?" (III, Shutte, 1971, p. 37).

Die Minsiter van Inligting, dr. C.P. Mulder, was toevallig in Londen toe The End of a Journey, nog een van hierdie rolprente, oor die Britse televisie vertoon is.

"Ná die vertoning van die film in Londen het ek onmiddellik kontak gemaak met hierdie spesifieke beeldradio-oragnisasie en vir hulle gesê dat daar 14 leuens in die film voorkom en dat ek bereid was om dit uit die vuis reg te stel sonder om iemand te raadpleeg omdat ek met Suid-Afrikaanse toestande vertroud is. Ek het aan hulle gevra of hulle my die geleentheid sal gee om dit oor die beeldradio reg te stel. Daar is onmiddellik gerapporteer dat hulle jammer is dat hulle nie buitelandse politici in die omstandighede toelaat nie. Ek het toe gevra of hulle

dieselfde tyd aan my sou afstaan om van ons films oor dieselfde aangeleentheid te vertoon sodat die kykerspubliek van Brittanje 'n eweredige en gebalanseerde beeld kan kry. Dit is ons geweier. Ek het gesê dat ons bereid is om tyd te koop om op daardie manier ons films beskikbaar te stel. Ek is meegedeel dat tyd nie vir daardie doel te koop is nie" (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7807).

In Nederland het die Departement gevind dat die gelyke-tyd-beginsel waardeur die ander kant geleentheid kry om sy saak te stel, ook nie toegepas is nie. In Amerika word dit wel gedoen wat dit vir die Departement makliker gemaak het om daar op negatiewe rolprente soos hierdie te reageer (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7814).

Die Minister het ook mev. H. Suzman gekritiseer omdat sy haar deur van die rolprentvervaardigers laat gebruik het tot nadeel van Suid-Afrika. "Hulle kry die een na die ander om aan te haal en elke keer as hulle iemand gekry het om 'n sterk negatiewe, totaal leuenagtige stelling oor Suid-Afrika te maak, gebruik hulle die beeld van die agb. lid vir Houghton met 'n klein stukkie wat sy sê om geloofwaardigheid en onderskrywing van die standpunt te probeer illustreer. Die tegniek is so duidelik soos daglig" (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7808).

<u>AANSLAG TEEN SUID-AFRIKA</u>

Behalwe die televisierolprente wat in die buiteland teen Suid-Afrika versprei is, is die aanslag deur

veral die gedrukte media voortgesit. In sy boek The Paper Curtain het dr. Eschel Rhoodie aangetoon hoe hierdie aanslag teen Suid-Afrika gevoer is (vgl. IV, Rhoodie, 1969, p. 45-81). Hy het onder andere tot die gevolgtrekking gekom dat Suid-Afrika, Rhodesië en Angola van die res van die wêreld geïsoleer word. "...not by its own actions but by a wall of deliberately created misrepresentations and outright misconceptions abroad which, for lack of a more suitable term, one can only call a 'Truth Curtain'. However, since in ninety per cent of cases, access to these views is gained through the printed word (the newspapers, magazines and books), a better definition undoubtedly is the 'Paper Curtain'.

"The Paper Curtain differs in one important respect from the Russian 'Iron Curtain', East Germany's infamous 'Wall' and Red China's 'Bamboo Curtain' in that it is being drawn not by the people held responsible for all the 'evil deeds' of 'apartheid' but by the very people who claim that they wish to introduce sanity and reason into South Africa" (IV, Rhoodie, 1969, p. 81).

In hierdie tydvak het die V.V.O. tot groter hoogte na vore getree in die stryd teen Suid-Afrika.
"...oor die afgelope twee jaar is ʼn verdere stadium bereik waar die Verenigde Volke se masjinerie nou ingespan word om hierdie skewe beeld van ʼn andersyds rustige, stabiele, welvarende lidstaat verder te probeer vestig in die gemoedere van oningeligtes. Daar

is naamlik in dié Organisasie nou 'n spesiale eenheid om die aanvalle op Suid-Afrika te help bevorder" (III, Jaarverslag, 1966-68, p. 2).

In hulle aanvalle op Suid-Afrika het die vyande van Suid-Afrika in hierdie tydvak veral op die ekonomiese betrekkinge tussen Suid-Afrika en sy Westerse handelsvennote toegespits. Die Suid-Afrikaanse sportbeleid is ook beklemtoon, terwyl sekere kerkliggame soos die Wêreldraad van Kerke sterker na vore getree het in die stryd teen Suid-Afrika (III, Jaarverslag, 1971-72, p. 4).

Die beeld van verkrampte Afrikaners en Nazisme is ook steeds voortgesit. Die bekende Amerikaanse weekblad Time het in Augustus 1966 'n artikel oor Suid-Afrika onder die opskrif The Great white laager gehad. Die voorblad van hierdie betrokke uitgawe het 'n tekening van 'n streng dr. Verwoerd uit 'n ongewone hoek van onder teen 'n ogiesdraad-agtergrond gehad (vgl. III, Time, 26 Aug. 1966, voorblad). Die artikel self praat van "...bearded Afrikaner patriarchs, who still rule their Bantu field hands with a Bible in one hand and a rawhide sjambok whip in the other" (III, Time, 26 Aug. 1966, p. 20).

In 1968 het mnr. V.A. Volker 'n ander aspek van die aanslag teen Suid-Afrika in die Volksraad genoem: "Dit is ook 'n feit dat organisasies soos Associated Press nuus voorsien aan 7,600 koerante oor die wêreld in 80 lande. United Press voorsien nuus aan 6,500 koerante, en radiodienste, ens. in 111 lande, en Reuter voorsien ook nuusdienste aan 110 lande.

Daardie organisasies is genoeg geïnfiltreer om die nuus so te keur dat gunstige nuus oor Suid-Afrika nie doeltreffende verspreiding sal kry nie" (I, Hansard, 1968, dl. 23, kol. 4370).

Reeds in 1960 met Sharpeville het min. Eric Louw die nuusagentskap United Press beskuldig dat 'n onwaar berig deur hulle die wêreld ingestuur is (vgl. I, Hansard, 1960, dl. 104, kol. 5300-5301).

Die Minister van Inligting, dr. Mulder, het in 1970 gesê: "Dit sal miskien interessant wees vir die Raad om te weet dat daar reeds 55 buitelandse nuusagentskappe en korrespondente hier in Suid-Afrika geakkrediteer is" (I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4824).

Dr. Egges Mulder het onder andere die volgende in sy proefskrif oor nuusagentskappe bevind: "Wat die beriggewing oor internasionale gebeure betref, is slegs relatief weinig en finansieël groot koerante en radio- en televisiekorporasies in staat om 'n wêreldwye netwerk en korrespondente te onderhou. Die meeste nuusmedia is daarom van 'n relatief klein groep van nuusagentskappe afhanklik wat dus met 'n geweldige inligtingsmag toegerus is. Slegs 'n paar agentskappe - of beter gesê hulle korrespondente in sommige wêrelddele - kan aan die res van die wêreld 'n beeld van gebeure aanbied wat hom van die werklikheid kras onderskei, en gevolglik vir die vorming van menings en stereotipes en selfs ook vir die beslissingsproses in enkele state van deurslaggewende betekenis kan wees. Hulle dra dus 'n 'beeld' van die

werklikheid oor, eerder as die objektiewe werklikheid van 'n situasie" (aangehaal in II, Rhoodie, 1973, p. 4).

In die volgende tydvak sou die Departement meer aandag aan die verteenwoordigers van nuusagentskappe in Suid-Afrika gee (vgl. Hfst. 10). Die voortgesette aanslag teen Suid-Afrika sou ook veroorsaak dat die metodes en tegnieke van die Departement steeds verfyn en verbeter moes word om doeltreffend weerstand te kon bied en op sekere verdraaiings te kon reageer.

## GEVOLGTREKKING

Die Departement van Inligting is in hierdie tydvak gevestig as 'n belangrike staatsdepartement. Die rol en plek van die Inligtingsdiens is ook nie meer betwyfel nie. Opposisiekritiek was daarom meer op spesifieke werksaamhede van die Departement toegespits. Die Opposisie het selfs met allerlei wenke gekom oor hoe die diens in die buiteland verbeter kon word (vgl. I, Hansard, 1967, dl. 20, kol. 4665-4666).

Hoewel die begroting van die Departement volgens goedgesinde kritici nog heeltemal onvoldoende was (vgl. III, Parker, 1970(b)), is dit in hierdie tydvak verdubbel. Die styging in die Departement se begroting was meer as wat die gemiddelde styging van die totale Regeringsbegroting was (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7667) wat ook aangedui het dat die belangrikheid van 'n Inligtingsdiens besef is. Behalwe dat die belangrikheid van die Departement se werk-

saamhede besef is, was 'n ander rede vir die Departement se groter begroting die aanslag teen Suid-Afrika in die buiteland. As gevolg van verskeie ontwikkelinge op internasionale gebied is die aanslag steeds verskerp. Die aanslag is ook toegespits op spesifieke aspekte soos Suid-Afrika se sportbande en ekonomiese betrekkinge, terwyl al meer organisasies en ook kerke in die buiteland daaraan deelgeneem het.

In antwoord op die aanslag het die Departement van Inligting sy metodes verbeter en in hierdie tydvak meer van "progapanda van die daad" of nuusgebeure in Suid-Afrika gebruik gemaak in sy pogings in die buiteland. Die Departement se hantering van die hartoorplanting en die sluiting van die Suezkanaal is voorbeelde hiervan. Deténte en dialoog met Afrika, wat in hierdie tydvak begin het, sou in veral die volgende tydvak tot groot hoogte deur die Departement aangewend word om die gevestigde beeld van Suid-Afrika in die buiteland te verbreek.

Die benadering van die Departement sou in die volgende tydvak steeds meer professioneel word, terwyl die Departement as gevolg van veranderinge en ontwikkelinge binne Suid-Afrika 'n baie aggressiewer benadering in die buiteland sou volg.

# HOOFSTUK 10

## 1972 - DIE HUIDIGE STAATSINLIGTINGSDIENS

Onder die huidige Staatsinligtingsdiens word die Departement van Inligting in die tydvak 1972-1977 verstaan. Dit is die laaste tydvak wat in hierdie ondersoek behandel word. Om die belangrikheid en bydrae van hierdie tydvak nou reeds te beoordeel, is baie moeilik. In toekomstige jare sal diè tydvak in beter perspektief gesien en terugskouend beoordeel kan word. So is dit met die skrywe hiervan ook nog nie duidelik of hierdie tydvak in 1977 tot 'n einde gekom het en of dit dalk nou eers momentum kry nie.

Hoewel 'n billike beoordeling van die Departement van Inligting se werksaamhede in hierdie tydvak nie nou reeds gedoen kan word nie, is dit wel belangrik om enkele aspekte uit hierdie tydvak te behandel. Dit word gedoen ten einde deurlopende funksies en doelstellinge te kan aandui. Hierdie tydvak word ook as die hoogtepunt van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens se ontwikkeling deur die verskillende tydvakke van 1936 af gesien.

## DIE MINISTER SE BUITELANDSE REIS

Uit die ondersoek het dit geblyk dat die Departement van Inligting 'n nuwe tydvak betree het ná die Minister van Inligting in 1971 'n besoek aan die buiteland gebring het. Min. Mulder het van 15 Mei tot 10 Julie 1971 tien lande, wat die V.S.A., Kanada, Brittanje en verskeie

Europese lande ingesluit het, besoek (I, Hansard, 1972, dl. 40, kol. 72).

Min. Mulder het die hoofdoel van sy reis soos volg uiteengesit: "Waar ek nou die verantwoordelike Minister is met die spesifieke taak, dink ek dit is my plig om te gaan kyk wat presies daar aangaan en myself eerstehands op hoogte te stel van wat die omstandighede is, wat die feite is, wat die probleme is waarmee ons mense daagliks daar te kampe het, en om dan terug te keer om die Kabinet die nodige advies te gee sodat ons die saak kan verbeter in belang van Suid-Afrika as geheel" (I, Hansard, 1971, dl. 33, kol. 5364).

Volgens die Jaarverslag was die verdere doel van die Minister se reis om vas te stel "of, en op watter manier, die Inligtingsdiens opgeknap en aangepas kan word by omstandighede wat van land tot land verskil; of die terrein voldoende gedek word met bestaande kantore en personeel; waar addisionele kantore of personeel benodig word. Om kontak te maak met die Inligtingsbeamptes oorsee. Om kontak te maak met die kommunikasiemedia en met regeringsverteenwoordigers" (III, Jaarverslag, 1971-72, p. 4).

Die Minister van Inligting het op 19 Mei 1972 soos volg in die Volksraad oor sy reis verslag gedoen: "Na aanleiding van persoonlike kennis en indrukke wat ek tydens my onlangse reis opgedoen het, na samesprekings met letterlik honderde mense in Europa, Brittanje en die Verenigde State, en met ons inligtingspersoneel oorsee wat daagliks in die brandpunt van die

stryd staan, ons ambassadeurs, joernaliste, politici en staatsmanne tot in die hoogste Regeringskringe, is ek daarvan oortuig dat ons inligtingspogings in talle opsigte opnuut weer gewysig kan word en sal word ..." (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7820).

Met die oog op hierdie wysigings van die Departement het die Minister in dieselfde toespraak 'n reorganisasie van die Departement in die vooruitsig gestel. "Nou wil ek dadelik sê dat uit die rykdom en die kennis van die verlede tesame met nuwe begrippe en tegnieke wat tans gebruik word in talle lande van die wêreld, sal 'n nuwe struktuur en grondplan in die breë opgestel word vir die Departement van Inligting. Ons is tans daarmee besig" (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7823).

Hierdie tydvak is ook gekenmerk deur die vermoë van die Departement om vinnig by veranderende omstandighede aan te pas. "Daarom is ek van plan om prioriteite, tegnieke en projekte van my Departement te hersien en opnuut aan te pas, van maand tot maand aan te pas. Die leuse van my Departement sal bly: Dinamiese dryfkrag en doeltreffende optrede. Daartoe bind ek myself en op daardie wyse sal ons Suid-Afrika verdedig" (Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7824).

Ten opsigte van die beoogde reorganisasie is dit ook gestel dat: "Hoewel dit groter spesialisasie en meer gekonsentreerde werkverrigting moontlik maak, sal dit nogtans buigsaam genoeg wees om, indien verdere verandering en ontwikkeling dit vereis, aanpassings

te maak" (III, Jaarverslag, 1972, p. 8).

REORGANISASIE VAN DIE DEPARTEMENT

Op 1 Desember 1972 het die reorganisasie van die Departement plaasgevind. Waar die Departement voorheen uit vier vakkundige afdelings bestaan het, naamlik 'n Afdeling Buiteland, Afdeling Oudiovisuele Dienste en Publikasies, Afdeling Binneland en 'n Afdeling Persskakel, "... het die noodsaak vir groter delegasie van magte en snelle beslissings vereis dat daar voortaan agt vakkundige afdelings moet wees, naamlik die afdelings Gaste en Besoekers, Buitelandse Inligting, Buitelandse Publikasies, Film-, Televisie- en Radioproduksie, Visuele Dienste, Persskakel, Opleiding en die afdeling Binnelandse Inligting, waaronder Binnelandse Publikasies ook ressorteer. Die Administratiewe Afdeling het behoue gebly" (III, Jaarverslag, 1972, p. 8).

In die Jaarverslag van 1972 is die doel met die reorganisasie soos volg gestel: "Hierdie strukturele veranderinge en verbeterings is nie slegs daarop gemik dat die Departement vinniger op uitvoerende opdragte moet kan reageer nie, maar ook om prosedure te vereenvoudig en die organisasie in staat te stel om, wanneer omstandighede dit noodsaak, spoedeisend aanpassings in sy prioriteite en modus operandi te maak" (III, Jaarverslag, 1972, p. 4).

Op 1 Oktober 1973 is verdere organisatoriese aanpassings gemaak. "'n Nuwe afdeling, Beplanning, met 'n Adjunksekretaris aan die hoof, is geskep, terwyl die ou

afdelings Visuele Dienste en Film-, T.V.- en Radioproduksie saamgevoeg is in een afdeling, naamlik Oudiovisuele Dienste en Produksie. Verder het die afdeling Gaste en Besoekers met ingang van genoemde datum deel van die afdeling Buitelandse Inligting geword" (III, Jaarverslag, 1973, p. 8).

Die Departement het nou uit die volgende agt afdelings bestaan: Beplanning, Buitelandse Inligting, Binnelandse Inligting, Buitelandse Publikasies, Oudiovisuele Dienste en Produksie, Administrasie, Persskakel en Opleiding (III, Jaarverslag, 1973, p. 8).

Op 9 Mei 1973 het min. Mulder na sy toespraak die vorige jaar in die Volksraad verwys en gesê: "Dit is vir my aangenaam om te sê dat dit waarmee ons toe begin het, nou volvoer is; dat ons strukturele wysigings in die Departement aangebring het wat dit baie meer vaartbelyn maak ... Waar ons vantevore eintlik met 'n tweebeen-struktuur te doen gehad het ... het ons die Departement nou op 'n baie breër basis en volgens 'n horisontale indeling onder die Sekretaris en Adjunk-sekretaris onder nege verskillende afdelingshoofde ingedeel wat elkeen 'n gedetailleerde kennis het en 'n studie van sy spesifieke afdeling maak sodat ons deskundige kennis en meer gespesialiseerde werk kan kry" (I, Hansard, 1973, dl. 44, kol. 6369).

AANSTELLING VAN DR. ESCHEL RHOODIE

Naas die Minister van Inligting se buitelandse reis was die aanstelling van dr. Eschel Rhoodie as Sekretaris van Inligting ŉ verdere verandering wat tot ŉ nuwe tydvak gelei het. Mnr F.G. Barrie het op 1 September 1972 die Kontroleur en Ouditeur-generaal geword (III, Jaarverslag 1972, p. 8). Dr. E.M. Rhoodie het hom op 21 September opgevolg om die vierde Sekretaris van Inligting te word. Dit was egter slegs ná ŉ botsing tussen dr. Mulder en die Staatsdienskommissie.

"Die kommissie het gevoel dat hy liewer ŉ man uit die geledere van die departement wil aanstel. Omdat dr. Mulder ook as Minister van Binnelandse Sake baas van die Staatsdienskommissie is, moet hy nou die kommissie se vertoë weer na die Kabinet neem. Dit is te betwyfel of die Kabinet die kommissie gelyk sal gee.

"Die jong dr. Rhoodie - dit is juis een van die besware wat teen hom geopper word - het die langste buitelandse ondervinding in die Departement van Inligting. Hy is in 1956 na Australië en in 1960 na Amerika, waar hy in Washington en New York diens gedoen het" (III, Rapport, 27 Aug. 1972).

Dr. Rhoodie was ook in Den Haag waarna hy persoonlike raadgewer vir dr. Mulder geword het. Hy het ŉ doktorsgraad in die sosiologie en was voor sy aanstelling as Sekretaris besturende direkteur van die nuustydskrif To the Point. Hy is ook ŉ bekende skrywer wat ŉ stuk of ses boeke laat verskyn het. Onder hierdie boeke

was The Paper Curtain en South West - the last frontier in Africa. Op 39 was dr. Rhoodie een van die jongste sekretarisse ooit (III, Gideonse, 1969, p. 90 en III, Rapport, 27 Aug. 1972).

In die Volksraad het mnr E.G. Malan gesê: "Ons is beïndruk deur sy rekord en ons wil hom sukses toewens. Terselfdertyd dink ek dat 'n woord van waardering van pas sal wees teenoor sy voorganger, mnr Barrie, wat sy onmisbare organisatoriese talent op die departement afgedruk het en tans Ouditeur-generaal is".

Dr. Mulder het mnr Barrie vir jare van aangename samewerking bedank en van dr. Rhoodie gesê: "... wat 'n jong man is, 'n vakkundige by uitstek, sy vak ken en die nodige dryfkrag en dinamiek het om hierdie departement tot groot hoogtes te voer".

Mev. C.D. Taylor het gesê: "Die nuwe sekretaris, dr. Rhoodie, se benadering van die hele kwessie van ons Departement van Inligting is veel meer prakties en realisties, met alle respek teenoor sy voorganger, en ons verwelkom werklik hierdie benadering" (I, Hansard, 1973, dl. 44, kol. 6325 en 6368 en 6340).

Die middagkoerant Die Vaderland het verdere veranderinge in die Departement voorsien ná dr. Rhoodie se aanstelling en het op klagtes in die verlede gewys "... omdat mense wat meer ingestel is op die administratiewe sy en minder op die inligtingskant, aan die hoof gestaan het" (III, Die Vaderland, 30 Aug. 1972).

Mnr Piet Meiring, wat in die vyftigerjare aan die hoof van die Inligtingsdiens gestaan het, het in sy tydvak reeds gereken dat die hoof van die Diens verkieslik tegniese kennis en ervaring in die buiteland moes hê (V, Onderhoud, Meiring, 1977). Dr. Rhoodie het aan hierdie vereistes voldoen.

Mnr Hennie Serfontein, 'n politieke kommentator, het in dr. Rhoodie se aanstelling 'n terugslag vir die "verkramptes" gesien. Oor dr. Rhoodie het hy geskryf: "Dr. Rhoodie has had extensive experience in presenting South Africa's case overseas, and symbolises the new professional and businesslike approach of the younger crop of information officers" (III, Serfontein, 1972).

Die Pretoria News het die nuwe aanstelling soos volg gesien: "Dr. Rhoodie, whose appointment by the Cabinet yesterday has taken Public Service traditionalists by surprise, is seen as the main figure in the Minister of Information, dr. Connie Mulder's, plans to streamline the department and make it a more effective weapon in the international 'war of words'" (III, Pretoria News, 30 Aug. 1972).

Die meeste van hierdie opmerkings is later as korrek bewys deurdat dr. Rhoodie 'n belangrike invloed op die benadering en werkmetodes van die Departement in hierdie tydvak gehad het.

<u>PERSONEEL EN BEGROTING</u>

Belangrike ander personeelveranderings in hierdie tydvak was die aanstelling op 1 September 1973 van dr. D.O. Rhoodie as Adjunk-sekretaris. Mnr L.E.S. de Villiers, wat hoof van die Afdeling Buitelandse Inligting was, is op 1 Oktober 1973 as Adjunk-sekretaris (Beplanning) aangestel (III, Jaarverslag, 1973, p. 8).

The Star het in ꞌn artikel onder die opskrif "South Africa's 007's of persuasion" geskryf:

"In fact, under dr. Mulder's guidance and with the aid of an ambitious team consisting of his handpicked secretary, dr. Eschel Rhoodie, and two carefully selected under-secretaries, dr. Denys Rhoodie and Mr. Les de Villiers, the external function of the department seems to have become the spearhead of the Government's efforts to influence foreign central authorities" (III, Van Schoor, 1974, p. 25).

Ná die reorganisasie van die Departement en die personeelveranderings het dr. Mulder in 1974 in die Volksraad gesê: "Die Departement is omskep van ꞌn administratiewe departement hoofsaaklik na ꞌn vakkundige departement. Ons het personeelveranderings aangebring en nuwe vereistes gestel. Ons het ꞌn hele aantal verbeterings ingevoer om in die eerste plek die struktuur reg te stel om sodoende die nodige mensemateriaal te kon hê om die situasie te kan hanteer" (I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4351).

Wat die personeelgetalle betref, het die Departement in 1972 ruim 468 personeellede en 21 vakatures gehad (III, Jaarverslag, 1971-72, p. 4). In 1974 het die Departement reeds meer as 550 poste op sy diensstaat gehad (III, Jaarverslag, 1974, p. 9).

Die begroting van die Departement het in hierdie tydvak ook aansienlik vermeerder. "When Connie Mulder took over as Minister five years ago, the Department was perhaps the most insignificant in government with a budget of just off R4m a year. This year (1974), the budget approved by Parliament is R10,65m - a mere R3,2m less than the R13,85m granted to Foreign Affairs.

"And Mulder himself, in an interview with the FM (Financial Mail), says he would like to double this amount, adding that he could easily spend four times as much on foreign publicity and information projects. Understandably, perhaps, there are those who wonder if it's worth it" (III, Financial Mail, 18 Oct. 1974, p. 233-234).

Die begroting van die Departement van Inligting vir 1977-78 was R15 370 000, terwyl ŉ besliste vermeerdering van hierdie bedrag vir 1978-79 voorsien word (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

UITBREIDING OORSEE

Waar in die vorige tydvak nuwe kantore in Suid-Amerika en in Nieu-Seeland geopen is, het die Departement in hierdie tydvak na die Midde-Ooste uitgebrei. Aanvanklik is beplan om nuwe kantore in Teheran (Iran)

en Tel Aviv (Israel) te open (III, Jaarverslag, 1974, p. 13). Daar is egter slegs 'n kantoor in Israel geopen. Waarom die beoogde kantoor in Iran nie geopen is nie, kon nie vasgestel word nie. Die Minister van Inligting, dr. Mulder, het in hierdie tydvak ook besoeke aan Iran en Israel gebring, terwyl die Eerste Minister Israel in 1976 besoek het (III, Jaarverslag, 1976, p. 13 en V, Onderhoud, Mulder 1977).

As prioriteitsgebied van die Departement het die V.S.A. steeds belangriker geword. Dit was hoofsaaklik omdat Amerika as leier van die Weste deur baie kleiner landjies en selfs lande soos Brittanje en Nederland in sy beleiduitsprake vir of teen Suid-Afrika gevolg word. Die Departement het dan ook sy grootste kantore in die V.S.A. gehad en het 'n intensiewe inligtingsveldtog in hierdie tydvak in die V.S.A. gevoer (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977).

Die Departement van Inligting se kantore in San Francisco is ook in hierdie tydvak na Los Angeles verskuif. "Die rede vir die verskuiwing is dat Los Angeles die 'hart' van die Weskus van die VSA is. Waar New York die senusentrum van die nuusmedia en -agentskappe aan die Ooskus is, beklee Los Angeles dieselfde posisie aan die Weskus" (III, Jaarverslag, 1974, p. 13).

Mnr J.J.B. van Zyl het in 1970 'n ander saak aangeroer en gevra: "... wanneer daar 'n kantoor in die Skandinawiese lande kan wees. Sakemanne en die publiek daar smag na so 'n diens uit Suid-Afrika"

(I, Hansard, 1970, dl. 30, kol. 4839).

Reeds in mnr Piet Meiring se tyd het hy die Skandinawiese lande as so negatief beskryf dat dit nie die moeite werd sou wees om 'n inligtingskantoor daar te open nie (vgl. Hoofstuk 7, p. 283).

Colborne het in 1972 die Swede se houding teenoor Suid-Afrika teen hulle eie agtergrond probeer verduidelik: "What is really striking, in conversation with Swedes, is that their own society is blessed by such a degree of homogeneity that they have to make a real effort to understand what heterogeneity means... The Swedes have never had a Roman invasion nor, for that matter, any other foreign occupation ... Since their imperialist period in the seventeenth century, they have had little experience of foreign involvement and have had no wars at all since the beginning of the nineteenth century. They have had no colonies and little in the way of religious conflict. The feudal system was not as rigorous in Sweden as elsewhere and despite their current revival, class conflicts have been softened over the last few decades: Stockholm is one of the few large capitals with no slums, and many working men own holiday homes in the country" (III, Colborne, 1972, p. 232-233).

In 1976 het die Minister van Inligting 'n geheime besoek aan die drie Skandinawiese lande gebring met die oog op die opening van inligtingskantore daar. "Hierdie protestante is so anti-Suid-Afrikaans dat 'n inligtingskantoor volgens ons mening meer negatiewe

reaksie sal uitlok as wat dit voordeel sal hê. Dit word egter oorweeg om 'n beampte tot die ambassade te Denemarke toe te voeg wat 'n inligtingstaak in die Skandinawiese lande kan verrig" (V. Onderhoud, Mulder, 1977).

PUBLIKASIES

Soos in vorige tydvakke is die publikasies van die Departement in hierdie tydvak uitgebrei. S.A. Panorama het in 1974 in Portugees en Italiaans begin verskyn. Dit het die getal tale waarin die blad verskyn het, op agt te staan gebring met 'n totale oplaag van 326 000 (III, Jaarverslag, 1974, p. 57).

South African Digest, wat in 1974 21 jaar oud was, se oplaag het in hierdie tydvak tot meer as 100 000 gestyg (III, Jaarverslag, 1974, p. 58).

In hierdie tydvak het verskeie sprekers in die Volksraad na die Duitse publikasie die German Tribune verwys (vgl. I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7778 en 7786). "Die 'German Tribune' byvoorbeeld, is 'n weeklikse oorsig van die Duitse pers. Ek meen baie lede van hierdie Raad kry dit. Dit is 'n uiters goed versorgde publikasie. Dit aarsel geen oomblik om materiaal te publiseer wat alle nuanses van politieke denke in Duitsland behandel nie" (mnr G.D.G. Olivier, I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7778).

Mnr I.F.A. de Villiers het daarna verwys en gesê: "... ek (voel) dat dit 'n baie goeie voorbeeld is van die soort inligting wat aan die buiteland verskaf kan word sonder om aanstoot te gee, maar wat tog 'n beeld

kan gee van die demokratiese agtergrond van hierdie land" (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7786). Mnr. Japie Basson het in 'n vorige tydvak reeds 'n soortgelyke voorstel gedoen (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7648).

Min. Mulder het gesê: "Ek het aandag aan dié saak gegee. Daar is sekere praktiese implikasies en probleme, maar ek wil agb. lede die versekering gee dat ek ernstig aandag aan die saak gee, sodat ons kan probeer om op hierdie wyse inleidingsartikels, ens., uit die pers oor te dra aan anderstaliges by wyse van 'n publikasie wat die departement uitgee. Ek dink dit is 'n goeie gedagte" (I, Hansard, dl. 44, kol. 6381).

Dr. Rhoodie het in sy boek The Paper Curtain daarop gewys dat baie eensydige berigte en boeke oor Suid-Afrika geskryf is deurdat besoekende joernaliste en akademici nie Afrikaans kon verstaan of lees nie. Hulle het dan net toegang tot die Engelstalige pers in Suid-Afrika wat teen die Regering gekant is. Baie buitelandse korrespondente bly ook jare lank in Suid-Afrika en doen verslag aan hul Amerikaanse en Europese koerante sonder dat hulle Afrikaanse koerante kan lees of selfs net 'n toespraak in Afrikaans kan volg (IV, Rhoodie, 1969, p. 72-73).

Teen hierdie agtergrond het 'n nuwe publikasie van die Departement, naamlik Comment and Opinion, op 1 Februarie 1974 verskyn. Hierdie weeklikse publikasie wat in Engels verskyn het, het bestaan uit menings en hoofartikels van die Afrikaanse en Engelse pers asook

die radio in Suid-Afrika (III, Jaarverslag, 1973, p. 55).

"In sy kolomme is daar vrye teuels gegee aan die soms snydende, soms vriendelike penne van meningvormende hoofartikelskrywers. Daar was geen 'heilige koeie' nie. Staatsmanne en almal wat enigsins belangrik is, is geloof, veroordeel en geroskam. Selfs die Minister en Sekretaris van die blad se eie departement, Inligting, het nie vrygespring nie. En die geheel is deurspek met die visuele kommentaar van die Suid-Afrikaanse koerante se spotprenttekenaars" (III, Jaarverslag, 1974, p. 60-61).

Volgens die Minister was hierdie publikasie op besoekers, toeriste, immigrante en die ambassades binne Suid-Afrika gerig. 'n Groot aantal eksemplare is ook na die buiteland gestuur (I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4336-4337).

<u>SUID-AFRIKAANSE JAARBOEK</u>

In 1973 het die Minister van Inligting in die Volksraad aangekondig dat die Departement 'n Suid-Afrikaanse jaarboek gaan publiseer (I, Hansard, 1973, dl. 44, kol. 6383). Naas Comment and Opinion was dit een van die belangrikste nuwe publikasies van die Departement. Die doel met die jaarboek is gestel as "... die vervulling van 'n dringende behoefte, naamlik die daarstelling van 'n gesaghebbende en omvattende inligtingsboek" (III, Jaarverslag, 1974, p. 55). Eksemplare van die boek van 1 100 bladsye is selektief by 4 500 adresse in 17 lande geplaas, terwyl 1 500

eksemplare binne Suid-Afrika teen R22 stuk te koop was. Die eerste Afrikaanse uitgawe het in 1975 verskyn. Hersiene van die jaarboek het hierna gereeld verskyn (III, Jaarverslag, 1974, p. 55).

In die Volksraad is die jaarboek deur die Opposisie verwelkom (I, Hansard, dl. 51, kol. 4287), terwyl die pers dit ook aangeprys het. The Star het geskryf: "... a notable achievement - as readable as it is informative - an impeccable presentation" (aangehaal in III, Jaarverslag, 1975, p. 7).

'n Ander projek van die Departement in hierdie tydvak was die aankoop van boeke vir verspreiding aan buitelandse universiteite. Jaarliks is R50 000 hieraan bestee (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7805). Dit is gedoen omdat die meeste boeke wat in buitelandse universiteits- en ander biblioteke beskikbaar is, boeke is wat 'n verdraaide beeld van Suid-Afrika weergee (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7784).

DATA-TRANSMISSIETOESTEL

Verdere uitbreiding van die Departement in hierdie tyd het plaasgevind deurdat die verbindings tussen die hoofkantoor in Suid-Afrika en die buitelandse kantore verbeter is. Waar inligting aanvanklik per pos en later per kabel gestuur is, het nuwe kommunikasiemiddele dit moontlik gemaak om steeds meer inligting vinniger by die buitelandse kantore te kry. Die Hellschreiber-diens waardeur inligting van die hoofkantoor na die buitelandse kantore oorgesein is, was reeds in vorige tydvakke 'n groot verbetering. In

hierdie tydvak het die Departement 'n data-transmissie-toestel in gebruik geneem. Dit het die Departement in staat gestel om binne enkele minute foto's en getikte teks by wyse van gewone telefoonlyn aan die buitelandse kantore te besorg (III, Jaarverslag, 1972, p. 3).

Kaapstad en Pretoria was ook op hierdie wyse met mekaar verbind. Daardeur kon parlementêre gebeure of die verklarings en reaksies van Ministers in Kaapstad onmiddellik na die buiteland gestuur word (I, Hansard, 1973, dl. 44, kol. 6392-6393).

PROFESSIONELE BENADERING

Behalwe vir die uitbreiding van die Departement se bestaande dienste soos die kantore in die buiteland, nuwe publikasies wat gepubliseer is en die verbeterde kommunikasiekanale met die buitelandse inligtingskantore, het die departement in hierdie tydvak ook verskeie nuwe projekte aangepak.

Die Departement se tegnieke en benadering is ook in elke tydvak verbeter en verfyn. Die benadering van die Departement in hierdie tydvak moet as die mees professionele ooit beskou word.

Mnr N.J.J. Olivier het in 1974 in die Volksraad gesê: "Ek is ook beïndruk deur die groter besigheidsbenadering - as ek die term mag gebruik - wat die departement in die afgelope tyd aan die dag gelê het, want ons is besig met die verkoop van 'n produk. Die produk is Suid-Afrika ..." (I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4296).

Die Departement het in hierdie tydvak ook baie aggressiewer opgetree as in die verlede soos uit hulle advertensieveldtogte en ander projekte geblyk het. Die Minister van Inligting, dr. Mulder, het in 1974 gesê: "Ek het voorheen gesê dat my departement nie altyd verdedigend sal optree nie. Ons het nou tot die aanval oorgegaan" (I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4353).

Op kritiek oor die benadering van die Departement van Inligting in die buiteland en oor die verhouding tussen die Departement van Inligting en die Departement van Buitelandse Sake, het die Minister gesê:

"Maar, Meneer, ons werk verskil van dié van die Departement van Buitelandse Sake, en ons benaderings kan ook verskillend wees. Buitelandse Sake moet uit die aard van die saak, teen die historiese agtergrond en tradisies van Buitelandse Sake, suiwer diplomaties en volgens protokol en die nodige reëls optree. Inligting het deur die loop van jare ontwikkel in alle lande ter wêreld as ŉ departement waarin daar harder politiek gepraat word as by Buitelandse Sake; dit is ŉ aanvaarde feit. Die Inligtingsmense in elke land is die mense wat bereid is om op politieke gebied hardop te praat, terwyl Buitelandse Sake op die suiwer staatkundige vlak korrek volgens protokol optree en sake op heeltemal ŉ ander vlak hanteer. Die twee vul mekaar aan; dit beteken nie noodwendig dat hulle mekaar opponeer nie" (I, Hansard, dl. 51, kol. 4334).

ADVERTENSIEVELDTOGTE

Die meer professionele en aggressiewe benadering van die Departement het in onder andere sy advertensieveldtogte tot uiting gekom. Die advertensies wat in hierdie tydvak opgestel is, is opgestel eers nadat 'n studie deur middel van 'n meningspeiling van die mark waarop hulle gerig word, gedoen is. "... daarna is die konsepproduk in voorondersoeke in die buiteland op die proef gestel; en eers nadat dit dié toetse deurstaan het, is dit wel gebruik. Daarna is weer toetse gedoen om te bepaal of die advertensies werklik die kol getref het" (III, Jaarverslag, 1974, p. 10).

Hierdie professionele benadering het soveel welslae in die buiteland behaal dat dit gelei het tot 'n krisisdebat in die sogenaamde spesiale komitee oor apartheid in die Verenigde Volke. In hierdie debat is die advertensies as "slinkse" en "briljante" propaganda beskryf (III, Jaarverslag, 1973, p. 12-18 en III, Jaarverslag, 1975 p. 10-11). Hierdie spesifieke reeks advertensies in 1973 het oor die Bantoetuislande in Suid-Afrika gehandel.

"By wyse van 'n kort boodskap en grafieke is lesers in Brittanje, die V.S.A., Australië en Nieu-Seeland meegedeel dat KwaZulu en die Transkei meer lewensvatbaar is as tientalle V.V.-lede. Die reeks grafieke toon dat die twee tuislande vir sover dit per capita-inkomste, grondgebied, bevolking en onderwyspeil betref, nie hoef agteruit te staan vir verskeie reeds

onafhanklike lande nie. Op dié wyse is die argument van ons vyande dat die Regering se tuislandbeleid slegs oëverblindery is, afgemaak" (III, Jaarverslag, 1973, p. 18).

'n Ander advertensie van die Departement in 1973 het 'n swart Suid-Afrikaanse sakeman getoon. Die opskrif van die advertensie was "Habakuk Shikwane is a Black Capitalist" (III, Jaarverslag, 1973, p. 18).

Die meer aggressiewe benadering van die Departement blyk uit die trant en opskrifte van hierdie advertensies. In 1975 is 'n reeks van drie advertensies geloods: "Headed by the following penetrating questions, the advertisements caught the eye:
"'Could the next Olympics be in Pretoria, South Africa?'
"'Could the headquarters of the UN Economic Commission for Africa be in Johannesburg, South Africa?' and
"'Could an organisation like NATO have a base in Simonstown, South Africa?'" (III, Annual Report, 1975, p. 10).

So is ook 'n volblad-advertensie die dag voor die aanvang van die Olimpiese Spele in 1972 in die "Münchner Merkur" geplaas (III, Jaarverslag, 1972, p. 12).

MARKANALISE

'n Verdere voorbeeld van die Departement se professionele benadering in hierdie tydvak was die uitgebreide markanalise wat van Suid-Afrika se beeld in die

buiteland gedoen is. Die ondersoek is vir die Departement en 'n vyftal ander lande deur 'n groot Amerikaanse maatskappy, Manville International, onderneem (III, Rhoodie, 1974, p. 2). Die gegewens is in veertien lande versamel en is in 1974 aan die buitelandse inligtingskantore van die Departement asook aan ander belanghebbende staatsinstansies beskikbaar gestel (III, Jaarverslag, 1974, p. 10).

Die Minister van Inligting het in 1974 in die Volksraad gesê: "Hierdie opname toon nie net waar ons probleemgebiede presies is nie, maar dit dui ook ons unieke verkoopproposisies in die verskeie lande aan. Dit dui ook die sogenoemde moeilike en maklike gebiede aan ... Hierdie studie maak dit vir ons moontlik om op 'n wetenskaplik gesonde grondslag te inisieer, eerder as om net op 'n ad hoc-wyse te reageer" (I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4352-4353).

Hierdie ondersoek het byvoorbeeld getoon dat slegs vyftien persent van die Nederlandse publiek glo dat hulle akkurate en voldoende inligting oor Suid-Afrika ontvang, terwyl 41 persent van mening was dat nuus oor Suid-Afrika waarskynlik verdraaid of glad nie betroubaar was nie. Slegs ses persent het ook televisie as 'n bron van inligting oor Suid-Afrika verkies (III, Rhoodie, 1974, p. 3).

Die inligting wat uit hierdie ondersoek verkry is, is op verskillende maniere in die buiteland gebruik. So is van die inligting in advertensies oor die Wêreldraad van Kerke as ook in ander publikasies gebruik.

Behalwe vir hierdie groot markanalise in die buiteland, het die Departement ook op ad hoc-grondslag van sulke opnames gebruik gemaak om die welslae van sekere projekte te bepaal. So het die Departement van 'n onafhanklike marknavorsingsinstansie in Londen gebruik gemaak om 'n opname te maak na die Suid-Afrikaanse inligtingsfilm "Black man alive - the facts" oor die B.B.C. vertoon is. Hierdie film is as antwoord op die B.B.C. se film "Last Grave at Dimbaza" vertoon ná die Departement heftig beswaar by die B.B.C. gemaak het oor verdraaiings in die Dimbaza-film. Volgens die opname het die Departement daarin geslaag om dertien persent van die totale kykers tot nuwe insigte te bring, terwyl 85 persent die B.B.C. geloof het omdat hy toegelaat het dat albei kante gestel word (III, Jaarverslag, 1974, p. 10).

Die Amerikaanse inligtingsdiens maak ook van hierdie metode gebruik om die houding van vreemde bevolkings teenoor Amerika te bepaal. So word dit byvoorbeeld voor en ná 'n Amerikaanse president se buitelandse reis gebruik. "... when the President is about to make a trip abroad, we might very well survey attitudes he might encounter in that country on various questions and deliver the results to the White House" (mnr James Keogh, direkteur van die Amerikaanse inligtingsdiens, III, Keogh, 1974(a), p. 38).

SKAKELKONSULTANTE

Die Jaarverslag van die Departement het in 1976 soos volg oor die werksaamhede van die Departement in Amerika verslag gedoen: "'n Belangrike ontwikkeling in ons werksaamhede in die VSA was die aanstelling van die bekende skakelkonsultante van New York, Sydney S. Baron & Company, Inc., om ons te help om 'n positiewe beeld van Suid-Afrika te bevorder" (III, Jaarverslag, 1976, p. 11).

Hoewel die Departement in die vroeë sestigerjare van die Hamilton Wright-organisasie en in 1965 van mnr T.A. McInerny as skakelkonsultant gebruik gemaak het, was dit nie altyd so geslaag nie (vgl. Hoofstuk 8 en III, Africa Report, Feb. 1966, p. 44-45).

Volgens die ooreenkoms wat met die Sydney Baron-groep aangegaan is, moes hulle jaarliks verslag doen oor wat hulle bereik het. Op grond van hierdie verslag word die kontrak van jaar tot jaar deur die Departement van Inligting hernieu. In 1977 was die Departement nog baie tevrede met die positiewe resultate wat die maatskappy in die V.S.A. bereik het (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

Die aanwending van skakelfirmas in ander lande om 'n inligtingsdiens se saak te stel, is egter nie vreemd in die internasionale politiek nie. "During the Nigerian civil war, 1967-1969, the government of secessionist Biafra hired a public relations firm in New York to organize a campaign to 'tell Biafra's story' - that is, to create favourable attitudes

among interested groups in North America, presumably so that they would influence the Canadian and American governments to be more receptive to Biafra's pleas of aid" (IV, Holsti, 1974, p. 211).

Die werksaamhede van die Arabiese state in die V.S.A. in die sewentigerjare is 'n verdere voorbeeld. "Hul inligtingsveldtog, onder die leiding van Amerikaanse openbare skakeldeskundiges, word gevoer deur meer as 100 heeltydse Amerikaanse beroepslui, met inbegrip van regsfirmas met 'n begroting van R20 miljoen. Na berig word, sluit die veldtog die volledige veld van doelwitgroepe en metodes in wat volgens die Amerikaanse deskundiges noodsaaklik is om uiteindelik 'n verandering in Amerikaanse owerheidsbeleid ten gunste van die Arabiere te bewerkstellig" (III, Jaarverslag, 1974, p. 6).

Die Arabiere het soveel welslae behaal dat Smolar na die V.V.O. in 1975 as 'n "hotbed of Arab propaganda" verwys het (III, Smolar, 1975, p. 31). Suzman het hierdie propaganda beskryf as: "... both subtle and sophisticated and is directed to a wide spectrum of groups and interests - with particular appeal to both the extreme Right and the new Left. More importantly for us, it is being directed to the Black populations throughout the African continent" (III, Suzman, 1974, p. 24).

Die Johannesburgse koerant The Star het in Julie 1977 in 'n verslag oor Suid-Afrika se inligtingsbedrywighede in die V.S.A. geskryf: "The high-powered New York

public relations firm of Sydney S. Baron, was given a 12-month fee of R317 000. Baron helped organise the recent investment conference in New York attended by Foreign Minister Pik Botha, and handled the Transkei's independence, with chief account executive Andres Hatcher virtually taking over Prime Minister Kaiser Matanzima's press conference" (III, The Star, 25 Jul. 1977, p. 21).

Die mnr. Hatcher na wie verwys word en wat namens Suid-Afrika opgetree het, is die hoofbestuurder van die rekeninge-afdeling van die Baron-maatskappy. Hy was ook die eerste swart assistent-perssekretaris van die Wit Huis in die Kennedy-administrasie (III, Brownfeld, 1977, p. 6).

Dr. Mulder het in die Volksraad gesê dat die spesifieke bedrag wat aan die Sydney-Baron maatskappy in 1976 betaal is, R317 780 was (III, Die Burger, 8 Feb. 1977, p. 6). Die feit dat die Departement sy kontrak met die maatskappy op 31 Maart 1977 hernieu het, het op die Departement se tevredenheid gedui. Volgens die hernieude kontrak het die Departement van Inligting in die jaar 1977-78 die Sydney Baron-maatskappy R530 000 betaal. Die Minister van Inligting is ook vol vertroue dat hierdie geld goed bestee sal word (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

DON DE KIEFFER

In Mei 1974 het dit bekend geword dat die Departement van Inligting ook van "lobbyists" of wandelgang-waarnemers in die V.S.A. gebruik maak. "Those who

have been observing the department closely since Dr. Mulder announced his shake-up two years ago were not surprised when the 'De Kieffer Affair' was revealed last month. It was the first example ... of the new-found 'unconventional approach' ...

"... the De Kieffer Affair, in which a professional Washington lobbyist, Mr. Donald De Kieffer, was used to exert influence on certain US senators in a successful attempt to reverse a US State Department decision not to grant a visa to Admiral Biermann, was indeed the tip of the iceberg" (III, The Star, 7 Jun. 1974, p. 25).

Dr. Mulder het in 1974 in die Volksraad gesê: "Van ons oningeligte koerante in Suid-Afrika het kritiek op die Departement uitgeoefen omdat ons so 'n persoon aangestel het. Hulle het te kenne gegee dat dit 'n soort ondergrondse of onderduimse manier is om invloed te probeer uitoefen. Toe 'n Amerikaner wat toevallig in die land was daardie berigte gelees het, het hy gesê dat ons koerante hom verstom. Hy kan natuurlik slegs Engels lees. Hy het gesê die feit dat Suid-Afrika tot in daardie stadium nog nie 'n 'lobbyist' in Washington gehad het nie baie meer nuuswaardig was as die feit dat ons toe wel een aangestel het. Hy het daarop gewys dat elke land ter wêreld, elke groep ter wêreld daar 'n "lobbyist" het en gevra waarom ons dan nou eers in die prentjie kom. Nogtans het sommige van ons koerante ons gekritiseer omdat ons so iemand aangestel het" (I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4356).

Aangesien "lobbyist" of wandelgang-waarnemer nie deel van die Westminster-regeringstelsel uitmaak nie, is dit onbekend in Suid-Afrika. Tog maak dit 'n belangrike deel van die Amerikaanse besluitnemingsproses uit en word dit as 'n noodsaaklike funksie vir doeltreffende regering in Amerika gesien (V, Onderhoud, De Kieffer, 1977).

In Amerika is meer as 20 000 regeringskonsultante, ontleders en "lobbyists". Van hulle word as die "Fifth Branch of Government" gepraat. "At the centre of this 'Fifth Branch' are the traditional lobbyists, operating mainly on Capitol Hill where they attempt to influence legislation pending before Congress. Often their success is measured by how effectively they are in preventing proposals affecting their clients becoming law. They seldom frequent the lobbies of the House of Representatives or Senate. Instead, they work through informal contacts with staff members of the key committees and aides to key senators and congressmen, especially those with enough skill and experience to make or break a bill" (III, To the Point, 21 Jan. 1977, p. 17). (Vir 'n uiteensetting van "lobbying" vgl. IV, Milbrath, 1965, p. 176-192).

Mnr. De Kieffer is aan die regsfirma Collier, Shannon, Rill en Edwards in Washington verbonde. In 1977 het die Departement van Inligting hierdie firma R107 371 betaal vir projekte wat hulle deurgevoer het (III, Die Burger, 8 Feb. 1977, p. 6).

Hoewel mnr. De Kieffer volgens die Amerikaanse

Foreign Agents Act volledig aan die Departement van Justisie in die V.S.A. moet verslag doen oor sy uitgawes (V, Onderhoud, De Kieffer, 1977), is dit moeilik om 'n volledige prentjie van sy werksaamhede en sy welslae te vorm. 'n Voorbeeld van mnr. De Kieffer se welslae is die visum van adml. Biermann asook 'n maatreël oor die Transkei wat in die huis van verteenwoordigers gestuit is.

"A group of liberal congressman, headed by Democratic Representative Stephen J. Solarz and including long-time South African critic Charles C. Diggs of Michigan, introduced House Resolution No 1 509, which would have urged President Ford not to extend diplomatic or other recognition to the Transkei" (III, Birkby, 1976, p. 14).

Die gedagte was om hierdie maatreël op die "Consent Calendar" te plaas, en so ongemerk deur te loods. "The South African Information Department 'early warning' system caught upon this seemingly innocuous Bill. As only one of 25 000 pieces of legislation, the Transkei resolution had the added advantage of speed. Tracking legislation on Capitol Hill is akin to controlling air traffic ...

"... when the resolution was calendared, the RSA's Information Department's Capitol Hill contacts notified the law firm of Collier, Shannon, Rill and Edwards; South Africa's registered agents in Washington.

"The assignment to defeat the Solarz-Diggs move was

given to a partner in the firm, Donald De Kieffer" (III, Birkby, 1976, p. 14).

Deur sekere kongreslede te gaan spreek en hulle van agtergrondmateriaal te voorsien, het mnr. De Kieffer daarin geslaag om hierdie maatreël te stuit.

"There were inevitable complication. De Kieffer's rebuttal, intended as a backgrounder for only a few close friends was inserted verbatim into the congressional record - and this prompted Diggs angrily to denounce the South African Embassy for 'deviousness'" (III, Birkby, 1976, p. 14).

Uit hierdie voorbeeld kan afgelei word watter tipe werksaamhede mnr. De Kieffer in Amerika vir die Departement van Inligting verrig.

Die Financial Mail het in 1974 berig: "Mulder says he's extremely happy with the work being done in the US by lawyer-lobbyist Don de Kieffer, whose services cost SA fifty dollar an hour.

"He avers: 'We would, without hesitation, use the services of people like De Kieffer where possible,' and scoffs at critics who say his Department is usurping the role of the diplomatic service" (III, Financial Mail, 18 Oct. 1974, p. 234).

Mnr. De Kieffer het in 1977 tydens 'n besoek aan Suid-Afrika volgens Rapport in 'n onderhoud gesê: "Mense soos Pik Botha en Connie Mulder het agtergekom dat Amerika nie noodwendig die RSA se bondgenoot is nie.

"'Dié twee manne het met 'n nuwe diplomasie voor die

dag gekom. Hulle is besig om die Suid-Afrikaanse standpunt te stel in die enigste taal wat Amerika verstaan. In die verlede was julle te apologeties oor jul situasie.

"'Wat het julle tot dusver van Amerika gekry? ... Nou is dit julle beurt om Amerika te druk vir toegewings, soos die erkenning van Transkei se onafhanklikheid'" (III, Botha, 1977, p. 7).

Mnr. De Kieffer het ook in opdrag van die Departement van Inligting vir ander Suid-Afrikaanse staatsdepartemente opgetree. So het hy welslae behaal deur aanslae om die Suid-Afrikaanse suikerkwota te verminder, af te weer (V, Onderhoud, Mulder).

Die Sydney Baron-maatskappy en mnr. De Kieffer se werksaamhede in die V.S.A. is voorbeelde van die nuwe meer professionele en aggressiewe benadering van die Departement van Inligting in hierdie tydvak in die buiteland.

## REAKSIE IN DIE V.S.A.

Uit verskeie oorde was daar in hierdie tydvak reaksie op die Departement van Inligting se pogings in die V.S.A. Aan die einde van Januarie 1977 het die Washington Post op twee agtereenvolgende dae voorbladberigte gepubliseer oor "wandelgangbedrywighede" deur die Suid-Afrikaanse Regering en die S.A. Stigting in Washington. Die Washington Post het verwys na "die groeiende en gesofistikeerde reklameveldtog wat deur Suid-Afrikaanse regerings- en private instansies in die Verenigde State gevoer word" (III, Brownfeld,

1977, p. 6).

In 'n voorbladberig het The Daily News se Washingtonse Buro soos volg berig: "Dr. Connie Mulder's R1,5-million United States operation - the biggest here with the possible exception of the Soviet Union - is coming under increasing attack and scrutiny" (III, The Daily News, 28 Jan. 1977, p. 1).

Die Cape Times se korrespondent in New York het geskryf: "The first-ever official probe of South Africa's publicity and propaganda drive in the United States has been scheduled by the new Congressional subcommittee on Africa headed by Congressman Charles Diggs ... The propaganda probe is planned for early in March. The greatly intensified and costly South African efforts have sparked increasing criticism.

"One Congressman claimed that 'they've taken over Capitol Hill' and said the South Africans were more visible than even the South Koreans, whose excesses have led to allegations of corrupt payments to American legislators" (III, Cape Times, 11 Feb. 1977).

Die Suid-Afrikaanse Regering het hom nie hieroor bekommer nie aangesien sy inligtingspogings in die V.S.A. aan dieselfde beheermaatreëls as alle ander lande in die V.S.A. onderworpe is (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

PERSSKAKELAFDELING

Die nuwe benadering van die Departement is ook binne Suid-Afrika toegepas met die oog op 'n beter beeld in die buiteland. So het die persskakelafdeling van die Departement drie verskillende perskonferensies vir die Eerste Minister gereël. Hierdie konferensies was 1)met die geakkrediteerde verteenwoordigers van buitelandse persmedia in Suid-Afrika; 2) met die politieke korrespondente van Suid-Afrikaanse koerante en 3) met die hoofredakteurs van Suid-Afrikaanse koerante.

"In vorige jare was die konferensies van die Eerste Minister met die pers formele byeenkomste wat deur die pers as geheel bygewoon is. Die konferensies in 1973 het 'n ander vorm aangeneem. Die drie groepe is deur die Eerste Minister op 'n aandete by sy ampswoning in Pretoria onthaal, waarna die persverteenwoordigers geleentheid gehad het om vrae aan die Eerste Minister te stel. Dit het hulle die geleentheid gebied om die Eerste Minister in 'n meer ontspanne atmosfeer van naderby te leer ken" (III, Jaarverslag, 1973, p. 11).

Die Departement van Inligting het ook die geakkrediteerde verteenwoordigers van buitelandse media op besoeke aan verskillende dele van Suid-Afrika geneem. Die doel met die besoeke was nie om nuus aan die verteenwoordigers te verskaf nie, maar slegs om agtergrondinligting aan hulle beskikbaar te stel waarteen hulle gebeure in Suid-Afrika tydens hulle verblyf in die land kan beoordeel. So is besoeke aan die Transkei, aan Simonstad en aan die operasionele gebied gebring

(III, Jaarverslag, 1974, p. 79).

DATABANK

Op 17 September 1976 het dr. Mulder as Minister van Inligting die gerekenariseerde databank van die Departement in werking gestel. Hierdeur het die Departement met die nuutste ontwikkelinge op tegnologiese gebied tred gehou.

"Die databank van die Departement bestaan uit inligting wat óf as volle teks óf as opsommings uit gekeurde koerantberigte, tydskrifte (binnelands en buitelands), persvrystellings, Hansard, statistiese verslae, ens. vasgelê is ...

"Inligting word uit die rekenaar ontsluit deurdat 'n vraag geformuleer en via 'n eindpunt aan die stelsel gevra word. Elke woord in 'n dokument is 'n ontsluitingsterm vir gebergde inligting. 'n Kombinasie van woorde en begrippe sal die soektog na toepaslike data verbreed of vernou. 'n Goed geformuleerde vraag sal slegs die ontsluiting van inligting tot gevolg hê wat benodig word" (III, Jaarverslag, 1976, p. 20).

Die gegewens wat op hierdie wyse verkry is, is gebruik vir die voorbereiding van publikasies en die beantwoording van navrae wat aan die binnelandse en buitelandse inligtingskantore gerig is (III, Jaarverslag, 1976, p. 20).

SWART INLIGTINGSBEAMPTES EN TUISLAND-INLIGTINGSDIENSTE

Die instelling van eie inligtingsdienste vir tuislandregerings is reeds in 1971 in beginsel goedgekeur. Op 1 April 1974 is 'n inligtingsafdeling as deel van die hoofminister van die Transkei se departement aangekondig. "Sedertdien het die instelling van dergelike dienste op versoek van die regerings van Bophuthatswana en die Ciskei reeds aandag geniet en kan aankondigings in hierdie verband deur die betrokke tuislandregerings binne afsienbare tyd verwag word" (min. Mulder, I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4285).

Op 2 Oktober 1974 het die Minister van Inligting in die Volksraad gesê: "Dit is die voorneme van die departement, veral waar formele goedkeuring van die Kabinet daartoe verkry is, om reeds vroeg in die komende jaar, wanneer die opleidingsprogram vir 1975 'n aanvang neem, ook Bantoe-beamptes by hierdie program te betrek. Na 'n kort periode van opleiding en oriëntering, sal hulle dan met die oog op verdere opleiding as inligtingsbeamptes in die volgende kantore van die departement in die buiteland geplaas word, t.w. New York, Londen, Keulen en Parys.

"Omdat hierdie amptenare opgelei en die geleentheid gebied word om ondervinding op te doen hoofsaaklik vir latere diens aan hulle eie volksgroepe, maak ek graag staat op tuislandregerings met die keuring van hierdie kandidate, en is dit my voorneme om hulle in hierdie verband te ken" (I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4286).

Die 63 Bantoe-inligtingsbeamptes wat aan die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting verbonde was, is ook aangemoedig om hulle by die inligtingsdienste van die tuislande aan te sluit (I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4285).

Die doel met die opleiding van die Transkeiers was om hulle insig in die funksies en doelstellings van 'n staatsdepartement van inligting te gee. "Daar is ook gepoog om hul kennis van alle aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing en veral dié in die Transkei en van die onderlinge afhanklikheid van die van die volkere van Suider-Afrika te verbreed ..." (III, Rousseau, 1975, p. 27).

Hierdie stap van die Departement is oral verwelkom. "It's an important step, for which both Mulder and Rhoodie deserve praise, the more so as we are assured that they will be on precisely the same pay scales as their White counterparts when serving abroad. Black Information Officers in London, Paris, New York and Cologne can only improve our image in those countries, and elsewhere" (III, Financial Mail, 18 Oct. 1974, p. 234).

Hierdie aankondiging het ook die Indiër- en Kleurling-inligtingsbeamptes, waarvan daar dertien in die Departement was, geraak. "Dit is dan ook die voorneme van die departement om ook amptenare wat hierdie gemeenskappe verteenwoordig, in die opleidingsprogram gedurende die komende jaar te betrek en ook van hulle vir verdere opleiding by kantore van hierdie departe-

ment binne die volgende jaar in die buiteland te plaas" (min. Mulder, I, Hansard, 1974, dl. 51, kol. 4287).

As gevolg van hierdie ontwikkelinge het die Departement in 1976 nog 'n buitelandse kantoor bygekry. "Die twee-en-twintigste Streekkantoor van hierdie departement naamlik Umtata, het met die onafhanklikwording van die Republiek Transkei as 'n binnelandse kantoor verval en word tans voortgesit as 'n buitelandse kantoor toegevoeg tot die RSA se Ambassade in Umtata" (III, Jaarverslag, 1976, p. 7).

AKADEMIESE BENADERING

Die Departement van Inligting het in hierdie tydvak ook 'n meer akademiese benadering tot die probleme van staatsinligtingsdienste gehad. Dit blyk reeds uit die opleidingsprogram wat in hierdie tydvak vir jong inligtingsbeamptes ingestel is.

"Afgesien daarvan dat Suid-Afrika sy inligtingstaak in die buiteland sal moet uitbrei en dus meer inligtingsbeamptes benodig, word internasionale kommunikasie wat ook noodwendig 'n voorligtingstaak insluit, gaandeweg meer en meer gesofistikeerd en verfynd. Inligtingsbeamptes se benadering en die uitvoering van hul taak moet dus op 'n meer professionele grondslag geplaas word ...

"Voorbereidingswerk is dus gedoen om vanaf Januarie ;973 'n voltydse opleidingskursus vir jong inligtingsbeamptes in te stel. Die kursus sal 'n jaar duur" (III, Jaarverslag, 1972, p. 9).

Waar die opleiding van 'n inligtingsbeampte in die verlede hoofsaaklik uit in-diens-ervaring bestaan het,

is daar nou 'n jaar aan spesifieke opleiding afgestaan. Dr. C. Egges Mulder het aan die hoof van hierdie afdeling gestaan. Dr. Mulder se proefskrif, "Kommunikation in zwischenstaatlichen Beziehungen", het die ontvangers van tussenstaatlike inligting, die kanale wat daarvoor gebruik word en die motiewe van kommunikatore bepaal en geanaliseer (vgl. II, Rhoodie, 1973, p. 3-7).

Hierdie meer akademies-ontledende benadering van die Departement het ook uit toesprake en referate wat min. Mulder, dr. Eschel Rhoodie en dr. Egges Mulder gehou het, geblyk. So is daar in hierdie tydvak heelwat geskryf en gepraat oor die vereenvoudigde beelde wat van state bestaan en waaronder Suid-Afrika ook in die buiteland gely het.

"Die voorstelling en beelde wat die mens van sy medemens, vreemde groepe, ander nasies en state vorm, word aangeleer. In die huidige tyd vorm die massakommunikasiemedia en die berigte oor ander state wat daarin verskyn, van die belangrikste bronne vir die aanleer en ontstaan van sulke voorstellings. Daar beslissingsnemers in die internasionale sfeer ook onder die verbruikers van die massamedia tel, gee dit aan hierdie probleem 'n interessante politieke dimensie" (III, Mulder, 1974, p. 15).

Holsti het hieroor geskryf: "The relationship of national images to international conflict is clear: decision-makers act upon their definition of the situation and their images of states - others as well

as their own. These images are in turn dependent upon the decision-makers' belief system, and these may or may not be accurate representations of 'reality'. Thus it has been suggested that international conflict frequently is not between states, but rather between distorted images of states" (IV, Holsti, 1969, p. 544).

Die meeste van Suid-Afrika se probleme kan dan ook aan hierdie vereenvoudigde beeld van Suid-Afrika in die buiteland toegeskryf word. Dr. Egges Mulder het dit soos volg verklaar: "... omdat gebeure in Suid-Afrika in 'n afgeleë land plaasvind, moet die beriggewing by voorkeur ondubbelsinnig en maklik verklaarbaar wees ten einde vir 'n leser in die buiteland wat Suid-Afrika nie ken nie, enigsins verstaanbaar te wees. Beriggewing oor Suid-Afrika moet dus noodwendig vereenvoudig word ...

"Nuus oor Suid-Afrika moet in 'n verwagtingskema pas. So sal 'n voorval in Suid-Afrika wat op rassekonflik in 'n situasie dui, makliker tot nuus word as 'n voorval of gebeurtenis wat op 'n goeie samewerking tussen rasse dui - die rede is dan dat 'n rassekonfliksituasie meer in die verwagtingskema van persone in die buitelandse massamedia pas" (II, Mulder, 197-?, p. 11-12).

Hoe die buitelandse media nie verwarring in die verwagtingskema van hul lesers en kykers wil veroorsaak nie, het dr. Rhoodie in The Paper Curtain beskryf. Nadat 'n Suid-Afrikaanse inligtingsbeampte in 'n televisie-onderhoud verskillende punte gemaak het waar-

onder die feit dat swartes mediese dokters, professore en miljoeners in Suid-Afrika word onder die beleid van "apartheid", het hy die programdirekteur onkant betrap. "After the film had been screened to the programme director, he called the South African official and requested permission to cut the four points mentioned above 'since this would confuse the viewers'" (IV, Rhoodie, 1969, p. 46-47).

Dr. C.P. Mulder het oor die buiteland gesê: "Al wat aan hulle oorgedra word, is dat hier in Suid-Afrika 4 miljoen Blanke koloniste, volgens hulle standpunt is, wat die grondgebied van 15 miljoen inheemse swart 'Africans' afgeneem het, en nou weier om hulle politieke seggenskap of vooruitsig op 'n beter ekonomiese, maatskaplike en politieke lewe te bied. Daarop veroordeel hulle die hele Suid-Afrika en die Opposisiebeleid is vir hulle net so onaanvaarbaar as ons beleid. Laat ons geen illusies hieroor hê of hare daaroor kloof nie" (I, Hansard, 1972, dl. 39, kol. 7824).

"PROPAGANDA VAN DIE DAAD"

Nuusgebeurtenisse in 'n land en dade deur 'n regering wat verskil van die vereenvoudigde beeld wat van so 'n land in die buiteland bestaan, is die beste metode om hierdie vereenvoudigde beeld af te breek. Dit is teen hierdie agtergrond dat gebeure soos die hartoorplanting in Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse voedselhulp aan Lesotho en die Eerste Minister se vredesinisiatief en ontmoeting met dr. Kaunda, nie in die buitelandse verwagtingskema inpas nie. Dit veroorsaak dan ver-

warring wat weer lei tot 'n soeke na meer inligting of verklarings vir die optrede (vgl. IV, Ellul, 1965, p. 18-19).

Holsti verwys soos volg hierna: "The adage 'actions speak louder than words' undoubtedly applies in international propaganda efforts. The images that foreign populations possess of other countries are usually based on news reports, movies, and cultural events rather than on direct experience ... Few Americans read Pravda, or the Soviet Journal International Affairs, or listen to Radio Moscow. But a great number of Americans know immediately when the Soviet government has achieved a spectacular space success. In short, people are likely to be more impressed with what governments do than with what propagandists say they do" (IV, Holsti, 1974, p. 219-220).

Dit verklaar dan ook waarom die Departement in die vorige tydvak soveel gedoen het om prof. Barnard se hartoorplanting in die buiteland bekend te stel (vgl. Hoofstuk 9, p. 417). In hierdie tydvak het die Departement die Eerste Minister se vredespogings in Afrika asook die feit dat Suid-Afrika nie in Mosambiek ingemeng het nie, beklemtoon (I, Hansard, 1975, dl. 56, kol. 5105).

Die Direkteur van die Amerikaanse inligtingsdiens, mnr. George V. Allen, het in 1957 gesê: "I have long been convinced that 90 per cent of the impression which the United States makes abroad depends on our policies and that not more than 10 per cent, to make a

rough estimate, is how we explain it - whether we say it softly, or loudly, or strongly, or belligerently, or with dulcet tones. We can work our hearts out for years building up good will for the United States in a given country, when suddenly one little policy action is taken which does more to destroy our position than the USIA can rebuild in a very long time. I want to make it absolutely clear that I am not writing down the importance of the United States Information Agency. I am writing up the importance of having the public relations aspects of policy taken into consideration when policy is made ..." (aangehaal in IV, Dizard, 1965, p. 134).

Hierdie stelling geld vir Suid-Afrika ook. Die vyande van Suid-Afrika gebruik elke moontlike negatiewe gebeurtenis binne die land om die vereenvoudigde beeld van Suid-Afrika in die buitewêreld te bevestig. "Their insidious propaganda is built on such incidents, and yet there are elements among us who are mindless enough to go on providing them with this ammunition that they employ so effectively against us ... the Black marathon runner who was stopped from competing in a race, the Coloured man who was refused a telephone on a White party line, the Indian advocate who was told to vacate a 'Whites only' bench" (S.A. Stigting se nuusbrief aangehaal in I, Hansard, 1975, dl. 56, kol. 5170).

Die Financial Mail het ook na sulke voorvalle verwys: "One such event and all the Department's time and

taxpayers' money will have virtually been thrown away, lost in the bold anti-South African headlines of the foreign Press" (III, Financial Mail, 18 Oct. 1974, p. 234).

SPORT

Hierdie "propaganda van die daad" het gemaak dat sport 'n belangrike propagandawapen in die twintigste eeu geword het (IV, Davison, 1965, p. 265).

"Nonmilitary actions for purposes of international communication have also become common. Sports have been used by both the Nazis and the Soviets, and to a lesser extent by the democracies, as a means of conveying political ideas" (IV, Davison, 1965, p. 181).

Deur sportprestasies kan veral die "man in die straat" se beeld van 'n ander land verander word (III, Parker, 1970, p. 37). Kuba en Oos-Duitsland het met die Olimpiese Spele in 1976 te Montreal hul beeld in die internasionale wêreld aansienlik verbeter deur hulle sportprestasies. Die uitgangspunt is dat die kummunisme nie so 'n swak en verkeerde stelsel kan wees as dit sulke goeie prestasies oplewer nie (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

Aangesien Suid-Afrika tot groot hoogte op sportgebied van die internasionale wêreld geïsoleer is, kan die Departement van Inligting moeilik van hierdie metode gebruik maak (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977). Met die veranderinge wat binne Suid-Afrika ten opsigte van sport aangebring is, kan dit egter die moeite werd wees om enkele sportinligtingsbeamptes of sport-

attachés aan te stel met die doel om hierdie ontwikkelinge in die buiteland bekend te stel. Hoewel die vyande van Suid-Afrika politieke oogmerke met hul sportboikotte het en dus nie met sportveranderinge tevrede gestel sal word nie, kan dit die algemene beeld van die land verbeter.

PERSOONLIKE BESOEKE

Behalwe sport is daar ook verskeie ander metodes waarvolgens van hierdie sogenaamde "propaganda van die daad" gebruik gemaak kan word.

"Visual impressions and physical demonstrations add greatly to the influence of propaganda. Nuclear explosions and launchings of satellites now supplement the age-long tradition of military parades and of naval demonstrations. Visits by prominent politicians, leaders and artists, even travel by the man in the street, all play a part in drawing attention to the propagandist state" (IV, Frankel, 1969, p. 105).

Hierdie tydvak verskil dan ook van ander tydvakke in dié opsig dat dit gekenmerk is deur gereelde besoeke van die Minister van Inligting en die Sekretaris van Inligting aan die buiteland. Die voordeel van sulke besoeke is dat met belangrike buitelandse meningsvormers en beleidmakers op hoë en persoonlike vlak geskakel kan word. So 'n besoek lok ook gewoonlik heelwat publisiteit in die verskillende lande wat besoek word uit tot voordeel van die besoekende land.

Gedurende Dr. Mulder se buitelandse reis in 1972 het hy met 65 vooraanstaande persone in nege lande onder-

houde gevoer. Dit het persone soos mnr. Spirow Agnew, onderpresident van die V.S.A.; sen. Paul Martin, leier van die Senaat in Kanada; staatsekretaris Conrad Ahlers in Wes-Duitsland; dr. Goppel, eerste minister van Beiere; mnr. B. Roolvink, kabinetsminister in Nederland; mnr. Reginald Maudling, Britse minister van binnelandse sake; prof. Joaquim Moreira da Silva Cunha, kabinetsminister in Portugal; mnr. Garicano Goñi, kabinetsminister in Spanje; ens. ingesluit (I, Hansard, 1972, dl. 40, kol. 979-983).

Die Minister het ook na die Midde-Ooste gereis, waartydens onder andere Iran en Israel besoek is. Tydens hierdie besoeke is samesprekings met kabinetsministers en die Israelse eerste minister, mnr. Rabin, gevoer. In hierdie tydvak is ook sekere Afrikastate besoek, waaronder 'n amptelike besoek aan die Ivoorkus. 'n Geheime besoek aan die Skandinawiese lande het ook later bekend geword (V, Onderhoud, Mulder, 1977). In 1975 het die Minister van Inligting die Verre Ooste en lande soos Taiwan en Japan besoek (I, Hansard, 1975, dl. 56, kol. 5197). Op meeste van hierdie reise is dr. Mulder deur dr. Eschel Rhoodie as Sekretaris van Inligting vergesel. Hierdie reise en persoonlike samesprekings met verskillende persone moet as 'n nuwe werkmetode van die Departement van Inligting gesien word.

Behalwe die samesprekings wat gevoer is, het die Minister en die Sekretaris verskeie perskonferensies in die onderskeie lande gehad en ook by verskeie geleenthede as sprekers opgetree. So is 'n toespraak van die Minister voor die National Press Club in

Washington landwyd oor die V.S.A. uitgesaai, terwyl 'n toespraak voor die invloedryke World Affairs Council wye publisiteit ontvang het (III, Jaarverslag, 1975, p. 12). Ná die optrede van die Minister by 'n soortgelyke geleentheid in Kalifornië het 'n Amerikaanse geleerde, prof. Edwin Munger, soos volg daaroor geskryf: "After his talk there was grudging admission from some listeners and praise from others on how well the Afrikaner leader had handled difficult questions" (III, Munger, 1975, p. 103).

Gedurende hierdie latere besoek aan die V.S.A. het min. Mulder vise-president Gerald Ford ontmoet en samesprekings met hom gevoer. Mnr. Ford sou later president van die V.S.A. word (III, Jaarverslag, 1974, p. 4). Dit kan aanvaar word dat hierdie ontmoeting tussen min. Mulder en pres. Ford wel op een of ander wyse 'n invloed gehad het op alle latere besluite wat deur hom oor Suid-Afrika geneem is (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977).

Dr. Rhoodie het ook verskeie reise selfstandig onderneem waartydens hy ook toesprake gehou het en selfs sekere artikels in buitelandse tydskrifte gepubliseer gekry het (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977). Vorige Sekretarisse van Inligting het nie hierdie soort werksaamhede onderneem nie (vgl. Hoofstukke 7 en 8).

In hierdie tydvak is ook begin om jaarliks inligtingskonferensies in die buiteland te hou. Hierdie konferensies is deur alle buitelandse inligtingsbeamptes van die Departement, die Sekretaris van die Departement

en ander belanghebbendes bygewoon. Tydens hierdie konferensies is nuwe metodes, tegnieke en doelstellinge bespreek. So is die gerekenariseerde databankstelsel aan die buitelandse inligtingsbeamptes op so 'n konferensie gedemonstreer (III, Jaarverslag, 1976, p. 20).

AFRIKA

'n Belangrike deel van die Departement van Inligting se werksaamhede in hierdie tydvak was op Afrika toegespits. Dit het met die Suid-Afrikaanse Regering se dialoogpogings in Afrika en die Eerste Minister, mnr. Vorster, se uitwaartse beleid saamgehang. Hierdie beleid het begin met dr. Verwoerd en dr. Jonathan van Lesotho se ontmoeting in 1966 en het op die brugberaad en die ontmoeting tussen mnr. Vorster en dr. Kaunda in 1975 uitgeloop. (Vir 'n chronologiese uiteensetting van Suid-Afrika se dialoogpogings in Afrika vgl. III, Marco, 1971, p. 108-117 en III, Financial Mail, 19 May 1972, p. 523-524).

Wat die spesifieke rol van die Departement van Inligting in hierdie dialoogpogings was, is moeilik bepaalbaar. Dat die Departement 'n belangrike rol gespeel het, moet egter aanvaar word (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

Die Departement van Inligting het byvoorbeeld die aanvoorwerk vir die latere skakeling met die Ivoorkus gedoen. Die Sekretaris van Inligting, dr. Rhoodie, het tydens een van sy buitelandse reise 'n gesprek met die ambassadeur van die Ivoorkus in Parys gevoer. Dit het gelei tot verdere samesprekings tussen die Suid-

Afrikaanse Sekretaris van Inligting en die Minister van Inligting van die Ivoorkus, mnr. Laurent Dona-Fologo. Hierdie samesprekings is opgevolg met oor en weer besoeke van die Suid-Afrikaanse Minister van Inligting aan die Ivoorkus en mnr. Dona-Fologo aan Suid-Afrika. Dit was die eerste amptelike besoek van 'n Suid-Afrikaanse Minister aan 'n Afrikastaat. Min. Mulder is ook ontvang met die gewone diplomatieke hoflikheid en protokol wat mnr. Dona-Fologo later in Suid-Afrika te beurt geval het (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

Mnr. Dona-Fologo het tydens sy besoek aan Suid-Afrika na sy besoek verwys as 'n "... 'sending van vrede en dialoog' en die feit beklemtoon dat Suid-Afrika 'n integrerende deel van Afrika is ... "'Daar word geen voorwaarde gestel vir dialoog met Suid-Afrika nie', het mnr. Dona-Fologo bygevoeg" (III, Suid-Afrikaanse Panorama, Nov. 1975, p. 26).

Hierdie besoeke en samesprekings het tot gevolg gehad dat die Suid-Afrikaanse Eerste Minister ook die President van die Ivoorkus, pres. Houphouet Boigny ontmoet het (III, Muller, 1975, p. 5).

Die skakeling wat op hierdie wyse bewerkstellig is, het ook na ander departemente uitgekring. So mag Suid-Afrikaanse vliegtuie byvoorbeeld op Abidjan in die Ivoorkus land (V, Onderhoud, Mulder, 1977), terwyl prof. Chris Barnard onderneem het om hulp aan die harteenheid in Abidjan te verleen (III, Suid-Afrikaanse Panorama, Nov. 1975, p. 26).

Die dialoogpogings in Afrika het ná Suid-Afrika se betrokkenheid in Angola en die Soweto-onluste 'n terugslag in Afrika ondervind. In Maart 1976 het Beeld soos volg oor 'n besoek van die Minister van Inligting verslag gedoen:

"Dr. Connie Mulder, Minister van Inligting en Binnelandse Sake, pas terug uit die buiteland, het onder meer 'n geslaagde besoek aan 'n Afrika-staat afgelê wat hy geheim hou. Hy wil nie nou sê watter staat dit was nie, omdat dit Suid-Afrika se toekomstige betrekkinge met dié Afrika-staat kan benadeel, het dr. Mulder gesê.

"Hy het op 'n perskonferensie op die lughawe Jan Smuts sy tevredenheid uitgespreek met die vordering wat gemaak is ...

"Geeneen van die lande het Suid-Afrika se rol in Angola gekritiseer nadat hy dit verduidelik het nie, het dr. Mulder gesê.

"Benewens die onbekende staat in Afrika, het dr. Mulder ook die Ivoorkus, Frankryk en Israel besoek" (III, Beeld, 29 Maart 1976).

Ná hierdie besoek van dr. Mulder het 'n koerant in Nigerië onder die opskrif "Dialogue alive and well" die volgende geskryf:

"Speaking in Paris after his visit to Abidjan, Mr. Connie Mulder, the South African Minister of Information, has said that 'Dialogue is alive and very much in operation, whether on the semi-official or the

private level' and that 'it is clear that moderate and responsible nations prefer Dialogue and Detênte as a solution to problems rather than violence" (III, West Africa, 5 April 1976, p. 482).

In 1977 het die Minister na die skakeling met die Ivoorkus verwys en gesê: "Soortgelyke en op ander vlakke is skakeling tussen die Departement van Inligting en meer as 'n dosyn Afrika- en Midde-Oosterse state nog gereeld aan die orde van die dag" (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

Behalwe vir die Angola-voorval en Soweto kon die terugslae wat die Departement ondervind het, meestal aan regeringsveranderinge in Afrika toegeskryf word (V, Onderhoud, Mulder, 1977). In die sestigerjare alleen het Afrika nie minder as 28 geslaagde militêre staatsgrepe belewe nie (III, De Villiers, p. 4). Waar die meningsleiers en beleidmakers in 'n demokratiese land soos die V.S.A. 'n hele paar duisend tel, is dit dikwels in sekere Afrika-state nie meer as vyf nie (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977). 'n Regeringsverandering in Afrika veroorsaak dan dat die Departement van Inligting weer van vooraf skakeling met die nuwe leiersgroep in so 'n land moet begin soek. So het die Departement goeie skakeling met dr. Busia se regering in Ghana opgebou. Wedersydse besoeke en skakeling was reeds ver gevorder toe sy bewind in 'n staatsgreep omver gewerp is. Hierdeur is al die werk van die Departement tot niet gemaak (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

As gevolg van die welslae wat die Departement van

Inligting behaal het, wou die Opposisie in die Volksraad weet waarom die Departement nie sy inligtings- en gasteprogramme na Afrika uitbrei en kantore daar open nie (mnr. Japie Basson, I, Hansard, 1971, dl. 33, kol. 5355).

Min. Mulder het hierop geantwoord: "Laat ek dadelik aan die agb. lid sê dat in die praktyk volg alle ander skakeling op die diplomatieke skakeling, uit die aard van die saak. In al ons programme waar ons onderhandel met verskillende lande, is die beweging eerstens op die amptelike vlak, dat daar 'n diplomatieke uitruiling plaasvind of 'n ooreenkoms plaasvind. Daarna word ander personeel tot so 'n ambassade of missie toegevoeg" (I, Hansard, 1971, dl. 33, kol. 5356).

Sedert 1964 het die Departement van Inligting ook 'n Afrika-lessenaar gehad (I, Hansard, 1971, dl. 33, kol. 5356). Die belangrikste funksie van hierdie lessenaar was om 'n groot aantal navrae en ander korrespondensie uit Afrika te beantwoord. Die afdeling het ook 'n gereelde evaluasie van gebeure in Afrika gemaak (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977).

Omdat nog so min inligting oor die Departement van Inligting se bedrywighede in Afrika bekend is, sal 'n billike oordeel oor hierdie werksaamhede van die Departement eers later gevel kan word. Tog moet dit as van die belangrikste werksaamhede van die Departement in hierdie tydvak gesien word asook van die werksaamhede waar die grootste welslae behaal is.

GEHEIME DIENSTE IN AFRIKA

Die Departement van Buitelandse Sake het ook 'n belangrike rol in die Regering se deténtebeleid in Afrika gespeel. In 1965 is reeds 'n item bekend as "geheime dienste" op die begroting van die Departement van Buitelandse Sake geplaas.

Volgens die Minister van Buitelandse Sake sou die gelde in die Spesiale Rekening vir Buitelandse Sake nie aangewend word vir enige vorm van spioenasie of ondermynende bedrywighede in die buiteland nie (III, Bam, 1967, p. 15).

"Die klem val op hulp aan en samewerking met ander lande, want 'daar (is) soms gevalle waar dit nie wenslik en nie in belang van die Republiek en ander bepaalde state is om bekend te maak dat die Regering sekere versoeke ontvang het en hoe die Regering daarop gereageer het nie'. Dit is die gevolg van besondere omstandighede in sommige Afrika-state, 'waaroor dit nie vir my nodig is om verder uit te wei nie', het die Minister bygevoeg" (III, Bam, 1967, p. 15).

In 1975 het min. Hilgard Muller ook gesê: "Ek kon onlangs in die Parlement openbaar dat mnr. Brand Fourie, die Sekretaris van Buitelandse Sake gedurende die afgelope jaar (1975), meer as twintig reise na Afrikalande afgelê het - dit is afgesien van besoeke deur ander amptenare van my eie en ander departemente. Ons het inderdaad heelwat uitgerig, ten spyte van teleurstellings en terugslae en wanklanke" (III, Muller, 1975, p. 5).

In 1965 en 1966 is 'n bedrag van R500 000 daarvoor bewillig. Min. Muller het in die Volksraad verduidelik dat "... die Regering in die lig van gebeure en van die spesiale omstandighede waarin ons verkeer, besluit het om voorsiening te maak vir 'n bedrag wat aangewend sou kan word om op onortodokse wyse die Republiek se buitelandse betrekkinge te bevorder" (III, Bam, 1967, p. 15).

Waar hierdie "geheime bedrag" van die Departement van Buitelandse Sake in die begroting van 1976-77 R1 490 000 beloop het, is dit in die 1977-78 begroting tot R10 863 000 verhoog. Die bedrag is onder die opskrif "Hulp aan en Samewerking met vreemde Lande" bewillig (IV, Suid Afrika, 1977, begrotingspos 5).

ONORTODOKSE METODES VAN LANDE

Die gebruik van onortodokse metodes deur lande in hul inligtingspogings in ander lande word reeds algemeen aanvaar. "... Communist international communication programs frequently employ techniques of 'black' or 'gray' propaganda. Indeed, the practice whereby the Soviet Union and Communist China reach audiences abroad largely through local Party organizations, front groups, or controlled publications could in itself be defined as a technique of 'black' propaganda, since the source of the ideas disseminated is alleged to be domestic. The voice or organization transmitting slogans or calls to action is rarely identified as a foreign one" (IV, Davison, 1965, p. 221).

Frankel het ook na hierdie frontorganisasies van die

Russe en die Chinese verwys. "The most important of these are the communist parties, but there are also numerous other groups often called cover-organizations, such as the national units of the World Peace Council, the World Federation of Trade Unions, the World Federation of Democratic Youth, etc." (IV, Frankel, 1969, p. 102).

Die Kommuniste maak ook van radiosenders op hierdie wyse gebruik. "The Communist apparatus operates several 'black' radio stations, most of which represent themselves as the voice of a resistance movement within some non-Communist nation, while actually broadcasting from bloc territory. 'Freiheitssender 904', located in East Berlin, purports to be a secret station in West Germany. 'Radio España Independiente', allegedly in the Pyrenees, is actually in Eastern Europe. Other clandistine Communist stations are 'Oggi' broadcasting to Italy, 'The Voice of Truth' to Greece, and 'Our Radio' to Turkey" (IV, Davison, 1965, p. 221).

Hierdie subtiele en onortodokse metodes van die Russe word deur hulle as ŉ noodsaaklike deel van hul inligtingsveldtogte in die buiteland gesien. So is dit bekend dat ŉ Russiese KGB-kolonel ŉ prominente lid van die Wêreldraad van Kerke is (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977).

Die Westerse lande is deur hierdie metodes gedwing om op ŉ soortgelyke wyse te reageer. In die V.S.A. het verskeie persone voorstelle hieroor gehad. "They

contend that we can gain the initiative for a relatively small cost by using psychological techniques which are more effective than the slower-moving diplomatic, economic, and information techniques we now use. In recent years, there have been a number of proposals for giving major status to such psychological operations in the American government ... The American Legion has proposed a department devoted to 'unconventional propaganda warfare' as a Cabinet-level 'psychological command post'. There have been a number of suggestions for a 'Department of Psychological Warfare' capable of matching Soviet propaganda at all levels" (IV, Dizard, 1965, p. 131).

Dat die Amerikaanse Inligtingsdiens (U.S.I.A.) wel ook van sulke metodes gebruik maak, kan afgelei word uit pres. Richard Nixon se veto van 'n senaatsvoorstel in 1973. Die Amerikaanse Senaat het die voorwaarde dat hy insae in alle bedrywighede en dokumente van die U.S.I.A. wou hê, aan die goedkeuring van sekere gelde vir die diens geheg. Pres. Nixon het dit geveto en die stap soos volg gemotiveer:

"A practical effect of section 4 would be to restrict the USIA access to sensitive foreign policy information essential to carry out its mission. The Agency could also be forced to disclose internal documents and working papers which do not represent approved policy. Failure of the Congress to respect the confidentiality of such papers would prevent a free and frank exchange of views within the USIA and between it and other parts of the executive branch - an exchange that is vital

if the USIA is to function as an effective arm of American foreign policy" (III, Presidential Documents, 29 Oct. 1973, p. 1274).

So is dit bekend dat die Amerikaanse regering sekere uiterste regse en linkse organisasies in dieselfde land finansier. As enige van hierdie organisasies aan beheer van sake in dié land sou kom, is die V.S.A. verseker van die steun van so 'n organisasie (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977).

Die Arabiere het in hul inligtingspogings in Amerika spesifieke doelwitgroepe geïdentifiseer. "Hierdie doelwitgroepe bestaan onder meer uit Christelike, fraterniteits-, arbeids- en politieke organisasies, en die metodes wissel van konvensionele beeldboutegnieke tot aktiewe inmenging in Amerikaanse politieke veldtogte, veral ten opsigte van die Senaat, ten einde die neerlaag te verseker van senatore wat Israel in die verlede ondersteun het, en die oorwinning van kandidate wat die Arabiere meer goedgesind sou wees" (III, Jaarverslag, 1974, p. 6).

Die Arabiere het ook in 1974 begin om beherende belange in koerante, televisiestasies en uitgewerye oral ter wêreld, insluitend die V.S.A., Brittanje, Frankryk, Duitsland en Italië te verkry (III, Jaarverslag, 1974, p. 6).

"Ander metodes wat aangewend word, is om met ballonne pamflette oor lande soos Oos-Duitsland en Hongarye te versprei. Dit kan gedoen word deurdat hierdie lande aan Westerse lande grens (IV, Murty, 1968, p. 214-215).

Die groot verskeidenheid onortodokse metodes sluit selfs die vervalsing van dokumente en briewe in. "When a forged letter insulting the Shah of Iran, allegedly from the U.S. Secretary of State, came into the hands of Iranian officials its work was done. Similarly, an insulting and vituperative leaflet, purportedly from the Ku Klux Klan but actually printed in East Germany, was mailed to African and Asian delegates at the United Nations ...

"In 1958, the East German Ministry of State Security sent 500 identical perfumed love letters to the home addresses of married West German officers, on the assumption that in most cases these letters would be opened by the officers' wives. The assumption proved to be correct. In spite of efforts by the West German Defense Ministry to clear up the situation, the letters were not without effect" (IV, Davison, 1965, p. 222).

DIE DEPARTEMENT VAN INLIGTING EN ONORTODOKSE METODES

In 1973 het dr. Rhoodie in die Jaarverslag van die Departement geskryf: "Die wêreld is nou in 'n tydstip waarin omkopery, verdagmakery, swartsmeerdery, ondermyning, indoktrinasie, oorreding en propaganda van 'n religieuse, wetenskaplike, politieke en handelsaard die nuwe wapens van ons tyd geword het. Hierdie wapens word vandag op groot skaal teen die R.S.A. gebruik ...

"Die idee dat die Departement van Inligting slegs publikasies oor die regeringsbeleid die lig laat sien het en rolprente vir algemene verspreiding oorsee gemaak het, is lankal verby. Sy neergelegde opdrag is dat hy

in alle lande wat vir ons van belang is, meningvormers en besluitnemers oor die hele spektrum van die openbare lewe moet bereik, oortuig en beïnvloed ... Om hierdie opdrag uit te voer, gaan geen middel, geen kanaal en geen taktiek buite orde gereël word nie" (III, Jaarverslag, 1973, p. 6).

In 'n referaat het dr. Rhoodie gesê: "Ek vra u egter om Inligting nie aan sy jaarverslag te meet nie. Dit is ons roetine-werksaamhede. Ons spesiale programme en projekte kan ons in die meeste gevalle vanweë die aard daarvan nie openbaar maak nie, asook omdat ons nie goedgesinde onafhanklike mense en organisasies aan aanvalle wil blootstel nie" (II, Rhoodie, 1972, p. 15).

Wat die omvang van hierdie werksaamhede van die Departement is, kan nie vasgestel word nie. The Star het egter in 1977 oor die Departement se werksaamhede in die V.S.A. geskryf: "At the head of the backdoor drive to offset anti-apartheid activities is the many-tiered organisation of Dr. Connie Mulder's Information Department with tentacles reaching into almost every corner of American society.

"An examination of Justice Department files shows that the Information Department's R1,5-million-a-year activities - with more personnel in Washington than any country except the Soviet Union - have been bolstered by an array of highly paid lobbyists" (III, The Star, 25 Jul. 1977, p. 21).

In 1977 het ook 'n boekie van die Africa Bureau in Londen met die titel "The Great White Hoax; South

Africa's international propaganda machine" verskyn. In die boekie word onder andere beweerde verbintenisse tussen die Departement van Inligting en mnr. John McGoff, die Amerikaanse uitgewer, bespreek, asook die rol van mnr. De Kieffer in die V.S.A. (IV, Burgess, 1977).

Die Sunday Times het oor die boek geskryf: "And then, in pursuit of Dr. Rhoodie's 'hidden' methods, the book explores with relish that shadowy area of South African promotions which includes such purportedly independent organisations as the Club of Ten, the South African Foreign Affairs Association, the South African Foundation and the Committee for Fairness in Sport.

"It lists the reported links between them and between their backers and describes how their activities dovetail with those of the Department of Information". (III, Beresford, 1977, p. 3).

Die skrywers van dié boekie bespiegel net oor sekere verbintenisse tussen die Departement van Inligting en hierdie organisasies, sonder om dit te bewys. Dit maak dit moeilik om hierdie werksaamhede te beoordeel as werksaamhede van die Departement van Inligting. Die Departement van Inligting het in verklarings op talle verkeerde afleidings in hierdie boekie gewys (V, Onderhoud, Mulder, 1977).

In November 1977 het dr. Mulder as Minister van Inligting volgens The Citizen gesê: "... he and his Department would use any method that suited them to

secure the safety of the country.

"Dr. Mulder said his Department was known for its unorthodox methods, and emphasised that they used orthodox but more often unorthodox methods to put South Africa's case abroad.

"'We don't apologise for these methods,' he said.

"'Our enemies are not fighting according to the rule book and for that reason we are also not adhering to the Queensberry rules', Dr. Mulder stressed.

"The Department of Information had often used unorthodox techniques and methods with great success.

"'I want to repeat my earlier standpoints that my Department will use any method if necessary, in order to secure our safety', he said" (III, Theron, 1977, p. 3).

Op kritiek oor hierdie onortodokse metodes wat die Departement van Inligting gebruik, het dr. Rhoodie gesê dat alle lande dit doen en dat dit eerder nuus sal wees as Suid-Afrika dit nie doen nie (V, Onderhoud, Rhoodie, 1977).

Hierdie werkmetodes van die Departement van Inligting moet naas die Departement se werk in Afrika as die belangrikste veranderinge en nuwe bedrywighede in hierdie tydvak gesien word. Omdat so min inligting hieroor beskikbaar is, kan die welslae van hierdie metodes en die metodes self nie in hierdie studie beoordeel word nie. Vir studente van die Inligtingsdiens in die toekoms is dit egter belangrik dat hierdie inligting wel later beskikbaar gestel sal word

sodat terugskouend 'n oordeel oor die Departement se rol in die sewentigerjare ten opsigte van Suid-Afrika se posisie in die wêreld gevel kan word.

WELSLAE VAN DIE DEPARTEMENT

Hoewel hierdie studie meer ingestel is op die funksie en doelstellinge van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens, kan kortliks, ná hierdie laaste tydvak wat behandel is, gekyk word of die Departement enige welslae met sy werksaamhede behaal het.

Min. Mulder het in die Volksraad gesê: "Daarby moet ek voeg dat die departement se werk een van die onsigbares is ... Ek bedoel daarmee dat ons resultate nie so onmiddellik gesien word soos dit in die geval van my kollegas se werk gesien word nie ... Ons het 'n langtermynbeleid en ons moet wag tot die uitslag daarvan gesien kan word. Die werk wat ons doen, sal geleidelik sy pad loop en uiteindelik sal ons sukses behaal" (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7674).

Dizard het ook in 'n artikel op die probleme gewys wat die Amerikaanse Inligtingsdiens (U.S.I.A.) in die buiteland ondervind om sy doeltreffendheid te bepaal. Deur enkele positiewe briewe en artikels as bewyse van welslae te neem, kan misleidend vir 'n Inligtingsdiens wees (IV, Dizard, 1965, p. 133).

'n Metode om die welslae van 'n inligtingsdiens te bepaal, is om die positiewe en negatiewe nuusdekking van 'n land in die buiteland te bepaal. Die brugberaad en die Regering se welslae in Afrika, die Regering se optrede teenoor die onafhanklike Mosambiek en die onaf-

hanklikheid van die Transkei het alles daartoe bygedra dat Suid-Afrika in hierdie tydvak 'n hoogtepunt ten opsigte van sy beeld in die buiteland bereik het. Die Suid-Afrikaanse onttrekking uit Angola en die Soweto-onluste het egter weer die land daarna baie skade gedoen. "As 1975 waarskynlik die beste jaar die afgelope dekade was in terme van 'n positiewe nuusdekking, was 1976 baie negatief" (III, Jaarverslag, 1976, p. 3). Hierdie metode is nie baie doeltreffend nie, aangesien allerlei wisselende faktore 'n invloed hierop het.

'n Ander metode is om die reaksie van jou vyande in die buiteland as 'n barometer van jou welslae te neem. "... it certainly looks to the man in the street as if the Department is fighting a losing battle.

"Yet Mulder claims otherwise. He says it is precisely because of SA's successes in this field that anti-South African demonstrations are reaching a new crescendo. 'The more we put the facts across, the more fanatic our real enemies become" (III, Financial Mail, 18 Oct. 1974, p. 234).

Colin en Margaret Legum, wat onder andere die anti-Suid-Afrikaanse boek "South Africa - Crisis for the West", geskryf het (vgl. Hoofstuk 8, p. 380), het in 'n artikel van die Suid-Afrikaanse inligtingsbeamptes in die buiteland geskryf: "They are most skilled journalists with the zealotry usually found in Communists and M.R.A. supporters. They appear to have almost limitless funds for their expensive advertising cam-

paigns and for massive distribution of their skilful propaganda. They pursue the Press, television and radio with terrier-like tenacity. A critical article or programme - whether in Britain, Sweden, West Germany, Holland, Canada, Switzerland or the United States - is immediately pounced upon. Sometimes there are official protests; always there are official denials" (aangehaal in I, Hansard, 1967, dl. 20, kol. 4685).

Die Minister van Inligting, dr. Mulder, het in 1969 in die Volksraad gesê: "Maar ons is suksesvol, so suksesvol dat die V.V.O. bekommerd is oor ons sukses". Hierna het hy aangehaal uit ŉ verslag van die V.V.O. se spesiale komitee insake die beleid van apartheid. In die verslag is onder andere gesê: "The South African Information Service (SAIS) is at the heart of the official propaganda activities of the South African Government. It produces and distributes numerous magazines, booklets, pamphlets and press releases, subsidizes books, makes available radio and television tapes, produces travel films and spares no effort to improve South Africa's image in whatever country it operates" (I, Hansard, 1969, dl. 27, kol. 7674-7675 en III, Jaarverslag, 1968-69, p. 2-4).

"In die September-uitgawe (1972) van 'Objective: Justice', ŉ Londense kwartaalblad wat hom ten doel stel om rassisme en kolonialisme te beveg, is die 'propaganda' van die Suid-Afrikaanse Regering in ŉ spesiale artikel op kragtige wyse aangeval. Die artikel wat op ŉ werkstuk gegrond is wat die V.V. se

spesiale komitee oor apartheid vir 'n spesiale sitting in Maart 1972 voorberei het, het onder meer gesê dat dat Suid-Afrika se Departement van Inligting baie vooraanstaande buitelandse ekonome oortuig het dat die Swartman in die Republiek beter daaraan toe is as elders in Afrika. Oor ander aspekte van die Suid-Afrikaanse Regering se 'propaganda' word dit in die artikel verklaar dat sy welslae van so 'n aard is 'dat meer en meer mense in die wêreld begin glo wat die Departement van Inligting verkondig en dat sy materiaal selfs begin om in teksboeke te verskyn wat in Brittanje en die V.S.A. versprei word' ... Die Departement was besonder gevlei oor die feit dat 'Objective: Justice' geglo het dat Suid-Afrika 'waarskynlik die grootste propaganda-uitgawe per kapita in die wêreld het'. In werklikheid is dit die teen ongeveer drie sent per kop van die bevolking, een van die laagstes in die Westerse wêreld. Die fondse wat vir 1972/73 aan die Departement toegewys is, verteenwoordig slegs 0,19 persent van die totale Regeringsuitgawe" (III, Jaarverslag, 1972, p. 6).

Die Kairos-organisasie in Nederland, wat steun aan terroriste verleen en meestal uit predikante bestaan, het in 'n artikel sy kommer uitgespreek omdat die Departement se kantoor in Den Haag ook besig was om die sogenaamde "billik denkende groep oor te haal na ander insigte" (III, Jaarverslag, 1972, p. 6).

Die Defence and Aid Fund het dit in Londen nodig gevind om 'n "Quiz on South Africa" uit te gee om die uitwerking van die "South African Quiz" van die

Departement van Inligting teen te werk (III, Jaarverslag, 1972, p. 6).

Hoewel daar geen verbintenis tussen Radio R.S.A. en die Departement van Inligting is nie, het hierdie radiodiens ook wye reaksie in die buiteland uitgelok wat van sy welslae getuig. In 1971 het die diens ongeveer 36 000 briewe uit die buiteland gehanteer. "The Communists have established a station called 'Radio Stancia Atlantica' and termed it 'Radio R.S.A.' to counteract the influence of South Africa's voice" (III, Darroll, 1971, p. 79).

Hoewel 'n mens uit hierdie reaksies en ook dié in Amerika wat reeds behandel is, 'n mate van welslae vir die Inligtingsdiens kan aflei, bly dit 'n lukraak metode. 'n Meer geslaagde metode is met behulp van meningspeilings. Selfs hierdie metode het egter tekortkominge. Omdat soveel verskillende faktore die houding van state, regerings en bevolkings teenoor mekaar bepaal, bly dit baie moeilik om die welslae van 'n inligtingsdiens en die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting in die buiteland akkuraat te bepaal.

GEVOLGTREKKINGE

Soos reeds aangetoon, is dit moeilik om nou reeds hierdie tydvak te beoordeel. Tog kan enkele afleidings wel gemaak word.

Veranderde wêreldomstandighede, veranderinge binne Suid-Afrika asook die personeelverandering in die Departement het meegebring dat die Departement 'n

meer aggressiewe benadering in hierdie tydvak kon volg. Veranderde wêreldomstandighede wat in Suid-Afrika se guns was, was die groter stabiliteit wat in Afrika begin heers het. Waar alle probleme in Afrika in die sestigerjare toegeskryf is aan die jong state se onervarendheid of as probleme wat deur die koloniale moondhede aan hulle nagelaat is, kan dit nie nou meer so maklik gedoen word nie. Suid-Afrika het dan ook aggressief vergelykings tussen toestande in Suid-Afrika en ander Afrika-state begin maak. Dubbele standaarde wat op Suid-Afrika toegepas is, en nie vir die res van Afrika gegeld het nie, het die Departement aggressief na buite aangetoon.

Hierdie benadering van die Departement is aanvanklik binne Suid-Afrika gekritiseer omdat beweer is dat Inligting daardeur sake vir die meer protokolgebonde Departement van Buitelandse Sake in die buiteland bemoeilik het. Uit koerantberigte en gesprekke kan afgelei word dat die Departement van Inligting en die Departement van Buitelandse Sake wel in hierdie tydvak op mekaar se tone getrap het omdat hul benadering in die buiteland so verskil het. Dit is egter heftig deur beide Ministers en senior amptenare van beide Departemente ontken. Uit die reaksie wat op die Departement van Inligting se werksaamhede in die buiteland gevolg het, kan afgelei word dat hierdie aggressiewe benadering wel vrugte afgewerp het. Dit kan wees dat die ander benadering van die Departement van Buitelandse Sake die korrekte in hierdie spesifieke tydsomstandighede kon gewees het. Met die aan-

stelling van mnr. Pik Botha as Minister van Buitelandse Sake sou die Departement van Buitelandse Sake in 1977 ook hierdie aggressiewe benadering wat reeds sedert die begin van hierdie tydvak deur die Departement van Inligting gevolg is, begin volg.

Die gesofistikeerde en verhewigde aanslag teen Suid-Afrika in hierdie tydvak het die Departement gedwing om steeds meer professioneel op te tree. Die professionele benadering van die Departement in sy werksaamhede in die buiteland is dan ook 'n kenmerk van hierdie tydvak. In hierdie opsig is daar merkwaardige ooreenkomste met die tydvak 1955-61 met mnr. Meiring aan die hoof.

In albei tydvakke is inligtingskonferensies in die buiteland gehou en is die kommunikasieverbinding met die buitelandse kantore verbeter deur onderskeidelik die Hellschreiber-diens en die data-transmissietoestel. In albei tydvakke het belangrike publikasies van die Inligtingsdiens verskyn. S.A. Panorama en S.A. Quiz het in die vroeëre tydvak verskyn, terwyl Comment and Opinion en die S.A. Jaarboek in hierdie tydvak verskyn het. Die professionele benadering het ook na vore gekom in die opsig dat in albei tydvakke van meningspeilings en markanalises in die buiteland gebruik gemaak is. Die omvang van hierdie ondersoeke het egter verskil. In mnr. Meiring se tyd is die Hamilton Wright-organisasie in Amerika deur die Inligtingsdiens aangestel, terwyl die Departement in hierdie tydvak die Sydney Baron-organisasie en mnr. Don De Kieffer aangestel het.

'n Belangrike eis wat aan die Departement van Inligting in hierdie tydvak gestel is, was dié van aanpasbaarheid. Veranderende tegnieke, metodes en wêreldtoestande het van die Departement se personeel verwag om van maand tot maand en selfs van dag tot dag veranderinge aan te bring ten einde doeltreffend te kon bly. Die Departement se pogings in Afrika en die onortodokse metodes wat deur die Departement aangewend is, getuig van die mate waarin die Departement daarin geslaag het om met ontwikkelinge tred te hou. Die reorganisasie van die Departement en personeelveranderinge is verdere voorbeelde hiervan. Tot watter hoogte hierdie veranderinge geslaagd was, sal die geskiedenis leer.

Die persoonlike rol en aanslag van die Minister van Inligting, die Sekretaris van Inligting en die twee Adjunk-sekretarisse blyk belangrik te wees in hierdie tydvak. Tog sal 'n billike oordeel hieroor slegs terugskouend en in vergelyking met volgende tydvakke gevel kan word.

# HOOFSTUK 11

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Verskillende uiteenlopende faktore het 'n invloed op die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens se funksies en doelstellinge sedert 1936 gehad. Hierdie faktore het veranderinge en verskuiwinge in die internasionale politiek en wêreldtoestande ingesluit. Veranderinge binne Suid-Afrika, hetsy regeringsveranderinge of beleidsveranderinge, het ook 'n belangrike rol gespeel. Ontwikkelinge op die kommunikasieterrein, in die besonder verbeterde metodes en tegnieke, het die Inligtingsdiens ook gedwing om sekere van sy werksaamhede te verander en aan te pas. Personeelveranderinge was 'n ander faktor wat 'n belangrike rol gespeel het. Spesifieke Ministers en hoofde van die Inligtingsdiens het elkeen sy eie stempel op die Inligtingsdiens afgedruk en so 'n invloed op die funksies en doelstellinge van die diens in sekere tydvakke gehad. Die wisselwerking tussen hierdie faktore moes by die beoordeling van die doelstellinge en funksies van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens in ag geneem word.

## HISTORIESE ONTWIKKELING VAN INLIGTINGSDIENSTE

Staatsinligtingsdienste is 'n ontwikkeling van die twintigste eeu. Voor die Eerste Wêreldoorlog was dit onbekend en sou baie van die metodes wat staatsinligtingsdienste vandag toepas, as strydig met die tradisionele diplomatieke praktyk beskou word. Die verspreiding van propaganda dateer egter uit die vroegste

tye, hoewel dit nie altyd deel van die staatsorganisasie uitgemaak het nie.

Veranderinge soos die "oop diplomasie", die ontstaan van internasionale organisasies en die belangriker rol wat die media in die internasionale verhouding tussen state gespeel het, het dit vir state noodsaaklik gemaak om inligtingsdienste as 'n gespesialiseerde buitelandse funksie te skep. Dit het hulle in staat gestel om steeds doeltreffend binne die veranderde internasionale politieke terrein te kon optree.

Die Kommunistiese lande het die veranderinge wat in die diplomasie ingetree het, begryp en vir hulle groot vredestydse inligtingsdienste geskep. Hoewel die Westerse lande waarskynlik die veranderinge waargeneem het, kon hulle nie die nodige aanpassings maak nie. Volgens Westers-demokratiese denke kon die verspreiding van propaganda deur die staat slegs in oorlogstye geregverdig word. As gevolg hiervan het die Westerse lande hulle inligtingsdienste ná die Eerste Wêreldoorlog ontbind en het hulle dit ná die Tweede Wêreldoorlog byna weer gedoen.

Veranderinge in die internasionale politiek en veral die "koue oorlog" het Westerse lande gedwing om weer oor hul inligtingsdienste te besin. Verskeie ondersoeke is gedoen om die taak en omvang van 'n staatsinligtingsdiens in vredestyd te bepaal. As gevolg van die aanbevelings van hierdie kommissies erken die Westerse lande vroeg in die vyftigerjare die noodsaaklikheid van staatsinligtingsdienste as 'n instrument in

die internasionale politiek naas die militêre, die ekonomiese en die diplomatieke, en is die woorde-oorlog in alle erns voortgesit. Die Westerse lande het ook verkies om van die verspreiding van inligting en inligtingsdienste te praat omdat die woord propaganda 'n negatiewe betekenis gekry het (vgl. Hoofstuk 2, p. 50-53).

## ONTWIKKELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE STAATS-INLIGTINGSDIENS

Omdat Suid-Afrika 'n Westers-georiënteerde land is, het die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens dieselfde patroon as in die meeste Westerse lande gevolg. Die veranderinge in die internasionale politiek het ook Suid-Afrika gedwing om sekere veranderinge in sy buitelandse diens aan te bring. In 1938 het die Suid-Afrikaanse Regering 'n persbeampte in Londen aangestel. Sy opdrag was om namens die Suid-Afrikaanse Regering en die Suid-Afrikaanse ambassade in Londen met die pers in Brittanje te skakel. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is hierdie buitelandse diens uitgebrei met nog 'n persbeampte in die V.S.A. en twee in Afrika. Uit hierdie diens het die latere buitelandse been van die Departement van Inligting ontwikkel.

In 1936 het die Suid-Afrikaanse Regering 'n inligtingsbeampte aangestel om die Regering behulpsaam te wees met die verspreiding van inligting binne Suid-Afrika. Sy taak het veral skakeling met die pers behels. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is hierdie diens

aansienlik uitgebrei en is 'n groot aantal oorlogstydse funksies verrig. Die voordeel hiervan was dat Suid-Afrika 'n gevestigde en uitgebreide Staatsinligtingsdiens aan die einde van die oorlog gehad het waarop in vredestyd voortgebou kon word. Soos in ander Westerse lande was daar ná die Tweede Wêreldoorlog groot onsekerheid oor die toekoms van die Inligtingsdiens in vredestyd. Verskeie kommissies het ondersoek na die vredestydse funksies van 'n Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens ingestel. Die diens self het ná die oorlog en tot 1948 agteruit gegaan as gevolg van gebrek aan geld en personeel.

Die propaganda-aanslag wat ná die Tweede Wêreldoorlog teen Suid-Afrika gevoer is, het daartoe gelei dat Suid-Afrika, gouer as ander Westerse lande, die belangrikheid van 'n vredestydse staatsinligtingsdiens besef het. Die nuwe Regering in Suid-Afrika het in 1948 die Inligtingsdiens wat van die oorlogstydse Inligtingsdiens oorgebly het, en die buitelandse Inligtingsdiens wat enkele persbeamptes in die buiteland gehad het, saamgevoeg. Die saamgevoegde Inligtingsdiens is aansienlik uitgebrei en het sy klem op die verspreiding van inligting in die buiteland laat val. In die binneland het die diens slegs as 'n publisiteitskantoor vir die Regering gedien. Die verspreiding van inligting in die binneland is egter in meerdere mate deur die verskillende staatsdepartemente self gedoen. So het daar 'n Naturelle-inligtingsdiens en 'n Kleurlinginligtingsdiens in onderskeidelik die Departement van Naturellesake en die Departement van

Kleurlingsake ontwikkel.

As gevolg van verskeie redes, waaronder die groot omvang van die Inligtingsdiens se werksaamhede en die verskerpte aanslag teen Suid-Afrika ná Sharpeville, het die Inligtingsdiens 'n volwaardige Staatsdepartement geword. Die Naturelle- en Kleurlinginligtingsdienste met hul binnelandse inligtingsfunksies het ook deel van die nuwe Departement geword. Daardeur het die Departement van Inligting nou 'n duidelike binnelandse en buitelandse taak gehad.

